

'N HISTORIESE, SOSIOLOGIESE EN OPVOEDKUNDIGE  
STUDIE VAN DIE KINDERSORG VAN DIE NEDERDUITS  
HERVORMDE OF GEREFORMEERDE KERK, MET SPESIALE  
BEHANDELING VAN DIE ABRAHAM KRIEL-KINDERHUIS.

- - - - -

DEUR : J.H. OOSTHUIZEN, B.A., M.ED.

'N PROEFSKRIF TER GEDEELTELIKE VOLDOENING AAN DIE  
VEREISTES VIR DIE GRAAD VAN

DOCTOR EDUCATIONIS

AAN

DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE  
HOËR ONDERWYS.

PROMOTOR: PROF. J. CHR. COETZEE.

1952

"LAAT MY LAMMERS WEI".

JOH. 21:15.

I.

I N H O U D.

VOORWOORD ..... 1.

INLEIDING.

1. DOEL EN INHOUD VAN DIE VOORLIGGENDE  
VERHANDELING. .... 1.
2. DIE KERK:
  - (a) Wese en Doel. .... 2.
  - (b) Armesorg..... 7.
3. AFRIKAANSE KERKGROEPE IN TRANSVAAL..... 13.
4. GROEI VAN DIE NEDERDUITS HERVORMDE  
OF GEREFORMEERDE KERK. .... 23.

## II.

### HOOFSTUK I: DIE WORDING VAN DIE ABRAHAM KRIEL-KINDERHUIS.

|                                                                       |    |
|-----------------------------------------------------------------------|----|
| 1. Inleiding .....                                                    | 28 |
| 2. Kort lewenskets van ds. A.P. Kriel.....                            | 29 |
| 3. 'n Ideaal word verwesenlik maar is van ...<br>... korte duur ..... | 31 |
| 4. Die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902.....                           | 33 |
| 5. Ontstaan van die Abraham Kriel-Kinderhuis.                         | 34 |
| 6. Waarom is die kinderhuis op Langlaagte?...                         | 38 |
| 7. Uitbreiding .....                                                  | 40 |
| 8. Laaste jare in die lewe van ds. Kriel.....                         | 50 |
| 9. Die naam van die inrigting.....                                    | 55 |
| 10. 'n Nuwe direkteur .....                                           | 55 |

### HOOFSTUK II: DIE ORGANISASIE VAN DIE ABRAHAM KRIEL-KINDERHUIS.

|                                                                    |    |
|--------------------------------------------------------------------|----|
| 1. Die Sinode as die hoogste gesag oor die<br>... Kinderhuis ..... | 58 |
| 2. Die Hoofbestuur .....                                           | 59 |
| 3. Direkteur .....                                                 | 61 |
| 4. Eerste klerk of vise-direkteur.....                             | 61 |
| 5. Personeel .....                                                 | 62 |
| 6. Kinderversorging.....                                           | 65 |
| 7. Administrasie .....                                             | 68 |
| 8. Plaasbewerking .....                                            | 70 |
| 9. Die vakskool .....                                              | 70 |
| 10. Voedselverskaffing.....                                        | 71 |
| 11. Voorrade .....                                                 | 71 |
| 12. Gesondheid .....                                               | 72 |
| 13. Instandhouding van eiendom .....                               | 72 |



### III.

#### HOOFSTUK III: ONDERWYS VAN DIE KINDERS VAN DIE ABRAHAM KRIEL-KINDERHUIS.

|                                                                    |    |
|--------------------------------------------------------------------|----|
| 1. Kerklike belangstelling in die burgerlike onderwys .....        | 73 |
| 2. Onderwystoestande na afloop van die Tweede Vryheidsoorlog ..... | 74 |
| 3. Die Weeshuisskool op Langlaagte .....                           | 75 |
| 4. Vakonderwys van die Abraham Kriel-Kinderhuis .....              | 85 |
| 5. Die Plaasskool .....                                            | 89 |

#### HOOFSTUK IV: GODSDIENSONDERWYS AAN DIE ABRAHAM KRIEL-KINDERHUIS.

|                                                                                                 |    |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------|----|
| 1. Godsdiensonderwys as 'n aspek van kindersorg .....                                           | 91 |
| 2. Kerkwetlike bepalings in verband met godsdiensonderwys .....                                 | 92 |
| 3. Die omvang van die godsdiensonderwys van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk..... | 93 |
| 4. Godsdiensonderwys aan die Abraham Kriel-Kinderhuis .....                                     | 94 |

#### HOOFSTUK V: KINDERS VAN DIE ABRAHAM KRIEL-KINDERHUIS.

|                                                                                                             |     |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| 1. Wat is 'n sorgbehoewende kind? .....                                                                     | 97  |
| 2. Koördinasie van die maatskaplike funksies van kerk en staat ten opsigte van sorgbehoewende kinders ..... | 98  |
| 3. Redes vir die opname van kinders in die Abraham Kriel-Kinderhuis .....                                   | 99  |
| 4. Verteenwoordigende gevalle van verskillende opnames van kinders in die Abraham Kriel-Kinderhuis .....    | 102 |
| 5. Samevatting .....                                                                                        | 110 |
| 6. Die kerk se standpunt .....                                                                              | 111 |

#### IV.

### HOOFSTUK VI: VERSTANDSMETING EN DIE VERSPREIDING VAN INTELLIGENSIEKWOSIËNT BY DIE LEERLINGE AAN DIE ABRAHAM KRIEL-KINDERHUIS.

1. Psigometrie resultate van toetse met kinders aan die Abraham Kriel-Kinderhuis..113
2. Vergelyking van die inrigtingskinders met kinders uit ander omgewings wat intelligensiekwosiënt betref .....116
3. Die waarde van die kennis aangaande die I.K.'s van die kinders van die inrigtingshoof ..... 121

### HOOFSTUK VII: NASORGWERK VAN DIE ABRAHAM KRIEL-KINDERHUIS.

1. Wat word van die kinders wat die Abraham Kriel-Kinderhuis verlaat? .....122
2. Wetsbepalings ten opsigte van nasorgwerk ..... 124
3. Die doel van nasorg ..... 126
4. Ontwikkeling van nasorgwerk in die Abraham Kriel-Kinderhuis ..... 127
5. Moeilikhede en mislukkinge ..... 130
6. Die omvang van die nasorgwerk ..... 132

### HOOFSTUK VIII: PROBLEME VAN DIE ABRAHAM KRIEL-KINDERHUIS.

1. Gedragsafwyking ..... 135
2. Gevalle van gedragsafwyking wat in die Abraham Kriel-Kinderhuis voorgekom het... 136
3. Weglopery ..... 145
4. Ouerlike invloed ..... 148
5. Ouerlike toestemmings ..... 149
6. Openbare mening ..... 150

V.

HOOFSTUK IX: DIE KINDERHAWE.

|                                               |     |
|-----------------------------------------------|-----|
| 1. Maria Helena Marsophina Kloppers.....      | 152 |
| 2. 'n Hawe vir die hawelose .....             | 153 |
| 3. Die kalkoenfonds .....                     | 156 |
| 4. Kinders van die Kinderhawe .....           | 158 |
| 5. Uitplasing van kinders by pleegouers ..... | 158 |
| 6. Grondreëls van die Kinderhawe .....        | 160 |
| 7. Waardering .....                           | 161 |

HOOFSTUK X: DIE ARMESORGRAAD VAN DIE WITWATERSRAND VAN  
DIE NEDERDUITS HERVORMDE OF GEREFORMEERDE  
KERK AS KINDERSORGVERENIGING.

|                                               |     |
|-----------------------------------------------|-----|
| 1. Historiese wording van die Armesorgraad .. | 163 |
| 2. Werkzaamhede van die Armesorgraad .....    | 165 |

HOOFSTUK XI: DIE OMVANG VAN KINDERSORG IN DIE UNIE VAN  
SUID-AFRIKA EN DIE AANDEEL VAN DIE NEDERDUITS  
HERVORMDE OF GEREFORMEERDE KERK DAARAAN.

|                                                                                  |     |
|----------------------------------------------------------------------------------|-----|
| 1. Bestaande inrigtings vir kindersorg.....                                      | 183 |
| 2. Samevatting .....                                                             | 186 |
| 3. Inrigtings van die Nederduits Hervormde<br>of Gereformeerde kerkverband ..... | 187 |

HOOFSTUK XII: METODES VAN KINDERVERSORGING.

|                                                                      |     |
|----------------------------------------------------------------------|-----|
| 1. Inleiding .....                                                   | 191 |
| 2. Die huisgesin en sy waarde vir die kind...                        | 191 |
| 3. Gesinsrehabilitasie, moederspensiene<br>en onderhoudstoelae ..... | 197 |
| 4. Aanneming van kinders .....                                       | 201 |
| 5. Die pleegouerstelsel .....                                        | 204 |
| 6. Inrigtingsversorging .....                                        | 208 |

## VI.

|                                                                          |     |
|--------------------------------------------------------------------------|-----|
| <u>HOOFSTUK XIII:</u> KRITIESE BESKOUINGS IN VERBAND MET DIE             |     |
| KINDERSORG VAN DIE NEDERDUITS HERVORMDE                                  |     |
| OF GEREFORMEERDE KERK EN AANBEVELINGS                                    |     |
| VIR DIE VERBETERING VAN DIE STELSLS...                                   |     |
| 1. Inleiding .....                                                       | 216 |
| 2. Ligging van die inrigting .....                                       | 218 |
| 3. Behuising en terrein .....                                            | 221 |
| 4. Beplanning van geboue .....                                           | 224 |
| 5. Plasing van geboue op terrein .....                                   | 228 |
| 6. Indeling van inrigtings .....                                         | 229 |
| 7. Die "Tannie" .....                                                    | 237 |
| 8. Opvoeding van die inrigtingskind .....                                | 245 |
| 9. Kinderwerk in die inrigting .....                                     | 260 |
| 10. Voeding en kleding .....                                             | 263 |
| 11. Die aanhouding van kinders in detensie-<br>en veiligheidshuise ..... | 267 |
| 12. Staatstoelae vir gekommitteerde<br>kinders .....                     | 269 |
| 13. Die Kinderhawe .....                                                 | 270 |
| 14. Die reddingshuis "Uitkoms" .....                                     | 271 |
| 15. Die Armesorggraad van die Ned. Herv.<br>of Geref. Kerk .....         | 272 |
| <u>HOOFSTUK XIV:</u> OPSOMMING EN NABETRAGTING.....                      |     |
| 1. Opsomming .....                                                       | 274 |
| 2. Nabetragting .....                                                    | 284 |
| BYLAE 1 .....                                                            | 290 |
| BYLAE 2 .....                                                            | 292 |
| BIBLIOGRAFIE .....                                                       | 322 |

## VII.

### LYS VAN FOTO'S.

|                                                                                        | Na. |
|----------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| 1. Ds. en mev. A.P. Kriel .....                                                        | 29  |
| 2. Die groot eetkamer .....                                                            | 42  |
| 3. Meisiesgebou „Talitha Kumi" .....                                                   | 45  |
| 4. Die Abraham Kriel-Gedenksaal .....                                                  | 45  |
| 5. Hoofgebou van die Vakskool .....                                                    | 46  |
| 6. Ds. en Mev. H.J. de Vos .....                                                       | 55  |
| 7. Mnr. G. du Toit, oud-hoof van die Langlaagte-Afrikaansmediumskool .....             | 77  |
| 8. Mnr. J.H. Oosthuizen, huidige hoof van die<br>Langlaagte-Afrikaansmediumskool ..... | 79  |
| 9. Die kerk wat die inrigtingskinders besoek .....                                     | 89  |
| 10. Mnr. J.C. Tribelhorn, hoof van die Vakskool<br>1929 - 1946.                        | 89  |
| 11. Kinders van die Abraham Kriel-Kinderhuis .....                                     | 97  |
| 12. Mej. Maria Kloppers, stigster van die Kinderhawe ...                               | 152 |

### LYS VAN TABELLE.

|                                                                                                      |     |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| 1. Uitslag van die stemming oor die kerknaam .....                                                   | 19  |
| 2. Groei van die Ned. Herv. of Geref. Kerk .....                                                     | 23  |
| 3. Ongevallelyks van konsentrasiekampe en Tweede<br>Vryheidsoorlog .....                             | 35  |
| 4. Uitbreiding van getalle in die Abr. Kriel-<br>Kinderhuis .....                                    | 41  |
| 5. Vaste eiendomme van die Abr. Kriel-Kinderhuis .....                                               | 47  |
| 6. Omvang van die godsdiensonderwys van die<br>Ned. Herv. of Geref. Kerk .....                       | 94  |
| 7. Redes vir die opname van kinders in die<br>Abraham Kriel-Kinderhuis .....                         | 100 |
| 8. Verspreiding van die intelligensiekwosiënt by<br>leerlinge aan die Abraham Kriel-Kinderhuis ..... | 113 |

# VIII.

|                                                                                          |      |
|------------------------------------------------------------------------------------------|------|
| 9. Eksamenuitslae in vergelyking met verspreiding van<br>van intelligensiekwosient ..... | 114  |
| 10. Beroepskeuse van vakskoolleerlinge van die<br>Abraham Kriel-Kinderhuis .....         | 133  |
| 11. Statistiek in verband met die werksaamhede<br>van die Armesorgraad .....             | 172/ |
| 12. Statistiek in verband met werksaamhede in<br>„Uitkoms“ .....                         | 178  |
| 13. Samevatting van werksaamhede van Armesorgraad .....                                  | 181  |
| 14. Samevatting van kindersorgverenigings in die<br>Unie van Suid-Afrika .....           | 186  |
| 15. Inrigtings van die Ned. Herv. of Geref. Kerk .....                                   | 187  |
| 16. Aantal registrasies van geadopteerde kinders .....                                   | 203  |
| 17. Pleegsorgtoelaes .....                                                               | 204  |
| 18. Getal kinders na inrigtings verwys met opgaaf<br>van redes, 1935-1936 .....          | 209  |

## VOORWOORD.

Toe die Direkteur van Onderwys, dr. A.H. du P. van Wyk; op 5 September 1951 die openingsrede by die jaarlikse Weeshuisfees gelewer het, het hy o.a. van die Abraham Kriel-Kinderhuis gesê dat dit soos 'n bolspieël is wat in miniatuur ons hele volkswontwikkeling van die jongste tyd weerkaats. Dit is 'n treffende beeld wat die hele aangeleentheid in 'n paar woorde omvat. Dink maar aan die tyd toe die Kinderhuis begin is vir slegs die wese uit die Tweede Vryheidsoorlog. Met die instroming van die landelike bevolking na die volksvreemde stede met vreemde tradisies, taal, gewoontes en lewensbeskouing het gaandeweg die verval van die gesinslewe 'n aanvang geneem. Hierdie nuwe toestande het talryke gesinne onvoorbereid gevind, en baie het in die onstuimige see op die rotse gestrand. Reeds kort na die stigting moes die Kinderhuis op Langlaagte al begin plek inruim vir kinders wat om redes wat op gesinsverval gedui het, na die inrigting gestuur is.

Die proses van verstedeliking gaan nog onverpoosd voort, en nou, byna vyftig jaar na die stigting van die Abraham Kriel-Kinderhuis, is dit deur die Federale Armesorgraad nodig gevind om 'n kommissie te benoem om ondersoek na die gesinslewe in te stel en wel na die volgende aspekte daarvan: Die proses van verstedeliking, gesinsgrootte en aanwas, ekonomiese peil van die gesinslewe, die vraagstuk van geskoolde en ongeskoolde broodwinners, die loonarbeid van die gehude vrou en moeder buitenshuis, die fabriekstoestande, behuising, gesondheid, vryetydsbesteding, kinderversorging, kinderverwaarlosing, jeugwangedrag, die gehalte van ouerskap en opvoeding vir die huwelikslewe, gesinsontbinding, eg-skeiding, die onafhanklikheidsgees by behoeftige gesinne,

die gehalte van die godsdienstige lewe van die huisgesin, die rol van volkseuwels soos drankmisbruik, onsedelikheid en prostitusie, dobbelary en misdaad in gesinsontwrigting en die gehalte van die plattelandse gesinslewe. 1)

Die Sinode gaan verder en onderneem om al die Ringe te versoek om gedurende 1951 tot 1952 ringskonferensies te hou oor die gesinslewe en om al die kerkrade te versoek om weë te beraam, soos onder meer ouersamekomste, gesin-Sondae, waardeur die saak van die gesinsopbou bevorder kan word. 2)

Die toevloei na inrigtings moet gekeer word deur die gesinslewe gesonder te maak. Daar is ook 'n onrusbarende toename in die aantal inrigtings in ons land. 3)

In 1918 was daar 15 inrigtings, in 1920 28, in 1925 52, in 1932 72 en in 1942 87. Nou, aan die einde van 1951, is daar al 203. Dit alleen en sonder om die redes vir opname in die verskillende inrigtings in aanmerking te neem is al 'n noodsein waarteenoor die Kerk nie afsydig kan staan nie. Van die oor die 17,000 kinders wat in inrigtings versorg word, is 1,000 algehele wese, 1,500 halfwese, die orige het nog albei ouers. 4)

Dat die toestand in sake inrigtingsversorging die Kerk daartoe dryf om ondersoek na die gesinslewe van die Afrikaner in te stel, verbaas dus niemand nie. Dit is ook 'n verblydende teken, en elke regdenkende moet hierdie optrede van die Kerk loof, omdat dit dui op 'n drang om voorsorgmaatreëls in die bestryding van sosiale misstande te tref. Voorsorg alleen is egter nie genoeg nie, en waar die Kerk ook omsien na diegene wat alreeds op die stroom van verval aan wegdryf is, en hulle probeer rehabiliteer, hulle kinders in inrigtings opneem en probeer heropvoed en terugwin, daar

---

1) Handeling van die Sinode, 1951, 128.

2) Handeling van die Sinode, 1951, 136.

3) Verslag van die Nasionale Konferensie oor Kinderinrigtings, 1951, 6.

4) Idem.



oefen dit ook sorg uit. Uiteindelik wil die Kerk 'n wakende oog hou oor hulle wat teruggewin is, om hulle van verval te vrywaar. Doeltrefferde nasorg is dus 'n ander aspek van kerklike aksie.

Dit word bereken dat daar vandag maar twintig persent van al hierdie soort inrigtings is wat onder die gefedereerde N.G. Kerke ressorteer. <sup>1)</sup> Waar die sieletal van hierdie Kerke om en by 'n miljoen tel, vra 'n mens jou onwillekeurig af wat van die ander sorgbehoewende kinders wat tot die N.G. Kerke behoort, geword het. Dit is 'n tweede noodsein vir die Kerk. Daar moet dus iets gedoen word om die lammers van sy kudde in sy eie kraal byeen te bring. In die Kinderwet word wel vermeld dat aanbeveel word om sorgbehoewende kinders sover moontlik na inrigtings van hulle eie kerkverband te kommitteer. Die staat kan hom egter nie deur hierdie bepaling laat bind as daar nie genoeg akkommodasie in die besondere kerke se inrigtings is nie.

By die studie van die versorging van kinders in inrigtings kom mens tot die gevolgtrekking dat ontoereikende geldmiddele nog die grootste struikelblok in die weg van hulle is wat met hierdie werk belas is. Dit ontbreek gewoonlik nie aan persone of gewilligheid om die werk te doen nie, maar waar daar aan uitbreiding, verbetering en meer doeltreffendheid gedink word, staan die gebrek aan geld altyd as 'n byna onoorkomelike struikelblok in die weg. Daarby kom die feit dat die saak soms geweldig moet ly as gevolg van vooroordeel wat grootliks op onkunde gebaseer is.

Nieteenstaande alle teenstand moet die werk egter voortgaan en mag die omvang daarvan, afgesien van die noodsaaklikheid daarvan, alleen al 'n wekroep wees vir hulle wat nog

---

1) Verslag van die Nasionale Konferensie oor Kinderinrigtings, 7.

altyd die materiële steun aan die saak gegee het om voort te gaan om sulks te doen. Soos die armes sal ons die sorgbehoewendes ook altyd met ons hê. Laat dit die strewe van elke Christen wees om deur hierdie geringstes te voed, te kleed en te herberg ook sulks aan Christus self te doen. Dit is ondenkbaar wat van al die verwaarloosde kinders sonder die hulp van kinderhuise sou geword het. Dat byna alle inrigtings in ons land deur private inisiatief tot stand gebring is, strek die stigters en onderhouers daarvan tot eer. Mag hulle voortgaan om hierdie loflike werk te doen tot eer van Hom wat hulle daarmee belas het.

Wat die studie van die probleem betref, was dit 'n groot voorreg om die argief van die kinderhuis op Langlaagte tot my beskikking te hê. Ek kan met lof en waardering praat van die hulp wat ek van die Direkteur, ds. H.J. de Vos, en die Onderdirekteur, mnr. M.L. Malan, en van die hele personeel in verband met my ondersoek gekry het. Ek moet hier ook melding maak van die voorreg om drie jaar lank in die kinderhuis te kon inwoon. In dié tyd kon ek my sodanig in die hele probleem van kindersorg inleef dat ek nie kan dink hoe ek sonder hierdie ondervinding kon klaarkom nie.

Met die hoogste waardering en die meeste hoogagting moet ek hier ook melding maak van my promotor, professor J. Chr. Coetzee. Sonder sy gewaardeerde besieling sou hierdie werk nooit voltooi gewees het nie. Sy onverdrote belangstelling, sy groot werkkrag, sy onwrikbare Christelike standpunt was steeds spoorstae wat my tot volharding aangevuur het. Mag hy nog baie jare sy kragte behou om sy groot aandeel in die opvoeding vir kerk en volk verder by te dra.

Ek het diep onder die indruk gekom van die tragedie van die kind wat van sy ouerhuis beroof is. Ek kan van hulle wat hul lewe aan die versorging van hierdie kinders wy en gewy het, slegs met bewondering en waardering praat.

Daar is talryke aspekte van inrigtingsversorging wat nog vir navorsing braaklê. Een van die belangrikste hiervan is seker die persoonlikheidsontwikkeling van die inrigtingskind. So sou die psigologie van die inrigtingskind ook belangrike inligting vir inrigtingshoofde verskaf. As nasorg oor hulle wat die inrigting verlaat het, eers op 'n meer wetenskaplike en sistematiese wyse kan geskied, sal gegewens in verband hiermee veel tot die waardering van die produk van die kinderhuis en tot die studie van inrigtingsversorging in die algemeen kan bydra.

Langlaagte,  
Julie, 1952.

J.H. Oosthuizen.

## INLEIDING.

### 1. DOEL EN INHOUD VAN DIE VOORLIGGENDE VERHANDELING.

Die Abraham Kriel-Kinderhuis staan op Langlaagte as 'n monument van geloofsvertroue, en by die lidmate van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk het die name Abraham Paul Kriel en Langlaagte wagwoorde geword, woorde wat roep om barmhartigheid en genadebetoon aan wese en verwaarloosde kinders uit ons volk.

By nadere kennismaking met die werk wat daar in die inrigting gedoen word, kom die waarnemer onder 'n diep indruk van die offervaardigheid en toewyding wat met die oprigting daarvan gepaard gegaan het en wat nog steeds die instandhouding daarvan kenmerk. Kennelike bewyse van die openbaring van die genade en bystand van God deur al die jare vanaf die totstandkoming deurstraal die geskiedenis van die inrigting.

Die gedagte om die kindersorg van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk nader te ondersoek, het dan by die eerste aanblik van die werk op Langlaagte by my posgevat, toe ek aan die begin van Augustus 1949 diens aanvaar het as hoof van die Langlaagte-Afrikaansmediumskool.

Dit was nodig om van meet af aan te begin en die ontstaan van die Abraham Kriel-Kinderhuis histories na te gaan. Hierop moes 'n ontleding gemaak word van die verskillende aspekte van hierdie inrigting, soos die organisasie, die administrasie, onderwys en opvoeding, die tipes kinders wat deur die jare heen hier gehuisves is, en dergelike sake.

Waar dit vermoed is dat die inrigtingskinders as 'n groep van ander groepe verskil, veral wat die intelligensie betref, is 'n vergelykende studie in breë trekke gemaak.

Nasorgwerk, wat so'n belangrike aspek van kindersorg is, is ook aangeraak, omdat dit hierdeur moontlik gemaak word om die werk wat die inrigting vir die kind gedoen het, verder te voltooi en te konsolideer,

Ander kerklike aktiwiteite op die terrein van kindervelvaart, soos die instandhouding van die Kinderhawe en die funksies van die Armesorgraad, word ook by die studie betrek.

Waar die omvang van kindersorg mettertyd uitbrei, word die aandeel van die kerk daaraan ook nagegaan en is dit nodig geag om die metodes van kinderversorging na te gaan en vas te stel of die kerk op die regte spoor is en langs die beste weg sy dienste aan die sorgbehoewende kind bied.

Uiteindelik is dit ook nodig om die hele aangeleentheid krities te benader. Hierdie lofwaardige werk wat die kerk onderneem, is nieteenstaande sy hoogverhewe doel nie altyd vry van leemtes nie. Kritiek wat moontlik uitgeoefen sal word, is nie bedoel om die offervaardigheid van werkers op dié terrein te verkleineer nie maar om in breë trekke die tekortkominge aan te toon en iets in die plek daarvan te stel.

## 2. DIE KERK.

### (a) Wese en doel.

Die gemeenskap van diegene wat Christus en sy weldade deelagtig is, dra die naam „kerk”. Die kerk is dus 'n gemeenskap van heiliges. Die nadruk val veral op die gemeenskap en wel op 'n heilige gemeenskap uit hoofde van die gemeenskaplike kenmerke van die lidmate; en die hoofkenmerk bestaan daarin dat die lidmate aan Christus moet behoort, deur Hom geroepe is en 'n uitverkore groep moet uitmaak. Hierdie uitverkorenes of geroepenes vorm vanweë hulle geloof in Christus 'n

eenheidsgroep.

In artikel 9 van die Apostoliese Geloofsbelydenis bely die lidmaat dat hy aan 'n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges glo. Behalwe dat die kerk heilig is omdat dit aan God behoort, en waar hierdie eienskap op sy lede betrekking het, is dit ook algemeen. Die woord 'algemeen' beteken hier 'wêreldomvattend'. Dit sluit die gelowiges oor die hele wêreld in en kan derhalwe nie tot een volk of een gebied beperk word nie. Dit is nie deur tyd of ruimte gebonde nie. Dit het by die skepping van die eerste mens reeds ontstaan en loop in 'n lyn deur tot aan die einde van die wêreld.

Die kerk is ook Christelik uit hoofde van die verband tussen Christus en sy kerk. Christus is die Hoof van hierdie kerk, en die lede is in Hom as 'n eenheid verenig.

Opsommend kan dus gesê word dat die kerk bestaan uit al die uitverkorenes oor die hele wêreld wat in Christus geheilig en tot 'n eenheid saamgevoeg is. Uit hierdie standpunt beskou, is die kerk onsigbaar, omdat die wese daarvan in die geloof lê en in die gemeenskap met Christus en sy weldade deur die Heilige Gees. Vir die menslike oog is dit onsigbaar en word alleen deur God onderskei in die harte van hulle wat daartoe geroepe is.

Aan die ander kant is die kerk ook sigbaar. Christus het op aarde 'n kerk gestig deur die instelling van kerklike ampte. Hierdie institutêre vorm van die kerk, wat in ons waarneembaar is, het betrekking op die organisasie van die gemeenskap van gelowiges. Dit moet die godsdienstige lewe orden en 'n bepaalde vorm daaraan gee. Die algemene of onsigbare kerk is egter geensins van die sigbare te skei nie, want die kerk as instituut kan beskik oor pragtige katedrale,

'n keurige erediens, groot besittings, 'n voortreflike armsorg, 'n onberispelike kerkorde en 'n leër van begaafde predikers sonder dat daar van 'n wesenlike kerk sprake is. Die wese van die kerk lê juis opgesluit in die persone wat deur die bekering en wedergeboorte tot lewe gekom het. Die Christelike kerk moet as sodanig die organiese groei van binne vertoon al is dit van buite in 'n geordende liggaam saamgesnoer. Die geïnstitueerde of sigbare kerk is noodsaaklik om die godsdienstige lewe van die gemeenskap van gelowiges te orden, te rig en te vorm. Plekke van samekoms, ampsdraers, eredienste, seremonies, bediening van die sakramente en die binding aan 'n besondere belydenis is sake wat noodwendig georganiseer moet wees om die welsyn en eenheid van die gemeenskap van gelowiges te verseker al sou daar ook lidmate in die kerk wees wat nie geroepenes genoem kan word nie.

Dat die geïnstitueerde kerk nie 'n wêreldomvattende organisasie kan handhaaf nie, is begryplik. Dit is wel moontlik om eenheid in die onsigbare kerk te sien omdat dit 'n eenheid van geloof is wat alle ware gelowiges wat Christus deelagtig geword het, kenmerk. Hierdie onsigbare kerk is een liggaam met een Hoof of Here en een Gees. In die sigbare kerk kan hierdie eenheid nooit ten volle bestaan nie. Die idee van veelvormigheid in die geïnstitueerde kerk hoef egter nie aan die geloofseenheid van die algemene onsigbare kerk afbreuk te doen nie. Die menslike lewe is so ryk aan verskeidenheid en die geloofswaarhede in die Heilige Skrif is so veelvuldig dat daar in die opstelling van belydenisskrifte heel gemaklik kleinere of grotere verskille in opvatting kan ontstaan wat aan elke bepaalde belydenis 'n eie karakter kan gee en dit sodanig van ander

belydenisse kan laat verskil dat verskillende kerkgroeperinge daardeur langs mekaar kan ontstaan en susterkerke vorm wat in hulle doel nie noodwendig mekaar hoef te dwarsboom nie. Daarby is die mens in die diepste van sy wese sosiaal, en elke mens word uit 'n bepaalde gemeenskap gebore. Sosiale instellings van allerlei aard bind bepaalde groepe mense saam, en die band van die godsdiens, wat sterker as alle instellings is, verenig sulke groepe mense tot 'n hegte eenheid. Die sosiale element in die godsdiens is dus 'n magtige faktor om mense van dieselfde ras, taal, kleur, lewenswyse ook aan 'n bepaalde belydenis en langs hierdie weg in 'n bepaalde kerkgenootskap te verenig. Wat van belang is, is die noodsaaklikheid dat die belydenis in die woord van God gegrondves sal wees. Niks wat onbybels is, mag in die belydenis opgeneem word nie. Waar dit die geval is, kan die idee van verskillende kerkgroeperinge waarvan die belydenisskrifte suiwer bybels is, met die begrip van 'n algemene Christelike kerk en die gemeenskap van die heiliges versoen word. Ook die vertolking van die belydenis kan die oorsaak van verskillende standpunte wees en so tot die totstandkoming van verskillende kerkgroeperinge lei.

Innerlik is die geïnstitueerde kerk dus 'n vergadering van gelowiges in 'n bepaalde gebied wat homself geïnstitueer het en daarmee onder die waarneming val van die amptelike bediening van die Woord, die sakramente, die beoefening van die tug en die diens van barmhartigheid. In die omstandigheid waar dit die vergadering van gelowiges is en waartoe ook die jong kinders kragtens die genadeverbond bygereken moet word, lê die geestelike agtergrond. As sodanig is die kerk dus 'n openbaring van die mistieke liggaam van Christus.



Die menslike aksie in die sigbare kerk 'is slegs mediaal. God gebruik die dienste van mense deur 'n besondere genade. Hiermee word egter nie te kenne gegee dat mense wat nie in Christus glo nie, 'n ware kerk vorm al sou hulle ook saam bid en lees, en al word daar ook onder hulle gepreek en gekollekteer, doopsbediening waargeneem en nagmaal gevier. So 'n vergadering is 'n valse kerk. Drie kenmerke openbaar die instituut as 'n ware openbaring van die liggaam van Christus, naamlik die suiwere prediking van die evangelie, die bediening van die sakramente in opregtheid en die beoefening van die kerklike tug.

Kom ons nou by die vasstelling van die doel van die kerklike handeling van die mens, dan is die einddoel die verheerliking van God. Die gemeenskap van die gelowiges, 'n spesifiek religieuse gemeenskap, moet wat sy naderliggende doelstelling betref, dus ook 'n spesifiek religieuse karakter dra. Die naderliggende doel van die kerk moet daarin bestaan om siele na God te bring, hulle in gemeenskap met God te bring en in dié gemeenskap te versterk. Elke kerklike handeling dra ook 'n sosiale karakter, wat uitkom in die gemeenskapsoefening wat die gemeenskap van elke siel met God en van alle siele onderling veronderstel.

Die middel om dit te bewerkstellig is die erediens. Hier moet die Godsopenbaring in die bewussyn van die gelowige ingedra word. Deur die Christelike geloof te verkondig in die vergadering van gelowiges word die geloofswerking óf gewek óf versterk en word die mens langs hierdie weg in gemeenskap met God gebring. Die vermoë om te glo is 'n onmiddellike gawe van God, wat geskenk is in en met die wedergeboorte, waardeur die mens in die koninkryk van God kom. Uit hierdie geloof van die hart ontstaan die godsdienstige lewe en die diens van God in gemeenskap van ander

mense, soos in die gesin, die maatskappy en dies meer, en ook dit moet deur die kultusoefening van die kerk beïnvloed word. Dit bring mee die toesig van die kerk oor die sedelike lewe van sy lede en die toepassing van die kerklike tug.

Die lidmaatskap van die kerk bring besondere pligte mee. Positiewe pligte bepaal dat lede van dieselfde kerk mekaar inniglik moet liefhê, in meegevoel, in medelye en medeverblyding, en dat mens ook uitwendig in mekaar moet belangstel deur mekaar te leer, te waarsku, te vermaan, te troos met woord en daad, soos byvoorbeeld vir die blinde oë te wees en vir die kreupele voete en verder mekaar se swakhede te verdra, asook vergewensgesind en mededeelsaam teenoor die stoflike nood van andere te wees.

(b) Armesorg.

Die mens is 'n sosiale wese. Hy word in en uit en vir die gemeenskap gebore en groei daarin op. Vanaf sy geboorte en deur sy hele lewe heen word sy verhoudinge tot sy medemens deur tradisies van die bepaalde gemeenskap waarin hy opgroei, bepaal en beheers. Waar alle maatskaplike instellings daarop gemunt is om die welvaart van die gemeenskap te bevorder, is die individu genoodsaak om hom in sy verhouding tot sy medemens deur die norme van die verskillende sosiale verbonde te laat lei en beheers. Duideliker as deur enige sosiale verbonde word menslike verhoudings deur die Bybel bepaal. Geen ander bron bepaal vir ons die menslike verhoudinge so suiwer en absoluut as die Bybel nie, en dit is alleen in die lig van Gods Woord dat ons die verhouding tussen die gesag en onderdaan, heer en dienskneg, man en vrou, ryk en

arm, ouer en kind, onderwyser en leerling reg sal kan verstaan en aanvaar.

Die vraag of die kerk hom moet inlaat met die sosiale lewe van die mens, kom dadelik na vore by die bedenking van die kerklike aksie. Op hierdie vraag is daar twee antwoorde wat as uiterstes teenoor mekaar staan. Daar is die beskouing dat die kerk hom geheel en al moet onthou van maatskaplike werk, behalwe met betrekking tot wat hy deur sy diakonie vir armeversorging doen. Die prediking sou dan alleen gerig wees op die geestelik-ewige. Die ander uiterste is dat die kerk hom soveel moontlik moet bemoei met die sosiale lewe. Hy moet nie alleen beginsels verkondig nie, maar hy moet hom ook uitspreek ten opsigte van die toepassing daarvan en moet nie alleen deur armesorg nie maar deur allerhande tegniese middele die sosiale toestande verbeter. Die prediking moet 'n sosiale karakter dra.

Hier lê die waarheid tussen die twee uiterstes. Die doel van die kerk as instituut lê wel in die versterking van die godsdiens, maar dit moet gedoen word sowel vir die religie van die hart as dié van die lewe. Die kerk wend hom derhalwe tot die hele siel, tot die verstand en die wil sowel as tot die gemoedslewe. Hy moet die evangelie verkondig en terselfdertyd Gods wet as 'n ordinansie vir die sosiale lewe.

Die kerk moet nood lenig deur die diakonaat en mag nie versuim om evangeliserend op die massa wat hom ontsonke is, in te werk nie.

Die Christen het ook as lid van die maatskappy tot naaste doel die bearbeiding van ander mense. Hierdie handelings het ook 'n etiese sy wat betrekking het op die gesindhede waarmee mense handel. Die gesindhede van die mense moet ook beheers word deur die gesindheid om God te wil verheerlik.

Die kerk moet die sosiale ongeregtigheid sowel as die sondige dwaling in sosiale teorieë bestry.

In sy verhouding tot sy medemens ontstaan ook al die sosiale euwels waaraan die mens hom skuldig maak. Die kerk het die dure plig om hierdie euwels met alle mag te bestry. Hierdie euwels dien om die samelewing te ontwrig, en as sodanig is dit 'n afbreuk vir die uitvoering van die voorskrifte van God. Die hele maatskappy moet Godgewyd wees, en dis die taak van die kerk om teen die sosiale misstande te stry en tot 'n beter en meer godgewyde lewe op te voed.

Die taak van die kerk moet egter nie alleen negatief wees insoverre dit sy stem teen die verkeerde verhef nie. Nie alleen moet hy teen alle sosiale misstande optree nie; hy moet voor alles positief wees in dié opsig dat hy opvoedend en opheffend te werk moet gaan. Trouens, die bestaan van die kerk word gekenmerk deur die kragte en invloede wat daar van die gelowiges op elke gebied uitgaan. Die doel van die kerk lê dus nie net in die opvoeding van sy jeug tot die verheerliking van God nie, maar ook in die beïnvloeding van die mens om sy daaglikse lewe deur die eise van die uiteindelijke doel so te rig dat dit tot die bereiking van daardie doel sal dien. In Mattheus 25:31-46 maan Christus sy volgelinge om Hom te dien deur diens te bewys aan hulle medemense, „want Ek het honger gehad en julle het My iets gegee om te eet; Ek het dors gehad en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling en julle het My herberg gegee; Ek was nakend en julle het My geklee; Ek was siek en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek en julle het na My gekom”, en verder: „voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen”. Die opdrag van Christus om lewende belangstel-

ling in die materiële lewe van die medemens te toon is dus duidelik en beslis.

Afgesien van die uiteindelijke doel, naamlik die verheerliking van God, het die kerk dus ook 'n naderbyliggende doel wat 'n sosiale karakter dra omdat dit gemeenskap van siele onderling veronderstel. Dit moet egter altyd in gedagte gehou word dat die indirekte maatskaplike doel aan die uiteindelijke doel ondergeskik moet wees, en die beoefening van die sydelingse doel moet alleenlik gemunt wees op die bevordering van die sieleheil. Om die superstruktuur van godsaligheid op te rig is dit noodsaaklik dat 'n hegte fondament gelê word om hierdie bouwerk te dra. Die maatskaplike toestande waardeur die mens omring word, bepaal of die bepeinsing van die ewige dinge moontlik is of nie. Waar ellende, armoede, ondervoeding en ontbering aan die orde van die dag is, kan nouliks verwag word dat daar warme belangstelling vir en ontwikkeling van die geestelike lewe sal wees.

Menslike en kerklike barmhartigheid moet bepaaldelik hulpbetoon wees aan hulle wat in ellende verkeer en bepaald deur die armoede. Die armes is diegene wat nie in eie behoeftes kan voorsien nie en wat ook nie by vriende of familieleden geholpe kan raak nie. Die lidmate van die kerk wat in welstand verkeer, het die sedelike plig om met hulle gawes die armes te steun. Dit doen hulle vrywilliglik, en dit onderskei kerklike van maatskaplike armsorg. Die armoede moet voorkom of gelenig word uit die drang van liefde en onder toepassing van Gods Woord.

Gesins- of gestigsversorging val onder Christelike filantropie. Die Kerk moet deur inwendige sending invloed op die maatskappy uitoefen. Geestelike en liggaamlike

nood binne die gekerstende maatskappy moet verhelp word veral onder die versonke elemente. Is die oorsaak van alle nood nie die gemis aan lewende Christelike geloof nie?

Die Kerk wil nou sy inwendige sending opdra aan besondere vereniginge wat vir die uitvoering daarvan inrigtings soos Christelike bewaarskole, skole vir hawelose kinders, reddingshuise vir verwaarloosdes, gestigte vir dronkaards, inrigtings vir idioote, inrigtings vir sorgbehoewende en verlate kinders en dies meer mag oprig.

Teen hierdie inwendige sending mag die Kerk geen vyandigheid openbaar nie. Elke lidmaat moet sy sending om die sout van die aarde en 'n lig van die wêreld te wees, uitvoer, en hy moet streef om sy naaste tot 'n godsalige wandel vir Christus te win. Die Kerk moet die inwendige sending steun (a) deur kollektes, (b) deur gebruik te maak van die stigtinge vir eie armes, (c) deur morele steun aan vereniginge wat die inwendige sending uitvoer.

Die gereformeerde geloofsbelydenis het hom in alle eeue sedert sy ontstaan met krag op elke gebied van die samelewing laat geld. Dit het hom nie bloot by die godsdienstige sfeer bepaal nie maar het hom op die breë terrein van die volkslewe gewaag en gepoog om oral die Christelike beginsels van liefde, reg en waarheid te laat geld. Dit is 'n skone verdienste.

Die Kerk moet verder tred hou met die snelle gang van die moderne sosiale ontwikkelinge en mag nooit uit voeling met die hedendaagse sosiale strominge wees nie. Die evangelie sal altyd sy sosiale implikasies hê, en die Kerk moet hiermee wel deeglik rekening hou. Die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk het sy roeping in sy maatskaplike sorg baie duidelik omskryf in sy wette en bepalinge.<sup>1)</sup> Woordeliks lui dit: „Die Nederduits Hervormde of Gereformeerde

---

1) Wette en Bepalinge vir die Regering van die Ned. Herv. of Geref. Kerk, 83.

Kerk van Suid-Afrika ag dit sy dure roeping om geestelike en maatskaplike sorg aan sy volks- en geloofsgenote te betoon. Hy wil dit doen gedring deur die liefde van Christus, in gehoorsaamheid aan die Skrif en in navolging van die voorbeeld van Christus en die eerste Christelike Kerk. Hy stel hom ten doel om deur die diens van barmhartigheid:

- (1) alle maatreëls teen die geestelike, maatskaplike en ekonomiese veragtering van sy volks- en geloofsgenote te tref (m.a.w. voorsorg);
- (2) opheffingsmiddels vir die reeds veragterdes aan te wend (m.a.w. sorg);
- (3) Christelike liefde en hulp aan herstellendes te bewys (m.a.w. nasorg)."

In die eerste doelstelling lê die kern van die arbeid, naamlik die voorkomende optrede teen verval en veragtering op alle gebiede. Dog die strewe gaan verder; om ook die reeds veragterdes weer op te hef en terug te win en daarna 'n wakende oog oor hulle te hou om hulle van 'n nuwe dwaling te red. Om bogenoemde doelstellings te bereik het die Kerk deur sy hoogste vergadering, die sinode, 'n sinodale kommissie vir armesorg in die lewe geroep. Die samestelling en pligte van hierdie kommissie is in die kerkwet duidelik bepaal, en hier moet veral genoem word artikels 4 en 6, wat onderskeidelik bepaal dat die kommissie van armesorg maatreëls vir die oprigting en instandhouding van inrigtings vir sorgbehoewendes van allerlei aard, kinders, jeugdiges en volwassenes sal tref en dat hy die opvoeding en onderwys van sorgbehoewendes, volwassenes sowel as kinders sal behartig.

### 3. Afrikaanse Kerkgroepe in Transvaal. <sup>1)</sup>

Die gereformeerde kerk wat met die koms van Jan van Riebeeck op 7 April 1652 op Suid-Afrikaanse bodem gestig is, het hom op 23 Augustus 1665 nog nie in 'n gemeente geopenbaar nie: eers op hierdie datum is met die aanleg van 'n 'Kerkenboek' begin, en met die bevestiging van die eerste kerkraad is die belydenis van die Gereformeerde Kerke deur die kerkraadslede erken en onderskryf. Aan die begin van die negentiende eeu het die naam „Hervormd” ook as benaming vir die bestaande Kerk sy intrede aan die Kaap gedoen. Die twee benaminge „Gereformeerd” en „Hervormd” is van toe af aan deurmekaar gebruik tot in 1842, toe die sinode die naam „De Nederduitsche Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika” amptelik vasgestel het. Hierdie benaming is dan ook op die Trek deur die sogenaamde reisende gemeente vir sy Kerk gebruik en is deur die Trekkers na Transvaal gebring.

Op 8 en 9 Augustus 1853 is die „Eerste Algemene Kerkvergadering der Nederduitsch Gereformeerde Gemeenten in de Zuid-Afrikaansche Republiek” op Rustenburg gehou. By hierdie geleentheid is ds. Dirk van der Hoff tot herder en leraar van die Nederduits Gereformeerde Gemeente in die Zuid-Afrikaanse Republiek benoem.

Hierdie vergadering het verder gegaan en daarop aangedring om die besluit van die oudste immigrante om geen ander kerkgroeperinge in die Republiek toe te laat nie, te bevestig. Die Volksraad is van hierdie gewigtige besluit in kennis gestel, en 'n skriftelike goedkeuring en bekragtiging daarvan is van die regering ontvang.

- 
- 1) Gerdener: Boustowwe vir die Geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk in die Transgariep.

Sien ook Engelbrecht: Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, en

Postma: De Geschiedenis van de Stichting en Ontwikkeling der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika.



Die Nederduits Gereformeerde Kerk het nou 'n onverdeelde eenheid gebly tot op 10 Februarie 1859 toe 'n groep persone van iets oor die driehonderd hulle van die moederkerk afgeskei en 'n selfstandige Kerk, die Gereformeerde Kerk, gestig het.

Die begin van hierdie beweging kan teruggevoer word tot die eerste Algemene Kerkvergadering van 1853 op Rustenburg, by welke geleentheid 'n memorie onderteken deur die heer S.J.P. Kruger en sewentien andere ingedien is vragende om 'n kommissie van ondersoek na die toestande in die Kerk. Onderzoek na die besware van die petisionarisse het die feit aan die lig gebring dat hulle gekant was teen die sing van gesange by die eredienste op grond van die feit dat die meerderheid van die gesange nie op die Bybelse teks gegrond was nie.

Die koms van ds. D. Postma na Suid-Afrika as 'n afgevaardigde van die „Christelike Afscheidene Gereformeerde Kerk" in Holland het 'n verdere stoot aan die beweging van afskeiding van hierdie groep gegee, en op 'n Algemene Kerkvergadering op 10 Januarie 1859 op Pretoria gehou, is die saak verder bespreek. Hier het dit geblyk onmoontlik te wees om 'n breuk in die Kerk te verhoed, en op 10 Februarie 1859 het die Gereformeerde Kerk van die Nederduits Gereformeerde Kerk afgeskei om in die toekoms as selfstandige Kerk voort te bestaan.

Op die Algemene Kerkvergadering van 1853 is verder besluit om af te skei van die Kaapse Sinode, en dit het as gevolg gehad dat ook die Nederduitse Gereformeerde Kerk nou 'n selfstandige Kerk was. Hierdie afskeiding het nie die goedkeuring van alle gemeentes weggedra nie en juis dit het meegehelp dat daar later 'n tweede breuk in die Kerk plaasgevind het. Een persoon skryf byvoorbeeld: „Vele wel-

denkenden alhier betreuren niets meer dan dat wij de groote dwaasheid gehad hebben ons van de Synode af te scheiden, en verlangen niets hartelijker dan weder met dezelve vereenigd te worden." 1)

Hierdie ontevredenheid sou moontlik nog verwyder kon word, maar 'n nog groter ontevredenheid het ontstaan toe die grondwet van die Zuid-Afrikaanse Republiek in 1858 finaal aanvaar is en die nuwe benaming Nederduits Hervormde Kerk in die plek van die naam Nederduits Gereformeerde Kerk gestel is. Die nuwe kerknaam word toe vanaf Januarie 1859 deur die Kerk self in gebruik geneem.

Hierdie naamsverandering sou later 'n storm van bitterheid veroorsaak, wat 'n onheelbare breuk in die geledere van die Transvaalse Kerk gebring het. Die wiel is op 26 Junie 1865 op 'n kommissievergadering van die Algemene Kerkvergadering deur ds. F. Lion Cachet aan die rol gesit. Hy het naamlik daarop aangedring om te weet wanneer en deur wie die verandering van die kerknaam gemaak is. Hierop kon geen bevredigende antwoord gegee word nie, en dit is later beweer dat die twee Hollanders J. Stuart en R.J. Kok, onderskeidelik voorsitter en sekretaris van die grondwetkommissie vir die naamsverandering verantwoordelik was.

Hoe duister die oorsprong van die naamsverandering ook al was, het dit tog daarop neergekom dat daar nou 'n nuwe kerkgroep in die Zuid-Afrikaanse Republiek ontstaan het. Die amptelike losmaking van hierdie groep moet gestel word op 3 September 1861, die datum waarop die Algemene Kerkvergadering besluit het dat die Nederduits Hervormde Kerk in die Republiek sy eie bestuur sou hê.

---

1) De Gereformeerde Kerkbode in Zuid-Afrika, 22 Nov. 1854, 324.

Ontevredenheid met die nuwe Kerk is in verskillende gemeentes uitgespreek omdat gevoel is dat die Nederduits Hervormde Kerk in naam, in belydenis en in praktyk geheel-en-al verskil het van die ou Gereformeerde Kerk van die land. Hierdie ontevredenheid het uiteindelik op 3 Desember 1866 in 'n gesamentlike vergadering van die kerk-rade van Lydenburg en Utrecht gekulmineer. Die doel van hierdie vergadering was om die gemeentes van die Nederduits Gereformeerde Kerk in die Republiek onder een kerkbestuur te verenig. Die gemeentes Lydenburg, Nazareth, Utrecht, Hartebeestfontein, Pienaarsrivier, Potchefstroom, Suikerboschrand en Vaalrivier (distrik Wakkerstroom) was ook verteenwoordig. Op 4 Desember 1866 is hierdie gemeentes weer hartlik verenig as die Nederduits Gereformeerde Kerk. 'n Besluit om 'n vriendskaplike houding teenoor die ander kerkgroepe te handhaaf is terselfdertyd geneem, en die deure sou selfs wyd oopgestel word vir lede van die Nederduitse Hervormde Kerk.

Hierdie goeie gesindheid het dan ook nie lank sonder vrug gebly nie. Op die negentiende Algemene Jaarvergadering van die Nederduits Hervormde Kerk in 1879 op Pretoria gehou, het ds. H.S. Bosman voorgestel dat daar pogings tot vereniging van die Nederduits Hervormde en die Nederduits Gereformeerde Kerke aangewend moet word. Hy gaan ook verder en dring aan op die benoeming van 'n kommissie van predikante en ouderlinge om 'n soortgelyke kommissie van die Nederduits Gereformeerde Kerk te ontmoet en oor middele tot vereniging te beraadslaag. 'n Voorstel in dier voege is aangeneem en langs die regte weg aan die Nederduits Gereformeerde Kerk meegedeel. Twee jaar later, op 28 November 1881, is tydens die een-en-twintigste Algemene Jaarvergadering 'n brief van

die scribe van die Nederduits Gereformeerde Kerk ontvang waarin die saak van moontlike vereniging verwelkom word.

'n Kommissie bestaande uit die afvaardigings van die twee Kerke, later genoem die „Vereenigde Kommissie“, het eindelik op 31 Oktober 1882 op Pretoria vergader. Onder meer het die diskussie in die poging tot vereniging oor die naam van die Kerk gegaan. Hewige en warme besprekings oor die saak het die vergadering byna tot mislukking gevoer, en geen eenstemmigheid kon bereik word nie. Om die vereniging nie ter wille van die benaming te laat misluk nie, is 'n besluit om die naam Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in die Zuid-Afrikaanse Republiek voorlopig te aanvaar, ter tafel gelê en aangeneem. Die groot dag, wat, soos gehoop, 'n einde aan die kerkstryd sou bring, het eindelik aangebreek, en op Maandag 7 Desember 1885 „des morgens ten tien ure“ het die groot stigtingsvergadering van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk 'n aanvang geneem. Die volgende predikante was teenwoordig: Ds. H.L. Neethling, predikant van Utrecht en scribe van die Nederduits Gereformeerde Kerk; ds. N.J. van Warmelo, predikant van Heidelberg en scribe van die Nederduits Hervormde Kerk; ds. H.S. Bosman, predikant van Pretoria; ds. D.P. Ackermann, predikant van Wakkerstroom; ds. L.G.F. Biocard, predikant van Zoutpansberg; ds. C.W. du Toit, predikant van Potchefstroom; ds. H.J. Neethling, predikant van Lydenburg, en ds. A.P. Burger, predikant van Middelburg. Di. G.W. Smits en H.J.L. du Toit, predikante van Rustenburg en Potchefstroom onderskeidelik, was afwesig. Verder was die kerkgebou ten dele gevul deur 'n groot aantal afgevaardigdes wat deur die twee sribas vir die vergadering byeen-geroep was. Ds. H.L. Neethling word toe gevra om voor te sit, terwyl ds. N.J. van Warmelo instem om as scribe te

dien. Na behoorlike konstituering van die vergadering is daar toe 'n aanvang gemaak met die werksaamhede. 'n Langdurige sitting het nou gevolg en nie minder nie as honderd-ses-en-vyftig artikels en vyf bylaes van die konsepwet moes vasgestel word. Di. H.L. Neethling, N.J. van Warmelo, H.S. Bosman en H.J.L. du Toit, wat as kommissie die konsepwet in gereedheid moes bring, het die opregte dank van die vergadering ontvang. By die aanname van hierdie stukke was die vereniging van die twee Kerke 'n voldonge feit.

Kort voor die stigtingsvergadering het daar uit Middelburg 'n brief, gedateerd 2 November 1885, die algemene kerkvergadering bereik, wat 'n voorteken van die reaksie en disrupsie wat daar op die mooi vooruitsigte van die stigtingsvergadering van die Verenigde Kerk sou volg. In dié brief het vyf-en-twintig ondertekenaars gevra:

- (a) dat die naam van die Kerk altyd Nederduits Hervormd sal wees,
- (b) dat aankomende predikante nie by die Kaapse Sinode gelegitimeer word nie,
- (c) dat die "Zindensvons" (sendingfonds) geheel uit die kerkwet geskrap sal word.

Die begeerte na vereniging en meer nog die bereikte ideaal het 'n golf van aksie oor die kerklike lewe van Transvaal laat ontstaan, maar bogenoemde reaksie sou noodlottig blyk te wees en sou deur 'n nog noodlottiger disrupsie gevolg word.

Op die stigtingsvergadering van die Verenigde Kerk is die benaming Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk in die Zuid-Afrikaanse Republiek slegs voorlopig aangeneem. Op 6 Mei 1889 het die Kerklike Kommissie 'n buitengewone algemene vergadering byeengeroep om verder aandag aan die naamkwessie te skenk en tot finaliteit te probeer geraak.

By die opening van die vergadering is 'n uittreksel uit die kommissierapport van 1882 in verband met die saak voorgelees. Dit het die voorwaardes aangaande die vasstelling van die naam behels.

Een van die voorwaardes het gelui dat die verskillende kerkrade die stem van hulle onderskeie gemeentes sou voordra en dat die sinode dan sover moontlik ooreenkomstig die stemming van die gemeentes, die naam van die Verenigde Kerk vir die toekoms amptelik sou vasstel. Hierdie voorwaardes het 'n langdurige bespreking uitgelok. Daar kon nou maar eenmaal geen eenstemmigheid oor die metode van stemming verkry word nie. Eindelik is ooreengekom om 'n kommissie aan te stel om op die kwessie van hoofdelike stemming in te gaan en vas te stel of een of ander naam 'n volstreekte meerderheid gekry het. Blyk dit nie die geval te wees nie, sou die vergadering, met die kommissierapport voor hom probeer om die algemene wens van die gemeentes volgens voorwaardes genoem in die grondslae van 1862 vas te stel.

Die kommissie het die opdrag van die vergadering uitgevoer en die stemlyste van drie-en-twintig gemeentes nagegaan. Die uitslag was as volg:

Tabel 1.

Uitslag van die stemming oor die kerknaam.

|              |                                       |      |        |
|--------------|---------------------------------------|------|--------|
| Vir die naam | Nederduits Hervormd of Gereformeerd   | 2882 | stemme |
| " "          | " Nederduits Hervormd                 | 1903 | "      |
| " "          | " Nederduits Hervormd en Gereformeerd | 1574 | "      |
| " "          | " Nederduits Hervormd Gereformeerd    | 857  | "      |
| " "          | " Nederduits Gereformeerd             | 142  | "      |
| " "          | " Verenigde Kerk                      | 7    | "      |
| " "          | " Verenigde Gereformeerd en Hervormd  | 4    | "      |
| " "          | " Verenigde Hervormd en Gereformeerd  | 8    | "      |

|                                              |     |        |
|----------------------------------------------|-----|--------|
| Vir die naam Verenigde Hervormd Gereformeerd | 180 | stemme |
| " " " Verenigde Gereformeerd Hervormd        | 1   | "      |
| " " " Nederduits Gereformeerd Hervormd       | 1   | "      |
| " " " Nederduits Gereformeerd of Hervormd    | 1   | "      |
| " " " Verenigde Hervormd                     | 4   | "      |
| " " " Verenigde Hervormd of Gereformeerd     | 42  | "      |

Afgesien van die feit dat die naam Nederduits Hervormd of Gereformeerd verreweg die meeste stemme gekry het, het dit verder uit die stemlyste geblyk dat elf uit die drie-en-twintig gemeentes met 'n volstrekte meerderheid vir hierdie naam gestem het, terwyl slegs twee uit die drie-en-twintig met 'n volstrekte meerderheid vir die naam Nederduits Hervormd gestem het.

Geen ,enkele' naam het egter êrens die volstrekte meerderheid van stemme gekry nie en ook nie die volstrekte meerderheid van al die stemme nie. Die vergadering sou dus met hierdie gegewens voor hom moet uitmaak wat die begeerte van die gemeentes was en dienooreenkomstig 'n besluit neem.

Die kommissie beveel gevolglik aan dat, aangesien verreweg die grootste meerderheid stemme op die saamgestelde naam uitgebring is, sodat hierin klaarblyklik die begeerte van die gemeentes uitkom, een van die saamgestelde name wat die beste reg het om die naam van die Verenigde Kerk te wees en wat die meeste bevrediging sou gee, aanvaar moet word. En met dié feit voor oë dat een van die saamgestelde name, te wete Nederduits Hervormd of Gereformeerd, in elf van die gemeentes die volstrekte meerderheid van die stemme weggedra het en ook verreweg meer stemme as een van die ander name op hom verenig het en dat hierdie naam sewe jaar tevore, toe die volk ook van alle kante op kerkvereniging aangedring het

omdat God die Here self die harte deur die gemeenskaplike druk aan „elkander had gesloten”, en dat dit die naam was wat deur die lot beslis is, ag die kommissie dat die hoogerwaarde vergadering geen beter naam as Nederduits Hervormd of Gereformeerd kon kies nie. Hy beskou hierdie naam as 'n blywende gedenkteken van die groot werk van God wat die Here vir hulle verrig het tot grootmaking van Sy naam, en hy wens derhalwe dié naam by die hoogerwaarde vergadering aan te beveel.

Op hierdie aanbeveling volg toe die volgende voorstel van diaken Vermaas: Hierdie vergadering besluit sonder enige diskussie om die rapport aangaande die naamkwessie aan te neem en goed te keur. Die voorstel is met 'n meerderheid van stemme aangeneem. Daar is nog heelwat teengestribbel deur die persone wat in die minderheid gestem het, en eindelik het die voorsitter aan die vergadering verklaar dat die amptelike naam van die Kerk „Nederduits Hervormd of Gereformeerd” is, waarop die hele vergadering met een enkele teenstem, opgestaan het om goedkeuring daarmee te kenne te gee. Hierop het die predikant van Vryheid, ds. A.J. Louw, 'n mosie van revisie voorgestel. Hy verklaar terselfdertyd dat hy hartlik vir die aangenome naam is en dat hy hierdie voorstel ingedien het net „opdat er meer eenstemmigheid omtrent de aannahme van het commissie-rapport moge zijn”.<sup>1)</sup> Na bespreking is die voorstel aanvaar met 41 stemme uit 79. Die hele saak is vervolgens weer bespreek, en daar is weer 'n amendement, dat die rapport van die kommissie aangeneem word, tot stemming gebring. Op drie teëstemme na is die voorstel eenparig aangeneem. Algemene blydskap met die verloop van die vergadering is uitgespreek, en, om dit te toon, het die predikant van Vryheid voorgestel dat 'n dankstond die volgende môre om 7-uur gehou word.

---

1) Gerdener: Boustowwe vir die Geskiedenis van die Ned.Geref. Kerk in die Transgariep, 423.



Na hierdie geslaagde vereniging kon niemand dink dat die Nederduits Hervormde Kerk weer die volgende jaar as 'n selfstandige Kerk sou herleef nie. In Februarie 1886 het ds. Smits van Rustenburg op uitnodiging 'n besoek aan die konsulentgemeente Witfontein gebring. Op 13 Februarie het hy daar 'n kerkraadsvergadering gehou waarop besluit is om dieselfde aand weer te vergader met die doel om oor die kerkkwessie te besluit. By hierdie aandvergadering onder voorsitterskap van S. Prinsloo is die volgende besluit geneem: "..... gevoelt ons integendeel tevrede te blijven hetgeen wij was en nu nog ben namelijk: Nederduitsch Hervormd. Deze vergadering verklaart verder dat zij onder geen omstandigheden zullen aansluiten bij de kerkgenootschap, waardoor inbreuk zal kunnen worden gemaakt op de naam en rechten van de Nederduitsch Hervormde Kerk, zooals dezelve zijn neergelegd in artikel 20 onzer grondwet". 1)

Op 23 April 1886 is die saak weer op Witfontein bespreek, en daar is toe besluit om die regering in kennis te stel van die besluit dat die gemeente van Witfontein 'n gemeente van die Nederduits Hervormde Kerk bly, en kragtens hierdie besluit "houdt deze gemeente op te bestaan als een Consulentengemeente van het district Pretoria, doch beschouwt zich van nu af aan te zijn: De Nederduitsch Hervormde gemeente der Zuid-Afrikaansche Republiek, district Pretoria". Hierdie kennisgewing is onderteken deur ds. Smits en lede van die kerkraad.

Hierdie beweging van Witfontein was volledig en in orde en het meer vastigheid en saamhorigheid verkry toe ds. Goddefroy uit Holland hier aangekom het om die gemeente te bedien. In Julie 1889 het hierdie Kerk van ds. Goddefroy 'n prokurasiekommissie gekies wat sou verhinder dat die

---

1) Badenhorst e.a.: Wonderdade van God, 131.

eiendomme van die vroeëre Nederduits Hervormde Kerk op naam van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk getransporeer word. Daar volg nou 'n reeks regsgedinge oor die kerklike eiendomme. Die Nederduits Hervormde Kerk is in die uitspraak van die regter begunstig omdat sekere lede nie met die kerkvereniging ingestem het nie en die Nederduits Hervormde Kerk dus eintlik nooit op enige tydstip opgehou het om te bestaan nie. Hierdie oorblewe reste is uiteindelik saamgesnoer in die Nederduits Hervormde Kerk en met hierdie gebeure het daar nou weer drie kerkgroepe in die Zuid-Afrikaanse Republiek bestaan.

4. Groei van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk. <sup>1)</sup>

Dit sal nodig wees om ook die groei van die Verenigde Kerk na te gaan om vas te stel in hoeverre sy pogings tot kinderversorging, wat aan die begin van die twintigste eeu begin het, in verhouding was met sy ledetal. Hier volg statistieke om die groei aan te toon:

Tabel II.

| Jaartal | Siele  | Lede   | Gedoopt | Aangeneem | Pare getroud |
|---------|--------|--------|---------|-----------|--------------|
| 1893    | 53,048 | 24,525 | 3,747   | 1,718     | 362          |
| 1894    | 56,544 | 27,347 | 3,197   | 1,360     | 364          |
| 1895    | 59,516 | 27,064 | 3,321   | 1,455     | 402          |
| 1897    | 63,087 | 27,166 | 3,123   | 1,319     | 371          |
| 1898    | 64,635 | 28,014 | 3,487   | 1,489     | 537          |
| 1899    | 71,142 | 30,917 | 3,802   | 1,907     | 467          |
| 1904    | 66,000 | 30,000 | 3,000   | 3,000     | 900          |
| 1905    | 76,234 | 35,982 | 4,261   | 2,490     | 949          |
| 1906    | 80,301 | 37,612 | 4,517   | 2,493     | 921          |
| 1907    | 83,943 | 38,038 | 4,682   | 2,563     | 772          |
| 1908    | 86,457 | 40,326 | 4,522   | 2,029     | 693          |


1) Jaarboeke van die Gefedereerde Nederduits Gereformeerde Kerke, 1893-1950.


| <u>Jaartal</u> | <u>Siele</u> | <u>Lede</u> | <u>Gedooop</u> | <u>Aangeneem</u> | <u>Pare Getroud</u> |
|----------------|--------------|-------------|----------------|------------------|---------------------|
| 1909           | 91,295       | 42,673      | 4,609          | 2,383            | 647                 |
| 1910           | 96,070       | 44,133      | 4,766          | 2,253            | 602                 |
| 1911           | 99,069       | 46,435      | 4,788          | 2,203            | 811                 |
| 1912           | 98,679       | 46,567      | 5,002          | 2,277            | 955                 |
| 1913           | 107,060      | 50,776      | 5,397          | 2,546            | 940                 |
| 1914           | 109,120      | 51,816      | 5,492          | 2,612            | 1,083               |
| 1916           | 118,720      | 55,409      | 5,516          | 2,941            | 859                 |
| 1917           | 120,843      | 56,305      | 5,643          | 2,362            | 1,044               |
| 1918           | 130,736      | 60,021      | 5,707          | 3,256            | 1,173               |
| 1920           | 129,769      | 61,097      | 5,767          | 2,352            | 1,170               |
| 1921           | 138,043      | 62,383      | 6,277          | 2,634            | 1,312               |
| 1922           | 142,770      | 65,722      | 6,153          | 2,825            | 1,392               |
| 1923           | 150,739      | 68,985      | 6,201          | 3,283            | 1,143               |
| 1924           | 148,057      | 69,090      | 6,156          | 3,294            | 1,051               |
| 1925           | 154,616      | 71,676      | 5,864          | 4,350            | 1,060               |
| 1926           | 162,409      | 75,118      | 5,868          | 4,525            | 1,072               |
| 1927           | 164,271      | 78,421      | 6,353          | 4,921            | 1,314               |
| 1928           | 169,758      | 82,832      | 6,474          | 4,943            | 1,317               |
| 1929           | 179,337      | 87,788      | 6,567          | 5,024            | 1,593               |
| 1930           | 189,362      | 93,357      | 6,631          | 5,151            | 1,621               |
| 1931           | 198,085      | 96,957      | 6,670          | 5,431            | 1,780               |
| 1932           | 201,659      | 101,049     | 7,009          | 4,966            | 1,425               |
| 1933           | 202,562      | 103,268     | 5,124          | 6,895            | 1,403               |
| 1934           | 207,966      | 107,102     | 6,709          | 5,526            | 1,333               |
| 1935           | 209,289      | 109,236     | 6,726          | 5,677            | 1,455               |
| 1936           | 217,409      | 113,508     | 6,894          | 5,688            | 1,760               |
| 1937           | 217,518      | 117,639     | 7,251          | 6,009            | 1,942               |
| 1938           | 225,739      | 121,060     | 7,271          | 5,958            | 2,133               |
| 1939           | 232,904      | 124,886     | 6,143          | 7,662            | 2,310               |
| 1940           | 229,827      | 126,967     | 7,213          | 7,707            | 2,307               |
| 1941           | 234,057      | 129,059     | 8,458          | 6,721            | 2,251               |

| <u>Jaartal</u> | <u>Siele</u> | <u>Lede</u> | <u>Gedooop</u> | <u>Aangeneem</u> | <u>Pare getroud</u> |
|----------------|--------------|-------------|----------------|------------------|---------------------|
| 1942           | 243,524      | 133,429     | 8,966          | 6,634            | 2,655               |
| 1943           | 270,682      | 146,563     | 14,005         | 11,225           | 3,800               |
| 1944           | 264,760      | 150,148     | 9,709          | 7,605            | 2,651               |
| 1945           | 298,001      | 171,153     | 10,605         | 7,511            | 2,785               |
| 1947           | 308,182      | 175,791     | 9,594          | 7,835            | 2,950               |
| 1948           | 311,084      | 178,140     | 9,813          | 7,721            | 3,226               |
| 1951           | 342,405      | 198,552     | 11,594         | 8,535            | 3,265.              |

Hierdie gegewens kan ook grafies voorgestel word. Kyk ons nou na die grafiek op die volgende bladsye dan merk ons dat daar 'n konstante verhouding is tussen die toename in die getal siele en die getal lidmate. Dit is 'n bewys van gesonde geestelike bearbeiding aan die een kant en 'n stabiele kerkgesindheid by die Afrikaner aan die ander kant.

Daar is verder 'n treffende konstantheid van verhouding tussen die toename van getalle van lidmate aangeneem, pare getroud en dopelinge. Die bemoedigende afleiding dat gewoontes van geboortebeperking en dies meer nog nie hulle grootskaalse verskyning by die kerkgaande publiek gemaak het nie, kan hieruit gemaak word.





## HOOFSTUK I.

### DIE WORDING VAN DIE ABRAHAM KRIEL-KINDERHUIS.

#### 1. Inleiding.

Die groei van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk vanaf sy totstandkoming, soos saamgevat in tabel 2, getuig van 'n biologiese lewenskragtigheid wat die Afrikaanssprekende bevolking ten goede gekom het. Die verhouding tussen die aantal siele en die lidmate bly deurgaans min of meer konstant, en dit bewys verder dat die toetrede tot lidmaatskap van die Kerk 'n betreklike hegte tradisie by die Afrikaner was. Die uitbreiding van die sieletal was egter nie altyd 'n waarborg vir ekonomiese en geestelike welvaart nie. Saam met die getalle het ook die probleme gekom, en die einde van die negentiende eeu het vir die bevolking van die Zuid-Afrikaanse Republiek in meer as een opsig onheil gespel.

Die Kerk sou binnekort gereed moes wees om te kamp met die probleme wat ontstaan het as gevolg van die ontdekking van goud en die toestroming van die landelike bevolking na die stede, die gevolge van 'n lewens- en moraliteitsverwoestende oorlog en die beïnvloeding van sterk buitelandse en vir die Afrikaner volksvreemde tradisies. Bedreiging van die Afrikaanse taal, sedes, kultuur en lewensbestaan het voor die deur gestaan, en vir die bekamping van die geestelike en sosiale verval moes die Kerk gereedstaan.

Wat die organisasie van die kerk betref was sake blykbaar in orde. Tydens die vyfde algemene vergadering, in 1894, was daar reeds nege-en-twintig gemeentes, en in 1897 het hierdie getal aangegroei tot vier-en-dertig.<sup>1)</sup> Soos in tabel 2 aangetoon, het die ledetal toe op 27,347 gestaan.

In hierdie tyd het ds. A.P. Kriel op die toneel verskyn.

---

1) Pistorius: Ons Kerk in Wording, 61.

Sy koms na Transvaal was 'n besonder gelukkige beskikking, juis omdat dit hom beskore was om die kerklike kinderver-sorging te begin en op vaste grondslag te plaas.

2. Kort lewenskets van ds. A.P. Kriel.<sup>1)</sup>

Op 1 Maart 1850 is Abraham Paul Kriel op die plaas „Keerweder" in die distrik Franschhoek gebore. Hier het hy as boerseun opgegroeï. Soos alle boere in die distrik was sy ouers ook wynboere. As regte boerseun het hy van kindsbeen af geleer om al die werk op die boereplaas te doen, en van druiwe snoei tot koeie melk was daar niks waarvoor sy hande verkeerd gestaan het nie.

Van sy vroeë jeug af het alles in die geaardheid en lewenskyk van klein Abraham daarop gedui dat sy lewensbaan in 'n heel ander rigting as die boerdery gaan lê. So word daar byvoorbeeld van hom vertel dat hy as kind op pad skool toe die ander kinders met wie hy saamgeloop het, geestelike liedere laat sing het, hul soms laat sit en rus het onderwyl hy 'n paar verse uit sy sakte testamentjie gelees en daarna 'n gebed gedoen het. Hy was vir sielewenner in die wieg gelê. Daarby het hy die voorreg gehad om in 'n godsdienstige atmosfeer op te groei, en sy geaardheid was sodanig dat die godsdienstige in hom deur die gunstige omstandighede van sy kindsheid gevoed en versterk is.

Die sosiale instink was by hom sterk ontwikkel. Hy was besonder lief vir gesellige samekomste en dit veral in die ope lug op die wye veld. Veral die berge het vir hom groot bekoring ingehou. Dat hy derhalwe 'n buitengewone liefde vir piekniekmaak in die klowe gehad het en 'n ywerige bergklimmer was, kan maklik begryp word.

Van sy vroegste jeug af het hy die voorgevoel gehad dat hy tot evangeliedienaar geroepe was. Toe hy as jong man

---

1) Kestell: Abraham Paul Kriel, sy Lewe en Werk.





Ds. en Mev. A. P. Kriel.

die roepstem klaar en duidelik hoor klink het, was daar ook niks meer wat hom verhoinder het nie. Hy is na die kweekskool op Stellenbosch, waar hy sy studie as predikant voltooi het en op 2 Desember 1880 sy proponentseksamen afgelê het.

Op 10 Mei 1881 is hy in die huwelik bevestig met mej. Christoffelina C. Pietersen, die prinsipale van die Rockland-Seminarium in Cradock. Kort daarna is hy beroep na die gemeente Du Toitspan in Kimberley, waar hy op 21 Julie 1881 aangeland het. Hier het hy met groot ywer gewerk. Tydens sy bediening van hierdie gemeente het dit vir hom moontlik geword om 'n reis na Europa te onderneem. Sy grootste belangstelling het uitgegaan na die versorging van weeskinders in inrigtings in Engeland en op die vasteland van Europa. Hy het uit hoofde van hierdie feit besoek afgelê by die weesinrigting van George Müller in Bristol. Dit het hom en sy gade besonder getref dat hierdie inrigting van 2,000 kinders met 'n weeklikse uitgawe van £200 sonder 'n private inkomste kon voortbestaan.

Vanaf Engeland is hy na Skotland om die "Quarrier Homes", 'n inrigting wat op die "Cottage System" ingerig was, te bestudeer. Op die vasteland kon hy aan die beroemde inrigtings van Bodelschwingh in Bielefeld 'n besoek bring. Dit skyn werklik of dit so beskik was dat hy hierdie reis na Europa sou onderneem om daar gedeeltelik voorberei te word vir die taak wat daar in die nabye toekoms in Langlaagte op hom sou wag.

Hy is verder in sy belangstelling in hierdie rigting aangevuur deur die stigting van die Newton-tehuis in Kimberley deur ds. J.D. Kestell in 1891. Die "Cape General Mission" het kort hierna begin met die bearbeiding en opheffing van gesonkenes van die diamantstad. As vurige

patriot kon Kriel hierdie werk onder die armes en verwaarloosdes van sy volk nie somaar in die hande van vreemdes sien oorgaan nie. Hy moes nou self byspring. Met behulp van die Kerkraad word 'n woning gehuur, en dit word in 'n toevlugsoord vir armes omgeskep. Die naam Sendinghuis word toe daaraan gegee.

Mej. Mary Murray, 'n dogter van ds. Andrew Murray, bygestaan deur 'n ander dame en later nog twee helpsters, het hier begin met die versorging van die armes. Hulle het in die geloof gearbei, sonder enige salaris. Gifte wat van die gemeentelêde en ander belangstellendes ingekom het, is in belang van die armes bestee. Daaglik is aan 'n groot aantal persone voedsel verskaf.

Kriel dink verder. Hy sien ook die probleem van voedsel en inwoning vir jong mans wat op die myne werk. Hy beywer hom nou vir die aankoop van nog 'n gebou waar hierdie persone gehuisves kon word. Dit geluk hom ook om die „Standard Hotel" te koop, en nadat dit verdoop is tot „Christelike Jongelingsvereniging", was dit moontlik om dit vir die gebruik van jong mans oop te stel. Daar is soms maaltye verskaf aan selfs veertig persone. Hierdie inrigting kon, toe dit eers op dreef was, in die hande van ds. W.J.P. Poën vir verdere administrasie gelaat word.

Op 9 Januarie 1893 word ds. Kriel as leraar van Johannesburg-Wes beroep teen 'n traktement van £350 plus vry woning.<sup>1)</sup> Hy laat hom hierdie beroep welgeval, en op 2 Junie 1893 word hy in sy nuwe werkkring bevestig.<sup>2)</sup>

### 3. 'n Ideaal word verwesenlik maar is van korte duur.<sup>3)</sup>

Die belangstelling in die versorging van wese en verwaarloosdes wat hom by die opening van die Newton-weeshuis van ds. Kriel meester gemaak het, het nou helder in sy gees gevlam.

---

1) Kerkraadsnotule van die Ned. Herv. of Geref. Kerk, Langlaagte, 24.

2) Ibid, 51.

3) Kestell. Abraham Paul Kriel, sy Lewe en Werk.

So skryf hy in die kerkblad De Vereeniging, van 1 Februarie 1899 dat enige daad van belang wat 'n mens verrig, eers in die gedagte ontstaan, dat dit dan in woorde ontkiem en dat dit hom eindelijk in die daad openbaar. Hy vertel verder hoedat die gedagte om wese en hawelose kinders te versorg, reeds in 1894 by sekere Christelike werkers en werksters ontstaan het. As redes waarom dit nie toe al aangepak is nie, noem hy die feite dat dit nie 'n maklike taak was om aan te pak nie, dat veel geld nodig was en daar bowe-al die geheime verontskuldiging was dat daar deur die „Nazareth Home" darem al 'n begin gemaak is.

Daar is tog 'n poging aangewend deur twee dames, mejj. M. Kloppers en J. Malan. In die Sendinghuis in Fordsburg het hulle twee wese opgeneem. Gebrek aan ruimte en die werkzaamhede van die Sendinghuis het egter alle verdere uitbreiding ten minste 'n tydlank aan bande gelê.

'n Goeie begin is egter op 6 Januarie 1899 gemaak, toe 'n bedroefde vader sy opwagting by ds. Kriel gemaak het met tweelingdogtertjies van wie die moeder die vorige nag oorlede is. Die saak is die volgende aand op 'n gemeentekonferensie bespreek, en die vergadering het besluit om die twee wesies vir rekening van die gemeente te neem. Mnr. en mev. P. Malan het aangebied om die twee suigelingse in hulle huis op te neem tot tyd en wyl die sake in verband met die weeshuis in orde sou wees. <sup>1)</sup> Kort daarna is een van die kindertjies oorlede, en die oorblywende is deur 'n kinderlose vrou as haar eie aangeneem. Op die afsterwe van die suigeling het ds. Kriel die betekenisvolle aanmerking gemaak dat die weeshuis nou met die hemel verbonde was.

Ds. Kriel het nou 'n begin gemaak met wat sy lewensroeping genoem kan word. Daar was weliswaar nou geen weeshuis op Langlaagte nie, maar die veld vir wat in die toekoms

---

1) Maandverslag van die Abraham Kriel-Kinderhuis, Feb. 1911.

gewag het, was voorberei. Die Engelse Oorlog was voor die deur, en drie jaar lank sou alle aktiwiteite op die gebied van kinderversorging in belang van die verdediging van die vryheid van land en volk gestaak moet word.

#### 4. Die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902.

Die sametrekking van Britse troepe in Natal op 'n tyd-stip toe daar<sup>n</sup> uifers gespanne atmosfeer in Johannesburg tussen Boer en Brit geheers het, het as gevolg gehad dat die regering van die Zuid-Afrikaanse Republiek op 9 Oktober 1899 'n ultimatum <sup>1)</sup> aan die Britse gesant in Pretoria, sir Conyngham Greene, oorhandig het, waarin onder andere geëis word:

- (a) dat die troepe op die grense van die Republiek dadelik teruggetrek moet word;
- (b) dat alle troepeversterkings wat sedert 1 Junie 1899 in Suid-Afrika aangekom het, binne redelike tyd verwyder moet word;
- (c) dat alle troepe van haar Majesteit wat op daardie tyd-stip op die see was, nie in enige Suid-Afrikaanse hawe aan wal gebring word nie.

Op hierdie ultimatum het die regering van die Zuid-Afrikaanse Republiek 'n antwoord verwag voor of op Woensdag 11 Oktober 1899, nie later as 5 uur namiddag nie. As die Britse regering in gebreke sou bly om teen daardie tyd te antwoord, sou die regering van die Republiek die handelwyse van haar Majesteit se regering as 'n formele oorlogsverklaring beskou. As die Engelse troepe binne die gesette tyd nader aan die grense van die Republiek sou beweeg, sou ook dit as 'n formele oorlogsverklaring beskou word.

Op 11 Oktober 1899 het die Britse regering op die ultimatum geantwoord en bekendgemaak dat hy nie die voorwaardes soos in die ultimatum vervat, kon oorweeg nie. Die oorlog het nou begrypikerwys ontbrand.

---

1) Gedenkboek van den Oorlog in Zuid-Afrika, 99-101.

Die Republiek van die Oranje-Vrystaat het sy lot met die van die Zuid-Afrikaanse Republiek ingewerp. Saam het die twee Republieke hoogstens oor 60,000 weerbare manne beskik, en weens die feit dat die plase tog aan die gang gehou moes word, was daar aanvanklik selfs veel minder as hierdie getal gelyktydig aan die front. Die Engelse daarenteen het betreklik gou 100,000 troepe in Suid-Afrika gehad, en hierdie getal het in die loop van die stryd tot 'n kwartmiljoen aangegroei.<sup>1)</sup>

Dit was van die begin af aan 'n uifers ongelyke stryd. Die Boere moes na taai weerstand, wat byna drie jaar geduur het, die stryd gewonne gee, en die vredesonderhandelinge van Vereeniging het in Mei 1902<sup>2)</sup> 'n einde gemaak aan die onafhanklikheid van die twee Republieke, wat nou Britse eiendom geword het.

##### 5. Ontstaan van die Abraham Kriel-Kinderhuis.

Die Tweede Vryheidsoorlog van 1899-1902 is seker verantwoordelik vir die grootste stoot in die oprigting van weeshuise. Dit is ook nie vreemd nie. Die ongevalle op die slagveld was verreweg nie so talryk as die sterfgevalle van die vrouens en kinders in die konsentrasiekampe nie.

Onmiddellik na die vredesonderhandelinge het die Boere-Hulpkomitee van die Kaapkolonie ds. A.J. Louw afgevaardig om die merendeel van die kampe te besoek ten einde hulp aan weduwees te verleen en vas te stel hoe om die onversorgde weeskinders in inrigtings byeen te bring. Daarna het die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in Transvaal deur middel van sy kerkrade begin om 'n statistiek op te stel van diegene wat deur die oorlog gedood is. Die hoofkomitee van "Het Volk", onder leiding van generaal Louis Botha, het die saak toe verder opgeneem en deur middel van die veldkornette, die personeel van die Rooikruis en die benoeming van mnr.

---

1) Gie: Geskiedenis vir Suid-Afrika, Deel I, 525.

2) Gedenkboek van den Oorlog in Zuid-Afrika, 570.

Goldman as statistikus het hulle noukeurige inligting in verband met die totale sterftesyfer gedurende die oorlogsjare bekom. Die statistiek bewys nou volledig deur naam, datum van afsterwe, oorsaak en plek van oorlye en dies meer hoeveel persone uit die Boerevolk daar tydens die oorlog omgekom het.<sup>1)</sup> Dit toon dat daar in die vyf-en-veertig konsentrasiekampe die volgende aantal persone omgekom het:

Tabel 111.<sup>2)</sup>

Ongevallelye van konsentrasiekampe en Tweede  
Vryheidsoorlog.

|                                            |              |
|--------------------------------------------|--------------|
| Getroude vroue .....                       | 3,288        |
| Jong meisies bo 16 jaar .....              | 825          |
| Jong seuns bo 16 jaar .....                | 209          |
| Kinders onder 16 jaar .....                | 22,057       |
| Ou mans .....                              | <u>1,421</u> |
| Totaal .....                               | 27,800       |
| Op die slagveld was die ongevalle as volg: |              |
| Gesneuwel en aan wonde beswyk .....        | 3,990        |
| Op kommando aan siekte en ongelukke ..     |              |
| omgekom .....                              | 1,081        |
| In krygsgevangenekampe gesterf .....       | 1,118        |
| Aan blootstelling en ontbering             |              |
| omgekom .....                              | <u>2,000</u> |
| Totaal .....                               | 8,189        |

Waar daar voor die oorlog 'n kinderversorgingsvraagstuk was wat die kerk besig gehou het, het die saak nou baie ernstige afmetings aangeneem. Daar was na skatting 10,000 wese, van wie 4,000 heeltemal onversorg was.<sup>3)</sup> Dat 'n persoon van die kaliber van ds. A.P. Kriel, met so 'n intense belangstelling in kinderlewens en die welvaart van die verwaarloosdes

1) Aangehaal uit Neethling: Mag ons Vergeet, 245, 246.

2) Ibid.

3) Kestell: Abraham Paul Kriel, sy Lewe en Werk, 119.

onder sy volk, die toestand baie sterk gevoel het, is verstaanbaar. Hy het gevoel dat die werk wat hy voor die oorlog begin het hervat moes word op 'n skaal groot genoeg om 'n oplossing vir die probleem te bied. Hy het sy eie swakheid maar alte goed gevoel en beseft dat die groot taak in die krag van die Here begin sou moet word. Van Hom moes wysheid, krag en middele ontvang word. Met hierdie gesindheid het hy en sy gade hulle elke môre 'n tydjie in die eenzaamheid afgesonder en die hele aangeleentheid 'n saak van gebed en meditasie gemaak. Op 5 Augustus 1902 het hy aan die gemeente bekendgemaak dat hy en sy Kerkraad besluit het om 'n weeshuis in Langlaagte op te rig vir die wese van ouers wat in die oorlog gesneuwel of in die Kampe omgekome het. <sup>1)</sup>

Op 4 September 1902 om 3 uur namiddag is die gebou vir die eerste wese geopen. Di. G. Radloff, J. Maartens, P. Meiring, D. Theron en A.P. Kriel was teenwoordig. Ds. Meiring het die woord gevoer, en na die sing van Psalm 146 verse 5 en 7 het hy die gebou geopen met die woorde: "In den naam van den drieënigen God, den Vader der wezen, ontsluit ik deze deur ". <sup>2)</sup>

Die weeshuis was nou begin. Ds. Kriel het besluit om dit "Het Kinderhuis" te noem. Hy het nie van die naam 'weeshuis' gehou nie. Die kinders moes tuis voel in hulle nuwe tehuis. <sup>3)</sup>

In navolging van die voorbeeld van die "Quarrier Homes" in Skotland sou dit as geloofsinrigting alleen tot God opsien vir wat nodig was vir die onderhoud. <sup>4)</sup>

---

1) Kestell: Abraham Paul Kriel, sy Lewe en Werk, 120. .

2) Maandverslag van die Abraham Kriel-Kinderhuis, Maart, 1912.

3) Ibid..

4) Ibid., Sept. 1936.



Hoewel daar slegs met sewe wese begin is, was ds. Kriel vol vuur vir die onderneming. Hy het sy roeping, waarvoor hy in die wieg gelê was, met ywer en toegewydheid aanvaar.

Op 4 September 1903, 'n jaar na die stigting, is die eerste verjaarsdag gevier. Van die aanvanklike voorneme om die verjaarsdag te vier en die publiek daarheen uit te nooi, is afgesien, en die dag moes stil deurgebring word. Die gemeentesusters het egter in die namiddag met 'n verrassing tevoorskyn gekom, toe hulle almal in die groot eettent op koffie en koek onthaal het. In die loop van die verrigtings het ds. Kriel 'n mondelinge verslag van die afgelope jaar gegee en vertel hoedat die kindertal in die jaar van sewe tot tweehonderd-vyf-en-veertig aangegroei het, die getal helpers van twee tot sestien en die geldbedrag van £14, waarmee die kinderhuis geopen is, tot £7,346. Van hierdie bedrag is £7,070 aan onderhoudskoste bestee, sodat daar op datum nog 'n batige saldo van £276 in die kas was. <sup>1)</sup>

Die viering van die verjaarsdag het 'n jaarlikse instelling geword, wat tot vandag toe nog volgehou word. Die dag daaryoor gekies, is die eerste Woensdag in September van elke jaar. Die Hoofbestuur het later die eintlike doel van die Septemberfeesviering as volg saamgevat: <sup>2)</sup>

- (a) om gesamentlik as 'n groot inrigting of huisgesin die verjaarsdag van die kinderhuis te vier en by dié geleentheid die goeie hand van die Here te erken;
- (b) om by dié geleentheid 'n blye dag, almal se verjaarsdag, aan die kinders te verskaf;
- (c) om die groot publiek, ouers, familiebetrekkings, vriende en alle andere in die algemeen die geleentheid te gee om te help om die feesvreugde te verhoog en tegelyk vir die eerste maal of by vernuwings met die inrigting van naby kennis te maak en die hele inrigting deur hulle teenwoordigheid en andersins te bemoedig.

---

1) De Vereeniging, 4 Nov. 1903, 7.

2) Hoofbestuursnotule van die Abr.Kriel-Kinderhuis, 7 Maart 1929,

Hierdie groot onderneming van soveel maatskaplike betekenis was nou op dreef.

#### 6. Waarom is die Kinderhuis op Langlaagte?

Hierdie vraag is tydens die stigting en deur die jare daarna dikwels gevra. Die versorging van oor die 700 kinders is 'n geweldige taak, en die standplaas van die onderneming is 'n faktor waarmee terdeë rekening gehou moet word. Die stigter, tesame met sy kerkraad, was aanvanklik ook onseker van die uiteindelijke standplaas van die inrigting. Op 'n spesiale kerkraadsvergadering,<sup>1)</sup> op 7 September 1903, is die vraag of die kinderhuis op Langlaagte sou bly of na 'n groter plek verplaas sou word, te berde gebring. Daar kon nie tot 'n finale besluit geraak word nie, en voorlopig sou die geboue op erf nr. 71 met die helfte van die erf deur die kerkraad tot vrye gebruik aan die inrigting afgestaan word vir die duur van sy bestaan op Langlaagte. Verder is besluit om die kerkplein ten weste van die kerk aan die inrigting beskikbaar te stel vir die oprigting van skoolgeboue. Ingeval die inrigting later verwyder sou word, sou die kerkraad die geboue teen 'n billike prys oorneem, of indien die kerkraad dit nie verkies nie, sou die inrigting die reg hê om die geboue te verwyder. 'n Bykomende bepaling het verder aan die kinderhuis vryheid verleen om die kerkplein te omhein en as speelgrond te gebruik mits, die gemeentelede nie verhinder word om dié gedeelte ook as uitspanplek te gebruik nie. Vir bogenoemde voorregte moes die kinderhuis 'n nominale bedrag van drie sjielings per jaar aan huurgeld betaal. Met hierdie besluit was die vraagstuk van lokaliteit van die inrigting, voorlopig altans, afgehandel. Uitbreiding het snel gevolg, en die kerkraad het uiteindelik besluit om op versoek van die leraar die helfte van erf nr. 71

---

1) Kerkraadsnotule van die Ned. Herv. of Geref. Kerk, Langlaagte, 7 Sept. 1903, 284.

as donasie aan die kinderkhuis te gee. <sup>1)</sup> Daar was nou niemand meer wat aan die verskuiwing van die kinderkhuis gedink het nie. Op 6 September 1905, die derde verjaarsdag vanaf die stigting, kon ds. Kriel bekendmaak dat die inrigting reeds in besit was van 12 standplase met 13 geboue daarop. <sup>2)</sup>

Jare later, toe die vraag waarom die kinderkhuis dan op Langlaagte staan, weer gestel is, het die huisvader die volgende antwoord daarop gegee: „Ons antwoord is, omdat dit daar moes wees; omdat die Hoër Hand dit so beskik het; omdat Oupa Kriel daar was en hy het dit begin. As ander mense op ander dorpe ook weeshuise begin het, dan was daar ook weeshuise, dis al. Ons neem al die goeie van die goudstad vir ons, en uit Johannesburg is veel goeds te kry. Dit is 'n stad enig van sy soort in Suid-Afrika. Vergelyk die voorregte van kinders op 'n plekkie soos Kakamas met dié van kinders op die Rand; wat 'n onderskeid, nie waar nie. Hier is pragtige museums, boomryke parke, majestueuse huise en geboue, enorme besigheidsplekke, dieretuine, trems, motors en ja allerlei opvoedkundige voorregte, waarvan duisende kinders in ons land verstoke is. Om al hierdie dinge te sien is alleen al 'n opvoeding in sigself; om al die dinge te ondersoek is om dit nooit te vergeet nie. Die kind hier weet wat in die groot wêreld opgelewer word, want hy woon self hier in 'n kleine wêreld, wat hom alles wys wat die groot wêreld voortbring. Praat jy met hom oor iets dan weet hy daar reeds van. En die kind van Kakamas? Sal hy miskien ooit in sy lewe sien wat die weeshuiskind as iets ouds beskou?" <sup>3)</sup> So gaan die artikel aan, en die skrywer wei verder uit oor die voordele van opvoedkundige uitstappies en dies meer.

---

1) Kerkraadsnotule van die Ned. Herv. of Geref. Kerk, Langlaagte, 1905, 344.

2) Witwatersrand Kerk- en Schoolblad, Sept. 1905.

3) Maandverslag van die Abraham Kriel-Kinderhuis, Aug. 1917.

— Ds. Kriel, 'n man vol werkywer en besiel met die grootse ideaal, kon hom nie met klein dinge vereenselwig nie. Hy sien die saak uit 'n ander oogpunt.<sup>1)</sup> As die inrigting op die regte plek staan, kan dit nooit te groot word nie. Die regte plek is naby 'n groot stad. As die plek verkeerd is, kan die inrigting gewis geen sukses wees nie. Langlaagte-weeshuis op Langlaagte, 'n voorstad van Johannesburg, sal makliker en goedkoper 'n duisend klee, voed, bestuur en stellig beter vir 'n toekomstige loopbaan toerus as vier weeshuise elk met tweehonderd-en-vyftig kinders oor Transvaal versprei. Dit is geen opinie of gedagte of bewering nie, dis 'n onomstotelike feit en het geen verdere betoog nodig nie. Na die Engelse oorlog was daar in Transvaal ses weeshuise. Binne enkele jare moes Langlaagte drie met man en muis oorneem. Een van hulle is, nadat al die wese daar-in opgegroeï het, gesluit. Hy wys verder op die baie voordele. Weeskinders is nie noodwendig domkoppe nie. In die groot stad is daar vanselfsprekend 'n groter keuse van beroepe, 'n groter arbeidsmark en meer geleentheid tot die kweking van groot kennis in verband met sake.

Met hierdie argumente was die kwessie van die standplaas van die kinderhuis afgehandel. Dit sou op Langlaagte bly.

## 7. Uitbreiding.

Met die uitbreiding van getalle het die behoefte aan meer akkommodasie gepaard gegaan. Onderstaande tabel toon aan hoe die getalle met die verloop van tyd steeds toeneem het.<sup>2)</sup>

---

1) Maandverslag van die Abr.Kriel-Kinderhuis, Aug. 1919.

2) De Vereeniging, 1902-1910 en ook Maandverslae van die Abraham Kriel-Kinderhuis, 1911-1950.

Tabel IV.

| <u>Jaartal.</u> | <u>Aantal Kinders.</u> | <u>Jaartal.</u> | <u>Aantal Kinders.</u> |
|-----------------|------------------------|-----------------|------------------------|
| 1902            | 7                      | 1926            | 610                    |
| 1903            | 245                    | 1927            | 595                    |
| 1904            | 233                    | 1928            | 662                    |
| 1905            | 245                    | 1929            | 684                    |
| 1906            | 328                    | 1930            | 701                    |
| 1907            | 322                    | 1931            | 719                    |
| 1908            | 330                    | 1932            | 734                    |
| 1909            | 260                    | 1933            | 702                    |
| 1910            | 245                    | 1934            | 684                    |
| 1911            | 256                    | 1935            | 784                    |
| 1912            | 297                    | 1936            | 699                    |
| 1913            | 360                    | 1937            | 743                    |
| 1914            | 360                    | 1938            | 757                    |
| 1915            | 380                    | 1939            | 745                    |
| 1916            | 400                    | 1940            | 737                    |
| 1917            | 458                    | 1941            | 726                    |
| 1918            | 450                    | 1942            | 731                    |
| 1919            | 512                    | 1943            | 711                    |
| 1920            | 550                    | 1944            | 725                    |
| 1921            | 606                    | 1945            | 686                    |
| 1922            | 615                    | 1946            | 680                    |
| 1923            | 581                    | 1947            | 683                    |
| 1924            | 625                    | 1949            | 703                    |
| 1925            | 620                    |                 |                        |

Dit is begryplik dat dit soms moeilik gegaan het om met die toenemende aanvraag om opname tred te hou. Ds. Kriel het nooit vir moeilikhede teruggedeins nie. Nie alleen moes vir slaapvertrekke gesorg word nie; ander geboue was ook noodsaaklik. Op 5 Maart 1904 skryf hy <sup>1)</sup> dat die eet-

---

1) De Vereeniging, 23 Maart 1904, 6.

tent weens ouderdom reeds baie verslate lyk en is. Saans gaan dit moeilik vir die kinders om hulle lesse te leer, want die ligte waal gedurig dood omdat die skeure in die ou tent nie meer diggemaak kan word nie. Dit ontmoedig hom egter nie, want die groot eetsaal met 'n was- en strykhuis was nou byna voltooi. Kort daarna is hierdie geboue in gebruik geneem, en veral die eetsaal was 'n seën wat nie genoeg gewaardeer kon word nie. Ruim agtien maande lank moes die ou tent as eetplek dien. Dikwels het dit gebeur dat 'n stofstorm die met soveel moeite voorbereide voedsel geheel en al met rooi sand bedek het. Soms het stormreën wat deur die skeure in die tent gelek het, die aansittendes deurweek, terwyl die water die vloer oorstroom het. <sup>1)</sup>

Toe die ruim eetvertrek, wat tot vandag toe nog in gebruik is en waar nog steeds oor die 300 kinders elke dag hulle maaltye nuttig, uiteindelik klaar was, was daar in 'n groot behoefte voorsien. Teen die binnemuur pryk in groot swart letters die leuse: Weest in geen ding bezorgd, Uw hemelse Vader weet. <sup>2)</sup>

Op 6 September 1905 is 'n ander belangrike toevoeging tot die eiendom van die inrigting gemaak. Dit was die "Paul Kruger Stiftung", 'n dubbelverdieping-gebou wat 170 seuns en vyf werksters kon huisves. Die geld is in Duitsland met behulp van geloofsgenote deur die vriendelike medewerking van die boerevriend, pastor Schowalter van Jettenbach, byeengebring. <sup>3)</sup> Die inwydingsplegtigheid is gereël vir 6 September 1905, die datum van die derde verjaarsdag van die kinderhuis. Dit was die dertiende gebou op die twaalfde standplaas. Vir dié geleentheid is die volgende gediggie deur P.J. van Straten geskrywe: <sup>4)</sup>

---

1) De Vereeniging, 28 Julie 1904, 8.

2) Witwatersrand Kerk- en Schoolblad, Sept. 1905.

3) De Vereeniging, 24 Aug. 1905, 8.

4) Witwatersrand Kerk- en Schoolblad, Sept. 1905.



Die groot eetkamer.

Draag de weezen op uw harten;  
Help, en voel ook hunne smarten!  
Zij zijn zonen uwer vaders,  
Die niet waren met verraders.  
Doch wel dochters uwer moeders,  
En de zonen uwer broeders,  
Gesneuveld in den stryd voor recht,  
Geblevens tot het laatst gevecht!  
Roepen nu uit hunne graven,  
God de gever aller gaven,  
Minder, meerder wil Hij schenken,  
Hen die ook aan weezen denken.

Gedurende die volgende jaar het die getalle aangegroei tot 328. Met die voltooiing van die „Paul Kruger Stiftung“ (Jongensgebou), was dit moontlik om die Klerksdorp-weeshuis met 31 wese oor te neem.<sup>1)</sup> Hiermee saam het die kinderhuis ook twee beboude erwe en 'n paar stukke meubels ontvang.

Daar was nog geboue nodig. Die skoolgebou (hout en sink) het nog baie by die skoolgeboue van die regering afgesteek. Die ambagskoolgebou het nog op verbetering gewag. 'n Beter timmermanswinkel en skoenlapperswinkel was dringend nodig; laasgenoemde veral, te meer as in gedagte gehou word dat in die halfjaar 624 paar skoene gerepareer moes word.<sup>2)</sup>

Vir hierdie geboue was geld nodig, en dit moes gevind word. Toe Oupa Kriel by 'n geleentheid gevra is waarom hy nie om die nodige steuning na die regering gaan nie, was sy antwoord:<sup>3)</sup> „Ik heb er niets op tegen door het gouvernement ondersteund te worden, mits dat zulks niet behoeft te geschieden met opoffering van beginselen, die voor ons volk en

---

1) Hoofbestuursnotule van die Abr. Kriel-Kinderhuis, 12 Febr. 1906.

2) Ibid.

3) De Vereeniging, 1 November, 1906, 7.



kerk heilig en dierbaar zijn". Hy deel verder mee dat op uitnodiging van lord Selborne 'n samespreking met hom gehou is. 'n Skrywe is na die samespreking aan die goewerment gerig, en in antwoord daarop is die volgende ontvang: Met betrekking tot die vraag van goewermentstoelae vir die verskaffing van meer geboue vir die Langlaagte-weeshuis het ek die eer u mee te deel dat die saak in die Uitvoerende Raad behandel is en die volgende resoluëie in verband daarmee geneem is: "Wordt besloten dat het gouvernement zich houde aan het beginsel om zoodanige toelage te geven alleen in gevallen waar de weezen, die onderhouden worden, in eene gouvernementsschool opgevoed worden, of volgens gouvernementswetten en bepalingen en dat daar in dit geval aan deze voorwaarde niet voldoen wordt, het verzoek niet worde toegestaan".

Ds. Kriel skryf verder: "Meer bemoedigend en navolgingswaardig is het volgende, dat ik van een weduwe die den Here vreest, eenige dagen geleden ontving: "Waarde-----! Bidden gaat gepaard met werken! Verlang ik in mijn gebed, dat anderen voor de weesinrichting moeten doen wat God verlangt dan moet ik zelve zulks doen. Ik bezit £1:1:10 waarmee ik mij moet behelpen tot 31 December. Ik zend u de helft voor de weezen. Nu mag ik tot onzen Vader gaan en zeggen: Vader laat veele anderen zulks doen. De Heere zegene u en versterke uw geloof!" Hy kon dus nie die regeringshulp op die voorwaardes soos hierbo genoem, aanvaar nie. Dit sou nie met sy beginsels strook nie.

In sy verslag aan die Ring van Potchefstroom het hy op 'n keer die volgende geskryf: <sup>1)</sup> "....meer dan ooit zijn wij overtuigd geworden dat deze gansche Inrichting met al wat erin is en de onderhouding ervan het eigendom en het werk des Heeren alleen zijn". Om dus in geen ding besorg te wees nie,

---

1) Hoofbestuursnotule van die Abr. Kriel-Kinderhuis, 12 Feb. 1906.

omdat die hemelse Vader weet wat hy nodig het, was sy lewensbeginsel en om volksbeginsels prys te gee om goewermentshulp te bekom, sou nie in ooreenstemming daarmee gebring kon word nie.

Nog meer geboue was nodig. 'n Stoomwassery om aan byna 400 kinders skoon klere en beddegoed te besorg, was nou 'n dringende behoefte. Daar is nou ook ernstig gedink aan 'n meisiesgebou wat vir 'n groot aantal dogters akkommodasie sou verskaf. 'n Gebou vir die industriële skool was uiters noodsaaklik. <sup>1)</sup> In 'n verslag aan die kerkblad De Vereeniging is hierdie behoeftes terloops vermeld. <sup>2)</sup> Die Sustervereniging van Pretoria, 'n kerklike liefdadigheidsvereniging van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk aldaar, het die erns van die woningnood by die kinderkuis besef en 'n oproep <sup>3)</sup> in die kerkblad gedoen om fondse in te samel vir 'n gebou vir meisies, ter gedagtenis aan die vroue en kinders wat gedurende die oorlog van 1899-1902 in die konsentrasiekampe gesterf het. Die versoekskrif is onderteken deur mev. G.A. Roth, Presidente, mev. D. Schutte, Vise-presidente, mev. A.S. Roux, Sekretaris en Kassier, en generaal O.F. Beyers, Tesourier. Daar is nie met die bouwerk gewag totdat die geld gevind is nie. Reeds die volgende maand, naamlik op 15 Junie 1907, is daar met die aanry van die fondamentklippe vir die gebou begin. <sup>4)</sup> Die hoekstene is op 7 September 1907 met die verjaarsdagfees deur mev. generaal Piet Joubert gelê en het die volgende opskrifte gedra:


---

1) Hoofbestuursnotule van die Abr. Kriel-Kinderhuis, 13 Feb. 1907.

2) De Vereeniging, 7. Maart 1907, 8.

3) Ibid, 16 Mei 1907.

4) Ibid, 27 Junie 1907.



**Meisiesgebou, „Talitha Kumi.”**



**Die Abraham Kriel-Gedenksaal, geskenk deur die Vereniging van Oud-wese.**

Zuid-Afrikaansche Vrouwen Gedenkteken,

Gelegd Sept. 4, 1907.

Ter Gedachtenis aan

De Moeders overleden in de Concentrasie Kampen

in den oorlog 1899-1902.

Laat uwe weezen achter en Ik zal ze in het leven behouden.

Ter Gedagtenis aan

de Kinderen overleden in de Concentratie Kampen in den Oorlog

1899-1902.

In het huis mijns Vaders zijn vele woningen.

Gedurende die daaropvolgende jaar (1908) is die gebou voltooi teen 'n koste van £5,000. Dit is 'n ruim en doelmatige gebou wat akkommodasie aan 150 dogters bied, tesame met kamers vir vyf werksters, 'n ruim leeskamer en 'n ontvangkamer: 'n ware Nasionale Inrigting, soos ds. Kriel dit gencem het.

Die stoomwassery kon ook gebou word met 'n geldbedrag wat uit die Beit-erfenis aan die kinderhuis geskenk is. 'n Stoomfornuis vir die groot kombuis kon ook aangeskaf word. 1)

Nou was daar nog die industriële skool-gebou wat ook in die vooruitsig gestel was. In 1911 het die Transvaalse regering toegestem om £3,300 vir die doel beskikbaar te stel, en 'n begin is heel gou met die oprigting van die gebou gemaak. 2)


Die uitbreiding het onverpoosd voortgegaan. Meer en meer kinders is in die inrigting opgeneem, en meer en meer geboue moes aangekoop of opgerig word. Die volgende tabel toon aan hoe die vaste eiendom van die kinderhuis deur die jare aangegroei het. 3)

---

1) De Vereeniging, 1 Oktober 1908.

2) Maandverslag van die Abr. Kriel-kinderhuis, Apr. 1911.

3) Eiendomsleërs van die Abr. Kriel-tehuis.



Hoofgebou van die Vakschool.

Tabel V.

| Wanneer verkry | Eiendom                                 | Waar?      | Hoe verkry | Bouwerk daarop                           |
|----------------|-----------------------------------------|------------|------------|------------------------------------------|
| 1902           | Erf. No.72                              | Langlaagte | Gekoop     | Meisiesgebou                             |
| 1903           | Erf. No.71                              | "          | Geskenk    | Woonhuis                                 |
| 1903           | Erf No. 67                              | "          | Gekoop     | Jongensgebou                             |
| 1903           | Erf No. 82                              | "          | "          | "                                        |
| 1904           | Erf No. 81                              | "          | "          | Woonhuis                                 |
| 1904           | Erf No. 12A                             | "          | "          | "                                        |
| 1905           | Erf No. 10A                             | "          | "          | Twee huise                               |
| 1906           | Erf No. 73                              | "          | "          | Ambagskool                               |
| 1907           | Erf No. 13A                             | "          | "          | Tennisbaan                               |
| 1907           | Erf No. 14A                             | "          | "          | Twee tennisbane                          |
| 1907           | Erf No. 69                              | "          | "          | Woonhuis                                 |
| 1907           | Erf No. 1A                              | "          | "          | Woonhuis en stalle                       |
| 1907           | Erf No. 9A                              | "          | "          | Tuine                                    |
| 1907           | Erf No. 84                              | "          | "          | —                                        |
| 1908           | Halwe Erf No.71                         | "          | "          | Groentekamers, Stoomfornuis en bakhuis.  |
| 1913           | Erf No. 85                              | "          | "          | Hospitaal                                |
| 1914           | Plaas Moria Heidelberg distrik          |            | "          | Skool, woonhuise, hostel, stalle, krale. |
| 1917           | Erf No. 21A Langlaagte                  |            | "          | Huis                                     |
| 1917           | Olifantsvallei kleinplaas, Van Wyksrust |            | "          | Kampeerplek                              |
| 1918           | Erf No. 20A Langlaagte                  |            | "          | Huis                                     |
| 1918           | Erf No. 16A                             | "          | "          | Sportterrein                             |
| 1918           | Erf No. 17A                             | "          | "          | Pawiljoen                                |
| 1919           | Erf No. 19A                             | "          | "          | Twee huise en washuis                    |
| 1919           | Erf No. 15A                             | "          | "          | Speelterrein                             |

| Wanneer verkry | Eiendom                   | Waar?         | Hoe verkry | Bouwerk daarop     |
|----------------|---------------------------|---------------|------------|--------------------|
| 1919           | Erf No. 70                | Langlaagte    | Gekoop     | Woonhuis           |
| 1919           | Erf No. 83                | "             | "          | Woonhuis           |
| 1920           | Erf No. 22A               | "             | "          | Woonhuis           |
| 1920           | Erf No. 90                | "             | "          | Huis vir Direkteur |
| 1921           | Erf No. 36                | "             | "          | —                  |
| 1922           | Erf No. 398               | Warmbad       | "          | Woonhuis           |
| 1923           | Erf No. 74                | Langlaagte    | "          | Woonhuis           |
| 1924           | Erf No. 88                | "             | "          | Huishoudkundegebou |
| 1910           | Erf No. 77                | "             | "          | Woonhuis           |
| 1910           | Erf No. 92                | "             | "          | Woonhuis           |
| 1927           | Erf No. 80                | "             | "          | Woonhuis           |
| 1928           | Erf No. 66                | "             | "          | Woonhuis           |
| 1929           | Erf No. 90                | "             | "          | Speelterrein.      |
| 1919           | Erf No. 75                | "             | "          | —                  |
| 1919           | Erf No. 86                | "             | "          | Eetsaal en pakhuis |
| 1931           | Plaas, Cadie              | Natal         | Erflating  | —                  |
| 1931           | Plaas, Vierling Volksrust |               | "          | —                  |
| 1931           | Plaas, Hartebeestfontein  | "             | "          | —                  |
| 1934,          | Plaas, Dankbaar           | "             | "          | —                  |
| 1935           | Erf No. 49                | Fairlands     | Geskenk    | —                  |
| 1935           | Erf No. 51                | "             | "          | —                  |
| 1935           | Erwe 2A-8A                | Langlaagte    | Gekoop     | Tuinery            |
| 1935           | Erf No. 13C               | "             | Geskenk    | Woonhuis           |
| 1936           | Erf No. 18Aa              | "             | Gekoop     | Gedenksaal         |
| 1936           | Erf No. 18A               | "             | "          | Woonhuis           |
| 1936           | Erf No. 78                | "             | "          | Woonhuis           |
| 1938           | Twee erwe                 | Sunwitch Port | Geskenk    | Huis en rondawel   |
| 1940           | Erf No. 169               | Langlaagte    | Gekoop     | —                  |
| 1941           | Erf No. 95                | "             | Geskenk    | Woonhuis           |
| 1941           | Erf No. 170               | "             | Gekoop     | —                  |

| Wanneer verkry | Eiendom                 | Waar?        | Hoe verkry | Bouwerk daarop |
|----------------|-------------------------|--------------|------------|----------------|
| 1944           | Erf No. 171             | Langlaagte   | Gekoop     | —              |
| 1943           | Erf No. 176             | "            | "          | Woonhuis       |
| 1944           | Plaas, Groot-<br>laagte | Wakkerstroom | "          | —              |
| 1948           | Erf No. 397             | Volksrust    | "          | Woonhuis       |
| 1948           | 12 Erwe                 | Silverton    | "          | Woonhuis       |

In 1920 was daar al oor die 500 kinders in die inrigting. Toe daar indertyd oor die gewenste grootte van die kinderhuis geskryf is, het die huisvader die volgende brief van Regter Neil ontvang:<sup>1)</sup>

Graaff Reinet,  
27 Maart 1920.

Geagte mnr. Louw,

Julle inrigting is 'n uitstekende plek vir afhanklike kinders wat g'n moeders het of moeders wat bevoegd is om hul te hou nie. Dit geniet, en ek is daarvan oortuig, tereg ook die vertroue van die publiek van Suid-Afrika. Ek dink nie julle moet jul getalle beperk nie. God sal seker die nodige middele daarstel as julle eers jul geloof toon deur al die applikante wat jul hulp nodig het, op te neem. Daar is oor die 4,000 seuns in die „Gerard Home, Philadelphia, Pa., U.S.A.". Dit is 'n modelskool vir afhanklike seuns.

Vriendelik die uwe,

Henry Neil.

Dit was goeie raad. Tien jaar later het die getalle reeds die 700-kerf oorskry. Daar is altyd nuwe toevoegings tot die geboue gemaak, en, danksy die welwillendheid van die kerklike publiek, kon die geldmiddele altyd gevind word om die reuse-onderhoudskoste te bestry.

---

1) Maandverslag van die Abr. Kriel-Kinderhuis, Julie 1920.



8. Laaste jare in die lewe van ds. Kriel.

Alhoewel Oupa Kriel oor groot werkkrag beskik het, het die beheer van die groot inrigting met sy groot geldelike verpligtinge en geldnood al vroeg op sy liggaamskragte 'n merk begin nalaat. Daarby was hy ook nog leraar van die gemeente Langlaagte, en die dubbele verantwoordelikheid het begrypplikerwys 'n te groot beroep op sy uithouvermoë gemaak. In die jaar 1909 het die kerkraad op voorstel van S.P. Malan en J.A.J. Roos genoodsaak gevoel om te besluit<sup>1)</sup> „.....dat met die oog op die swak gesondheid van ds. Kriel, sy eerwaarde die hele Juniemaand onthef word van alle preekwerk; en dat gedurende die maande Julie en Augustus sy eerwaarde nie meer as een preek op Sondag sal lewer nie; of, indien die geleentheid sig voordoen, om 'n reis na Europa te maak vir ses maande". Hierdie voorstel is eenparig aangenaam.

Die hoofbestuur van die inrigting het hierdie voorstel onderskryf en ook aan die huismoeder, mej. Jankowitz, wat ds. en mev. Kriel op die reis sou vergesel, verlof van afwesigheid toegestaan. <sup>2)</sup>

Die Sinode was die saak goedgesind en het 'n bedrag van £200 geskenk om die reis gedeeltelik te finansier. Die nodige reëlins is getref, en op 10 Augustus 1909 het die geselskap aan boord van die Duitse lynboot „Feldmarschall" uit Tafelbaai vertrek. <sup>3)</sup>

Na 'n afwesigheid van byna ses maande is ds. Kriel weer in Langlaagte terugverwelkom. <sup>4)</sup> Die reis het vir hom nie alleen as ruskuur gedien nie, maar hy kon weer 'n aantal inrigtings in Europa besoek en op hoogte van nuwe ontwikkelings op die gebied van inrigtingsversorging kom.

---

1) Kerkraadsnotule van die Ned. Herv. of Geref. Kerk, Langlaagte, 31 Mei 1909, 63.

2) Hoofbestuursnotule van die Abr. Kriel-Kinderhuis, 2 Aug. 1909, 60.

3) De Vereeniging, 26 Augustus 1909.

4) Kerkraadsnotule van die Ned. Herv. of Geref. Kerk, Langlaagte, 31 Jan. 1910, 71.

Die werksaamhede van die kinderrhuis het mettertyd so uitgebrei dat die Hoofbestuur dit nodig geag het om 'n kommissie te vorm wat voorlopig stappe moes doen ten einde vas te stel wat gedoen kon word om die Direkteur van sy gemeente los te maak sodat hy daardeur in staat gestel sou word om sy kragte meer bepaaldelik aan die belange van die kinderrhuis te wy. <sup>1)</sup> Dit was makliker gesê as gedaan. Ls. Kriel kon nie so geredelik oorreëd word om vir sy pligte terug te deins nie. Nog ses jaar het hy die tweeledige amp bekleed, en in Mei 1917 het hy sy kerkraad meegedeel dat die Ring van Johannesburg hom weer gevra het om hom van die bediening van die gemeente Langlaagte te onttrek en hom geheel en al aan die versorging van die wese te wy. <sup>2)</sup> Aan hierdie versoek het hy gehoor gegee en besluit om sy emeritaat aan te vra, aangesien hy die ouderdom van 67 jaar bereik het. Daar hy al 37 jaar in die evangeliebediening in Suid-Afrika werksaam was, het die vergadering besluit om aan die scribe op te dra om die Ringskommissie te versoek om aan ds. Kriel sy emeritaat te verleen en pensioen vir hom te verkry. <sup>3)</sup>

Kort na hierdie vergadering het hy die stap gedoen en die volgende brief aan die kerkraad geskrywe: <sup>4)</sup>

Langlaagte,  
9 Jan. 1918.

Aan den Scriba van den Kerkraad,  
Ned.Herv. of Gereformeerde Gemeente,  
Langlaagte.

Geagte Heer en Broeder,

Zoals het den Eerw. Kerkeraad bekend is, heeft de Ring van Johannesburg in zijn laatste zitting mij gevraagd of de tijd niet gekomen is dat ik in ernstige overweging zal nemen, de noodzakelijkheid om mij van de

- 
- 1) Hoofbestuursnotule van die Abr.Kriel-Kinderhuis, 3 Apr.1911.  
2) Kerkraadsnotule van die Ned.Herv. of Geref. Kerk, Langlaagte, 7 Mei 1917, 235.  
3) Ibid., 21 Nov. 1917, 246.  
4) Ibid. 9 Jan. 1918, 249.

Gemeente los te maken en mijne krachten meer bepaeldelijk te wijden aan de verzorging der weezen van ons volk; vooral met het oog op de uitbreiding van het kindertehuis.

Ik heb de zaak in biddende overweging genomen en daar mijne krachten niet meer toereikend zijn voor de behoorlijke bearbeiding der Gemeente en de behartiging van de belangen der weezen, heb ik besloten den Eerw. Kerkeraad te verzoeken, hetgeen ik mits dezen doe, de noodige stappen te nemen tot het verkrijgen van mijn emeritaat. Het is mij niet eene gemaklijke taak geweest tot dit besluit te komen; maar ik geloof dat het de wil des Heeren is. Hartelijk dank ik de Brs. Kerkeraadsleden voor de hartelijke broederlijke liefde mij altoos bewezen; en de eensgezindheid en samenwerking gedurende de meer dan drie-en-twintig jaren die wij met elkander hebben gearbeid. Het is mijn vurige bede dat de Heer u allen rijkelijk zegenen en sterken moge tot het werk, waartoe Hij u geroepen heeft.

Met de meeste Hoogachting,

Noem ik mij, .

Uw Dienstw. Br. in den Geliefde,

A.P. Kriel.

Op 27 Februarie 1918 het hy demissie ontvang en sy emeritaat aanvaar. By diè geleentheid is 'n afskeidsadres aan hom oorhandig:<sup>1)</sup>

Adres aan die Weleerw. Heer

Ds. Abraham Paul Kriel

Herder en leraar van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Gemeente, Langlaagte.

Weleerw. Heer,

Waar u tans na ruim vier-en-twintig jaren als leraar in ons midden te hebben gearbeid, op het punt staat af

---

1) Kerkraadsnotule van die Ned. Herv. of Geref. Kerk, Langlaagte, 27 Feb. 1918.

te treden, is het onzen roeping om uitdrukking te geven aan het gevoel van verlies dat er over de gemeente komt.

Door de liefde, waarmede u ons gedragen en geholpen heeft, werd gedurende al die jaren ook in onze harten voor u een warme plaats bezorgd.

Het voorbeeld van uw ernstig en toegewijd leven was gedurig voor ons een spoorslag tot vernieuwing en overgave van het leven aan de Heer, en tot zelfopoffering voor zijn dienst. Onder uw leiding heeft de Gemeente verscheidene ondernemingen kunnen doorzetten, en verantwoordelijkheden kunnen dragen, die alleen door uw volharding en trouw mogelijk waren.

Uw ernstige getuigenis van de kansel, bij de biduren en bij het huisbezoek, heeft velen van ons geleid om, niet alleen aan die getuigenis gehoor te geven, maar ook mede een vreugde in het getuigen te vinden.

Voor al echter was het uw geloof, of zullen wij zeggen de genade die de Heer u gegeven heeft om in Zijn naam grote dingen te ondernemen, het geloof van de Direkteur van het Kinderhuis, dat bijna spreekwoordelijk geworden is onder ons volk. Bovenal was het dit geloof dat de gemeente tot zegen was.

Ook mev. Kriel verdient onze dank. Met voorbeeldige trouw heeft zij de zusters van de gemeente geleid in Zending vereniging en biduur. Haar gereedheid om zonder beloning in al de jaren het gemeentelijk gezang en het koor te leiden, wordt ten zeerste gewaardeerd.

De Gemeente zal de aangenaamste herinneringen blijven koesteren van uw beider langen diensttijd alhier.

Van harte verblijden wij ons ook erin dat na uw aftreden, u zal blijven wonen in ons midden om het werk aan de kinderen van ons volk voort te zetten. De tegenwoordigheid en de stille gebeden van u en mevrouw Kriel zullen ons zegenen.

Ons gebed is dat de Heer uw oude dag steeds rijkelyk mag kronen met zyn liefde. Hij betone zyn gunst aan uw persoon, aan uw huis en aan het werk, dat op u nog rust. Wij hebben de eer .... Weleerw. Heer, 'en geliefde vader in het geloof, wij verzekeren u eindelyk van onze hartelykste zegenbede, en hebben de eer te zyn,

Uw dienstw. Dienaren in de Heer,

Leden van de Kerkeraad,

Namens den Kerkeraad,

Steph. P. Malan,

Scriba.

Ds. Kriel kon nou al sy tyd, krag en aandag aan die groei en bloei van die kinderhuis wy. In die volgende tien jaar is daar deur sy toegewyde strewe aan nog tweehonderd kinders akkommodasie voorsien, sodat daar in 1928 reeds 663 kinders in die inrigting was.

Teen hierdie tyd was Oupa Kriel al 78 jaar oud, en sy liggaamskragte het nou vinnig getaan. Gedurende die wintermaande is dit besluit dat hy na Clansthal aan die Suidkus van Natal sal gaan vir sy gesondheid. Op 9 Junie 1928 is hy aldaar vir hoër diens opgeroep.<sup>1)</sup> Sy stoflike oorskot is na Langlaagte teruggebring, alwaar dit in die kerktuin te ruste gelê is.

Kort na sy afsterwe is daar by 'n hoofbestuursvergadering met waardering van die ontslape direkteur gepraat. Sy teenwoordigheid in die vergaderings, hoewel sy gesondheid in die laaste tyd nie toegelaat het dat hy daadwerklik aan die besprekings kon deelneem nie, was altyd inspirerend, besielend, gerusstellend en het ongetwyfeld al die besluite beïnvloed. In hom verloor die kinderhuis sy kragtigste aardse voorbidder, die kerk verloor 'n vrome en getroue ondersteuner en die volk een van sy opregte patriotte.<sup>2)</sup>

---

1) Maandverslag van die Abr. Kriel-Kinderhuis, Julie 1928.

2) Hoofbestuursnotule van die Abr. Kriel-Kinderhuis, 28 Apr. 1928.

## 9. Die naam van die inrigting.

Die naam, Langlaagte-Weeshuis, is seker die mees gebruikte van alle name vir die inrigting. Oupa Kriel het van meet af aan nie van dié naam gehou nie en het die inrigting die Kindertehuis genoem.<sup>1)</sup> Hy wou hê die kinders moes tuisvoel in hulle nuwe woning.. Dit het nie hierby gebly nie. Verskillende benaminge, soos weeshuis, kindertehuis of inrigting, is deur die jare in geskifte gebesig ten opsigte van die plek..

Na die heengaan van die stigter is die naam op 'n keer weer by geleentheid van 'n hoofbestuursvergadering te berde gebring.. Op voorstel van ds. D. Theron word toe besluit om, onderworpe aan die instemming van mev. Kriel, by die Ring aan te beveel dat die naam van die Langlaagte-Kindertehuis in dankbare herinnering aan die Godsmann, ds. A.P. Kriel, stigter en eerste direkteur, tot die Abraham Kriel-Kindertehuis verander sou word.<sup>2)</sup> In 'n brief<sup>3)</sup> aan die hoofbestuur het ds. Kestell die volgende jaar aanbeveel dat die nuwe naam sou wees, Die Abraham Kriel-Kindertehuis, 'n aanbeveling wat geredelik aanvaar is.

## 10. 'n Nuwe direkteur.<sup>4)</sup>

Hendrik Johannes de Vos is op 2 Januarie 1884 op Vlakplaas naby Over Hex in die Worcesterse distrik gebore. Hier het hy gebly tot in 1893, toe sy vader na die ou De Vosplaas, „Olifantsberg“, naby Goudinistatie verhuis het. Sy skoolopleiding het hy ontvang eers van mnr. Coenie Gie, die vader van wyle dr. S.F.N. Gie, op Waboomsrivier en toe op Worcester, waar hy gematrikuleer het. 'n Murray-beurs is op die Suid-Afrikaanse Kollege in Kaapstad aan hom toegeken en in 1905 het hy alhier die B.A.-graad met onderskeiding in die Wysbegeerte behaal.


---

1) Maandverslag, Kindertehuis, Maart 1912.

2) Hoofbestuursnotule van die Abr.Kriel-Kindertehuis, d.d. 10 Okt. 1929, 50.

3) Ibid., 29 Jan. 1930.

4) Ds. De Vos : Autobiografie, 1949.



Ds. en Mev. H. J. de Vos.

Met die oog op 'n wetstudie het hy nou 'n kort tydjie in die Siviele Kommissaris se kantoor in Kaapstad gewerk. Op aandrang van enkele van die kollege-professore en wyle ds. J.P. van Heerden van Kaapstad het hy die betrekking neergelê en nege maande lank aan die Suid-Afrikaanse Kollege onderwys gegee en Nederlands gedoseer. Hier het hy onder andere ook die latere minister Jan Hofmeyr en regter O. Schreiner in sy klas gehad. In hierdie tyd het hy tydens 'n C.S.V.-konferensie onder die invloed gekom van John R. Mott, wat die konferensie gelei het, en besluit om predikant te word. Dieselfde jaar nog het hy die admissie-eksamen afgelê, en die volgende jaar, 1907, is hy na die kweekskool, waar hy al sy tyd aan sy studie kon wy. In 1910 is hy na Europa met die doel om die finale B.D.-eksamen af te lê, maar kon weens verswakte gesondheid nie sy doel bereik nie. Aan die einde van 1911 het hy die proponentseksamen afgelê en is op 13 April 1912 in sy eerste gemeente, Roosenekal, in die Middelburgse distrik georden.

Ds. De Vos het ingewoon by mnr. I van Wyk, die superintendent van die Lagersdrif-Nedersetting, 'n arbeidskolonie wat onder die beheer van die Kerk gestaan het. Hier het hy dus reeds vroeg in sy lewe by die armesorgwerk van die Kerk betrokke geraak. In 1915 het hy 'n beroep na Paulpietersburg aanvaar. Hier is hy met mej. Johanna Helena Troskie van Somerset-Oos in die eg verbind.

Aan die einde van 1923 het ds. De Vos 'n beroep na Ladysmith aangeneem. Hier het hy hom veral beywer om die kinders van Afrikaanssprekende ouers na Afrikaansmediumskole oorgeplaas te kry, en sy ywer is al heel gou met welslae bekroon, want aan die begin van 1926 is in die twee dorpskole tegelyk drie Afrikaanse onderwyskragte aangestel. Op 9 Januarie 1927 het hy afskeid geneem, en in Maart is hy op Langlaagte as assistent-direkteur van die Abraham Kriel-



Kinderhuis bevestig. Toe hy in Julie 1928, na die dood van ds. A.P. Kriel, direkteur van die inrigting geword het, was hy dus al vertrouwd met die saak en kon hy die verantwoordelikeheid aanvaar.

Vanaf sy ampsaanvaarding het ds. De Vos hom veral beywer vir die vervanging van die oorspronklike sink en hout-geboue deur nuwe en doeltreffender koshuise. Daar is ook 'n groot saal aangebou, en sportvelde by die inrigting en skool is aangebring. Intussen was ds. De Vos altyd vir sy aandeel aan die kerklike en veral die armesorgwerksaamhede in Johannesburg te vinde. Hy was geruime tyd voorsitter van die Sinodale Armesorgkommissie van Transvaal en ook lid van die Uitvoerende Bestuur van die Federale Armesorg van die Unie. Ook die Voortrekker-Strandfonds, die „Witwatersrand Church Council", die Welsynsraad van Johannesburg en die Randse Armesorg kon met veel vrug van sy dienste gebruik maak.

In 1949 is ds. De Vos in geselskap van ds. Piek na die buiteland gestuur om sekere aspekte van die kindersorgprobleem aan die hand van kinderinrigtings aldaar te bestudeer. Na sy terugkeer het hy 'n uitvoerige verslag gelewer, en daar is reeds met die uitvoering van sekere van die aanbevelings daarin vervat, 'n begin gemaak.

## HOOFSTUK II.

### DIE ORGANISASIE VAN DIE ABRAHAM KRIEL-KINDERHUIS.

#### 1. Die Sinode as die hoogste gesag oor die Kinderhuis.

Toe die kinderhuis op 4 September 1902 tot stand gekom het, was die stigter, ds. A.P. Kriel, waarskynlik van mening dat dit voortdurend onder die Kerkraad van die gemeente Langlaagte sou ressorteer. Die uitbreiding het egter so vinnig plaasgevind dat dit reeds op 1 Junie 1903 deur die Ring van Potchefstroom oorgeneem moes word. Vanaf 4 Februarie 1917 is die beheer van die inrigting na die Ring van Johannesburg oorgeplaas. Die uitbreiding het voortgegaan en wel in so 'n mate dat die kinderhuis van algemene kerklike belang geword het en die sinode hom genoodsaak gevoel het om self die beheer oor te neem. Dit is gedoen, en vanaf 19 April, 1940 het die kinderhuis direk onder die sinode as hoogste gesag gestaan. <sup>1)</sup>

Die sinode of algemene kerkvergadering, wat alle gemeentes regstreeks verteenwoordig, vorm die hoogste gesag van die kerk. Dit behartig die algemene belange van die kerk en in die besonder alles wat tot die openbare godsdiens en die kerklike insettinge behoort. Dit sorg vir die handhawing van die vasgestelde belydenis en ontwerp die wette en bepalinge van die kerk. <sup>2)</sup>

Die sinode is dus die hoogste gesag oor alle aktiwiteite van die kerk. Waar maatskaplike sorg as 'n dure plig van die kerk aanvaar word, wat, gedring deur die liefde van Christus, in gehoorsaamheid aan die Skrif en in navolging van die voorbeeld van Christus, gedoen word, daar ag die sinode dit nodig om 'n sinodale kommissie vir armesorg te benoem. Hierdie Kommissie sorg vir die oprigting en instandhouding van kindersorginrigtings. <sup>3)</sup>

---

1) Grondreëls van die Abr. Kriel-Kinderhuis, 3.

2) Wette en bepalinge vir die Regering van die Ned. Herv. of Geref. Kerk, 53.

3) Ibid., 83.

Die sinode se verhewe doel met die Abraham Kriel-Kinderhuis word as volg omskryf: Om in afhanklikheid van God, die Vader van die wese, en in gehoorsaamheid aan Sy bevel, weeskinders van Transvaal en elders vir wie by die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk aansoek om hulp gedoen word, te versorg en op te voed. <sup>1)</sup> Hierdie doel sal bereik word deur:

- (a) die opname en versorging van bogemelde kinders in die bestaande kinderhuis;
- (b) die bestaande kinderhuis te verplaas of uit te brei, wanneer dit nodig word;
- (c) die uitplasing van weeskinders by vertroude gesinne of werkgewers/sters;
- (d) weeskinders wat aan die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk toevertrou word, by te staan en te ondersteun.

In dié paar woorde soos in die doelstelling vervat, lê 'n geweldig opdrag aan die Kommissie vir Armesorg opgeslote; so groot, dat hierdie Kommissie sy pligte aan 'n onderkomitee moet opdra. So kom die Hoofbestuur van die Kinderhuis tot stand.

## 2. Die Hoofbestuur.

Hierdie liggaam bestaan uit die Direkteur van die Kinderhuis en ten minste sewe lede wat deur die sinode op sy gewone vergadering gekies word. Hulle bly in diens tot by die eersvolgende vergadering van die sinode en is herkiesbaar. Die sinodale kommissie maak voorsiening vir die aanvulling van vakatures wat moontlik intussen ontstaan. Hierin pleeg hy oorleg met die Hoofbestuur self. <sup>2)</sup> Twee addisionele lede word deur die staatsowerheid aangestel uit 'n dubbeltal deur die sinodale kommissie voorgedra. Die sinode dra nou sy beherende mag af aan hierdie bestuur, wat die Hoofbestuur van die Kinderhuis vorm.

---

1) Grondreëls van die Abr. Kriel-Kinderhuis, 4.

2) Ibid., 5.

Die Hoofbestuur <sup>1)</sup> kies, op sy eerste vergadering na die sitting van die sinode, uit sy midde 'n voorsitter en 'n vise-voorsitter en tref sy eie reëlings omtrent die sekretariaat.

Bestuurslede hou op om lede te wees as hulle drie agtereenvolgende vergaderings sonder toestemming van die bestuur afwesig is. Verder mag die sinodale kommissie oordeel of 'n bestuurslid behoort af te tree en so 'n persoon boonop daartoe verplig.

Die Hoofbestuur kan spesiale kommissie vir bepaalde werksaamhede benoem. Hy bepaal sy eie vergaderings op die tyd en plek deur homself verkies. Buitengewone vergaderings word gehou wanneer die voorsitter dit nodig ag of wanneer drie van die bestuurslede skriftelik daarom aansoek doen. Vergaderings word in alle geval op las van die voorsitter byeengeroep en by alle vergaderings vorm meer as die helfte van die lede 'n kworum.

Huishoudelike bepalinge kan deur hierdie vergadering neergelê word mits dit nie in stryd met die statute is nie.

Die Hoofbestuur kan alle aangeleenthede aan die Dagbestuur <sup>2)</sup> opdra. Hierdie liggaam bestaan uit die Direkteur, die eerste klerk en die matrone van die kinderkuis. Die dagbestuursnotule word onder alle lede van die Hoofbestuur gesirkuleer.

Die Hoofbestuur dien jaarliks na ouditering van die boeke 'n verslag oor die geldelike toestand <sup>3)</sup> van die kinderkuis by die Kerkkantoorkommissie ter kennisname in. Jaarliks word daar volgens artikel 91 (Wette en Bepalinge 1944) 'n verslag aan die sinodale kommissie voorgelê. Dan word afskrifte van hierdie jaarverslag aan alle Ringe van die Kerk ter kennisname gestuur, en dit word ook in die amptelike kerkorgaan, waarin die ontvangste verskyn, gepubliseer.

---

1) Grondreëls van die Abraham Kriel-kinderhuis, 6.

2) Ibid., 7.

3) Ibid., 9.

By elke sitting van die sinode word daar weer 'n volledige verslag oor die werksaamhede van die kindershuis voorgedra.

### 3. Direkteur.

Die direkteur is die uitvoerende amptenaar van die Hoofbestuur en aan hom, in ooreenstemming met die grondreëls en onderworpe aan die bestuur, word die gehele beheer van die kindershuis opgedra. <sup>1)</sup> Die kindershuis en die personeel staan uiteindelik onder toesig van die bestuur maar onmiddellik onder dié van die direkteur. <sup>2)</sup> Hy is derhalwe die hoogste voltydse amptenaar van die inrigting. Hy moet alle aktiwiteite van die inrigting beheer. So word alle opnames, uitplasinge en adopsies van kinders deur hom oorweeg en bekragtig. Hy sanksioneer die aankoop van voorrade en beheer alle aanvrae daarvoor en distribusie daarvan. Tugmaatreëls word deur hom beheer, en oortredings word aan hom via die kindersorgamptenaar voorgedra. Alle korrespondensie word in daglêers ingebind en ter afhandeling aan hom voorgelê.

Die inwendige organisasie van die inrigting word deur die direkteur vasgestel en beheer, en hy is slegs aan die Hoofbestuur verantwoording verskuldig.

### 4. Eerste klerk of Vise-direkteur.

Die huishoudelike reglement bepaal dat die bestuur die reg sal hê om vir die bevordering van die werk, as hulp vir die direkteur, ander amptenare(esse) vir bepaalde betrekkings te benoem. <sup>3)</sup>

Die vise-direkteur is die eerste van hierdie amptenare. Hy is die skakelbeampte tussen die direkteur en die res van die personeel en werksaamhede van die inrigting. Hy doen verder die sekretariële werk van die Hoofbestuur en die finansieskommissie. Die direkteur kan ook deel van sy ampspilte

---

1) Grondreëls van die Abr. Kriel-Kindershuis, 11.

2) Ibid., 13.

3) Ibid., 11.

ter direkte afhandeling aan hom oordra, en in sy afwesigheid kan en moet die vise-direkteur sy pligte in alle opsigte waarneem.

## 5. Personeel.

- (a) Indiensneming.<sup>1)</sup> Elke lid van die personeel wat tot die diens toetree, is verplig om die huisreglement van die inrigting, met die bepalings daarin vervat, te onderteken. Aanvanklik word alle personeellede vir 'n proeftydperk van ses maande aangestel tensy anders ooreengekom. Voltydse personeellede mag sonder verlof van die Hoofbestuur geen byverdienstes hê nie. Ook moet hulle diep onder die besef van die opofferende werk in 'n weeshuis kom en moet te eniger tyd gereed wees om pligte ook buite hulle bepaalde amps- of beroepspligte te aanvaar as die belange van die inrigting dit vereis.

Deur die ondertekening van die huisreglement verklaar 'n personeellid meteen dat hy/sy in die Here Jesus glo en Hom as sy/haar Heer en Meester aangeneem het. Die behartiging van die tydelike en geestelike belange van die kinders onder die sorg van die inrigting sal by elke personeellid hoofsaak wees. Loon is nie die hoofsaak by die werk nie maar gehoorsaamheid aan die drang van liefde vir Christus en vir die kinders wat aan die inrigting toevertrou is.

Die eerbiediging van die Christelike Sondag is verpligtend, en elke lid neem ook 'n aktiewe aandeel in die Sondagskool en woon die openbare eredienste en die weeklikse personeelbiduur by.

- (b) Verlof en afwesigheid van diens word in besonderhede in die huisreglement omskryf. Elke inwonende personeellid is verplig om by maaltye en huisgodsdiens teenwoordig te

---

1) Die Huisreglement vir die Staf van die Abraham Kriel-Kinderhuis.

SINODE

HOOFBESTUUR

DIREKTEUR

EERSTE KLERK

| <u>KINDERVERSORGING.</u>                   | <u>ADMINISTRASIE.</u> | <u>PLAASBEWERKING.</u>     | <u>VAKSKOOL.</u>              |                    |
|--------------------------------------------|-----------------------|----------------------------|-------------------------------|--------------------|
| Matrone                                    | Sekretaris            | Algemene Plaasbestuurder   | Hoof                          |                    |
| Assistent-Matrone                          | Kassier-Boekhouer     | Ses Plaasbestuurders       | Vise-hoof                     |                    |
| Kindersorgamptenaar                        | Nasorgwerker          | Skaapboerdery              | Onderwysers - Vakinstrukteurs |                    |
|                                            | Liasseerklerk         | Beesboerdery               |                               |                    |
| Afd. A - Afdelingshoof en Kookster         | Direkteur Pers.       | Bosaanplanting             | (a) Handel                    | Messelwerk         |
| Afd. B - Huisvader en drie werksters       | Klerk                 | Gemengde saaiery           | (b) Tale en Wiskunde          | Skrynwerk          |
| Afd. C - Afdelingshoof                     | Twee tiksters         | Groentekwekery             |                               | Loodgietery        |
| Afd. D - "                                 | Twee bodes            |                            |                               | Smids- en Swe      |
| Afd. E - "                                 |                       |                            |                               | Kleremakery        |
| Afd. F - "                                 |                       |                            |                               | Naaldewerk         |
| Afd. G - "                                 |                       |                            |                               | Huishoudkund       |
| Afd. I - Huisvader en drie werksters.      |                       |                            |                               | Kookkuns           |
| Afd. 1 - Afdelingshoof                     |                       |                            |                               | Wassery            |
| Afd. 2 - "                                 |                       |                            |                               |                    |
| Afd. 3 - "                                 |                       |                            |                               |                    |
| Afd. 4 - "                                 |                       |                            |                               |                    |
| Afd. 5 - "                                 |                       |                            |                               |                    |
| Afd. 6 - "                                 |                       |                            |                               |                    |
| Afd. 7 - "                                 |                       |                            |                               |                    |
| Afd. 8 - "                                 |                       |                            |                               |                    |
| Afd. 9 - "                                 |                       |                            |                               |                    |
| Groenewald - Afdelingshoof                 |                       |                            |                               |                    |
| " Berger - Huisvader met een werkster      |                       |                            |                               |                    |
| " Voorplaas - Huisvader en drie werksters. |                       |                            |                               |                    |
| <u>INSTANDHOUDING VAN</u>                  |                       |                            |                               |                    |
| <u>EIENDOM.</u>                            |                       | <u>VOEDSELVERSKAFFING.</u> | <u>VOORRADE.</u>              | <u>GESONDHEID.</u> |
| Naaisters                                  |                       | Slagter                    | Eerste Stoorman               | Hospitaal          |
| Skoenmakers                                |                       | Bakker                     | Kruideniersware               | met                |
| Skilders                                   |                       | Koper op die mark          | Klerasie                      | Verpleegster       |
| Elektrisiëns.                              |                       | Kooksters                  | Tweede Stoorman               |                    |
|                                            |                       | Melkery                    | Ysterware                     |                    |
|                                            |                       | Groentekwekery.            | Vakskoolvoorrade.             |                    |

wees. Hier rus van die belangrikste pligte op hulle, naamlik om die kinders voor te lig en die goeie orde te help handhaaf.

Ter wille van die goeie orde sal geen werker of werkster sonder die toestemming van die direkteur of iemand deur hom daarvoor verantwoordelik gestel van die inrigting afwesig wees nie. Van alle personeellede word verwag om onder normale omstandighede om 10 uur namiddag tuis te wees, en om 10.30 namiddag word die ligte afgeslaan.

Elke nie-klerklike vroulike personeellid sal geregtig wees op:

- (1) een maand van dertig dae verlof per jaar met volle salaris; na 'n diens tyd van vyf jaar kan 'n personeellid met twee maande addisionele verlof gaan met volle salaris mits die bestuur dit goed vind en die geld dit toelaat — in albei gevalle moet twee maande vooruit skriftelik by die direkteur aansoek gedoen word;
- (2) twee kort naweke per jaar (van Saterdag 1 uur namiddag tot Maandag 9 uur voormiddag) of een lang naweek per jaar, vanaf Vrydagoggend 6 uur tot Maandagaand om 9 uur; nuwe werksters is na diens van vier maande geregtig op 'n naweek;
- (3) twee dae per maand vanaf 8 uur voormiddag;
- (4) een halfdag per week, dit wil sê die tyd tussen twee maaltye (liefers namiddag) maar 'n dag en namiddag nie in dieselfde week nie;
- (5) een aand per maand.

Alle ander personeellede is geregtig op een maand verlof per jaar met volle salaris. Verlof moet geneem word wanneer dit vir die inrigting gerieflik is, en niemand



mag op 'n agterstallige verlof aanspraak maak nie tensy dit van bestuursweë uitgestel is en tensy daar redes bestaan waarvoor die personeellid nie aanspreeklik is nie.

- (c) Beëindiging van diens by bedanking of ontslag van personeellede moet twee kalendermaande voor die tyd per kennisgewing geskied. Die direkteur het egter die bevoegdheid om sonder opgaaf van redes namens die bestuur in gevalle van ernstige wangedrag amptenare(esse) met of sonder verlies van salaris onmiddellik te skors, met of sonder gedwonge verlating van die inrigting.

Die bestuur het die reg van onmiddellike ontslag met of sonder voorafgaande skorsing in gevalle van ernstige wangedrag sonder opgaaf van redes.

Wanneer 'n personeellid vir goed vertrek, word die salaris vir daardie maand uitbetaal eers nadat bevredigende rekenskap van alles onder sy/haar sorg gegee is.

## 6. Kinderversorging.

Dit is nie alleen die grootste nie maar verreweg die belangrikste aangeleentheid van die kinderhuis. Die matrone, wat aan die hoof hiervan staan, word bygestaan deur die assistent-matrone, die kindersorgamptenaar, huisvaders, huismoeders, afdelingshoofde, kooksters en werksters. Die stelsel van afdelings of hutstelsel is, soos voorheen vermeld, deur ds. Kriel ingevoer in navolging van die "Cottage"-stelsel soos hy dit in die Quarrier Homes in Skotland waargeneem het. Dit bestaan daarin dat groepe of eenhede van min of meer dertig kinders in 'n eenheid saamwoon in 'n huis of afdeling en deur een werkster versorg word.

Die matrone beheer die kleding, voedsel, gesondheid en tug in die algemeen. Sy hou verder toesig oor die huisvesting, waarby ingesluit is die meublement en beddegoed. Sy

word bygestaan deur die assistent-matrone, aan wie sy 'n gedeelte van haar pligte kan oordra.

Naas die matrone is daar die kindersorgamptenaar, wat deel van die werk op hom neem en toesig oor die bedrywigheide in die seunsafdeling hou. Hy behandel verder die aansoeke om opname, uitplasings en adopsies en berei die stukke voor vir afhandeling deur die direkteur en sorg deurgaans vir die gladde verloop van verblyftoestande. Hy besoek afdelings en sorg dat afdelingshoofde hulle pligte getrou uitvoer. In oorleg met die matrone dien hy ook straf toe waar nodig.

Die hele inrigting bestaan uit twintig afdelings. Hierdie afdelings kan in drie klasse verdeel word. Onder die eerste groep of klas val die sogenaamde binne-afdelings. Afdelings van om en by die dertig kinders word deur een dames-afdelingshoof beheer. Hierdie afdelingshoofde is verantwoordelik vir die netheid en ordelikheid van die afdelings, die in orde hou van die kleding en die toesig oor die persoonlike netheid en gedrag van die kinders. Die kinders van hierdie afdelings gebruik hulle maaltye in 'n groot eetkamer, en die afdelingshoofde het dus niks met die bereiding van voedsel te doen nie. Sulke afdelings is die volgende:

|          |   |                              |       |       |
|----------|---|------------------------------|-------|-------|
| Afdeling | C | Seuns                        | 13-14 | jaar. |
| "        | D | "                            | 9-11  | "     |
| "        | E | "                            | 7- 9  | "     |
| "        | F | "                            | 6- 7  | "     |
| "        | G | "                            | 11-13 | "     |
| "        | 1 | Eerste jaar vakskooldogters. |       |       |
| "        | 2 | Dogters 13-15 jaar           |       |       |
| "        | 3 | "                            | 12-13 | "     |
| "        | 4 | "                            | 10-11 | "     |
| "        | 5 | "                            | 9-10  | "     |
| "        | 9 | "                            | 11-12 | "     |

Onder die tweede groep afdelings val die aan die hoof waarvan 'n huisvader staan met die nodige aantal dames om hom by te staan. Die huisvader is belas met die algemene toesig, terwyl daar 'n kookster en een of meer afdelingshoofde is om met die voedselbereiding en klereversorging behulpzaam te wees. Daar bestaan vier sulke afdelings in die kindershuis, en hulle word buite-afdelings genoem omdat hulle in aparte en alleenstaande huise gehuisves is. Hierdie afdelings word soos volg ingedeel:

Afdeling I: sestig seuns vanaf st. IV-X, met huisvader en twee afdelingshoofde;

Afdeling B: sestig seuns, eerste- en tweedejaar-vakskoolleerlinge met huisvader, kookster en twee afdelingshoofde;

Afdeling Berger: min of meer dertig seuns, derdejaar-vakskoolleerlinge, huisvader, een afdelingshoof en een naalster;

Afdeling Voorplaas, wat op die plaas Moria is, ongeveer 15 myl van Langlaagte af en waar nagenoeg sewentig seuns vanaf st. II-V gehuisves word; huisvader, huismoeder en twee afdelingshoofde hou hier toesig.

Die derde groep afdelings is die buite-afdelings met min of meer dertig kinders elk. Die afdelingshoofde, wat almal dames is, neem alle pligte waar in verband met die versorging van die kinders. So is daar:

Afdeling 6 vir dogters van 3 - 6 jaar;

" 7 " " " 9 -12 " ;

" 8 " finale jaar-vakskooldogters;

" A " seuns van 3 - 6 jaar;

" Groenewald vir dogters van 6 - 8 jaar.

Die ideaal is om kinders van min of meer dieselfde ouderdomme saam te groepeer. Dat dit nie altyd moontlik sal wees nie

lê voor die hand. Daar moet noodwendig afwykings voorkom, en van tyd tot tyd sal die posisie verander. Dat sulke veranderings noodwendig ook moeite meebring, kan besef word as in gedagte gehou word dat elke afdeling stelle klere het wat van een groep na 'n ander groep oorgeplaas word. Dramatiese veranderings in die grootte van kinders wat na 'n afdeling gestuur word, moet dus sover moontlik vermy word.

#### 7. Administrasie.

Die sekretaris is verantwoordelik vir die administratiewe verpligtings. Onder toesig van die direkteur is die volgende verpligtings op hom gelê:<sup>1)</sup> Die hou van die notule van al die vergaderings, die uitvoer van daaruit voortvloeiende en ander korrespondensie, die bewaring van die argief, die oproep van lede van die Hoofbestuur vir vergaderings in oorleg met die voorsitter en voorts sodanige ander werksaamhede as wat die spesiale behoeftes van die kinderhuis mag vereis.

In volvoering van die regulasies<sup>2)</sup> van die Kinderwet is hy verplig om 'n register te hou van alle kinders in die inrigting opgeneem en die volgende gegewens daarin aan te teken: Toelatingsdatum, volle naam, ras en geslag, geboortedatum, gewone verblyfplek onmiddellik voor opname, die name en adresse van ouers of, as dit 'n weeskind is, van sy voog of, as dit 'n weeskind is wat geen voog het nie, van sy naaste bloedverwante, die datums waarop sy tydperk van bewaring en verdere toesig verstryk, die magtiging ingevolge die wet verleen vir sy opneming en 'n aantekening van sy vrylating met vergunning, ontslag, oorplassing of hertoelating.

Verder moet daar vir elke kind 'n aparte rekordomslag gehou word, en dit moet bevat:

---

1) Grondreëls van die Abr. Kriek-Kinderhuis, 11.

2) Regulasies in gevolge art. 86 van die Kinderwet no. 31 van 1937, 38.

- (a) alle stukke aangaande die kind wat tydens sy toelating ontvang is van die gesag wat sy toelating gelas het;
- (b) enige verslag aangaande sy huis en omgewing deur die bestuur ontvang;
- (c) enige verslag deur die hoof of enige onderwyser van 'n skool deur die leerling bygewoon, hetsy voor of na toelating, aangaande sy skoolprestasies, verstandelike toestand of liggaamlike gesondheid of ontwikkeling of gedrag;
- (d) enige verslag van 'n liggaamlike, psigiatriese of psigologiese ondersoek van die leerling en enige verslag van die resultate van enige behandeling wat toegepas is;
- (e) die maatskaplike rekord van die leerling tydens sy verblyf in die inrigting, insluitende besonderhede aangaande dissiplinêre oortredings en enige strawwe wat toegedien is;
- (f) enige ander inligting deur die bestuur ontvang wat by die bestudering en behandeling van die persoonlikheid of huislike omgewing van die leerling ter sake is.

Die regulasies ingevolge die Kinderwet bepaal verder dat behoorlike sakeboeke gehou moet word wat noukeurig moet weergee:

- (a) alle geldsomme ontvang en die waarde van ontvangste in goedere en die datum en bron van ontvangs;
- (b) alle uitbetalings, met die datum van betaling, naam van ontvanger en aard van enige vergoeding wat vir die betaling ontvang is;
- (c) die waarde van die bates van die inrigting of tehuis, behoorlik geklassifiseer, byvoorbeeld grond, geboue, ameublement, uitrusting, inbare skulde;
- (d) die bedrag van laste aantonende die bedrag verskuldig aan en die naam van elke skuldeiser en die oorsaak van die skuld. Jaarliks moet die sekretaris statistieke

van leerlinge verskaf ten opsigte van opname, vertrek, akademiese prestasie en van personeel-akkommodasie en uitrusting. Hierbenewens moet hy 'n geouditeerde rekeningstaat verskaf insluitende balansstaat en staat van inkomste en uitgawe.

Na afloop van die kind se verblyf in die inrigting en as die kind eers in die werk geplaas is, bly hy onder toesig van die nasorgwerker van die inrigting tot tyd en wyl hy die ouderdom van een-en-twintig jaar bereik het.

Om bogenoemde verpligtinge ten opsigte van 'n getal kinders van byna sewehonderd na te kom, is 'n hele aantal klerke nodig om die sekretaris by te staan; vandaar die groot groep persone wat in die samevatting vermeld word.

### 8. Plaasbewerking.

Behalwe die plaas Moria, wat omtrent 15 myl van Langlaagte af geleë is, besit die Abraham Kriel-Kinderhuis etlike plase in die distrikte Volksrust en Piet Retief. 'n Uitgebreide boerdery het die aanstelling van 'n algemene plaasbestuurder noodsaaklik gemaak. Hierdie persoon beheer die aktiwiteite op al die plase wat deur ses afsonderlike plaasbestuurders behartig word. In die distrik Volksrust word skaap- en beesboerdery en in Piet Retief bosaanplanting beoefen. Op die plaas Moria word, behalwe gemengde saaiery, ook bees- en hoenderboerdery onderhou. Hier word ook 'n kudde Frieskoeie aangehou om die melkerykudde van Langlaagte op die nodige sterkte te hou.

### 9. Die Vakschool.

Vakonderwys het gedurende die bestaan van die kindershuis 'n uiters belangrike aspek van die kindersorg geblyk te wees. Die hoof word bygestaan deur 'n vise-hoof. Twee onderwysers, een vir handelsopleiding en een vir tale en wiskunde, en af en toe 'n paar deeltydse onderwysers behartig die akademiese opleiding wat in verband met die vakopleiding staan.

'n Hele aantal vakinstrukteurs lei leerlinge op in messelwerk, skrymwerk, loodgiëtery, smids- en sweiswerk, kleremakery, naaldwerk, huishoudkunde en wassery.

Die inrigting beskik oor sy eie toerusting en geboue en staan onder die regulasies en inspeksie en eksaminering van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Trouens, hierdie Departement dra ook 'n jaarlikse bedrag per capita by, daar die bydrae van die Departement van Volkswelsyn gestaak word sodra die leerling die dagskool verlaat.

#### 10. Voedselverskaffing.

Om die toevoer van die enorme hoeveelhede voedsel wat daaglik verbruik word, in stand te hou, is daar 'n slagter, bakker, koper-op-die-mark, kooksters, melker en 'n groentekweker nodig. Die betrekkings van slagter, bakker en koper-op-die-mark word deur een persoon behartig. Die melkery, wat op Langlaagte geleë is en wat uit 'n dertigtal koeie bestaan om in die daelike melkbehoefte te voorsien, word beheer deur 'n persoon wat tegelykertyd oor die groentekwekery toesig hou. Voeding geskied volgens die diëetskaal van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

#### 11. Voorrade.

Hierdie afdeling is verantwoordelik vir 'n groot deel van die kapitale uitgawe. Twee van die huisvaders behartig tegelykertyd die werk in verband met die voorrade. Een van hulle koop die kruideniersware en klerasie en alle geweefde stowwe en hou toesig oor die voorradekamer.

'n Tweede pakhuis word deur die ander persoon beheer, en hy koop ysterware, hout- en alle vakskoolware. Die uitgee en verbruik van alle voorrade word deur die direkteur, die eerste klerk en matrone beheer, en waar moontlik word dit op 'n vaste rantsoenbasis uitgereik.

## 12. Gesondheid.

Die inrigting het sy eie hospitaal met sestien beddens. 'n Voltydse, opgeleide verpleegster hou toesig, en ernstige gevalle word na die algemene hospitaal verwys. 'n Eie ambulansmotor met voltydse bestuurder behartig die vervoer van kinders na die hospitaal, tandheelkundige en skoolklinieke. 'n Ere-geneesheer besoek die inrigting periodiek en hou toesig oor die algemene gesondheid van die kinders. Die verpleegster dien driemaandeliks 'n rekwisisie in vir eerstehulp- en ander geneesmiddels wat noodsaaklik is. Dit word in oorleg met die matrone gedoen, en die rekwisisie word vir goedkeuring aan die direkteur voorgelê.

Die vakskooldogters, wat vir die Nasionale Huisvroue-Sertifikaat opgelei word, doen deeltydse werk in die hospitaal en doen op die manier ondervinding in algemene verpleging op.

## 13. Instandhouding van eiendom.

Om die snelle verbruik van kledingstukke te verhoed is 'n aantal voltydse naaisters in diens geneem om die afdelingshoofde met lap- en stopwerk by te staan.

Twee voltydse skoenslappers herstel gedurig skoene. Hulle lei tegelykertyd 'n aantal seuns in hierdie werk op. 'n Voltydse skilder is gedurig besig met die skilder van geboue van die inrigting. Ook hy lei 'n paar seuns in die werk op. 'n Werktuigkundige hou toesig oor die masjiene en elektriese apparaat, en ook hy lei 'n paar seuns in die installering van elektriese kables en toerusting op.



### HOOFSTUK III.

#### ONDERWYS VAN DIE KINDERS VAN DIE ABRAHAM KRIEL-KINDERHUIS.

##### 1. Kerklike belangstelling in die burgerlike onderwys.

Waar dit die onderwys en die opvoeding van die opkomende geslag betref, kan die kerk nie afsydig staan nie. Die doel van die kerk is in die eerste plek geestelik. Dit wil die mens bring tot kennis van God en daardeur tot diens van God. Die mens moet God ken en Hom alleen dien. In I Tim. 3:16-17 het Paulus egter die hoogverhewe doel van die Christelike opvoeding nader omskrywe, waar hy sê: "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot vermaning, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus". 'n Tweeledige doel dus, naamlik 'n opvoeding van die hoof en die hart, van die verstand en die karakter.

Die kerk moet dus die onderwys en opvoeding van die kind as deel van sy plig aanvaar. Die burgerlike onderwys word weliswaar deur die staat behartig, maar die kerk moet toesien dat dit geskied sonder dat die geestelike belange van die skoolgrande jeug daardeur benadeel word. Die kerk moet oor die opvoeding en onderwys 'n wakende oog hou; en veral waar dit die onderwys van die sorgbehoewendes betref, is dit sy dure plig om te verseker dat hulle toegerus word met die kennis wat hulle nodig het om die beroep waarvoor hulle in die wêreld is, met eer en bekwaamheid te kan behartig.

Die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk het dan ook sy houding ten opsigte van die burgerlike onderwys in sy wette en bepalinge vasgelê.<sup>1)</sup> Dit word hierin aan die kerkraad opgedra om, soveel moontlik toe te sien dat daar op skool 'n ereplek aan die Woord van God gegee word en dat die opvoeding van die jeug behoorlik en in die Christelike gees behartig word en dat, met die oog daarop, Christelike

---

1) Wette en Bepalinge van die Ned. Herv. of Geref. Kerk, 82.

onderwysers aangestel word.

## 2. Onderwystoestande na afloop van die Tweede Vryheidsoorlog.

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog het daar 'n algehele ontwrigting van die onderwysstelsel ingetree. Die weerbare manne was almal op die slagveld, en die grootste gedeelte van die vroue en kinders was in konsentrasiekampe saamgetrek. Die staatkundige vrede van 31 Mei 1902 het by die Boerevolk nog geen vrede gebring nie.<sup>1)</sup> Daar was 'n diepe gegriefdheid in hulle hart deur die verlies van hulle onafhanklikheid. Waar dit maar enigsins moontlik was, was hulle nie van plan om hulle kinders oor te gee aan 'n onderwysstelsel wat in taal en strekking lynreg teenoor die van voor die oorlog gestaan het nie. Onderwysowerhede het nie geskroom om hulle beleid in die kampskole bekend te stel nie. So skryf die Direkteur van Onderwys, die heer E.B. Sargent, op 14 Junie 1901 in 'n brief aan lord Milner:<sup>2)</sup> ".....Our military policy has gathered the greater part of the child population into these camps and as you will see from my report, I feel that the opportunity during the next year of getting them all to speak English is golden. What we want out here are women, thoroughly good teachers and of patriotic mind, who would be willing to come out as nurses have come out ..... in order that they might teach the children of the burghers our language and our ideals ... or even to marry and become the mothers of children, who would be taught to understand the greatness of the English Imperial idea".

Teen hierdie beleid van verengelsing het die Boer 'n reaksionêre maatreël toegepas deur skole op te rig wat Christelik en nasionaal genoem is, met die doelstelling om die belangrikste eienskappe van die vooroorlogse skole te bewaar.

---

1) Bot: Honderd Jaar Onderwys in Transvaal, 1836-1936, 69.

2) Aangehaal uit Smit: Ons Kerk in die Goudstad, 483.

So het aan die begin van 1903 die belangrike beweging vir "Vrye Nasionale Skole" ontstaan. Hierdie skole sou vry wees van beheer en inmenging van die kant van die nuwe Engelse owerheid en Christelik-nasionaal in gees en strekking: 'n onderwys wat wou voortbou op die verlede, op die godsdiens, die taal, die geskiedenis en die kultuur van die oorwonne Boerenasie. <sup>1)</sup>

### 3. Die weeshuisskool op Langlaagte.

Dit is dus duidelik dat die Boerevolk, of ten minste 'n groot deel daarvan, nie bereid was om die taak van die opvoeding van sy kinders in die hande van vreemdes oor te gee nie. Die fenomenale groei van die weeshuis op Langlaagte het akute akkommodasieprobleme meegebring. As dr. Kriel hom nie hierdeur van stryk laat bring het nie, nog minder het hy hom deur die onderwysprobleem laat ontmoedig. Die kerk ('n sinkgebou) en 'n paar ander sinkgeboue moes dien as skoolakkommodasie vir die groot aantal kinders. In sy verslag aan die Ring van Potochefstroom skryf ds. Kriel <sup>2)</sup> dat die skoolgeboue maar sleg afsteek by die kosbare skool van die regering, dog hy kon met vrymoedigheid sê dat degeliker werk daarin verrig word. Verskeie leerlinge het dan ook in daardie jaar die Laer en Hoër Taalbond-eksamen afgelê, terwyl 'n nog groter getal in die Bybelkenniseksamen geslaag het.

Die feit dat die leerlinge nie in die goewermentskool en volgens goewermentswette en bepalinge opgevoed is nie, het ook verhoed dat die weeshuis in sy bouprogram deur die destydse regering bygestaan sou word. Lord Selborne wou om bogenoemde redes eenvoudig geen bystand verleen nie. <sup>3)</sup> Die voormelde brief van die weduwee wat die helfte van haar geringe aardse besittings aan die kinderhuis afgestaan het,

---

1) Goetzee: Onderwys in Transvaal, 1836-1936, 96.

2) Hoofbestuursnotule van die Abr. Kriel-Kinderhuis, 12 Feb. 1906, 17.

3) De Vereeniging, 1 Nov. 1906, 7.

en ander blyke van vasberade samewerking het ds. Kriel be-  
moedig en onderskraag. <sup>1)</sup>

Op 6 Desember 1906 is selfbestuur aan Transvaal verleen.  
Vroeg in 1907 is die eerste verkiesing vir die parlement  
gehou. Tot Koloniale Sekretaris en Minister van Onderwys is  
benoem generaal J.C. Smuts. Hy het 'n nuwe grondwet vir die  
onderwys opgestel, wat op 19 Augustus 1907 deur die parle-  
ment goedgekeur en in die Transvaalse Staatskoerant van 26  
Augustus gepubliseer is en op 1 Oktober 1907 van volle krag  
geword het. <sup>2)</sup>

Reeds in April 1907 het die weeshuisskool 'n goewer-  
mentsskool geword. In 'n kennisgewing te dien effekte <sup>3)</sup>  
is die volgende punte genoem:

Die skool word deur die goewerment oorgeneem as 'n  
primêre skool klas 11.

Die oornome vind plaas in 1 April 1907.

Die personeel word in sy geheel oorgeneem met die  
jaarlikse salarisse soos volg: mnr. J.J. van der Merwe, £385;  
D. van der Westhuizen, £170; J. Jooste, £170; L. Bakkes,  
£150; mej. L. Stoffberg, £150; H. Coetzee, £120;  
L. Scholtemeyer, £90; J. van der Merwe, £90; G. van Zyl,  
£90.

Skoolboeke word gratis verskaf.

Mnr. G. Overbeek word aangestel as handwerkonderwyser  
teen £220 per jaar.

Die toevoeging van 'n handwerksentrum tot die skool was  
'n belangrike stap. Veral vir die weeshuisseuns was die  
opleiding in handwerk van lewensbelang, en die opening van  
die handwerksentrum kan beskou word as die voorloper van die  
vakskool wat vir die kinderruis van soveel betekenis geblyk  
het.

---

1) De Vereeniging, 1 Nov. 1907, 7.

2) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 1836-1936, 98.

3) Skooljoernaal van die Langlaagte-Afr. Med. Skool, 5.

Die handwerksentrum het onder toesig van mnr. A. Milton gestaan. Dit het onderrig verskaf aan stt. III, IV, V en VI in hout- en metaalwerk.<sup>1)</sup> In 'n inspeksierapport maak mnr. F.H. Thompson melding van die uiters ondoelmatige geboue met hulle lae mure en ontoereikende ventilasie vir die oorvol klaskamers. Hy vind dat die personeel maar swak gekwalifiseerd is. Die taalmedium tot en met st. III was Hollands en vir die hoër klasse Engels.<sup>2)</sup>

Mnr. J.J. van der Merwe, die hoof van die skool, het aan die einde van 1908 vertrek om as hoof van die laerskool op Ermelo diens te aanvaar. Aansoeke om die vakature is gevra, en op 20 November 1908 het die Hoofbestuur van die inrigting di. Theron en MacLachlan as kommissie benoem om uit die ontvangse aansoeke 'n aanbeveling vir die hoofpos te doen. Mnr. G.I.J. du Toit is aanbeveel,<sup>3)</sup> en op 3 Februarie 1909 het hy sy ampstyd, wat dertig jaar sou duur, op langlaagte begin.<sup>4)</sup> Die skool is destyds genoem die Weeshuisskool, en hier dien daarop gelet te word dat die inrigting by die keuse van die persoon vir die hoofpos sy reg as plaasvervangende ouer gehandhaaf het.

Die Hoofbestuur het di. D. Theron en P.R. MacLachlan as deputasie na die Onderwysdepartement afgevaardig om die personeelaangeleentheid met die departement te bespreek. Hierdie samespreking het op 28 April 1909 plaasgevind, en die volgende dag het ds. MacLachlan verslag van die sending gedoen.<sup>5)</sup> Dit het kortliks hierop neergekom: Die departement besluit om jaarliks £4,000 vir die salarisse van onderwysers en onderwyseresse en vir die onderhoud van die inrigting by te dra. Die Departement sou self die onderwysers

---

1) Skooljoernaal van die Laglaagte-Afr. Med. Skool,

12 Okt. 1907.

2) Ibid., 26 Okt., 1907.

3) Hoofbestuursnotule van die Abr. Kriel-Kinderhuis, 48.

4) Skooljoernaal van die Langlaagte-Afr. Med. Skool, 3 Feb. 1909.

5) Hoofbestuursnotule van die Abr. Kriel-Kinderhuis, 29 April, 1909, 54.



**Mnr. G. du Toit, oud-hoof van die Langlaagte-Afrikaansmediumskool,  
1909-1939,**

kennis gee dat hulle vanaf 1 Julie 1909 as personeellede van die inrigting beskou sou word en nie meer onder die skoolraad sou val nie. Ds. Kriel het deur hierdie stap waarskynlik probeer om die skoolpersoneel by die inrigtingspersoneel in te skakel en hulle daardeur soveel nader aan die inrigtingskind te bring. Hulle sou soveel beter op hoogte van die huislike omstandighede en aangeleenthede wees en soveel meer geleentheid hê om ook in die kind se buiteskoolse aktiwiteite leiding, hulp en raad te gee.

Ten opsigte van die salarisse en diensvoorwaardes het die Hoofbestuur toe verder besluit dat onderwysers die salarisse sou behou wat aan hulle onderskeie poste verbonde was. Die bedrag van £4 per maand sou egter agtergehou word vir kos en inwoning. Die onderwysers(esse) sou nou lede van die weeshuispersoneel wees, en as sodanig sou hulle onder die reëls van die inrigting staan. Elke lid van die personeel sou geregtig wees op een maand vakansie per jaar.

Hierdie reëling is per brief aan die skoolpersoneel meegedeel, en dit is, jammer genoeg, met teësin ontvang. Op 'n Hoofbestuursvergadering wat op 18 Mei 1909 gehou is, is briewe van bedanking as onderwyser(es) van die volgende persone voorgelees: mejj. M. de Roos, G. Delport, G.A. du Toit, A.M. le Roux, mnre. G.I.J. du Toit, J. Jooste, H. van Dellen en G. Overbeek.

Ds. Kriel was op hierdie tydstip elders, en 'n telegram om hom van die toedrag van sake te verwittig is onverwyld aan hom gestuur. Ten antwoord hierop het hy getelegrafeer dat die saak agterweë gehou word tot tyd en wyl hy sou terugkeer.

In die Hoofbestuursnotule van 'n volgende vergadering, gehou op 2 Augustus 1909, word weliswaar slegs gemeld dat die voorsitter 'n bevredigende verslag gegee het in verband met die onderwysers en onderwyseresse, maar dit kan stellig

aangeneem word dat die saak in der minne geskik is en die skoolpersoneel gevra is om in hulle poste aan te bly sonder om as inrigtingspersoneellede beskou te word, want later verslae maak geen melding van 'n verandering nie.

Die hoof, mnr. G.I.J. du Toit, het na 'n diens tyd van 31 jaar op 31 Desember 1939 uit die diens getree. Sy opvolger, dr. N.T. Blignaut, het op 30 Julie 1940 diens aanvaar. Na 'n verblyf van drie en half jaar is hy op 9 Desember 1943 deur wyle mnr. N.J. Hudson opgevolg, wat weer op 20 Januarie 1948 deur mnr. L.O. Bekker vervang is. Mnr. Bekker se verblyf was van korte duur. Na 'n jaar het hy die betrekking van beroepsvoorligter aanvaar en is mnr. J.H. Oosthuizen in die pos aangestel.<sup>1)</sup>

In die loop van die laaste kwartaal van die jaar 1910 is die skoolgeboue, wat net na die oorlog deur die goewermentskool gebruik is, deur die weeshuisskool betrek. Hoewel hierdie geboue ook maar uit hout en sink bestaan het, was hulle tog in 'n beter toestand as dié waarin die skool tot nou toe gehuisves was. Daar was egter nie genoeg ruimte vir al die leerlinge nie, en 'n paar klasse moes in die Jongensgebou, dit is een van die weeshuisswonings, geplaas word.<sup>2)</sup>

Nuwe geboue is aangevra, maar in September 1916 was daar nog geen beweging aan die kant van die Onderwysdepartement nie. 'n Kommissie bestaande uit di. Kriel en Theron is na die Departement om te verneem of die Departement bereid sou wees om 'n gebou van die weeshuis te huur, vir hoelank en teen welke prys.<sup>3)</sup>

Die inskrywings het nou al op 400 gestaan. Die skoolgeboue was ondoelmatig en in so 'n toestand dat dit die raad nie tot eer gestrek het nie. Die direksie van die kinder-

---

1) Skooljoernaal van die Langlaagte-Afr. Med. Skool.

2) Maandverslag van die Abr. Kriel-Kinderhuis, April 1911.

3) Hoofbestuursnotule van die Abr. Kriel-Kinderhuis, 22 Sept. 1916.





Mnr. J. H. Oosthuizen huidige hoof van die Langlaagte-Afrikaans-mediumskool vanaf Augustus 1949.

huis het eksposie geneem teen die feit dat die weeskinders in sulke geboue saamgedrom moes word terwyl daar oral in die land sulke pragtige geboue opgerig is.<sup>1)</sup>

Die onbevredigende toestand het voortgeduur, en die bestuur van die inrigting het besluit om 'n kommissie bestaande uit di. Kriel, Theron en J.M. Louw en die sekretaris van die kinderkhuis, mnr. J.R. Louw, te benoem om stappe te doen om die Weeshuisskool onder 'n eie besturende liggaam te plaas en om op hierdie wyse direk onder die Onderwysdepartement te staan en nie langer onder die Johannesburgse skoolraad nie.<sup>2)</sup>

Eindelik is gehoor gegee aan die ernstige vertoë om beter akkommodasie en is deur die provinsiale regering 'n aanvang gemaak met die oprigting van 'n sierlike skoolgebou met alle geriewe na die jongste styl. Dit het ruimte gebied vir 350 leerlinge. Die getal het egter op hierdie tydstip op 456 gestaan; gevolglik was die probleem van huisvesting nog nie heeltemal opgelos nie. Die direksie van die kinderkhuis was tog dankbaar vir die gedeeltelike oplossing en het maar vertrou dat daar spoedig verdere voorsiening vir huisvesting gemaak sou word.<sup>3)</sup> Eers in Maart 1925 is hierdie verlangde huisvesting met die aanbou van ses klaskamers verskaf.<sup>4)</sup>

Teen hierdie tyd was die inrigting nie meer 'n suiwer weeshuis nie. Die grootste meerderheid kinders was gekommitteerde kinders. Gevolglik het die hoof dit nodig geag om die naam Weeshuisskool na Langlaagte-Afrikaansmediumskool te verander. In 'n brief aan die hoof het die Departement op 13 Augustus 1927 die versoek toegestaan en het die naamsverandering van krag geword.<sup>5)</sup>

---

1) Maandverslag van die Abr. Kriel-Kinderhuis, Okt. 1916.

2) Hoofbestuursnotule van die Abr. Kriel-Kinderhuis, 28 Feb. 1918.

3) Maandverslag van die Abr. Kriel-Kinderhuis, Okt. 1919.

4) Ibid, Maart 1925.

5) Skooljoernaal van die Langlaagte-Afr. Med. Skool, 334.

Daar het aan die begin van die jaar 1909 'n eienaardige verandering in die skool plaasgevind. In sy verslag<sup>1)</sup> skryf mnr. C.H. Acheson, die skoolinspekteur, dat die skool nou 'n industriële skool geword het wat sy buiteskoolse vakke betref. Die vraagstuk, aldus die rapport, het nou ontstaan of die hoogste klasse onthef moes word van 'n gedeelte van die vakke soos in die leerplan vervat en of die peil van die werk vir kinders van die inrigting verlaag moes word. Die inspekteur self was van mening dat die peil verlaag moes word. Hierin is hy gesteun deur die onder-direkteur van die inrigting, mnr. J.R. Louw. Dit kan aangeneem word dat ds. Kriel ook ten gunste hiervan sou wees met die oog op die feit dat die helfte van skooltyd per dag aan industriële opleiding gewy sou word. Hy was 'n man met 'n uiters praktiese uitsig, soos deur die volgende uittreksel uit die maandverslag van 1922 getuig. Hy skryf: „Uit die aard van die saak spreek dit nou vanself dat die inrigting sig daarop toelê om die sedelike en maatskaplike opvoeding van die hawelose kind so in te rig, dat hy so spoedig moontlik sy eie voedsel kan verdien en as eerbare burger sy plek in die maatskappy kan inneem. Hiertoe was altyd nodig om die neiging van die kind te ontdek en noukeurig gade te slaan, en soveel as die leerplan van die opvoedingsdepartement dit toelaat hom vakonderwys te laat geniet. Van lieverleê is die ontdekking gemaak dat 'n skool eers sy vak en dan sy onderwyser moet kies. Om byvoorbeeld kragte te meet net tale en geskiedenis, is net pype aanlê uit damme sonder water“.

Vanaf st. III is die praktiese vakke dan ook ingevoer om 'n groot deel van die skooltyd in beslag te neem. Vir die dogters is onderrig gereël in kookkuns, wassery, klere-makery en vir die seuns in houtwerk, skoemakery, tuinbou en kartonwerk.<sup>2)</sup>

---

1) Skooljoernaal van die Langlaagte-Afr. Med. Skool, 26 Aug. 1909.

2) Maandverslag van die Abr. Kriel-Kinderhuis, Sept. 1915.

Die inrigting is, wat sy beleid betref, ten volle deur die Onderwysdepartement gesteun.

In sy maandverslag van Augustus 1919 skryf ds. Kriel: "Het Departement adverteert onze vakaturen en bij elke advertentie staat .. Onderworpen aan de huishoudelijke bepalingen van het Weeshuis.." (byvoorbeeld dat die applikante be-lydende Christene moet wees ens.). Die Departement het juis toegestaan dat ons ons eie leerplan mag opstel en sekere vakke wat die grootste meerderheid van die kinders nooit in hulle lewensberoep tot enige nut sal strek nie, te laat vervang deur sulke vakke as Tuinbou, Fluimveeboerdery, Suiwelboerdery, Gesondheidsleer, Hout- en metaalwerk, Kook-kuns ens. Mnr. F.H. Thompson het gesê: "Geen kind behoeft de inrichting heden ontoegerust te verlaten, zodat het niet onmiddellijk zijn brood zal kunnen verdienen".

Die onderwys was dus prakties. Nieteenstaande die beperking van tyd vir skolastiese opvoeding is daar tog altyd goeie werk gelewer en kon die inspekteur meld dat, in aanmerking nemende die moeilikhede waarmee die onderwysers te kampe het, byvoorbeeld net 'n halfdag skool en dies meer, is die resultate baie prysenswaardig. Die lese, resitasie en geskrewe opstelle verdien besondere lof...<sup>1)</sup> Die beperking van die leerplan het egter ook moeilikheid opgelewer, want daar was 'n aantal van die kinders van personeellede, wat nie vir enige huislike pligte verantwoordelik was nie, en ook hulle moes met 'n verkorte leerplan tevrede wees.<sup>2)</sup>

Die taalmedium van die weeshuisskool was Hollands. Die Direkteur van Onderwys het by geleentheid daarop aangedring dat voorsiening vir Engelssprekende kinders in die inrigting gemaak moes word. In 'n brief<sup>3)</sup> aan die direkteur skryf die prinsipaal dat Hollands die enigste medium is. Hollands (Afrikaans) is die huistaal van die inrigting.

1) Maandverslag van die Abr.Kriel-Kinderhuis, Sept. 1915.

2) Skooljoernaal van die Langlaagte-Afr.Med.Skool, 10 Feb. 1913, 98.

3) Ibid., 8 Junie 1913, 111.

Engelse kinders met Engelse name is van Griekse, Siriese, Italiaanse, Franse, Engelse en Hollandse afkoms. 'n Engelssprekende kind verander sy huistaal baie gou in die inrigting, waar die meeste kinders baie jonk toegelaat word. Daar was ook nooit in een enkele klas vyftien leerlinge wat uit Engelse huise afkomstig was nie. Geen kind ly skade deur die taalmedium nie. Die onderwysers is tweetalig, en kinders kon ook nie na die publieke skool gestuur word nie omdat leerlinge van st. IV af industriële vakke neem; ook word nie alle vakke van die publieke skool geneem nie. 'n Leerling wat gevolglik in st. VI na die publieke skool sou gaan, sou nie daar kon aanpas nie.

Die Engelse taal as vak is egter nooit verwaarloos of agterweë gelaat nie; inteendeel, besondere aandag is aan die vak gewy, en die aandag word daarop gevestig dat die Weeshuisskool die enigste onder die Skoolraad van die Witwatersrand-Sentraal was waar leerlinge in stt. VI en VII by die jaarlikse inspeksie vir die hoër graad in Engels en Afrikaans aangemeld is.<sup>1)</sup>

'n Ander probleem waarop die inspekteur, mnr. F.H. Thompson, die aandag van die owerheid gevestig het, was die van agterlike kinders: daar was aanvanklik selfs kinders van 15, 16 en 17 jaar in st. I en die grade. Hy beveel dan ook aan dat indien moontlik besondere voorsiening vir hierdie kinders gemaak behoort te word.<sup>2)</sup> Die direksie van die inrigting het die noodsaaklikheid hiervan ingesien, maar eers in Julie 1915 kon 'n begin hiermee gemaak word.<sup>3)</sup> 'n Privaatklas vir hierdie kinders, elfjariges en daarbo, is ingestel. Die klas het bestaan uit elf leerlinge van 14 tot 19 jaar. Die skoolvakke waarin onderrig aan hulle gegee is, was Engels, Hollands, Lese en Stelwerk, Bybelgeskiedenis en Rekene.

---

1) Maandverslag van die Abr. Kriel-Kinderhuis, Feb. 1913.

2) Skooljoernaal van die Langlaagte-Afr. Med. Skool, 26 Aug. 1908.

3) Ibid., 20 Julie 1915.

Dit skyn nie of daar deur die jare heen enige werklike oplossing vir hierdie probleem gevind is nie. In 1936 is daar nog gekla dat die groot aantal druipeilinge van die jaar gedeeltelik te wyte was aan die groot aantal verstandelik-agterlike kinders wat daar in die inrigting was, en daar word aanbeveel dat vir hierdie kinders 'n meer praktiese stelgel ontwerp behoort te word.<sup>1)</sup> Eers op 24 Maart 1941 is daar van Departementsweë tydens 'n besoek van die inspekteurs, mnr. A.H. Schoute Vanneck en mej. H. Ouffe, 'n spesiale klas vir agterlikes aan die skool gestig.<sup>2)</sup>

Ten opsigte van die agterlike kind moes die inrigting egter later sy beleid wysig. In April 1937 skryf die direkteur van die weeshuis in sy maandverslag dat die Unie-Onderwysdepartement besluit het om voortaan die nuwe beleid te volg om nie meer soveel geld aan vakopleiding vir agterlike kinders te bestee nie maar om hulle soveel moontlik direk te probeer uitplaas as hande-arbeiders in fabriek en op plase, en in die geval van meisies ook vir huishoudelike doeleindes. Tereg word besef dat die deurslag deur die aanpassingsvermoë van die kind gegee behoort te word en dat dit oor die algemeen bepaald dwaas is om so 'n persoon bokant sy intelligensievermoë te dwing. Die inrigtingshoofde wou egter nog nie so drasties optree nie en waar daar nog enigsins vatbaarheid was, die leerlinge nog een jaar in sy vakskool hou.

Vanaf die eerste kwartaal van die jaar 1932 is 'n belangrike toegewing deur die Onderwysdepartement gedoen: leerlinge kon nou nog 'n jaar langer op skool bly en st. VII behaal. Die doel van hierdie uitbreiding was om 'n bietjie uitgebreider kennis by die kind te ontwikkel ten einde hom in staat te stel om beter by die tegniese klasse van die inrigting aan te pas.<sup>3)</sup>

---

1) Maandverslag van die Abr.Kriol-Kinderhuis, Maart 1936.

2) Skooljoernaal van die Langlangto-Afr.Med.Skool, 24 Maart, 1941.

3) Maandverslag van die Abr.Kriol-Kinderhuis, Maart 1932.

Toe daar egter in 1940 'n begin gemaak is met die aanbou van die Crosby-Junior hoërskool in die nabye omgewing van Langlaagte, het die hoër klasse by die Langlaagte-Afrikaans-mediumskool in die gedrang gekom. 'n Afvaardiging bestaande uit di. H.J. de Vos en P. van der Hoven, mnre. J.C. Tribelhorn, J.F.D. Louw en F.S. Malan van Pretoria is onverwyld na die Onderwysdepartement gestuur, en vergunning is ontvang om die klasse te behou vir die besondere kinders wat na st. VII na die vakskool van die inrigting wou gaan.<sup>1)</sup>

#### 4. Vakonderwys van die Abraham Kriel-Kinderhuis.

Die vakskool van die Abraham Kriel-Kinderhuis het sy ontstaan te danke aan 'n opdrag van die Ring van Potchefstroom aan die Hoofbestuur om die moontlikheid van samewerking met die regering, met betrekking tot die oprigting van 'n ambagskool te ondersoek. Om uitvoering aan hierdie opdrag te gee is 'n kommissie bestaande uit di. A.P. Kriel, J.F. Botha en mnr. T.C. Stoffberg benoem om op die saak in te gaan en daaroor aan die Hoofbestuur te rapporteer.<sup>2)</sup>

Daar was weliswaar al 'n begin gemaak met handwerkklasse, maar van 'n ambagskool in die ware sin van die woord was daar nog nie sprake nie. Daar was reeds 'n gebou beskikbaar waarin 'n timmermanswinkel en skoennakery gehuisves was. In die skoennakery is in die laaste ses maande van die jaar 1905 reeds 652 paar skoene gerepareer.<sup>3)</sup>

In hierdie tyd het mej. E. Hobhouse na Langlaagte gekom. Sy het 'n huis naby die weeshuis gehuur en op eie koste uit materiaal van die gewese weeshuis op Klerksdorp 'n gebou laat oprig wat as spin- en weefskool sou dien. Dit was egter nie van lange duur nie. Reeds in Februarie 1907 is die spin- en weefskool na Johannesburg oorgeplaas. Pogings is toe deur die Hoofbestuur van die weeshuis aangewend om 'n kleremakery in die plek daarvan te kry.<sup>4)</sup>

1) Hoofbestuursnotule van die Abr.Kriel-Kinderhuis, 12 Nov. 1940.

2) Ibid., 12 Nov. 1904.

3) Ibid., 4 Sept. 1905.

4) Ibid., 13 Feb. 1907.



Intussen is daar in die inrigting voortgegaan met die handwerkklasse. Toe 'n kommissie bestaande uit dl. D. Theron, J.M. Louw, P. MacLachlan en mnr. T.C. Stoffberg in April 1909 die Direkteur van Onderwys, mnr. J.E. Adamson, genader het, het hy belowe om die vraag van ondersteuning vir die oprigting van 'n industriële skool gunstig te oorweeg.<sup>1)</sup>

Die regulasies waarvolgens die Departement hulp aangebied het, was egter van so 'n aard dat die Hoofbestuur van die inrigting sy hele kleur daardeur sou verloor as hy dit sou aanvaar.<sup>2)</sup> Die Hoofbestuur het egter nog nie die vlag gestryk nie, en die volgende jaar is 'n kommissie bestaande uit dl. D. Theron, A.P. Kriel en mnr. J.R. Louw direk na generaal J.G. Smuts, die Minister van Onderwys, gestuur om opnuut om ondersteuning te pleit. Generaal Smuts het die noodsaaklikheid van die ambagsonderwys vir die inrigting kon insien en het beloof om £4,000 vir die oprigting van 'n ambagskoolgebou toe te staan. Bowendien sou hy 'n jaarlikse bydrae van £1,500 gee vir die instandhouding van die skool.<sup>3)</sup>

In September 1910 het die Vroue-Federasie besluit om 'n spin- en weefskool, wat hulle in Vrededorp aan die gang gehou het, te sluit. Die weefstoele en ander gereedskap is alles aan die kinderhuis geskenk, sodat daar nou weer 'n begin met hierdie nywerheid gemaak kon word.<sup>4)</sup> 'n Geskikte onderwyseres, mej. S. van Vuuren, is dadelik in diens geneem om die spin- en weefskool te begin, en na 'n betreklik kort tydjie is vloermatte en komberse vervaardig.<sup>5)</sup>

Behalwe die spin- en weefonderrig is daar ook praktiese opleiding gegee in landbou, timmerwerk, skoensmakery, melkery,

---

1) Hoofbestuursnotule van die Abr.Kriel-Kinderhuis, 13 April, 1909.

2) Ibid., 11 Okt., 1909.

3) Ibid., 15 Junie, 1910.

4) Maandverslag van die Abr.Kriel-Kinderhuis, Okt. 1910.

5) Ibid, Jan. 1911.



was en stryk, naaldwerk, modemakery, breiwerk en verder alle moontlike huiswerk.<sup>1)</sup>

In Paar jaar lank het die sake nou stil verloop. Daar was voorlopig geen rede om te kla oor die vakopleiding wat aan die leerlinge gegee is nie. Een groot leemte daarin was die feit dat die meeste leerlinge die inrigting verlaat het sodra hulle die dagskool deurloop het. Die deeltydse ambagsopleiding kon die leerlinge nie sover bekwaam dat hulle as selfstandige ambagslui die wêreld kon ingaan nie.<sup>2)</sup> Dit was dus nodig om leerlinge onder 'n driejarige kontrak in te skryf vir opleiding in een of ander ambag. In Begin is hiermee gemaak in die boordery vir seuns en modemakery vir meisies.<sup>3)</sup>

Waar alle vakonderwys soos die Kleremakery, Kookkuns, Landbou en Metaalwerk nou onder departementale toesig gestaan het, het die weeshuis self direk beheer oor die smedery, timmerwerk en messelwerk gehad.<sup>4)</sup> Sy bouprogram het meer as genoeg praktiese oefening vir die leerlinge in timmer- en messelwerk verskaf.

Daar was nog baie geleentheid vir uitbreiding van die ambagte, en die Hoofbestuur het dit goed gedink om 'n afvaardiging te benoem om die administrateur te spreek en ondersteuning te vra vir die onderrig in Loodgietersy, Huis-houdkunde en Masjienkonstruksie.<sup>5)</sup> Di. W. Nicol en D.P. Oillie het die saak aan die administrateur voorgedra, dog hulle versoek is geweier.<sup>6)</sup> Volgens die oordeel van die Hoofbestuur was dit dringend noodsaaklik om ook in lood-

---

1) Maandverslag van die Abr.Kriek-Kinderhuis, Des.1910.

2) Ibid, Sept. 1914.

3) Ibid., Aug. 1916.

4) Jaarverslag van die Abr. Kriek-Kinderhuis, 1922.

5) Hoofbestuursnotule van die Abr. Kriek-Kinderhuis, 13 Aug. 1923.

6) Maandverslag van die Abr. Kriek-Kinderhuis, Okt. 1923.

gietery opleiding te verskaf. Daarom het hulle besluit om self 'n instrukteur te benoem. Dit het hulle geluk om die dienste van die bekwame mnr. Graupner van die Paarl te verkry.<sup>1)</sup>

'n Belangrike ontwikkeling het aan die begin van 1926 plaasgevind toe die industriële onderwys vanaf die provinsiale na die Unie-Onderwysdepartement oorgeplaas is.<sup>2)</sup> Aan die end van die vorige jaar was die verdeling van leerlinge soos volg: hoërskoolleerlinge in Johannesburg 5, in Heidelberg 4, messelaars in die vakskool 6, loodgieters 5, smede 7, timmermans 13, skilders 1, skoensmakers 3, huis-houdkundiges 8, manskleremakers 7, modemaaksters 28, en in die primêre skool 480.<sup>3)</sup> Waar die vrees bestaan het dat daar by die oornome van die industriële skool deur die Unie-Onderwysdepartement 'n end aan die aandklasse gemaak sou moet word, het die Departement nou goedgunstiglik ingestem om twee-derdes van die onkoste daaraan verbonde by te dra. Gevolglik kon daarmee voortgegaan word. Die aandklasse vir seuns het Wiskunde, Wetenskap, Ambagsteorie, Tekenwerk en Ambagsrekeninge ingesluit. Vir meisies is aandklasse in Gesondheidsleer en Fisiologie gegee. Die noodsaaklikheid om vir die dogters die weg na 'n verpleegstersopleiding te open, is ook besef, en opleiding in handelsvakke is ook aanbeveel.<sup>4)</sup>

'n Voorlopige reëling waarby mnr. G.I.J. du Toit gedurende die hele voorgaande tydperk ook van die ambagskool as prinsipaal waargeneem het, het op kennisgewing van die Onderwysdepartement in Maart 1929 ten einde geloop. Die hoofbestuur is nou genoodsaak om die aanstelling van 'n voltydse prinsipaal vir die vakskool te oorweeg, en die dag-

---

1) Jaarverslag van die Abr. Kriol-Kinderhuis, 1924.

2) Maandverslag van die Abr. Kriol-Kinderhuis, Maart 1926.

3) Ibid., Nov. 1925.

4) Ibid., Okt. 1926.

bestuur is gelas om op die saak in te gaan en na sy goed-  
dunke te handel.<sup>1)</sup> Die dagbestuur kon geen bekwamer per-  
soon vir die betrekking as mnr. J.O. Tribelhorn, die bou-  
meester en houtwerkinstrukteur, aanbeveel nie.<sup>2)</sup>

Ten opsigte van die dogters is die sake nou so ingerig  
dat hulle vir die Nasionale Huisvrouesertifikaat van die  
Unie-Onderwysdepartement opgelei kon word. Dit het Kook-  
kuns, Naaldwerk, Versierwerk, Herstelwerk, Wassery en Stryk-  
werk, Mans- en Dameskleremakery, Huishoudkunde, Huishoudelike  
Rekenwerk, Engels, Afrikaans, Fisiologie en Burgerkunde in-  
gesluit. Die kursus het twee jaar geduur nadat die st. VI-  
eksamen afgelê was.

Die ambagskool was nou deeglik op dreef, en die toe-  
voeging van 'n tweejarige handelsopleiding<sup>3)</sup> het die leer-  
gang mooi afgerond. Aan die einde van Junie 1946 het  
mnr. Tribelhorn die tuig neergelê.<sup>4)</sup> Hy is opgevolg deur  
mnr. D.F. Bruwer, wat die pos tot Januarie 1950 beklee het.

##### 5. Die Plaasskool.

Daar die bestuur die ondervinding gehad het dat dit  
baie moeilik gaan om seuns in die boerdery te laat belangstel,  
het hulle besluit om 'n groep van die kleiner seuns na die  
weeshuisplaas Moria, sowat vyftien myl van Langlaagte af,  
oor te plaas, sodat hulle onder leiding van bekwame onder-  
wysers ook iets van boerdery kon leer. Voorlopig is 'n  
klas van ses-en-twintig daarheen gestuur, en met die hartlike  
medewerking van die Onderwysdepartement is 'n skool vir die  
leerlinge daar begin.<sup>5)</sup>

---

1) Hoofbestuursnotule van die Abr.Kriol-Kinderhuis, 4 Des.1928.

2) Maandverslag van die Abr.Kriol-Kinderhuis, 19291.

3) Hoofbestuursnotule van die Abr.Kriol-Kinderhuis, 24 Nov.  
1942.

4) Maandverslag van die Abr. Kriol-Kinderhuis, Aug. 1946.

5) Ibid, Okt. 1920.



**Die N.H. of G. Kerk, Langlaagte,  
waar die Kinderhuis-kindere aanbid.**



**J. C. Tribelhorn, hoof van die vakskool 1909-1946, en Mev. Tribelhorn.**

In Julie 1922 het die getal tot 38 gestyg. Hierdie skool lê hom veral daarop toe om, indien moontlik, die seuns so in die boerdery te laat belangstel dat hulle dit as loopbaan sou wil kies wanneer hulle die skool verlaat.<sup>1)</sup> Een keer per week het die landbou-onderwyser van Langlaagte af na Moria gegaan om lesse in landbou aan die seuns te gee. Goewermentsamptenare van die Landboudepartement het af en toe lesings in verband met droëlandboerdery, landbou, wol- en skaapboerdery daar gegee.<sup>2)</sup>

Deur die voltooiing van 'n nuwe skoolgebou wat aan die Onderwysdepartement verhuur kon word, was daar aan die begin van Januarie 1928 ruimte vir 75 kinders op Moria. 'n Derde onderwyser moes derhalwe aangestel word.<sup>3)</sup> Dit was waarskynlik nooit die plan van die direksie van die weeshuis om meer kinders op die plaas te hou nie, want tot op datum het geen verdere ontwikkeling of uitbreiding van die plaasskool plaasgevind nie. Die agterplaas, soos die mees suidelike deel van die plaas Moria genoem word, is afgesonder vir die opleiding van seuns wat in boerdery belanggestel het. In 1928 was daar 'n groep van 31 wat hierdie opleidingskursus gevolg het.

---

1) Maandverslag van die Abr.Kriel-Kinderhuis, Julie 1922.

2) Ibid., Feb. 1923.

3) Ibid., Feb. 1928.

## HOOFSTUK IV.

### GODSDIENSONDERWYS AAN DIE ABRAHAM KRIEL-KINDERHUIS.

#### 1. Godsdiensonderwys as 'n aspek van kindersorg.

Die kerk is na ons opvatting die gemeenskap van heiliges. As gemeenskap soek die heiliges bo alles die eer en verheerliking van die Koning van die kerk. Aan hierdie ewige roeping moet die kerk altyd getrou bly. In die nastrewing van hierdie verheue doel is die kerk ook genoodsaak om sorg te boste aan sy lidmate. Selfs maatskaplike sorg is noodsaaklik. Dit het die Christelike kerk dan ook van die begin af gedoen. Reeds by die stigting van die eerste gemeente is hierdie sorg vir mekaar geopenbaar. Naas sy hoogste roeping, naamlik die diens van sy Koning, moet die kerk hom noodsaaklikerwyse ook bemoei met die maatskaplike toestande waarop hy sy geestelike superstruktuur moet fundeer. Armoede, ellende, ontbering, ontug, dronkenskap, misdaad, kranksinnigheid en dergelike is nie toestande wat vir die ontstaan en groei van 'n gelukkige, warme, geestelike lewe bevorderlik is nie. Aan die ander kant het Christus gewaarsku dat dit 'n mens niks baat om die hele wêreld te win en aan sy siel skade te ly nie. Die koninkryk van God moet dus eers gesoek word, en dan sal al die ander dinge die mens toegewerp word.

Waar die kerk hom tans so ywerig vir die versorging van die sorgbehoewende kind in die stryd gewerp het, het hy die dure plig om die kind ook geestelik te versorg. Sonder godsdiensonderwys sou die einddoel, naamlik om God Drieënig te ken en te eer, nooit bereik kan word nie. Maar die Christelike opvoedkunde wil ook nie slegs 'n eensydige doel nastreef nie. Dit wil 'n opvoedingsdoel hê wat oor die hele gebied van die menslike lewe van toepassing is, wat die mens in sy "Ganzheit" op die oog het, wat sowel sy liggaamlike as

sy geestelike versorging en ontwikkeling, sowel sy hemelse as sy aardse voorbereiding voor oëstel.<sup>1)</sup> Geestelike en liggaamlike versorging is dus nie te skei nie. As dit by die mens aan voeding sou ontbreek, sou hy liggaamlik sterf, terwyl as dit hom aan opvoeding sou ontbreek, hy geestelik sou sterf. Kinderversorging is in sy doelstelling dus nie net op die lewe hier gemunt nie maar ook op die lewe hierna.

## 2. Kerkwetlike bepalings in verband met Godsdiensonderwys.

In die formulering van die wette en bepalings van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk is intensief aandag aan die godsdiensonderwys en jeugbearbeiding gegee.<sup>2)</sup> Godsdiensonderwys word as een van die vernaamste verantwoordelikhede van die kerkraad beskou. Veral word aandag aan die Sondagsskool geskenk. Die hoogste gesag in hierdie belangrike aktiwiteit berus by die Sinodale Sondagsskoolkommissie. Die kerkraad word belas met die oprigting van Sondagsskole. Hy eis jaarliks 'n verslag van die Sondagsskoolwerkzaamhede op, voorsien die nodige gelde vir die behoorlike instandhouding van die Sondagsskole en verskaf alle gevraagde inligting omtrent sy Sondagsskole aan die Ring-sondagsskoolkommissie, wat dan weer aan die Sinodale Sondagsskoolkommissie verslag doen.

Die Sinodale Sondagsskoolkommissie, ook genoem die Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys, behartig die hele saak van die opvoeding en onderwys, die bearbeiding van die studerende jeug en die Sondagsskoolwerkzaamhede en die naskoolse jeug. Om die noodsaaklike samewerking tussen die sondagsskoolkommissies te bewerkstellig, is daar ook 'n Gefedereerde Sondagsskoolkommissie saamgestel uit lede wat uit die lede van elke Kerk se Sinodale Sondagsskoolkommissie gekies word.

---

1) Goetzee: Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 32.

2) Wette en Bepalings van die Ned. Herv. of Geref. Kerk, 79.

Die Sinodale Sondagskoolkommissie beheer die Sondagskooldepôt en daarby die publikasie van Die Kindervriend, Die Morelig en ook die opstel van Sondagskoollesse en -roosters. Hy hou verder konferensies en studiekursusse vir Sondagskoolonderwysers, neem jaarliks 'n Bybelkenniseksamen af en samel gegewens in en bevorder die werksaamhede van die Sondagskole in die gemeentes.

Die belangrikste opdrag aan die Gefedereerde Sondagskoolkommissie is egter om alles te doen om die Sondagskool die plek in die kerk te laat inneem wat hy verdien, en hom te laat word 'n kweekplek van die gemeente.

Die wette en bepalinge maak verder voorsiening vir die aanstelling en die beheer van die werk van studenteleraars.

Die groot taak van die kerk, om vir die godsdiensonderwys voorsiening te maak, word, soos uit voorgaande blyk, deur die wette en bepalinge op vaste grondslag geplaas. In verband daarmee word ook die metodes bepaal waarvolgens die werk gedoen moet word. Inmiddels stel die kerk deur die opstel van hierdie bepalinge sy houding ten opsigte van die geestelike ontwikkeling van sy lidmate baie duidelik vas.

### 3. Die onvang van die godsdiensonderwys van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk.<sup>1)</sup>

Die kerk is begaan oor die sieleheil van sy toekomstige lidmate. Die Sinodale Sondagskoolkommissie, wat oor die doeltreffendheid van hierdie funksie van die kerk moet waak, is aan die sinode verantwoording verskuldig. Uit verslae van hierdie kommissie blyk die volgende:

---

1) Handelinge van die Sinode van die Ned. Herv. of Geref. Kerk, 1951, 226.



TABEL VI.

| Jaar | Kinders in Sondag-skool | Aantal Sondag-skole | Aantal Onderwysers | Aantal kinders nie in Sondag-skool |
|------|-------------------------|---------------------|--------------------|------------------------------------|
| 1919 | 25,636                  | -                   | -                  | 14,000                             |
| 1922 | 31,378                  | 841                 | 2,289              | -                                  |
| 1931 | 36,145                  | 878                 | 2,690              | -                                  |
| 1934 | 47,606                  | 857                 | 3,674              | -                                  |
| 1944 | 44,462                  | 818                 | 3,460              | 9,861                              |
| 1951 | 59,182                  | 954                 | 4,789              | 20,000                             |

Daar word meermale gekla dat tal van gemeentes geen verslae instuur nie, wat veroorsaak dat bogenoemde syfers nie altyd as outentiek beskou kan word nie en soms op skatting berus. In sy verslag aan die sinode<sup>1)</sup> het die gefedereerde Sondag-skoolkommissie se weskroep: „Al ons kinders in die Sondag-skool, weereens weerklink. Die Kommissie wys verder daarop dat die groot aantal kinders wat nie in die Sondag-skool is nie, die akker van die kerk is waarop die kieme van die kerklike, maatskaplike en volksprobleme weelderig voortwoeker en groter probleme skep.

#### 4. Godsdiensonderwys aan die Abraham Kriel-Kinderhuis.

Uit hoofde van die feit dat die kinderhuis deur die kerk opgerig is en deur hom in stand gehou word met die uitgesproke doel<sup>2)</sup> om in afhanklikheid van God, die Vader van die wese, en in gehoorsaamheid aan Sy bevel weeskinders van Transvaal en elders te versorg en op te voed, bring die noodsaaklikheid mee dat daar in die inrigting deurgaans 'n Christelike atmosfeer gehandhaaf sal word. Die reël dat die direkteur van die inrigting 'n geordende leraar moet wees, strook dus met die doelstelling.

1) Handelinge van die Sinode van die Ned. Herv. of Geref. Kerk, 1951, 227.

2) Wette en bepalinge van die N.H. of G. Kerk, 157.

Nou is dit immers te begrype dat nie alleen die direkteur nie maar die hele personeel sal moet meehelp om vir die kind 'n atmosfeer te skep waarin hy God kan leer ken en van kleins af kan leer om Hom te dien. Dit verklaar die bepalinge in die huisreglement,<sup>1)</sup> dat elke personeellik moet verklaar dat hy/sy in die Here Jesus glo en Hom as sy/haar Heer en Meester aangeneem het. By elke personeellid moet die behartiging van die geestelike belange van die kinders dan hoofsaak wees, aangesien godsdiens die belangrikste enkele faktor in die opheffing van die sorgbehoewende kind is.

Voorts word die waarneming van die Christelike Sabbat en 'n aktiewe aandeel in die Sondagskoolwerkzaamhede, die bywoning van die openbare eredienste en die weeklikse personeelbiduur as verpligtend vir alle lede van die inrigtingspersoneel beskou,

Behalwe die voorgaande verpligtings is die afdelingshoofde ook verantwoordelik vir die instandhouding van die huisaltaar. In elke afdeling word daar by more- en aandetes huisgodsdiens gehou, waarby daar gelees, gebed en gesing word. Op Saterdagae word daar biduurtjies vir elke afdelingsgroep gehou, en op Sondae woon die kinders in die more en in die aand die eredienste in die kerk by. Verder is die bywoning van die Sondagskool 'n belangrike vereiste. Personeellede van die kinderhuis en persone uit die gemeente tree as onderwyser(esse) op, en elke Sondagoggend onmiddellik na die erediens gaan die kinders na hulle onderskeie klasse. Katkisasieklasse word oor 'n tydperk van twee jaar versprei. Die eerste jaar dien as 'n voorbereidingsperiode vir die groter kinders, wat dan in die tweede jaar as lidmate opgelei word en belydenis aflê. Dit is by die direksie van die inrigting 'n saak van erns dat elke kind wat die vasgestelde ouderdom bereik het, 'n lid-

---

1) Die huisreglement van die Abr. Kriel-Kinderhuis.

maat van die kerk word alvorens hy/sy die inrigting verlaat. Sonder om in die godsdiens en die lidmaatskap van die kerk geanker te wees, kan daar nie veel teregkom van die sorg-behoewende kind wat, nadat hy die inrigting verlaat het, in die lewe daarbuite op eie bene moet staan nie. Nasorgwerkers streef dan ook daarna om diegene wat uitgeplaas word, by die onderskeie gemeentes waarin hulle beland, in die gemeentelike aktiwiteite in te skakel en hulle sodoende van 'n vastrapplek te voorsien wat hulle kan help om verder die lewe in Christus te lei soos van hulle verwag word.

- - - - -

HOOFSTUK V.

KINDERS VAN DIE ABRAHAM KRIEL-KINDERHUIS.

1. Wat is 'n sorgbehoewende kind?

Volgens die bepalings van die Kinderwet<sup>1)</sup> is 'n sorgbehoewende kind 'n kind,

- (a) wat behoefdig is; of
- (b) wat geen ouer of voog het nie, of wat ouers of 'n ouer of voog het wat geen behoorlike toesig oor die kind uitoefen nie, of onbevoeg is om sodanige toesig uit te oefen; of
- (c) wat in die sorg van 'n persoon is wat skuldig bevind is aan 'n misdryf, soos vermeld in die eerste Bylae<sup>2)</sup> tot hierdie Wet, begaan ten opsigte van of in verband met daardie kind, te wete ontvoering, kinderdiefstal, aanranding, seksuele misdryf of enige misdryf waardeur 'n kind beseer word of mishandeling, verwaarlosing of verleiding ondergaan; hierby word ook ingesluit bedel, ongeoorloofde straathandel, ongeoorloofde opvoerings deur kinders en kinders aanleiding gee om 'n misdryf te pleeg;<sup>3)</sup> of
- (d) wat nie deur sy ouers of voog beheer kan word nie; of
- (e) wat hom dikwels aan skoolversuim skuldig maak; of
- (f) wat omgaan met 'n onsedelike of slegte persoon, of wat andersins onder omstandighede leef wat waarskynlik die verleiding, verslegting of prostitusie van 'n kind sal veroorsaak of in die hand sal werk; of
- (g) wat bedel of, synde minder as sestien jaar oud, straat-handel dryf binne die regsgebied van 'n plaaslike bestuur; of

---

1) Kinderwet, No. 31 van 1937, 5.

2) Ibid., 27.


3) Ibid., 113.



**Dogters in die beginjare met Mej. Jankowitz, die matrone.**



**Die seuns, meestal oorlogswese, met „Oubaas” Stoffberg, die eerste eintlike huisvader.**



**Die personeel en kinders sowat tien jaar gelede.**

- (h) wat onderhou word weg van sy ouers of voog onder huislike omstandighede wat in stryd met die belange van die kind is en wie se ouers of voog nie opgespoor kan word nie, of versuim het om behoorlike voorsiening vir die versorging en bewaring van die kind te maak alhoewel hul aangesê is om dit te doen.

## 2. Koördinasie van die maatskaplike funksies van kerk en staat ten opsigte van sorgbehoewende kinders.

Enige kind, wat uit hoofde van een of ander van bogenoemde klousules as 'n sorgbehoewende kind geklassifiseer word, vorm die voorwerp van die staat se belangstelling en daar word deur die wet ingegryp met die doel om verandering en verbetering in die lewensomstandighede van so 'n kind teweeg te bring. Deur wetgewing het die staat vir hom die reg verseker om hom in die lewenstoestande van die individu in te meng; en waar die individu nie gelei kan word om die beste vir homself te doen nie, word hy op gesag van die staat daartoe gedwing.

Die kerk koester ewe-eens 'n intense belangstelling vir sorgbehoewende persone en veral waar sulke persone nog kinders is. Dit is ook in die kerk se belang dat die kind in toestande sal lewe waar dit moontlik is om hom vir 'n beter en hoër roeping hiernamaals voor te berei. Dit is derhalwe nie onvanpas dat die kerk sy arbeid in hierdie opsig met die van die staat sal koördineer nie. Die staat moet sorg vir die stoflike welvaart van die individu en hom sover moontlik van kwaadwillige inmenging van ander individue vrywaar, terwyl die kerk wil onderneem om die geestelike welvaart te bevorder.

Waar die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk aanvanklik in die versorging van wese alleen op eie krag gesteun het, het dit gaandeweg nodig en noodsaaklik geword om ook

inrigtingsorg beskikbaar te stel vir die talryke sorgbehoewende kinders wat om ander redes as die gebrek aan ouers deur die wet na inrigtings gekommitteer word.

### 5. Redes vir die opname van kinders in die Abraham Kriel-Kinderhuis.<sup>1)</sup>

Die redes vir opname, soos saamgevat in tabel VII is slegs 'n gedeeltelike weerspieëling van die ware toedrag van sake. Daar is so 'n uitgebreide mate van oorvleueling van oorsake dat dit nodig was om vir elke afsonderlike geval slegs die hooforsaak op te teken en op die wyse 'n tabel saam te stel.

Die stigter van die kinderhuis het 'n weeshuis sonder meer in gedagte gehad en dit alleen vir die oorlogswese van die Boerestryd wat in 1902 ten einde geloop het. Vanaf die stigting tot en met 1909 is daar nie veel aandag aan die instandhouding van 'n doeltreffende lêerstelsel gegee nie, met die gevolg dat daar oor hierdie tydperk nie veel geoordeel kan word nie. Dit kan egter veilig aangeneem word dat die meerderheid van die kinders wese of halfwese was.

Vanaf 1910 het daar verandering ingetree. Meer en meer het die Kerk, wat die weeshuis vir sy rekening gehad het, ook sorgbehoewende kinders anders as wese daarheen verwys of aanbeveel. Die weeshuis word toe 'n inrigting van kindersorg, en vanaf 1915 het ook die staat in so 'n mate in die versorging van hierdie kinders belang begin stel dat 'n toelaag van £2 per maand per kind aan die kinderhuis toegestaan is.<sup>2)</sup>

'n Verdere verduideliking is nodig ten einde 'n verkeerde indruk ten opsigte van die onderstaande tabel te voorkom. Die aantal onbeheerbare kinders is veel groter, maar hulle is meesal onder die halfwese ingesluit en andere is ook in die kolom vir sieklike ouers opgeneem, al na gelang van

1) Saamgevat uit inligting getrek uit Kinderlêers van die Abraham Kriel-Kinderhuis.

2) Maandverslag van die Abraham Kriel-Kinderhuis, Sept. 1915.



Tabel VII.

| Tydperk             | Algehele wese. | Halfwese. | Kinders van drank-<br>sugtige ouers. | Uit gebroke<br>gesinne. | Onegte kinders. | Sorgbehoewend, arm,<br>verwaarloos en ver-<br>late. | Van kranksinnige of<br>sieklieke ouers. | Misdadige, onsedelike<br>of ontugtige ouers. | Onbeheerbare kinders. | Totaal. |
|---------------------|----------------|-----------|--------------------------------------|-------------------------|-----------------|-----------------------------------------------------|-----------------------------------------|----------------------------------------------|-----------------------|---------|
| 1902,1903           | 3              |           | 1                                    |                         |                 |                                                     |                                         |                                              |                       | 4       |
| 1904,1905           | 2              | 4         | 1                                    |                         |                 |                                                     |                                         |                                              |                       | 7       |
| 1906,1907           | 9              | 19        |                                      | 1                       |                 |                                                     |                                         |                                              |                       | 29      |
| 1908,1909           |                | 10        |                                      |                         |                 |                                                     |                                         |                                              |                       | 10      |
| 1910,1911           | 18             | 67        | 1                                    | 1                       |                 | 1                                                   |                                         |                                              |                       | 88      |
| 1912,1913           | 23             | 135       | 7                                    | 14                      | 4               | 8                                                   |                                         |                                              |                       | 191     |
| 1914,1915           | 22             | 99        | 2                                    | 24                      | 1               | 10                                                  | 1                                       | 1                                            |                       | 160     |
| 1916,1917           | 40             | 115       | 3                                    | 10                      | 1               | 6                                                   | 1                                       |                                              | 1                     | 177     |
| 1918,1919           | 13             | 160       | 1                                    | 2                       | 1               | 3                                                   |                                         |                                              |                       | 180     |
| 1920,1921           | 52             | 166       | 1                                    | 4                       | 1               | 12                                                  |                                         |                                              |                       | 236     |
| 1922,1923           | 39             | 176       | 10                                   | 11                      | 4               | 5                                                   | 6                                       | 2                                            |                       | 253     |
| 1924,1925           | 51             | 126       | 4                                    | 5                       | 8               | 30                                                  | 7                                       | 2                                            |                       | 233     |
| 1926,1927           | 34             | 110       | 6                                    | 15                      | 2               | 17                                                  | 4                                       | 1                                            |                       | 189     |
| 1928,1929           | 28             | 171       | 15                                   | 30                      | 4               | 16                                                  | 2                                       | 4                                            | 1                     | 271     |
| 1930,1931           | 30             | 138       | 1                                    | 15                      | 7               | 15                                                  | 1                                       | 8                                            |                       | 215     |
| 1932,1933           | 29             | 137       | 5                                    | 11                      | 12              | 17                                                  | 4                                       |                                              |                       | 205     |
| 1934,1935           | 19             | 168       | 2                                    | 37                      | 7               | 10                                                  | 1                                       | 4                                            |                       | 248     |
| 1936,1937           | 24             | 129       | 6                                    | 26                      | 10              | 11                                                  | 5                                       | 4                                            |                       | 215     |
| 1938,1939           | 24             | 136       | 10                                   | 20                      | 9               | 15                                                  | 11                                      | 1                                            |                       | 226     |
| 1940,1941           | 17             | 117       | 4                                    | 36                      | 11              | 10                                                  | 6                                       | 2                                            | 1                     | 204     |
| 1942,1943           | 12             | 85        | 29                                   | 29                      | 9               | 17                                                  | 6                                       | 12                                           | 2                     | 201     |
| 1944,1945           | 11             | 85        | 34                                   | 57                      | 3               | 32                                                  | 9                                       | 12                                           |                       | 243     |
| 1946,1947           | 6              | 94        | 46                                   | 56                      | 1               | 14                                                  | 11                                      | 5                                            |                       | 233     |
| 1948,1949           | 11             | 62        | 37                                   | 73                      | 9               | 16                                                  | 2                                       | 5                                            |                       | 215     |
| 1950 half-<br>jaar. | 2              | 18        | 19                                   | 27                      | 4               | 12                                                  | 3                                       |                                              |                       | 85      |
| Totaal              | 519            | 2527      | 245                                  | 504                     | 108             | 267                                                 | 80                                      | 63                                           | 5                     | 4318    |



die grondoorzaak vir die ontwikkeling van onbeheerbaarheid by die kind. So is baie van die kinders van misdadige, onsedelike of ontugtige ouers ook onder die groep van gebroke huisgesinne of die vir dranksugtige ouers ingesluit.

Al die oorsake in oënskoue geneem, kom 'n mens tot die gevolgtrekking dat die kinders uit die onderhawige huisgesinne werklik in toestande verkeer het waaruit hulle so gou moontlik verwyder moes word. In die Maandverslag van die Abraham Kriel-Kinderhuis vir Maart 1932 gee die verslaggewer 'n oorsig van die toestand: Aansoeke om opname waarmee op kantoor te doen gekry word, kan getuig van die feit dat die vors van die Duisternis die wêreld beheers en dat die hele wêreld voor God verdoemlik is. Watter ander verklaring kan daar gegee word vir al die armoede, ellende, verdriet en skande waarmee die kantoor so baie te doen kry? Nou is dit 'n arme ouer wat deur 'n gewetelose mammonaanbidder van haar besittings en erfgeldjies beroof is; dan weer is dit 'n huisgesin deur die drankduiwel verwoes. Dikwels kom die aansoek om opname van die kant van 'n vroeër gelukkige en hardwerkende familie wat nou in die grootste armoede en ellende verkeer en dit deur die ontrou en moedwillige verlatenheid van een van die sogenaamde ouers.

Op die keper beskou, wil dit egter voorkom of armoede die grootste vernietiger van die huislike geluk is. Nie alleen het armoede en ellende dit noodsaaklik gemaak vir baie huisgesinne om die stryd om 'n onafhanklike bestaan prys te gee en hulle kinders vir versorging aan die staat oor te lewer nie, maar armoede het ook slagoffers op ander terreine gesis.

Stedelike armoede is 'n kragtige middel om die skeidslyne tussen blank en gekleurd uit te wis. In die agterbuurtes woon alle rasse deurmekaar. Hulle werk naasmekaar in dieselfde fabriek.<sup>1)</sup> Dat die tradisie van bloedsuiwerheid

---

1) Albertyn, Du Toit en Theron: Kerk en Stad, 46.

onder sulke omstandighede by die betrokke persone afgestomp word, is nie vreemd nie.. Ontug kan in hierdie omstandighede soveel makliker ontstaan, en allerhande wanpraktyke, soos drankmisbruik, misdadigheid en allerhande faktore wat op gesinsverbrekkeling uitloop, vloei hieruit voort en laat die kinders in 'n staat van verwaarlosing en verlatenheid verval.

In sy opnamebeleid het die Abraham Kriel-Kinderhuis ook vir die weiering van sekere aansoekers voorsiening gemaak. In Paar van die redes word as volg aangegee:<sup>1)</sup> Waar daar familieledede is wat self kan en behoort te sorg, word kinders nie opgeneem nie. Dit geld ook van kinders wat onderhewig is aan 'n aansteeklike of moeilike siekte of selfs diegene met 'n ingrypende gebrekkigheid of van uifers swak gedrag en laastens die kinders wat aan vallende siekte ly. Dit is allerweë gevoel dat die belange van kinders en werksters in aanmerking geneem moet word waar nuwe opnames gemaak word. In breë trekke is die beleid as volg neergelê: Eers die algehele wees, dan die halfwees en dan sorg- of hulpbehoevende wat moedswillig verlaat is en dan die ander tipes.

#### 4. Verteenwoordigende gevalle van verskillende opnames van kinders in die Abraham Kriel-Kinderhuis.<sup>2)</sup>

Geval L/2669 is 'n seun van twaalf jaar oud. Hy is 'n algehele wees. In die familie is daar behalwe hierdie seun nog sewe broers en drie susters. Ten tye van die afsterwe van die ouers is besluit om die seun by die oudste broer te laat inwoon. Hier het 'n werkster van die Armesorgraad die kind ontdek. Die broer het aansoek gedoen om die seun gekommitteer te kry en by 'n ander broer te laat inwoon omdat hy nie sy hele familie plus nog die seun uit sy inkomste kon onderhou nie. Na aanleiding van ondersoek na sy gedrag en prestasie op skool kon daar gunstig gerapporteer word.

---

1) Maandverslag van die Abraham Kriel-Kinderhuis, Mei 1939.

2) Kinderliërs van die Abraham Kriel-Kinderhuis.

Die saak aangaande 'n hulptoelaag is aan 'n kommissaris van kindersorg voorgelê. Die versoek is toegestaan, en die seun is in die woning van 'n ander broer opgeneem. Eerlank het die seun 'n mate van onbeheerbaarheid aan die dag gelê. Hy het ook onsedelike neigings teenoor die klein dogtertjies van sy broer geopenbaar. Die saak is onder die aandag van welsynswerksters gebring, en die seun is kragtens aanhoudingsbevel in 'n veiligheidshuis geplaas en ses maande daarna na die Abraham Kriel-Kinderhuis gekommitteer.

Geval L/1652 behels die gegewens in verband met twee dogters. Die moeder het haar man en kinders verlaat en saam met 'n ander man verdwyn. Kort daarna het die vader gesterf, en 'n welmenende oom het die kinders na die Kinderhuis gestuur. Na ses jaar is daar vir die eerste keer weer deur 'n ouer suster navraag na die twee kinders gedoen.

Geval L/2430 is 'n dogter van wie die ouers geskei is. Die vader is weer getroud en het in besit van die kind gebly. Die ouers maak egter baie rusie, veral wanneer hulle besope is. Die stiefmoeder is nie begierig om hierdie dogtertjie by haar te hê nie. Sy oorhandig haar aan 'n proefbeampte en voer aan dat sy en die man te sleg leef, dat sy nie langer verantwoordelikheid vir die kind kan aanvaar nie, dat die kind ook nie by haar wil bly nie en dat sy nie met haar kan klaarkom nie. Bowendien gaan sy werk en sal dan bedags nie tuis wees om na die kind om te sien nie.

Hierna is die dogter na haar eie moeder geneem. Die moeder het die kind as 'n ergenis beskryf en haar verdryf. Die kind was teen hierdie tyd in 'n uiters gespanne toestand en het hopeloos verlate gevoel. 'n Welsynswerkster het die geval ondersoek, aanbeveel dat die kind as sorgbehoewend verklaar word en na 'n inrigting gekommitteer word.

Dit is gedoen en na 'n verblyf van twee jaar is die aansoek om uitname van 'n getroude suster toegestaan, en die volgende brief is aan die voornemende voog gerig: "Graag

wens ons u aandag daarop te vestig dat enige onreëlmatigheid met betrekking tot die dogter se gedrag of 'n verandering van adres onmiddellik onder ons aandag gebring moet word. Ons wil egter die vertroue uitspreek dat I... 'n aangename en gelukkige huis by u sal vind; asook 'n familie, wat as simpatieke raadgewers kan optree"..... Direkteur.

Geval L/2396 handel oor drie seuns van 'n moeder wat met agt kinders nagelaat is. Die moeder werk in 'n fabriek maar moet die karige loon aanvul deur saans in 'n bioskoop te werk. Dit gee haar 'n gesamentlike inkomste van £25 per maand. Sy het nie genoeg kontak met haar kinders nie, en die drie oudste seuns word onbeheerbaar. Hulle draai stokkies en is ongehoorsaam. 'n Proefbeampste ontdek die toestand, en die seuns word na die kinderhuis gekommitteer.

Geval L/2633 gaan oor vier kinders wie se vader £11 per week verdien. Hy is 'n verslaafde dronkaard. Hy slaan vrou en kinders en mishandel die vrou as sy nie saam met hom wil brandewyn drink nie. Die ouers maak gedurig rusie in teenwoordigheid van kinders. Die kinders begin onbeheerbaar word en gebruik lelike taal. Die man is al voor die hof gedaag weens aanranding op sy vrou. Die huis is slordig.

Die ouers wend 'n poging aan ter verkryging van eg-skeiding. Die moeder wil die kinders liever na 'n inrigting sien gaan, terwyl die vader hulle in die bewaring van sy grootmoeder, 'n dame van vier-en-sewentig jaar, wil plaas. Mev..... het bedenkinge teen haar man en 'n jong dame wat by die grootmoeder inwoon. Mnr..... het weer suspisie dat sy vrou met ander mense omgaan. Die saak word deur 'n proefbeampste ondersoek, en kommittering van die kinders na 'n inrigting word as die enigste uitweg beskou.

Geval L/2415 handel oor twee kinders wie se vader 'n gewoontedronkaard is. Hy was al voor die hof weens diefstal, vervalsing, onsedelikheid en dronkenskap. Hy mishandel die kinders. Die moeder verklaar dat die man lui is en nie 'n werk kan hou nie. Hy mishandel haar en kinders as hy onder die invloed van drank is. Hy is soms maande lank uit die werk. Die gesin woon in 'n motorhuis, en die vader gee net £3 per maand vir voedsel. Die moeder is swanger en het niks van die benodigdhede vir die bevalling nie. Die enigste huisraad wat die familie besit is 'n stoof, 'n tafeltjie, 'n paar stoele, 'n spieëlkas en twee bedjies. Daar is geen lakens nie, en die komberse is baie vuil. Die vader ontvang £6 per maand oorlogspensioen en wil nie werk nie. Toe hy weer die moeder te lyf gegaan het, het een van die dogters hom met 'n mes gesteek. Die kinders word na die kinderhuis verwys.

Geval L/2411. Hier word vermeld van twee kinders van wie die ouers geskei is. Die hof het die kinders aan die moeder gegee. Sy het weer in die huwelik getree met 'n man met 'n baie agressiewe geaardheid. Hy is altyd in die hof. Hy is 'n groot drinker, en die kinders se eie vader kla dat die kinders verwaarloos word. Die vrou is altyd saam met die man op straat. Sy verkoop seep en ander artikels op straat. Sy is onverantwoordelik, en die kinders is altyd vuil en word in die sorg van 'n naturellemeid gelaat. Die vader leef ook met 'n ander vrou saam.

Die kinderhof se bevinding is dat die moeder nie die nodige morele en geestelike agtergrond het om vir kinders verantwoordelik gehou te word nie, en die kinders word vir kommittering na 'n inrigting aanbeveel.

Geval L/2452 handel oor drie kinders wie se moeder haar man verlaat het. Die vader woon met die kinders in 'n oorbewoonde huisie in 'n swak buurt waar blank en nie-blank

deurmekaar woon. Hy maak gebruik van sterk drank en is een aand besope in die straat opgetel. Die kinders is meestal aan hul lot oorgelaat. Die vader sien hulle net gedurende naweke. 'n Broer van die vader het 'n tydlang 'n oog oor die kinders gehou, maar hy wil nie langer na hulle omsien nie omdat hulle onbeheerbaar word. Hulle het dus geen beskerming nie en gebruik slegte taal. Twee van hulle is dogters, en hulle word na 'n kinderhuis verwys.

Geval L/2471 vermeld van twee kinders. Die moeder is 'n dogter uit 'n arm gesin. Sy is tot 'n huwelik met 'n rykgewaande man gedwing. Hy kon nie vir haar sorg nie. Hy het haar mishandel, en sy moes dikwels by naturelle gaan kos soek. Nadat sy van die man geskei is, het hy nie onderhoud vir die kind betaal nie. Sy het toe in 'n teekamer gaan werk, en daarna het sy huishoudster geword vir 'n Joodse vrygesel. 'n Ongeoorloofde saamwonery het ontstaan en swangerskap was die gevolg. Die Jood het besluit om met haar te trou dog is skielik oorlede. Na die geboorte van die tweede kind is albei die kinders na die kinderhuis verwys.

Geval L/2437 handel oor vier kinders uit 'n gesin van agt. Die vader is 'n soldaat en verdien £28 per maand. Sy verpligtings is te veel, en hy kan nie vir die kinders sorg nie. Vier van die kinders word derhalwe vir kommittering na 'n inrigting aanbeveel.

Geval L/2672 vermeld van twee kinders uit 'n gesin wat ontdek is in 'n naturellereserwe waar hulle al ag-en-twintig jaar lank woon. Hulle woon vry en moet vir naturelle beeste oppas. Die ouers is agterlik en onontwikkeld. Hulle lewenspeil is laag; hulle maak omgang met naturelle en leef in afsondering van die blanke gemeenskap. Die mure van die grasdakhuis waarin die familie woon en wat uit twee kamers en 'n voorhuis bestaan, is van klei en klip. Daar is geen doeltreffende ventilasie of verligting nie. Daar is niks in die

huis wat aan netheid laat dink nie. Die kleredrag van die huismense is skamel, onnet en vuil. Twee dogters is by besoek besig gevind om wortels van die koffieboom te stamp. Hulle gebruik onbeleefde taal teenoor hul ouers. Die oudste dogter is baie doenig met die vee. Sy sorg vir die melkery. Sy moet ook hout bymekaar maak. Die kokery vir die gesin word op 'n vuurherd buite in die kraal gedoen. Daar is ses kinders in die gesin. Twee lendelam enkelbedjies met 'n paar stukke beddegoed is die enigste besitting van die gesin. Die twee jongste kinders is uit die gesin weggeneem.

Geval L/2622. Hierin word gehandel oor twee kinders van wie die moeder na 'n kranksinnige gestig geneem is. Die vader kan nie vir kinders sorg nie. Hy is gewillig dat twee van die kinders na die kinderhuis gaan en belooft om £3 per maand vir hulle onderhoud by te dra. By besoek is die huis in 'n wanorde aangetref. Die vloere was ongeveer beddens was nie opgemaak nie, kos het in die kombuis rondgelê. Die moeder het oor duiseligheid gekla en is na ondersoek as kranksinnig gesertifiseer. 'n Oom en tante het 'n kort tydjie vir die kinders gesorg, maar hulle is later by 'n naturellebediende gelaat.

Geval L/2602 vermeld van drie kinders. Die vader is 'n arbeider by die poskantoor. Sy loon bedra 14/- per dag. Hy is byna nooit tuis nie omdat hy elders werksaam is. Albei ouers drink baie en is van 'n uiters swak tipe. Die gesin woon in 'n goeie tweeslaapkamerhuis. Daar is min meubels en net twee beddens, 'n enkelbed en 'n dubbelbed. Daar woon drie mans en 'n vrou met 'n kind by die gesin in. Hierdie persone word deur die huisvrou as loseerders beskryf. By nadere ondersoek blyk egter dat hier 'n saamwony, -drinkery en -slapery plaasvind. Daar is soms etlike kleurlingvroue ook in die huis aanwesig. Die oudste dogter van die gesin het haar by geleentheid al skuldig gemaak aan wan-



gedrag met 'n bejaarde man. Die kinders word vereers onder toesig van 'n proefbeampte geplaas met die oog op rehabilitasie van die gesin. Na 'n tyd was sy rapport as volg: Drankmisbruik is die hoofprobleem met heelparty daaruit voortvloeiende vraagstukke. Onsedelikheid vier hoogty, en 'n minderjarige meisie het reeds daaraan ten prooi geval. Daar word nie behoorlik toesig gehou deur die ouers nie. Die moeder is byna altyd besope; die kinders is gruwelik verwaarloos, en die ouers se voorbeeld is swak en verderflik. Die kinders is reeds te lank in hierdie toestande gelaat, en die stempel van alles wat sleg is, is reeds diep op hulle gemoed afgedruk. By die eerste besoek van die beampte is die hulp van die polisie ingeroep. Die huis is met die oog op drank deursoek, en geen krieseltjie kos is daarin aangetref nie. Al die volwasse persone is weens dronkenskap gearrester. Die kinders is toe na 'n plek van bewaring geneem; die ouers word nie meer as bevoeg beskou om die kinders in hulle sorg te hê nie. Die kinders word na 'n inrigting aanbeveel.

Geval L/2625. Die vader van kinders is geneig tot alkoholisme en oneerlikheid, is verslaaf aan drank, oneerlik en werksku. Hy het talle oortredings en aanklagte teen hom, maar was gelukkig genoeg om nog nie skuldig bevind te word nie. 'n Ander rapport oor die gesin lui: Die vader werk nie en drink uitermate baie. Hy is uit die leër ontslaan weens mediese ongeskiktheid. Hy is in werk geplaas deur die G.G.-Fonds en het ook geldelike steun ontvang. In een jaar is hy uit vyf betrekkings ontslaan. Op 'n keer is hy weens insolvensie voor die hof gedaag. Hy het 'n beplande aanranding op homself gereël om nie op die dag van die verhoor te verskyn nie. Op 'n later datum moes hy weer voor die hof verskyn. Hierdie keer het hy sy vrou gedwing om te gaan getuig dat hy bloedvergiftiging in sy voet het en nie kon ver-



skyn nie. Dit is 'n paar voorbeelde om sy onverantwoordelike oneerlike en geslepe persoonlikheid te illustreer. Hy is geen voorbeeld vir sy kinders nie. Sy kinders is vir hom bang. Hy jaag hulle soms buite rond. Hy gebruik soms dreigende vuil taal teenoor hulle. Hy loop soms sonder klere voor die kinders rond. Die kinders het by sekere geleenthede al voedsel by bure gaan bedel. Die huisie waarin die gesin woon, is te klein. Die kinders se skoolbesoek is swak. Die ouers maak rusie in teenwoordigheid van die kinders. Een seun is onder die vader se invloed en openbaar reeds misdadige neigings. Hy het al 'n paar keer probeer wegloop. Die kinders is hierop as sorgbehoewend verklaar en na 'n inrigting verwyder.

Geval L/1659 vermeld van ses kinders. Die vader is twee-en-tagtig jaar oud en die moeder sewen-veertig. Die vader het net een oog, en dié is baie swak. Die moeder is liggaamlik geskik maar vuil en onnet. Die gesin is arm. Die kinders is goed gevoed en gekleed. Hulle toon egter tekens van onbeheerbaarheid. Hulle pleeg klein diefstalle en word toegelaat om rond te dool. Hulle gebruik vuil taal. Die vader is te oud om die kinders te tug, en die moeder wil nie insien dat hulle verkeerd doen nie. Daar ontstaan soms hewige rusies tussen die vader en moeder, en dit het al dikwels tot gevolg gehad dat die vader aangerand word. Die kinders is soms erg oneerbiedig teenoor die ou vader. Die moeder se morele peil is maar baie laag, en sy is geen voorbeeld vir die kinders nie. As die vader die kinders wil tug, hardloop hulle eenvoudig weg. Die kleiner kindertjies kom soms onbehoorlik gekleed op straat. Die inkomste van die gesin is te klein om die kinders behoorlik te versorg. Die huislike moeilikhede het begin toe 'n man by die gesin begin besoek aflê het en die vader beswaar daarteen maak het. Van die bure het allerhande bewerings teen die gedrag van die

vrou begin maak. Die kinders is toe vir verwydering na 'n inrigting aanbeveel.

##### 5. Samevatting.

Om al die redes vir die opname van kinders in die kinderhuis saam te vat, was dit nodig om die lëers van sestien gevalle van opname byeen te bring. Dié gevalle is treffend verteenwoordigend van alle gekommitteerde kinders en behoort 'n duidelike beeld te gee van die omstandighede wat verantwoordelik is vir die uiteindelijke verwysing van kinders na inrigtingsversorging.

In agt uit die sestien gevalle het die oormatige gebruik van sterk drank onmiskenbaar sy rol by die gesinsverval gespeel. In vier van hierdie gevalle het dit tot egskedding gelei. Dit het verder gelei tot ontug en gevolglik tot onenigheid tussen man en vrou, onkiese taal, onsedelikheid, onwettige saamwonery, -drinkery en -slapery, ontug ook by die kinders, kinderverwaarlosing, oneerlikheid, misdadige neigings, insolvensie, werkskuheid en gevolglike armoede, wat op sy beurt weer gelei het tot swak behuising, bedelary by kinders, onbeheerbaarheid van kinders en swak skoolbesoek. Onwettige praktyke soos straathandel, diefstal en vervalsing het ook nie uitgebly nie. Daarby kom onenigheid tussen ouers, vernedering van die eggenoot in die teenwoordigheid van die kinders, mishandeling van kinders, senu-instorting van die swakkere eggenoot en uiteindelijke sieklikheid — omstandighede dus waarin dit onmoontlik is om te verwag dat daar iets van die kinders tereg sal kom en waaruit hulle verwyder moet word.

Ontoereikende inkomste het eweneens sy deel bygedra om die harmonie in die huisgesin te versteur. In vyf van die sestien gevalle is hierdie oorsaak verantwoordelikheid vir die verwysing van die kinders na die kinderhuis. Hierdie oorsaak het as gevolg dat kinders swak gevoed, swak gekleed

en swak beheer word. Dit skyn asof die ouers hulle strewe na die goeie verloor het. Hulle staan op moederverloor se vlakke. Moeders word genoodsaak om buitenshuis te werk om die karige inkomste van die vaders aan te vul. Kinders word of alleen en sonder toesig tuisgelaat of in die sorg van naturellebediendes. Dit lei tot stokkiesdraaiery, slegte gewoontes, rondolery op straat en algehele wanorde en onbeheerbaarheid. Kinders verval maklik in oortredings soos kleinder diefstalle en bedelary. Swak behuising bly nie uit nie, en in die stede dryf die huisgesin verder en verder van die beter woonbuurtes af en beland uiteindelik in omgewings waar die kleurskeidslyn minder en onduideliker bestaan.

.. Ongewenste huwelike word aangegaan met die verwagting dat die ekonomiese druk op die kind, wat in die nuwe gesinsverband opgeneem word, ten minste opgehef sal word.

Verstandelike agterlikheid by ouers bring mee dat hulle nie in staat is om in die arbeidsmark mee te ding nie, en swak behuising, voeding, kleding en die gebrek aan vooruitstrewendheid en kritiese vermoë laat die gesin terugsink in slordigheid, gebrek aan kiesheid en onverantwoordelikheid.

Kranksinnigheid by ouers of krankheid het, alhoewel in mindere mate, ook bygedra tot gesinsontwrigting, en al wil dit voorkom of die oorsake hiervan buite die beheer van die mens lê, is dit tog moontlik dat in sommige gevalle die oorsake tuisgebring kan word by omstandighede wat verhelp kon gewees het as die betrokke persone in beter omstandighede gelewe het of hoër morele standaarde in hulle lewe gehandhaaf het.

#### 6. Die kerk se standpunt.

Die kerk neem kinders uit bogenoemde omstandighede in sy kinderhuis op. Hy glo dat die siel van opheffing in die opheffing van die siel lê. Hy wil die kind in 'n Christelike atmosfeer grootbring. Die kind moet heropgevoed

word. Hy moet geanker word in die godsdiens, leer om tussen 'n godgewyde lewe en een van veragtering en morele verval te onderskei. Hy moet 'n afkeer kry in die onedele en veragterlike en 'n gevoel van eiewaarde ontwikkel. Tot hierdie taak is die kerk toegerus omdat hy in staat is om in barmhartigheid en in gehoorsaamheid aan die Skepper hierdie sorgbehoewende wesens op onbaatsugtige wyse onder sy sorg te neem en in elkeen van hulle 'n beelddraer van God te sien. Vir die kerk het elke sorgbehoewende kind dus beslis 'n waarde. Deur opvoeding en onderwys moet die kind teruggewin word vir kerk en maatskappy. As hy die inrigting verlaat, moet hy toegerus wees om deur eerlike werk 'n ekonomiese bestaan te maak en daarby nie alleen 'n volwaardige burger te wees nie maar 'n ware lidmaat van die kerk van Christus.

- - - - -

## HOOFSTUK VI.

### VERSTANDSMETING EN DIE VERSPREIDING VAN INTELLIGENSIE- KWOSENT BY DIE LEERLINGE AAN DIE ABRAHAM KRIEL-KINDERHUIS.

#### 1. Psigometriese resultate van toetse geneem van kinders aan die Abraham Kriel-Kinderhuis.

Vanaf 1941 het die Beroepsvoorligtingsburo van die Transvaalse Onderwysdepartement dit nodig geag om jaarliks die intelligensiëkwosient van alle leerlinge vanaf st. IV en hoër vas te stel. Die leerlinge word die Keerste keer in st. IV getoets en 'n kontroletoets word in die st. V-jaar toegepas.

Hierdie toetse is in die Langlaagte-Afrikaansmediumskool konsekwent toegepas vanaf 1941 tot op datum.<sup>1)</sup> Die leerlinge uit die Abraham Kriel-Kinderhuis is sorgvuldig gerangskik, en die verspreiding van intelligensiëkwosient by die leerlinge kon noukeurig in 'n tabel opgestel word.

Tabel VIII.

| I.K.    | '41 | '42 | '43 | '44 | '45 | '46 | '47 | '48 | '49 | '50 | '51 | Totaal |
|---------|-----|-----|-----|-----|-----|-----|-----|-----|-----|-----|-----|--------|
| 70-74   |     |     |     |     |     | 1   |     |     |     |     |     | 1      |
| 75-79   | 1   | 1   |     |     |     |     |     |     |     |     |     | 2      |
| 80-84   | 9   | 4   | 2   |     |     |     | 1   |     | 1   | 1   | 5   | 23     |
| 85-89   | 11  | 7   | 9   | 5   | 3   | 3   | 7   | 5   | 2   | 3   | 13  | 68     |
| 90-94   | 9   | 12  | 8   | 8   | 8   | 7   | 7   | 2   | 7   | 10  | 7   | 85     |
| 95-99   | 14  | 9   | 6   | 10  | 13  | 8   | 9   | 7   | 6   | 12  | 8   | 102    |
| 100-104 | 9   | 6   | 7   | 12  | 9   | 14  | 10  | 9   | 8   | 11  | 8   | 103    |
| 105-109 | 5   | 17  | 10  | 8   | 3   | 5   | 13  | 6   | 9   | 8   | 6   | 90     |
| 110-114 | 6   | 6   | 7   | 9   | 5   | 9   | 5   | 7   | 3   | 4   | 4   | 65     |
| 115-119 | 3   | 2   |     | 2   |     | 2   | 1   | 2   | 1   |     |     | 13     |
| 120-124 | 1   |     |     |     |     | 1   | 1   | 1   |     |     |     | 4      |
| 125-129 | 1   | 1   |     |     |     |     |     | 1   |     |     |     | 3      |
| 130-134 |     | 1   |     |     |     |     |     |     |     |     |     | 1      |
| Totaal  | 69  | 66  | 49  | 54  | 41  | 50  | 54  | 40  | 37  | 49  | 51  | 560    |

Dit dien ook hier gemeld te word dat die getalle soos dit op die tabel verskyn, die van leerlinge in standerd V was. Dit

1) I.K.-lêer van die Langlaagte-Afrikaansmediumskool.

het die versekering meegebring dat duplisering tot die minimum beperk was en dat die leerlinge bykans almal aan 'n kontroletoots onderwerp was.

By die oörplasing van die spesiale klas is die I.K. van 80 die boonste grens. Dit word gedoen in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse rapport oor swaksinnigheid.<sup>1)</sup> Dat daar in bostaande tabel nog 'n paar leerlinge met I.K.'s van onder die 80 in die normale klasse ingesluit is, kan verklaar word. Dit kan heel maklik gebeur dat leerlinge om verskillende redes eers in st. V getoots word, As die toets dan aan die lig bring dat 'n kind in 'n spesiale klas tuishoort, is dit reeds te laat om hom daarheen oor te plaas. Meesal is hierdie leerlinge dan al byna sestien jaar oud, en om hulle dan in 'n spesiale klas te plaas dien geen doel nie.

Wat van belang is, is die feit dat 91 van die 560 leerlinge, of 16%, onder die grens I.K. 90 val. Hierdie groep word deur deskundiges vir besondere oorweging aanbeveel.<sup>2)</sup> Hulle vorm 'n moeilike groep leerlinge, omdat die moontlikheid om in die sesde standerd te slaag, vir hulle baie gering is. In 1948 het daar geen enkele van hulle in Transvaal in die st. VIII-eksamen kon slaag nie en slegs 37 uit 87 kon in st. VII. slaag. Meer as twee-derdes het in die st. VI-eksamen gedruip.<sup>3)</sup>

Die volgende groep, naamlik diegene met 'n I.K. tussen 90 en 110, vorm die grootste meerderheid van die leerlinge. Van hierdie groep het die uitslae in Transvaal vir 1948 bewys dat die verspreiding van druipelinge in persentasie van ingeskrewe kandidate soos volg was:

TABEL IX.

| I.K.    | St. VIII | St. IX | St. X |
|---------|----------|--------|-------|
| 90-94   | 60       | 33     | 100   |
| 95-99   | 40       | 96     | 90    |
| 100-104 | 28       | 50     | 45    |
| 105-109 | 16       | 25     | 25    |

- 1) Aangehaal uit Verslag van Interdepartementele Komitee oor afwykende Kinders, 157.
- 2) Ibid.
- 3) Jaarverslag van die Beroepsvoorligtingsburo 1948.

Die gegewens in tabel VIII is 'n baie duidelike aanduiding vir die waarnemer waarom daar deur die administrasie van die inrigting 'n vakskool aan die Abraham Kriel-Kinderhuis in stand gehou word. Die ideaal van die kerk is om kinders wat aan sy sorg toevertrou is, nie die wêreld in te stuur alvorens hulle 'n selfstandige, eerbare bestaan kan maak nie en nie meer 'n ekonomiese las vir kerk en staat sal wees nie. Om leerlinge van hierdie intelligensiepeil in 'n akademiese rigting in te wil dwing, sou futiel wees.

Daar bly by die groep nog diegene oor met 'n intelligensiekwosiënt van oor die 110. Al is die verstandelike aanleg die belangrikste enkele faktor wat sukses in die skoolwerk waarborg, bly dit tog waar dat daar ook andere faktore is waarvan skoolsukses afhang. In hierdie verband sê prof. J. Chr. Coetzee: "Ons weet dat dom kinders soms deur inspanning en volharding tog daarin slaag om die skoolkursus met sukses te voltooi, wel nie besonder gou en goed nie; ons weet dat daar skrandere kinders is wat deur traagheid, onverskilligheid, luiheid 'n mislukking maak nie alleen van hul skoolloopbaan nie maar later ook van hul lewensloopbaan.<sup>1)</sup> Dat kinders met 'n betreklik hoë intelligensiepeil, naamlik van 115 en hoër, met 'n swak wil en verkeerde temperament dus ook nie 'n sukses van 'n akademiese loopbaan kan maak nie, is 'n feit waarmee onderwysers heel dikwels te doen kry.

As die redes waarom kinders deur die kinderhose na inrigtings verwys word, in aanmerking geneem word, verbaas dit die waarnemer nie dat selfs hulle met 'n hoër I.K. soms nie behoorlik op skool kan vorder nie. Kinders uit huise waar hulle aan emosionele versteurings, ondervoeding, slegte leergeleenthede, ongereelde slaap en liggaamlike ontbering blootgestel was alvorens hulle uiteindelik deur proefbeampies of welsynswerksters ontdek en na 'n inrigting gekommitteer is, sal nie en kan nie tot die beste ontplooiing kom nie, al sou

---

1) Coetzee: Verstandsmeting, 160.

daar met die uiterste inspanning in die heropvoedingsentrum aan hulle gearbei word.

2. Vergelyking wat intelligensiëkwasiënt betref, van die inrigtingskinders met kinders uit ander omgewings.

Om die gegewens aangaande die verspreiding van intelligensie by die inrigtingskinders in die regte perspektief te kan sien, is soortgelyke gegewens<sup>1)</sup> van drie ander skole ingewin en die gegewens is grafies vir die jare 1941 tot 1950 voorgestel.

Twee van die skole is geleë in woongebiede waar die armer en swakker betaalde werkende klasse woon, terwyl die derde skool in een van die mees vooraanstaande woonbuurtes van Johannesburg geleë is, waar die inwoners, na hulle lewenswyse geoordeel, almal welvarend is.

Die tydperk van tien jaar, waaroor die gegewens versamel is, is lank genoeg om met betreklike veiligheid algemene afleidings te maak.

By die bestudering van die grafieke is dit met die eerste oogopslag duidelik dat daar 'n treffende verskil bestaan tussen die leerlinge van die kinderhuis en die arm omgewings aan die een kant en dié van die ryk omgewing aan die ander kant. Ewe treffend is die groot mate van ooreenstemming tussen die kinderhuiskinders en die kinders uit die twee arm omgewings.

'n Verskynsel wat hom byna sonder uitsondering openbaar, is dat die ryk omgewing minder leerlinge aan die onderste grens het en altyd meer aan die boonste grens. Tegelykertyd is dit ook opmerklik dat die gegoede kinders se onderste grens byna deurgaans ver bo die onderste grens van die kinders uit die ander groepe is, en dat die boonste grens sonder uitsondering net so veel verder as die van die kinders uit die arm omgewings lê.

---

1) Sien lêers van die Beroepsvoorligtingsburo.






Vergelyking, wat intelligensiekwosient betref, van die  
inrigtingskinders met kinders uit ander omgewings.





Langlaagte A.M.-skool: \_\_\_\_\_




Skool in swak buurt: \_\_\_\_\_

Skool in swak buurt: \_\_\_\_\_

Skool in goeie woonbuurt: \_\_\_\_\_







3. Die waarde van die kennis nangaande die I.K.'s van die kinders van die inrigtingshoof.

'n Gesertifiseerde inrigting wat kindersorg onderneem, word deur die Kinderwet verantwoordelik gehou vir die onderwys en opvoeding van die kinders wat aan sy sorg toevertrou is. Dit is ook 'n selfopgelegde plig van die Abraham Kriell-Kinderhuis om by die kind sover moontlik standvastigheid aan te kweek alvorens hy die wêreld ingestuur word. Waar hierdie inrigting in die onmiddellike nabyheid van Johannesburg alle vorms van onderwys tot sy beskikking het, kom dit besonder goed te pas om op hoogte van die verstandelike toerusting van die kind te wees. Dit kan ten minste verhoed word dat minder begaafde kinders in 'n akademiese rigting gestuur word, waardeur kosbare tyd en geld verkwis word. Waar die kinderhuis oor 'n eie vakskool beskik, is dit van groot waarde om kennis te dra van die kind se intellektuele vermoëns, sodat plasing in die vakskool waar die kind vir een of ander ambag voorberei word, nie onnodig uitgestel hoef te word nie.

By die beoordeling van gedragsafwykings kan 'n insig in die verstandskwasiënt van groot waarde wees. Dit kan die taak van die inrigtingshoof by die plasing van die kind in die regte groep grootliks vergemaklik.

HOOFSTUK VII.

NASORGWERK VAN DIE ABRAHAM KRIEL-KINDERHUIS.

1. Wat word van die kinders wat die Abraham Kriel-Kinderhuis verlaat?

Hierdie vraag is sedert die stigting van die kinderhuis seker dikwels gestel. Van tyd tot tyd het die direksie gevoel dat dit sy plig is om die publiek daarbuite op hoogte te hou van die uiteindelijke bestemming van die kinders wat aan sy sorg toevertrou is. In die maandverslae is bogenoemde vraag derhalwe dikwels beantwoord.

Elke kind, so luit een van die verslae, word op eie meriete behandel en geen kind word ooit aan die genade van die wêreld toevertrou nie. In baie gevalle word kinders na st. IV, V of VI toegelaat om na een of ander familielid terug te keer.<sup>1)</sup> Baie vind 'n goeie heenkome in vreemde huisgesinne, en die vreugde is wederkerig. Maar in die reël word na iets hoërs gemik as die arbeiderstand. Die kinders kom uit die fatsoenlikste klasse van ons bevolking, en as die weeshuis hulle opvoed om hulle staanplek te behou of te herstel, sal elke reggeaarde burger die bestuur daarvoor loof; daarenteen sal hy dit afkeur as hierdie kinders tot diensbodes verneder moet word.<sup>2)</sup>

Met baie van die kinders gaan dit goed; met ander minder goed, maar van die grootste meerderheid word daar deur die inrigting nooit weer iets verneem nie.<sup>3)</sup>

Baie mense verkeer onder die indruk dat as seuns of dogters die weeshuis verlaat, hulle dan op eie houtjie enige werk kan onderneem sonder dat die weeshuis vir die verhoudings tussen weeskind en werkgewer verantwoordelik bly. Op

---

1) Maandverslag van die Abr. Kriel-kinderhuis, Feb. 1912.

2) Ibid., Jan. 1915.

3) Ibid., Sept. 1915.

hierdie manier het dogters al uit eie beweging by huisgesinne gaan werk waar hulle later verneder is: in plaas van aan tafel te eet, nuttig hulle dikwels hulle maaltye saam met die bediendes in die kombuis.<sup>1)</sup>

Daar was dus oorgoenoeg rede om bekommerd te wees oor die kinders wat na die ouderdom van agttien jaar die inrigting verlaat. Die noodsaaklikheid en waarde van behoorlike nasorg is al meer en meer ingesien, en in 1932 skryf die direkteur van die inrigting in sy maandverslag dat die inrigting nog steeds sy bes doem om in aanraking met die reeds uitbestede seuns en dogters te bly. Vir baie van hierdie kinders bly die inrigting feitlik die enigste ware huis wat hulle ooit geken het, en hulle wend hulle nog maar steeds na die bestuur om raad en leiding. Baie van hulle korrespondensie getuig van 'n haas onweerstaanbare heimwee, getuie aanhalings soos: ".....baie groete en liefde aan almal, wat in die dierbare ou weeshuis is" en "..... nooit sal ek die weeshuis vergeet nie".<sup>2)</sup> Die direkteur erken ook tegelykertyd dat nasorg ongetwyfeld baie takt en deeglike mensekennis vereis, veral as dit tot die onderlinge verhouding tussen werkgewer en kind kom. Reg moet aan albei kante geskied sonder om onnodig teleur te stel of kwaad te maak.

Die gedagte aan 'n georganiseerde stelsel van nasorg het dus begin posvat. Met betrekking tot oud-wese op die Rand is daar 'n bietjie meer gedoen. Mev. De Vos, die gade van die direkteur, het die dogters wat in diens uitbestee is, gaan besoek. Sy het gevind dat so 'n besoekie baie op prys gestel word en dat dit help om die bande tussen kind en inrigting heg te hou. Die gevolg was dat baie van die kinders hulle weeklikse vry middag by die inrigting kom deurbring het, en ander het selfs die Nagmaalsviering op Langlaagte kom bywoon.<sup>3)</sup>

---

1) Maandverslag van die Abr.Kriel-Kinderhuis, Jan. 1921.

2) Ibid., Maart 1932.

3) Ibid., Maart 1931.

Met die kind wat uitbestee is, is verband gehou tot dat hy een-en-twintig geword het. Nie alleen is daar die amptelike verbinding met die kantoor nie, maar sover moontlik word die kinders besoek om die kontak te bewaar. Personeellede en onderwysers wat met vakansie gaan, probeer soveel moontlik om die oud-wese op te soek. Op dié wyse kon kontak met kinders in Kaapstad en Omstreke, Port Elizabeth, Natal en selfs in Mashonaland herstel word.<sup>1)</sup>

Die toesig oor die honderde seuns en dogters wat deur die jare die inrigting verlaat het, het dus maar die plig gebly van die direkteur, en met sy veelvuldige ander verantwoordelikhede kon daar onmoontlik reg aan hierdie uiters noodsaaklike en gewigtige werksaamheid geskied.<sup>2)</sup> Toevallige en ongeorganiseerde stelsels en metodes van vasstelling van wat van die inrigtingskind word, kon nie meer geduld word nie. Van owerheidsweë is die saak ook in 'n ernstige lig beskou, en deur wetgewing is vereistes aan kindersorginrigtings gestel om hierdie saak te hanteer om te verseker dat kinders nie weer verval in dieselfde omstandighede waarmee hulle oorspronklik te kampe gehad het en waaruit hulle verwyder moes word nie.

## 2. Wetsbepalings ten opsigte van nasorgwerk.

Nadat wetgewing in Suid-Afrika tot stand gekom het, kon nasorgwerk daarvolgens op 'n georganiseerde basis geplaas word. Artikel 41 van die Kinderwet<sup>3)</sup> bepaal dat die bestuur van 'n gestig aan 'n leerling van die gestig skriftelike vergunning kan gee om in die bewaring van 'n geskikte persoon te gaan woon vir 'n tydperk wat nie langer duur as tot die verstryking van die tydperk van voortgesette toesig oor die leerling nie, en op sodanige voorwaardes as wat by ooreenkoms tussen bedoelde persoon en die bestuur bepaal mag word.

---

1) Maandverslag van die Abraham Kriel-Kinderhuis, Okt. 1932.

2) Ibid., Feb. 1939.

3) Kinderwet no. 31 van 1937, 49.

Sodanige vergunning kan egter nie sonder die toestemming van die Minister verleen word voordat 'n tydperk van twee jaar verloop het vanaf die aanvang van sy lopende tydperk van aanhouding nie. Die bestuur kan in so 'n vergunning bepaal dat die leerling, solank hy in die bewaring van die persoon is wat in die vergunning genoem word, onder toesig sal staan van 'n proefbeampte of van 'n persoon of vereniging van persone wat vir die beskerming, welsyn en redding van kinders werk. Die bestuur kan te eniger tyd die vergunning terugtrek en aan die persoon in wie se bewaring die leerling geplaas is, opdrag gee om die leerling na die inrigting terug te bring. Die persoon kan hom egter op die Minister beroep, en as hy, nadat hy ondersoek ingestel het, die beroep billik, kan hy die vergunning herstel.

Die bestuur kan, as die tydperk waarvoor vergunning verleen is, voor die verloop van die tydperk van voortgesette toesig verloop, die leerling gelas om na die gestig terug te keer, die vergunning vir 'n tydperk verleng of vergunning verleen dat die leerling gedurende die oorblywende deel van die tydperk van voortgesette toesig in bewaring van 'n ander geskikte persoon kan woon.

As die leerling ten tye van die terugtrekking van die vergunning bo die leeftyd is waarin hy in die gestig sou aangehou word, moet hy so spoedig moontlik en nie 'n dag later as drie maande na sy terugkeer nie, weer met vergunning uitgeplaas word. Die bestuur moet by intrekking van die vergunning dadelik die Minister van die rede van die intrekking van die vergunning in kennis stel. Ook die verlening van nuwe vergunning moet aan die minister meegedeel word.

Die bestuur van die inrigting waaruit die leerling met vergunning uitgeplaas is, moet voortdurend oor die sedelike, liggaamlike en stoflike welvaart van sodanige leerling toesig hou.



Die Wet<sup>1)</sup> stel verder die tydperk vas vir nasorg nadat die leerling die inrigting verlaat het. Artikel 351 (2) bevat die volgende bepalings:

Na afloop van die tydperk van aanhouding van iemand in 'n gesertifiseerde tehuis of verbeteringshuis bly hy onder die toesig van die bestuur van die tehuis of die toesig waaronder hy wettig geplaas is,

- (a) indien hy, op die tydstip van die toelating tot die tehuis, minder as sestien jaar oud was, totdat hy die leeftyd van een-en-twintig jaar bereik; of
- (b) indien hy op daardie tydstip minder as negentien jaar oud was, totdat hy die leeftyd van drie-en-twintig jaar bereik het; of
- (c) indien hy op daardie tydstip meer as negentien jaar oud was, totdat hy die leeftyd van vyf-en-twintig jaar bereik het.

Die Minister behou egter die reg om die tydperk, nie van aanhouding alleen nie maar ook van toesig na aanhouding, na gelang van omstandighede te verkort of te verleng.

Die bestuur van 'n inrigting het dus gedurende hierdie periode van nasorg nog finale beheer en het die reg om aanbevelings in verband met die kind by die Minister te maak.

Die regulasies onder die betrokke Wet maak verder voorsiening vir alle pligte en magte van die beheerraad van die inrigting tydens die periode van toesig oor die leerling.

### 3. Die doel van nasorg.

Die doel van nasorgwerk sluit hom aan by die doel van die werksaamhede van die inrigting. Waar die doel van die inrigtingsorg in die eerste plek die rehabilitasie van sorgbehoewende kinders is, sou dit sy eie doel verongeluk indien hy die kind op 'n leeftyd van agttien jaar by die deur uitstoot om homself in 'n ekonomies-ingewikkelde en onsimpatieke wêreld te handhaaf. Die kind moet nie net in 'n verdienste

---

1) Kinderwet, no. 31 van 1937, 111.

geplaas word nie, maar hy moet gehelp word om hom by sy nuwe huislike omstandighede, sy werk en sosiale toestande aan te pas. As hy drie agtereenvolgende jare in hierdie aanpassingsproses deur die nasorgwerker bygestaan kan word, kan met reg verwag word dat hy dan in staat behoort te wees om self verder oor die weg te kom. . . .

Met volle inagneming van al die beskikbare inligting omtrent die kind se gedragsmoeilikhede, sy agtergrond, sy opvoeding en sy opleiding moet metodes aangewend word om die kind te help om hom aan te pas.<sup>1)</sup> Dit kan selfs gesê word dat die finale stadium in die reeks eintlik die belangrikste is. As die fondament wat die inrigting gelê het, nie gekonsolideer word nie, kan alle voorafgaande moeite en offerering waardeloos en vrugtelos wees.

#### 4. Ontwikkeling van nasorgwerk in die Abraham Kriel-Kinderhuis.<sup>2)</sup>

Soos voorheen vermeld, het die gedagte aan 'n georganiseerde stelsel van nasorg in die begin van die dertiger jare al begin posvat. Dit was indertyd in die hande van die direkteur, en waar hy af en toe deur onderwysers en selfs sy gade bygestaan is, het dit tog mettertyd geblyk dat dit 'n onbegonne taak sou wees om die honderde leerlinge wat reeds die inrigting verlaat het, sonder die dienste van 'n voltydse nasorgwerker doeltreffend onder toesig te hou.

Op 1 Desember 1938 is mnr. S.J. Serfontein gevolglik in die betrekking aangestel.<sup>3)</sup> Die eerste ses maande van sy ampstyd was, soos hy dit noem, vir hom 'n ontgroeningstydperk waarin hy op hoogte omtrent die vereistes van die werk moes kom, die kinders moes leer ken en bekend raak met die terrein waarop hy hom in die toekoms sou moet beweeg. Dat die toesig oor leerlinge wat toe reeds die inrigting verlaat het, nog maar steeds lapwerk sou wees, is te begrype. Beter werk

---

1) Theron: Inrigtingsversorging, 221.

2) Nasorgjaarverslae van die Abr.Kriel-Kinderhuis, 1939-1949.

3) Hoofbestuursnotule van die Abr.Kriel-Kinderhuis, 344.

ten opsigte van leerlinge wat aan die einde van 1939 die wêreld ingegaan het, kon darem nou in die vooruitsig gestel word. Die nasorgwerker kon hierdie leerlinge nou gedurende die jaar leer ken. Hy kon ook 'n studie maak van hulle agtergrond, hulle opleiding en sover moontlik van hulle temperament en aanleg. In die lig van hierdie besonderhede is werk vir hulle gesoek.

Daar is met werkgewers onderhandel, en in baie gevalle is die saak deur die werkgewers in die regte lig gesien en het hulle onderneem om saam te werk en die leerling op die regte pad te probeer hou. Losiesplek is ook vir elke leerling gevind, en die nasorgwerker het homself van die geskiktheid van die losiesplek oortuig voordat hy 'n leerling daar geplaas het. Ter aanvulling hiervan is daar ook rekening gehou met die werkstoostande, loon en vakleerling-  
klapkontrakte waardeur leerlinge in hulle verskillende ambagte in diens geplaas is. Leerlinge is aangemoedig om gereeld die inrigting te besoek, en daar is selfs twee middae per maand bepaal vir gereelde besoek, wanneer daar dan by die inrigting tennis gespeel is. Hierdie gebruik is egter ingestel slegs vir dogters wat die soort werk gedoen het wat hulle geleentheid gebied het om 'n middag per week vry te kry. Die seuns is aangemoedig om met hulle eerste verlof na die inrigting te kom en alles omtrent hulle werk mee te deel.

Die werk is sedertdien op hierdie wyse voortgesit. Na 'n paar jaar van ondervinding kon die nasorgbeampte verklaar dat van al die metodes van toesighouding die persoonlike besoeke aan die leerlinge die vrugbaarste middel geblyk het om welslae in die nasorgwerk te behaal. Hoe meer die seuns en dogters besoek word, hoe meer raak hulle bewus van die belangstelling van die kant van die inrigting, en belangstelling vir die inrigting word mettertyd by hulle gekweek.

Hulle keer meer dikwels vir 'n kort besoek terug na die inrigting, waar hulle dan met belangstelling ontvang word. Die inrigting word 'n soort anker in die kind se lewe.

In Januarie 1943 het mnr. A. Winkler die betrekking van nasorgwerker in die plek van mnr. Serfontein aanvaar. Sy werkaanvaarding het nie met die moeilikhede van dié van sy voorganger gepaard gegaan nie. Die werkplan was klaar opgestel, en die kantooradministrasie was van so 'n aard dat 'n nuweling dadelik die werk kon voortsit. 'n Belangrike stap is nou gedoen toe mnr. Winkler die samewerking van die Armesorgraad van die Witwatersrand gesoek het. Met dié liggaam is ooreengekom om die nasorgwerk van die inrigting met die van die Armesorg te koördineer. Maatskaplike werkers sou 'n lys uitbestede dogters ontvang en hulle sou, waar hulle in aanraking kom met oud-wese wat aandag nodig gehad het, verslae oor die gevalle opstel en aan die inrigting stuur. Hierdie metode sou veral waarde hê in gevalle waar die leerlinge al oor die een-en-twintig jaar oud was en dus nie meer regstreeks onder die toesig van die inrigting staan nie. Kontakte kan dan herstel word en 'n helpende hand kan aan hulpbehoewendes gereik word.

Toesig is gedeeltelik ook deur welsynsbeamptes van die Departement van Volkswelsyn uitgevoer. Dit was egter die ondervinding van mnr. Winkler dat hierdie persone nie die vertroue van die leerlinge geniet soos 'n persoon wat voltyds in diens van die inrigting staan nie. Gedurende sy verblyf in die inrigting ontwikkel daar by die kind die nodige vertroue in die werkers en werkers, en bande feitlik gelyk aan familiebande word gesmee.

Teen die middel van die jaar 1946 was nasorgwerk al op 'n hegte grondslag geplaas, en die Sekretaris van Volkswelsyn skryf in sy jaarverslag: "Die nasorgwerk, wat deur u inrigting gedoen word, is seker van baie groot belang en voorsien beslis in 'n leemte, wat nog by so baie kinderinrigtings bestaan". Die nasorgwerker voeg hierby dat na-

sorgwerk ongetwyfeld die doeltreffendheid van inrigtingswerk verhoog en stel die werkers van die inrigting ook in staat om vas te stel in hoeverre hulle werk geslaagd was.

Aan die begin van die jaar 1948 is 'n nuwe nasorgwerker in die persoon van mnr. M.B. du Plessis aangestel. Hy het die werk voortgesit langs die weë deur sy voorgangers gebaan. Soos hulle lê hy ook alle klem op die noodsaaklikheid van die godsdienstige element by die opheffing van die siel. Op hierdie gebied het hy gevind dat die nasorgwerker 'n bruikbare instrument kan wees. Die afgedwaalde of gevalle seun of dogter mag nie veronagsaam word nie. Hy erken dat daar moeilike gevalle voorkom wat behandel moet word, maar aan die ander kant kry hy ook te doen met bruikbare materiaal, wat deur lydsame en volhardende arbeid tot die regte vorm geboetseer kan word.

##### 5. Moeilikhede en mislukkings.<sup>1)</sup>

Dit spreek vanself dat daar teleurstellings en mislukkings verwag kon word by die uitbesteding van inrigtingskinders. Aan die begin van 1940 moes twee van die dogters weens buitensporige gedrag na die inrigting teruggebring word om 'n tydlank aangehou te word sodat hulle persoonlikheid, soos die nasorgwerker dit uitdruk, neer bestendig kon raak. Ook gedurende die volgende jaar was daar 'n paar dogters wat hulle aan wangedrag skuldig genaak het. Hierdie persone was, in die woorde van die nasorgwerker, van 'n swak en agterlike tipe, en daar kon nie veel van hulle verwag word nie. Daar was 'n ander aspek wat hom selfs by die kinders wat hulle goed gedra het, neer gekwel het, en dit was die kerkloosheid en kerklosheid wat by die grootste persentasie van die uitgeplaaste kinders aangetref word. Hy betreur die feit dat nieteenstaande die intensiewe godsdienstige opleiding van die inrig-

---

1) Nasorgjaarverslae van die Abr.Kriel-Kinderhuis, 1939-1949.

ting die kinders tog maar dieselfde as ander kinders is. Hy glo dat die inrigting nie daargestel is om mense net stoflik op die been te bring nie maar om hulle vir God en die ewigheid te wen; as die siel eers opgehef is, sal die ander tydelike dinge vanself kom, en dit sal die opvoedingstaak ook vergemaklik.

Nog 'n moeilikheid wat dikwels met dogters ondervind is, was die onbesonne en ongeoorloofde huwelike. As dogters eers die toestemming van die direkteur tot 'n huwelik sou vra, sou dit moontlik gewees het om 'n paar oorhaastige en ongewenste huwelike te voorkom. Sekere dogters moes weer na die inrigting teruggebring word vir straf weens verlatting van werk- of woonplek sonder kennisgewing, onbevredigende werk of parmantigheid en weens ongewenste verhoudings met mans.

Nasorgwerkers kla veral oor die feit dat artikel 57 van die Kinderwet die ouer of voog, wat van sy reg van beheer oor die kind onthef is, tog nog die reg verleen om toestemming tot die huwelik van 'n onmondige kind te verleen. Dit maak die toesig van die inrigting ten opsigte van so 'n lewensbelangrike saak soos die huwelik magteloos.

... Baie van die moeilikhede sou miskien nie voorgekom het as daar nie die skaarste aan geskikte losiesplek was nie. In 'n groot stad soos Johannesburg is geskikte losiesplek nie altyd beskikbaar nie, veral as mens losies vir jong, onbedrewe dogters in gedagte het. Danksy die optrede van die Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie is daar op etlike plekke die koshuise vir laagbesoldigde dogters opgerig, waar hulle onder Christelike toesig verkeer. Talryke jong mans en dames is egter nog aangewese op private losies, wat nie alleen te duur is nie maar waar daar nie juis na die geestelike welvaart van die jong mense ook omgesien word nie.

Behalwe bogenoemde moeilikhede gebeur dit ook dikwels dat daar moet gekla word oor die neiging van vakleerlinge om hulle werk te verlaat of te verwissel. Vir dogters kan sulke wispelturigheid en inkonsekwentheid nie so nadelig wees as vir seuns wat hulle werk verlaat voordat hulle vakleerlingskap voltooi is en derhalwe nooit stabiliteit in hulle loopbaan bereik nie maar wanneer arbeid weer sou skaars word, tot die werkloosheidsgroep en uiteindelik tot die armblankedom gedoem is.

#### 6. Die omvang van die nasorgwerk.<sup>1)</sup>

Die werk van die nasorgamptenaar van die Abraham Kriel-Kinderhuis sluit ook die veeleisende taak in om vir die leerlinge werk te vind wat nadat hulle hul opleiding in die inrigting se vakskool voltooi het, uitgeplaas word. By die keuse van 'n betrekking of 'n beroep word die kind se begeerte terdeë in aanmerking geneem, dog elke geval word volgens sy verdienste behandel. Daar moet gedurig gewaak word teen swak invloede in ongewenste kringe waarin 'n seun of dogter op aandrang van 'n welmenende vriend of familielid kan beland. Een van die faktore wat die meeste hoofbrekens by die uitplasing van leerlinge besorg, is die verstandelike agterlikheid wat sy merkteken op skool- en vakprestasies van die leerling nalaat. Ongeregverdigde kritiek vanuit die publiek, naamlik dat sommige seuns en dogters sonder 'n eie keuse in die eerste die beste betrekking gestop word, word dikwels gehoor. Die volgende statistiek dui die verskillende betrekkings aan, waarin uitbestede leerlinge gedurende die jare 1939-1949 geplaas is:

---

1) Nasorgjaarverslae van die Abraham Kriel-Kinderhuis, 1939-1949.

Tabel X.

| Beroep             | '39 | '40 | '41 | '43 | '44 | '45 | '47 | '48 | Totaal |
|--------------------|-----|-----|-----|-----|-----|-----|-----|-----|--------|
| Huiswerk           | 10  | 11  | 8   | 2   | 1   | 2   |     | 2   | 36     |
| Werk in hospitaal  | 6   | 3   | 4   | 5   | 5   | 6   | 2   | 5   | 36     |
| Werk in koshuise   | 3   |     |     |     | 2   | 1   | 2   | 1   | 9      |
| Kindermeisies      | 1   | 1   |     |     |     |     |     |     | 2      |
| Terug na eie mense | 8   | 1   | 8   | 5   | 8   | 3   | 1   | 8   | 42     |
| Tiksters           |     | 3   |     | 5   | 7   | 5   | 4   | 3   | 27     |
| Verpleegsters      |     | 1   | 1   | 3   | 4   | 10  | 6   | 6   | 31     |
| Klerklike werk     |     | 1   | 1   | 4   | 3   | 2   | 3   | 6   | 20     |
| Naaldwerk          |     |     | 2   |     | 3   | 1   | 2   | 2   | 10     |
| Telefoniste        |     |     |     |     | 1   |     |     | 3   | 4      |
| Onbenoemd. (Seuns) | 30  |     |     |     |     |     |     |     | 30     |
| Messelaars         |     | 8   | 6   | 7   | 6   | 2   | 5   | 6   | 40     |
| Loodgieters        |     | 3   | 3   | 8   | 6   | 2   | 3   | 5   | 30     |
| Skrynwerkers       |     | 2   | 9   | 9   | 5   | 6   | 9   | 8   | 48     |
| Smede              |     | 2   | 5   | 3   | 7   | 6   | 4   | 3   | 30     |
| Na eie mense terug |     | 2   |     |     | 1   |     |     |     | 3      |
| Manskleremakers    |     |     |     | 2   | 6   | 1   | 1   |     | 10     |
| Skoenmakers        |     |     |     | 1   | 2   | 2   |     |     | 5      |
| Handel             |     |     |     |     |     |     |     | 1   | 1      |
| Boerdery           |     |     |     | 4   | 2   | 1   | 3   | 7   | 17     |
| Stoker op trein    |     |     |     | 1   |     |     |     |     | 1      |
| Elektrisiëns       |     |     |     |     | 1   |     |     |     | 1      |
| Skilders           |     |     |     |     |     |     |     | 1   | 1      |
| Totaal             | 58  | 38  | 47  | 59  | 70  | 50  | 45  | 67  | 434    |

Voorgaande tabel sluit leerlinge in wat die vakskoolkursus van die inrigting deurloop of gedeeltelik deurloop het. Om volledige duidelikheid ten opsigte van beroepe te kry is 'n verdere verduideliking nodig. Die groepe dogters wat jaarliks vir die Nasionale Huisvrousertifikaat opgelei word, sluit min of meer daardie dogters in wat nie die nodige intellektuele



bekwaamheid besit om vir verpleegsters, tiksters of klerklike werk opgelei te word nie. Hulle word dan in betrekkings geplaas waar hulle tog edel werk kan verrig. Onder huiswerk moet verstaan word dié werk by private huisgesinne. Werk in hospitale bestaan uit naaldwerk, kokery en algemene huiswerk. Werk in koshuise sluit in naaldwerk, kokery en selfs die werk van die matrone. Onder die hoof "verpleging" is ingesluit die leerling-verpleegsters en verpleegsters sonder opleiding. Klerklike werk veronderstel alle soorte klerklike werk in winkels, banke, munisipale en private kantore, spoorweë en ander staatsdepartemente.

Daar word ook melding gemaak van leerlinge wat teruggaan na hulle eie mense. Sommige van hierdie kinders verlaat die inrigting nog voordat hulle die vakopleiding voltooi het. Sulke uitplasings geskied egter nie sonder die toestemming van die Departement van Volkswelsyn en die direkteur van die inrigting nie. Meesal geskied dit ook slegs wanneer die betrokke leerlinge in 'n beter posisie geplaas kan word as wat die inrigting vir hulle kan verseker.

Dit blyk verder duidelik uit die tabel dat daar maar min leerlinge is vir die beroepe van tikster, telefoniste, handel en elektrisiën. Hierdie beroepe vereis 'n hoër peil van intelligensie en meer inspanning en doelnastrewing as wat gewoonlik by die gemiddelde inrigtingskind aangetref word.

- - - - -

## HOOFSTUK VIII.

### PROBLEME VAN DIE ABRAHAM KRIEL-KINDERHUIS.

#### 1. Gedragsafwyking.

In sy verslag oor afwykende kinders het die Inter-Departementale Komitee<sup>1)</sup> ook onder andere 'n definisie gegee van gedrag: "Gedrag in sy breedste konnotasie is die reaksie van die individu teenoor die milieu. Wanneer die reaksie sodanig is dat dit met die algemeen gangbare reaksie in daardie milieu ooreenstem, dan is sodanige gedrag normaal. Wanneer die reaksie van die individu egter met die erkende manier van reageer in botsing kom of opvallend daarvan verskil, dan wyk die gedrag af". 'n Gedragsafwykende kind is derhalwe 'n kind wat weens konstitusionele aanleg of weens verkeerde opvoeding, opvattinge en ideale en die vorming van verkeerde gewoontes afwykings in sy gedrag van die deur die gemeenskap aanvaarde norm toon. Dis afwykings wat die vordering in sy studie en sy aanpassing in die gemeenskap belemmer, en wat by afwesigheid van gepaste behandeling, moontlik tot wanaanpassing insluitende misdaad in die algemene gemeenskap kan lei. Afwykende gedrag kan bepaal word deur of konstitusionele aanleg van die persoon of deur sy omgewing, waarby ingesluit is liggaamlike, geestelike en verstandsfaktore, verkeerde opvoeding tuis en elders en verkeerde gewoontes, ideale, onbevredigde drange, of deur aanleg sowel as omgewing.<sup>2)</sup>

Die gekommitteerde kind kom meesal uit huisgesinne waarin daar in 'n sekere mate verwarring ingetree het. Meesal is die kind daar aan verkeerde opvoeding blootgestel en kon verkeerde gewoontes maklik as gevolg van die swak voorbeeld van die ouers gevorm word. Wat sy konstitusionele aanleg betref, kan die geregverdigde afleiding gemaak word dat hy dieselfde swakhede en neigings as sy ouers sal openbaar. Die kind se omgewingsinvloede en sy aanleg is dus alreeds voorwaardes vir gedragsafwyking.

---

1) Verslag van die Inter-Dept. Komitee oor Afwykende Kinders, 161

2) Ibid., 162.

Dit is juis in sy kinderdae dat die karakter van die kind gevorm word met sy bates sowel as sy laste in terme van reaksiepatrone van angs, onsekerheid, passiwiteit, afhanklikheid, weerspannigheid, agressiwiteit, haat, vyandigheid, woede ensovoorts.<sup>1)</sup> Waar die persoonlikheid nie uit die gekompliseerde interaksie van hierdie verskillende emosies sin-teties opbou kan word en rypheid bereik nie, ontstaan geestes-ongesteldheid. Die verkeerde opvoeding en al die ander fak-tore wat op die kind in die verwaarloosde huisgesin ingewerk het, lei nou tot gedragsafwyking, wat maklik tot jeugmisdaad kan vererger.

Dit moet dus al 'n vooropgestelde verwagting wees dat 'n gekommitteerde kind tydens sy verblyf in die inrigting een of ander vorm van gedragsafwyking aan die dag sal lê. Dit vorm meteen die grootste probleem waarmee die inrigtingsper-soneel te kampe het. Waar dit die doel van die inrigting is om die kind te rehabiliteer, sosiaal sowel as geestelik, bots hy hier teen 'n magtige potensieële swakheid wat die kind met hom na die inrigting bring. Slaag hy nie in die poging tot heropvoeding nie, kom die kind voor 'n dag met sy swakhede, wat in alle vorms van afwykende gedrag uiting vind. Uit 'n sosiologiese standpunt het die inrigting nou in sy doelstel-ling gefaal. In plaas van as 'n volwaardige burger gaan die kind nou die lewe in met 'n perverse uitsig en 'n inherente moontlikheid om gedurig in botsing te kom met die milieu waarin hy hom sal beweeg. So 'n kind kan nou nie in die in-rigting aanbly nie, en die enigste metode van skadeloosstel-ling is die verwydering na 'n spesiale inrigting.

## 2. Gevalle van gedragsafwyking wat in die Abraham Kriel-Kinderhuis voorgekom het.<sup>2)</sup>

Geval 1428: In Julie 1940 is drie kinders uit dieselfde huisgesin in die inrigting opgeneem. Die moeder is oorlede,

---

1) Social Yearbook, 1947, 315.

2) Kinderlêers van die Abraham Kriel-Kinderhuis.

en die stiefmoeder was in 'n afsonderingshospitaal vir tering-lyers. Tuis was die kinders verwaarloos en het hulle groot gebrek gely. Die oudste dogtertjie, nog maar tien jaar oud, moes self kos voorberei. .

Nadat sy vyf jaar lank in die inrigting was, het die dogter allerhande gedragsafwykings begin toon. Op 'n dag het sy die hele dag saam met 'n maat weggeloop. Later het sy sonder verlof in die strate begin rondslenter en uiterse ongewenste tipes seuns ontmoet. Later is besoeke afgelê by buitemense waar die seuns ingewoon het. As sy teengegaan is oor hierdie gedrag, het sy vuil taal gebesig. Waar sy by personeellede van die inrigting huiswerkles moes doen, het sy meermale geld gesteel en bedrae van en tot £5 het verdwyn.

In November 1948 is sy, na die voltooiing van die Huis-houdkunde-opleiding, as kookster in 'n hoërskoolkoshuis uitgeplaas. Hier sou 'n bediende haar onweloweglik aangespreek het en het sy hom 'n klap gegee. Sy is onmiddellik ontslaan en het verdwyn. Later het dit aan die lig gekom dat sy by 'n suster gaan inwoon en in 'n klerefabriek in die stad gaan werk het. Die suster het haar uiteindelik by die inrigting aangekla weens haar onweloweglike gedrag. Sy is toe in een van die koshuise vir laagbesoldigde meisies geplaas. Sy het nou weer bevriend geraak met private mense, en hier het sy 'n jongman ontmoet met wie sy op 'n onbetaamlike wyse omgegaan het. Sonder verlof van die huismoeder het sy snags laat van die koshuis uitgebly.

Die nasorgwerker van die inrigting het dit toe noodsaaklik geag om haar terug te bring, en sy is deur die Departement Volkswelsyn na 'n inrigting vir onbeheerbare dogters in Durbanville gestuur.

Dit moet ook hier gemeld word dat sy op skool weens 'n baie lae I.K. in die spesiale klas geplaas is.

Geval 1507: Hierdie geval, 'n dogter, is op sewejarige leeftyd in die inrigting opgeneem op grond van die feit dat haar vader, 'n verslaafde dronkaard, die huis verlaat het sonder om voorsiening vir die huisgesin te maak. Na 'n geruime tyd is die vader en moeder weer versoen en is aansoek gedoen om die ontslag van die dogter uit die inrigting. Huislike toestande het die ontslag egter nooit geregverdig nie. Die gesin het nooit 'n vaste woning gehad nie omdat die vader, 'n boorman van beroep, altyd moes rondgaan en in 'n tent moes woon.

Op vyftienjarige leeftyd is die dogter op 'n dag deur die moeder ontvoer. Die moeder is voor die hof gebring en sy en haar seun, wat medepligtig was, is elk tot 'n boete van £15 of ses maande-dwángarbeid veroordeel. Die vonnis is twee jaar opgeskort. Die moeder het egter aangehou om die kind tot opstandigheid aan te hits. Twee jaar later is die dogter vir blindedermonsteking geopereer. Toe sy aan die beterhand was, het sy verhoudings met manspersone by die hospitaal begin aanknoop. Nadat sy alreeds tuis was, het sy dikwels rede gesoek om na die hospitaal te gaan. Sy het selfs met die wond van die operasie gepeuter om dit in 'n septiese toestand te hou en sodoende rede te hê om na die hospitaal te gaan. Gedurende Desember is sy met vakansie na vriende. Hier het een van haar sogenaamde hospitaolvriende sy opwagting gemaak, en toe daar van die kant van die huismense beswaar teen hierdie ongeoorloofde besoek gemaak is, het die dogter haar so gedra dat sy onmiddellik na die inrigting teruggestuur is.

Die dogter het 'n ooglopende voorliefde vir mans en veral ouer mans geopenbaar. Toe sy op 'n keer verlof gekry het om haar ouers tydens 'n naweek te besoek, het haar vader, onder die invloed van drank, pogings aangewend om seksuele gemeenskap met haar te hê. Nadat sy teruggekom het, het sy

weer wegge-loop na die ouers. Dit is toe in haar belang geag om haar na die Tempe-nywerheidskool in Bloemfontein oor te plaas.

Geval 1232: Hierdie seun is in September 1938 op sewe- jarige leeftyd in die inrigting opgeneem. Op sestienjarige leeftyd het hy tekens van gebrek aan selfbeheersing begin toon. Meer en meer het hy neigings om jonger en swakker kinders te mishandel getoon. Gedurende die jaar 1949, die laaste jaar van sy vakopleiding, het hy hom aan 'n reeks vergrype skuldig gemaak. In Februarie is hy voor die direkteur gebring omdat hy 'n jonger seun vol vuil olie gesmeer het. In Maart gedra hy hom onbeskof teenoor sy huisvader, minag sy opdragte en neem bowendien 'n uittartende houding aan. Gedurende dieselfde maand is tydens die kort vakansie 'n vakansiekamp vir 'n groep seuns op die plaas Moria gereël. Verlof om daarheen te gaan, is egter aan hom geweier en hy het toe daarheen gedros. In April het hy beledigend teenoor die huismoeder opgetree en selfs sy hand in 'n dreigende houding teen haar opgelig. In Mei het hy 'n jonger seun beveel om sekere opdragte uit te voer. Toe die seun weier, het hy hom met 'n lat en toe weer met 'n stok geslaan. Hierdie seun het uit vrees vir verder mishandeling wegge-loop. Nog 'n aantal gevalle van brutaliteit en uittarting teenoor personeellede is aangemeld.

In hierdie tyd het die seun 'n liefdesverhouding met een van die inrigtingsdogters aangeknoop. Teenoor die dogter het hy die uiterste mate van jaloesie getoon. Toe 'n jonger seun uit die publiek eenkeer met die dogter gepraat het, het hy hom aangerand en onbehoorlik met die vuis toegetakel. Geen waarskuwing het hom ooit van sy voorneme weerhou nie, en hy moes uiteindelik uit die inrigting verwyder word.

Geval 1981: Hierdie seun is op elfjarige leeftyd in die inrigting opgeneem. Uit die staanspoor het hy tekens van onbeheerbaarheid getoon. Hy was gedurig in die moeilikheid. Die wyse waarop hy diefstal gepleeg het, het 'n sterk vermoede van kriminele aanleg laat ontstaan. Gedurende die eerste drie maande van 1950 het hy sewe maal weggeloop sonder 'n bepaalde bestemming in die gedagte. Hy kon byna elke keer 'n ander seun beweeg om saam weg te loop. Nieteenstaande 'n I.K. van onder tagtig, wat hom in die spesiale klas laat beland het, het hy 'n besondere aanleg vir toneelspel getoon en kon daar by skoolkonserte min op sy rolvertolking verbeter word. Om te verhinder dat sy invloed op ander en kleiner seuns sou inwerk, is hy na 'n nywerheidskool oorgeplaas.

Geval 1917: Hierdie dogter se gedrag is by opname beskryf as swak. Sy was slordig en het vuil taal gebesig. Van die vader het die proefbeampte gesê dat hy 'n lae karakter is en benede die morele peil lewe. Hy was algevoonis vir falsitas. Hy het geen verdienste gehad nie, was werksku en kon dit bewerkstellig om ongeskiktheidstoelae te ontvang.

Die moeder het eweneens immoreel gelewe en het hoegenaamd geen toesig oor haar kinders gehou nie.

Die dogter het 'n lae I.K. gehad en het die meeste van haar skooljare in die spesiale klas deurgebring. Aan die begin van 1947 het sy uit die inrigting weggeloop. Sy was toe sestien jaar oud. Sy het na haar ouers toe gegaan, waar sy 'n losbandige lewe gelei het. Dit het later geblyk dat sy in hierdie tyd selfs seksuele gemeenskap met 'n sekere man gehad het. Sy is teruggebring na die inrigting en het weer na 'n man toe weggeloop met die doel om met hom te trou. Voordat sy toe weer na die inrigting teruggebring is, het die moeder laat weet dat die dogter getroud en verwagende was. Die nasorgbeampte het hom egter nie

deur hierdie berig laat beïnvloed nie en het haar tog na die inrigting teruggebring. Op pad na die inrigting het sy egter die begeleide ontwyk en moes later in hegtenis geneem en teruggebring word. Sy is toe medies ondersoek en geen swangerskap kon vasgestel word nie. Verwydering is aanbeveel, maar onderwyl die beslissing van die Minister afgewag is, het sy weer gedros en is op die Johannesburgse stasie besope aangetref. Sy is toe onverwyl na die Norwoodse detensie-huis verwyder en uiteindelik na 'n inrigting in Durbanville verplaas.

Geval 1543: Hierdie seun was nie alleen onbeheerbaar nie maar het as sterk misdadig voorgekom. Hy het 'n lang sondelys teen hom gehad, dog slegs oortredings gedurende die laaste jaar word hier weergegee. Op 11 April 1947 het hy by 'n kafee in Langlaagte lekkers gesteel. Hy is toe na die weeshuisplaas oorgeplaas met die hoop dat hy daar nie so maklik in versoeking sou val nie. Aan die einde van 1948 is hy teruggebring. Van toe af is sy oortredings opgeteken. Dit was as volg:

- |                   |                                                                            |
|-------------------|----------------------------------------------------------------------------|
| 2 Maart 1949      | - Rook.                                                                    |
| 13 Maart 1949     | - Raas gedurende stiltetyd.                                                |
| 16 Maart 1949     | - Rook.                                                                    |
| 23 Maart 1949     | - Rook.                                                                    |
| 8,9,10 April 1949 | - Rook.                                                                    |
| 1 Mei 1949        | - Slordig en gebruik vuil taal.                                            |
| 15 Mei 1949       | - Rook.                                                                    |
| 10 Junie 1949     | - Gaan in die nag na die Louw Geldenhuys-koshuis met die doel om te steel. |
| 15 Junie 1949     | - Weer na die Louw Geldenhuys-koshuis.                                     |
| 19 Junie 1949     | - Lawaai onder rustyd.                                                     |
| 23 Junie 1949     | - Stap snags rond en gee moeilikheid in die tuin. Baie onbetroubaar.       |



- 26 Junie 1949 - By huisvader se slaapkamer ingesluit met die doel om te steel. Hierdie streek dikwels op die plaas uitgehaal.
- 8 Augustus 1949 - Vloek en skel.
- 5 September 1949 - Vloek en skel.
- 15 September 1949 - Gebruik vuil taal.
- 30 September 1949 - Besmeer 'n besoeker se motor.
- 22 Januarie 1950 - Werskaf met draad in elektriese skakelaar en probeer 'n plan om ander seuns elektriese skokke toe te dien. Klim deur vensters en trap beddens vuil.
- 12 Februarie 1949 - Vloek en maak moeilikheid met bedfende.
- 19 Februarie 1950 - Raas en vloek.
- 13 Julie 1950 - Steel nuwe bekere van die inrigting en plaas dit in sy kampkis.
- 13 Julie 1950 - Skiet duiwe met voëlrek in dieretuin.

Hierdie seun het ook sy teenwoordigheid in die skool laat voel. Hy is dikwels deur onderwyseresse betrap waar hy besig was om hulle handsakke te deursnuffel. Meer dikwels is hy egter nie betrap nie en het groot geldbedrae verdwyn.

Hy is uiteindelik na die nywerheidsskool na Emmasdal verwyder.

Geval 2282: Hierdie dogter is uit 'n besonder ongelukkige huis na die inrigting gekommitteer. Ouers het albei sterk drank gebruik. Die stiefvader is al 'n keer voor die hof skuldig bevind aan diefstal van drank. Die huis is tydens 'n besoek van die welsynsbeampte in 'n onhygiëniese toestand aangetref. Dit staan in 'n swak buurt. Die moeder se huwelikslowe met haar eerste man het uit 'n reeks ongelukkige voorvalle bestaan. Uiteindelik het die

man verongeluk. Sy moes baie ly. Sy is toe met 'n tweede man getroud. Haar kinders het hom geen eerbied betoon nie. Die vrou se lewe was vol terugslae, armoede en drankmisbruik en hierdie faktore het 'n degenererende uitwerking op die lewenswyse van die gesin gehad. Die moeder het vermoedelik uit 'n goeie familie gestam en erken dat sy benede haar stand getroud was. Drank het haar huislike lewe verder verwoes. Aanhoudende armoede het haar en haar man laat drink. Die kinders het geen eerbied vir die stiefvader betoon nie. Hulle gedrag is baie onbevredigend. Die dogter is onbeheerbaar, en saam met haar broer het sy by 'n plaaslike vrugte-winkel ingebreek. Die seun het op 'n keer £5 van sy stiefvader gesteel. Die twee kinders is toe in die inrigting opgeneem. Hulle is later uitgelaat maar het hulle tuis so gedra dat die moeder om 'n heropname aansoek gedoen het.

'n Ouer suster het met 'n Indiër op baie intieme voet gelewe.

Op die dogter se skoolrapporte het die volgende aanmerkings voorgekom: vordering onbevredigend, staan onverskillig teenoor die werk, kan baie beter werk lewer, kan gerus meer aandag aan haar werk wy.

Gedurende die laaste jaar het sy baie moeilikheid met die seuns begin gee. Sy is dikwels betrap waar sy met seuns omgegaan het. Uiteindelik het sy en twee maats as verstekelinge op 'n trein na Noord-Transvaal wegge-loop. In Louis Trichardt het sy binne 'n paar dae iemand ontmoet wat met haar wou trou. Sy is egter na die inrigting teruggebring en is na 'n nywerheidskool in Paarl oorgeplaas.

Geval 2182: Die huislike agtergrond waaruit hierdie dogter verwyder is, was min of meer soos volg: Die vader was 'n verslaafde dronkaard. Hy is op 'n keer voor die hof skuldig bevind aan ontug met 'n naturellevrou. Die ouers is toe geskei. Die moeder is weer getroud met 'n geskeie man.

Die vader het met ander vroue omgegaan, en later is vasgestel dat die moeder ook in 'n buite-egtelike staat met die man saamleef.

Onder hierdie omstandighede het die dogter gou begin verslap wat die skoolbesoek betref. Sy het saans laat uitgebly en met ongewenste maats omgegaan. Sy was nou reeds veertien jaar oud, en dit is nodig gevind om haar na die inrigting te kommitteer. Hier het sy die gewone dagskool besoek en st. VII afgelê. Daarna het sy die huishoudkundeopleiding in die vakskool van die inrigting gevolg en is op 30 November 1949 met vergunning uitgelaat. Werk is vir haar gevind, en sy het as verpleegassistent in die Joubert-Park-verpleeginrigting diens aanvaar.

Uit die staanspoor het die dogter getoon dat sy nie juis veel belangstelling in die werk gehad het nie. Sy het bevriend geraak met 'n mede-verpleegster, wat nie juis 'n goeie maat vir haar was nie. Die matrone moes oor haar werk kla en kon geen vordering daarin opmerk nie. In Junie 1950 het sy in die geselskap van 'n jong man na 'n dans gegaan. By hulle terugkeer het hy tot die volgende môre by haar in die kamer gebly. Behalwe haar wangedrag het sy nog 'n onverdraagsaamheid teenoor die pasiënte geopenbaar. In die stad het sy teen die aanbeveling van die nasorgrekening 'n skuldrekening geopen.

In Augustus 1950 het die matrone weer oor haar gekla. Sy is daarvan beskuldig dat sy met ongewenste mans omgaan. 'n Medewerkster het vertel dat sy selfs 'n Indiër in haar kamer toegelaat het. Ander lede van die personeel het bevestig dat sy periodieke besoeke van Indiërs ontvang het. Hierdie aantygings het sy konsekwent ontken en beweer dat die Indiër periodiek vir wasgoed by haar kamer aangedoen het. Polisie-ondersoek is gelas, en dit kon niks aan die lig bring nie.

In September 1950, dit wil sê die volgende maand, is die tugmaatreël toegepas dat sy na die inrigting teruggebring is. Die klagte van die matrone was dat daar gedurig 'n aanloop van mans by haar kamer was. Die vorige gerugte in verband met die Indiërs is bevestig, en die matrone het beweer dat sy besoekers ontvang terwyl sy slegs in haar badkostuum geklee was. By ondervraging het sy erken dat sy drie-vier keer per week mansbesoekers ontvang. Die direksie van die inrigting het toe aanbeveel dat sy na die Norman-detensiehuis verwyder en vandaar na Durbanville oorgeplaas word.

Op 5 Oktober 1950 is die dogter aan 'n mediese ondersoek onderwerp en negatiewe resultate ten opsigte van die geskondenheid van haar maagdelikheid het onmiddellike ontslag uit die detensiehuis tot gevolg gehad. Sy is toe weer as verpleegassistente in 'n hospitaal geplaas. Binne twee maande na die aanvang van hierdie nuwe werk het die klagtes na die nasorgwerker gestroom. Dieselfde storie van mans in haar kamer en ernstiger is van haar vertel. Sy het alle beskuldigings met 'n glinlaggie ontken. Na 'n tweede ondervraging het die gevolgtrekking ontstaan dat die dogter, onder die indruk van haar skoonheid, 'n narsistiese element in haar persoonlikheid ontwikkel het en genot geskep het uit die blote vertoning van haar postuur aan bewonderaars.

Na 'n verblyf van 'n paar maande in die inrigting is sy by 'n private gesin uitbestee, waar sy met die versorging van 'n baba behulpzaam moes wees.

### 3. Wegloperv.<sup>1)</sup>

Wegloperv of drosterv is een van die probleme waarmee inrigtingshoofde heelwat te doen kry. Talryke redes word deur weglopers vir hulle handelwyse aangegee. Dit skyn egter of die hooforsaak kan wees die onvermoë om by die roetinelewe van die inrigting aan te pas. Die meerderheid kinders kom uit huise waar daar geen vaste roetine gevolg is nie en waar

1) Wegloopregister van die Abr. Kriel-Kinderhuis.

die kind nie aan roetinepligte en verantwoordelikhede gewoond was nie. Sodra hy nou in die inrigting kom, is daar vir hom 'n heel nuwe manier van lewe deur reëls, regulasies en allerhande vorms van voorskrifte vasgelê. Hy moet nou op gesette tye opstaan, eet, gaan slaap, werk en studeer. Hy mis nou die losbandigheid waaraan hy tuis gewoond was en word vroeër of later sodanig deur die situasie oorweldig dat hy eenvoudig nie die versoeking kan weerstaan om die knellende bande van die kindershuis te verbreek en die buitewêreld in te stap nie.

In baie gevalle, veral by kleiner seuns, neem dit meesal die vorm van stokkiesdraaiery aan. Op weg skool toe ontglip hulle en daag dan weer by middagete op. Die skuld word altyd op 'n medepligtige geplaas, wat dan aan die hand sou gedoen het dat die dag in die veld deurgebring word.

Ouers is soms medepligtig. Dit gebeur meermale dat 'n moeder 'n seun uit die inrigting ontvoer. Vaders het ook al hulle seuns weggelok of aangespoor om weg te loop.

Kleiner diefstalle, soos van klere, komberse, geld en juwele, was ook soms die spoorslag vir drostery. Sulke oortredings bly nie ongestraf nie, en uit vrees daarvoor dros die oortreders maklik.

'n Rede wat ook meermale vir weglopery aangegee is, is afknouery deur groter seuns; en dis ook soms verklaar dat 'n pak slae by die skool of by die afdeling die wegloper laat besluit het om te dros.

Daar is vir drosters altyd die gulde geleentheid om na 'n vakansie tuis eenvoudig weg te bly. Dat ouers van gekommitteerde kinders nie kan besef dat so 'n prosedure nooit voor die wet kan slaag nie, is soms onverstaanbaar. Die drang om die kind tuis te hou, is egter so sterk dat dit alle ander oorwegings oorskadu.

'n Groot aantal en veral diene wat naby die inrigting gewoon het, loop maklik weg as daar maar die minste botsing met onderwysers of inrigtingspersoneel plaasgevind het.

Dit het ook al voorgekom dat groter kinders na hulle ouerhuise toe wegloop, en as die afstand te groot is, versteek hulle hulle eenvoudig op die trein. Gevalle is bekend waar kinders op hierdie wyse tot in Kaapstad, Port Elizabeth of Durban gereis het.

Blote avontuursoekery is by dié probleem ook nie uitgeslote nie. Twee seuns uit 'n spesiale klas het op 'n dag besluit om weg te loop en in die veld te gaan woon. Hulle sou dan vir hulle 'n huisie van klippe stapel en van groenmielies en veldvrugte lewe. Die eerste die beste trein is gehaal, en dit was juis die Kaapse sneltrein. Op 'n plek wat vir hulle as geskikte terrein vir hulle avontuur voorgekom het, het een uitgespring. Sy maat, wat verstandiger was, het die noodrenne aangeslaan en die twee is na die naaste stasie geneem, vanwaar hulle na die inrigting teruggestuur is.

Dikwels loop seuns weg met die spesifieke doel om by wyse van straf na 'n ander inrigting verplaas te word. Van nuwelinge wat vanaf ander inrigtings hierheen verplaas is, kry die seuns soms verslae wat die ander inrigtings as 'n sprokieswêreld aan hulle voortower.

Nog 'n rede wat vir weglopery aangegee word, is die heimwee waardeur sommige kinders en veral nuwelinge gedurende die eerste weke en maande van hulle verblyf in die inrigting beetgepak word. Die verlange na die ouerhuis word so intens dat hulle eenvoudig alle pogings in die werk stel om daarheen weg te kom.

In 'n verslag van 'n inter-departementele komitee oor sorgbehoewende en verwaarloosde kinders word die mening uitgespreek dat weglopery nie as 'n teken van wanadministrasie beskou kan word nie.<sup>1)</sup> Uit die register van weglopers van die Abraham Kriel-Kinderhuis wil dit voorkom asof die grootste meerderheid weglopers onder die gedragsafwykendes

---

1) Report of the Interdepartmental Committee, 41.

val. Weglopery is trouens 'n vorm van reaktiewe gedrag. Die weglopers is ook diegene wat ander vorme van reaktiewe gedrag openbaar. Hulle is ook diegene wat steel, lieg, verniel en vloek. Waar die motivering van hierdie soort gedragsmoeilikhed in onbewuste sielkundige kragte skyn te lê, en veelal toegeskryf word aan die ontbering van moeder- of liewer ouerliefde, sal 'n deeglike sielkundige ondersoek met die oog op doeltreffende beplanning van die behandeling daarvan vir die inrigting onontbeerlik wees. <sup>1)</sup>

#### 4. Ouerlike invloed. <sup>2)</sup>

Waar die probleme van die inrigting met lede van die direksie bespreek is, het dit voorgekom asof die moeilikhed wat deur ouers veroorsaak word, van die grootste en neteligste probleme oplewer. Vir waarnemers lyk dit asof die invloed van die ouer selfs een van die grondoorsake van gedragsafwyking is. Die ouer was nou eenmaal te swak om vir sy kind te sorg. Hy is bewus van die feit dat die kind op hoogte is van die rede waarom hy na die inrigting gekommitteer is. Hy moet nou kompenseer vir hierdie swakheid en paai die kind met allerhande beloftes. Daarby word sy eie swakheid op die inrigting geprojekteer. Die kind word wysgemaak dat die inrigting met personeel en al sy grootste vyande is en dat sy verblyf daar hom geweldig benadeel, terwyl hy by sy ouers gelukkig en tevrede kon gebly het. So word 'n gevoel van onrus en onveiligheid by die kind gekweek. Daar is geen gevoel van gevestigdheid nie, en die kind kom in verset teen die dissipline omdat die inrigtingsgesag gedurig ondermyn word.

Toe die vraag hoe dikwels kinders besoek van hulle ouers behoort te ontvang, aan inrigtingshoofde gestel is, <sup>3)</sup> het dit baie duidelik geblyk dat op 'n paar uitsonderings na almal sterk bedenkinge teen die waarde van besoeke van die

- 
- 1) Verslag van die Nasionale Konferensie oor Kinderinrigtinge, 22
  - 2) Getuigenis van mnr. M.L. Malan, eerste klerk in die Abr. Kriel Kinderhuis.
  - 3) Sien vraelys, bylae 1.

sleggesinde ouer gehad het. Die aanbevelings het gewissel van een keer per week tot een keer per kwartaal. Die meerderheid was ten gunste van een keer per kwartaal. Twee persone het pertinent aanbeveel dat die ouers so min moontlik besoek moes aflê, omdat hulle invloed al te dikwels onstabilliteit in die hand werk en gevolglik die kind se vordering vertraag. Een hoof het gevoel dat daar tussen ouers gediskrimineer moet word.

Dit het ook noodsaaklik geblyk om kinders se korrespondensie te sensureer. Ouers aarsel ook nie om hulle gevoelens in hulle briewe aan kinders mee te deel nie. Dit gebeur gedurig dat briewe van kinders teruggehou moet word ter wille van inhoud wat nie daarop gemunt is om kalmte in die kindergemoed te bewerkstellig nie.

Elders word daarop gewys dat ouers self kinders ontvoer of medepligtig is aan weglopery. Dit kom ook voor dat hulle kinders wat wegloop, versteek of help om uit die hande van die gereg te bly. En wat meer is, dit het al gebeur dat ouers hulle onmondige dogters in die huwelik laat tree gedurende die vakansiebesoek om hulle op dié wyse uit die inrigting ontslaan te kry.

##### 5. Ouerlike toestemmings.

Die Kinderwet <sup>1)</sup> bepaal dat ouers, alhoewel hulle reg tot versorging van hulle kinders hulle ontnaem is, tog nog die reg behou om toestemming te verleen tot operasies, adopsies en huwelike van hulle kinders. Inrigtingshoofde vind hierdie bepalings van die wet soms uiters lastig en nie in belang van die kind nie. Ouers is soms so ver van die inrigting verwyder, en die noodsaaklikheid van noodoperasies kan so skielik opduik dat dit dikwels tot lewensgevaar vir die kind kan lei. <sup>2)</sup>

---

1) Kinderwet no. 31 van 1937, 30, 65.

2) Modelolings van direksie.



Wat adopsies betref, kan toegêgee word dat dit nodig is dat die toestemming van ouers vooraf verkry word. Waar dit gedoen word, verbeur die ouer al sy ouerlike regte ten opsigte van die kind. Heel anders is die geval van toestemming tot huwelike. As die redes vir opname van gekommitteerde kinders in ag geneem word, is dit duidelik dat die grootste meerderheid van die ouers nie die voorreg behoort te hê om toestemming tot die huwelike van hulle kinders te gee nie. Hierdie voorreg hoort veeleer tuis by die direksie van die inrigting. Die ondervinding het geleer dat baie onbesonne en ongewenste huwelike op hierdie manier verhoed kon gewees het.

#### 6. Openbare mening.

Inrigtingshoofde en hulle personeel ly soms veel as gevolg van die openbare mening wat meesal gevorm word uit die inligting verkry van weglopers en kwaadgesinde ouers. Dit is 'n welbekende feit dat waar weglopers uit die inrigting by huisgesinne aandoen, hulle 'n allertreurigste verhaal saamflans om sodoende meegevoel op te wek. Byna sonder uitsondering word die verhaal vir die waarheid aanvaar, en die gevolg is 'n beswadderingsveldtog teen die inrigting. Daar word deur die groter seuns dikwels allerhande slinkse planne beraam om geld in die hande te kry. 'n Metode wat baie dikwels toegepas word, is om op 'n koue wintersaand stukkende klere aan te trek en dan by huise van gewaande welgesteldes in die dorp aan te klop. Hier word 'n verhaal van swak voeding, mishandeling, gebrek aan warm klere en komberse aan die vreemdelinge opgedis. Dikwels word die sogenaande verwaarloosde en veronregte kind ingenooi en kry 'n koppie warm koffie en 'n beskuitjie of wat ook al en soms selfs 'n paar sjielings. Heel dikwels word geen verdere navraag deur die weldoener gedoen nie, en die verhaal van die kind word sonder meer as die waarheid aanvaar.

'n Ander metode wat toegepas word, is om houtwerkmodelle, soos in die handwerksentrum vervaardig, op straat te koop aan te bied. 'n Treurverhaal word tesame met die artikel aangebied, en die afset is verseker. Gevoelens van antipatie teen die inrigting moet nolens volens by die betrokke persoon ontstaan.

So ook is die ouer wie se kinders deur die gereg na die inrigting verwys is, 'n potensiële vyand, en waar hy gaan of staan, probeer hy om die openbare mening teen die kinderkhuis op te sweep.<sup>1)</sup>

---

1) Mededelings van die direksie van die Abr. Kriel-Kinderhuis.

HOOFSTUK IX.

DIE KINDERHAWE.<sup>1)</sup>

1. Maria Helene Marsophina Kloppers.

Naas die naam Abraham Paul Kriel is daar seker geen enkele in Suid-Afrika wat meer onafskeidbaar aan kinderver-  
sorging verbonde is as Maria Kloppers nie. Sy het die  
eerste lewenslig op 1 Januarie 1868 op Ladismith in die  
Kaapkolonie aanskou. Haar ouers, Balthazar Johannes  
Kloppers en Maria Marais, was vroom, godsdienstige mense, en  
die godsdienstige atmosfeer waarin hulle hul kinders opgevoed  
het, het die lewensbeskouing van Maria Kloppers so gevorm dat  
sy op vroeë leeftyd reeds gereed was om die terrein van stryd  
teen maatskaplike en geestelike verval van haar rasgenote as  
sendingwerkster te betree.

Vroeg in die jaar 1896 het sy as "Sendingdame" uit die  
Boland gekom om Christelik-maatskaplike opheffingswerk onder  
die minderbevoorregtes, verwaarloosdes en kranks in die Goud-  
stad te kom doen. Haar eerste werkkring het sy gevind in die  
Fordsburgwyk van die gemeente Langlaagte. Hier kon sy die  
agterbuurtes as gewone sosiale werkster bearbei.<sup>2)</sup>

Hierdie jong werkster het toe begin om buitelugdienste in  
die "Brickfields" te hou. Dit was ongeveer waar die teens-  
woordige Newtownse môremerk geleë is. Die groeiende stad het  
baie stene nodig gehad en om en by die steengroewe was daar  
groot bedrywighede. In hierdie sak- en sinkdorp kon sy met  
behulp van die jongmense 'n Sondagskool stig en verder gereeld  
bidure hou. 'n Klein sinkgeboutjie het as kerkie gedien.  
Die Sondagskool en bidure kon ook hierin gehou word.

In hierdie omgewing het Maria Kloppers die ellende en  
kinderverwaarlosing in sy ergste vorm aanskou. Sy het daaglikse  
met kinders van veragterdes en verarmdes in aanraking gekom, en  
almeer het sy haar die lot van die verwaarloosde kinders,

---

1) Hofmeyr: Brandhout uit die Vuur.

2) Smit: Ons Kerk in die Goudstad. 157.



**Mev. Maria Kloppers, stigster van die Kinderhawe.**

vondelinge en wese begin aantrek, en toe sy op 'n dag 'n tweejarige blanke dogtertjie in die besit van 'n Maleiervrou vind,<sup>1</sup> het dit haar oë geopen vir die dringende noodsaaklikheid van intensiewer arbeid in die opsporing en redding van hawelose kinders.

## 2. 'n Hawe vir die hawelose.

Dit het mej. Kloppers nie aan geleenthede ontbreek om die ideaal van redding van verwaarloosde kinders na te streef nie. Fordsburg was die middelpunt van die arbeiderwoonbuurt. Hier was die huishuur laag en die lewenswyse die goedkoopste. Mettertyd het die aantal huisgesinne wat in die diepste ellende verkeer het, aangegroei. Blankes, gekleurdes en naturelle het deurmekaar gewoon. In hierdie buurtes dring die sendingwerkster in om talle blanke kindertjies wat tussen kleurlinge verlore sou geraak het, huis toe te bring.

Die toestande wat hier geheers het, het onder die aandag van die Vroue-Sendingbond van Kaapstad gekom, en ter uitvoering aan die opdrag van hierdie liggaam koop ds. A.P. Kriel 'n huis in Fordsburg. Die huis het vier slaapkamers, 'n eetkamer en kombuis gehad maar geen badkamer nie. Later is 'n spens, twee kamers en 'n badkamer aangebou. Hier het mej. Kloppers met 'n personeel van vyf gewoon, en die eerste Sendinghuis word 'n reddingshuis, 'n Kinderhawe. Hier was 'n aanhoudende toestroming van aangenome kinders en kinders vir wie goeie peetouers gevind moes word.

Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het daar 'n tydperk van nuwe ellende aangebreek. Die vroue en kinders moes soos in alle oorloë die meeste ly, en nie alleen die verwoesting op die slagveld nie maar ook die vernietiging van huis en haard deur die vuur van die vyand, die lye en sterwe van duisende moeders in die konsentrasiekampe het 'n byna onoplosbare probleem geskep. Hierdie toestande lei nou tot

---

1) Badenhorst e.a.: Wonderdade van God, 190.

die stigting van die Langlaagte-Weeshuis. Nie te lank nie of mej. Kloppers word deur Oupa Kriel oorreëd om haar gewig by hierdie inrigting in te werp. Sy kon haar egter nooit met hierdie soort werk tevrede stel nie, en na 'n tyd het sy teruggekeer na die Sendinghuis in Fordsburg: sy voel haar roeping lê hier. Hier het sy weer begin om die verwaarloosde en hawelose kindertjies op te spoor en huis toe te bring.

In 1908 neem die Kerkraad van Fordsburg hierdie saak ter harte en sê sy steun aan hierdie lofwaardige werk toe. In 1911 rapporteer die Kerkraad aan die Ring van Potchefstroom:<sup>1)</sup>

- (a) Die kindertehuis voorsien in 'n dringende behoefte.
- (b) Die bestuur van die inrigting is uitstekend.
- (c) Die inrigting moet aan die hele Kerk behoort en onder toesig van die Ring van Potchefstroom staan.
- (d) Die geldelike verband tussen die Ring en die inrigting moet dieselfde wees as die tussen die Langlaagte-Weeshuis en die Ring.

In hierdie tyd is daar in Melville teen die rant 'n dubbelverdiepinghuis van die regering gehuur. Dit het ruimte gebied vir drie-en-twintig babas en sewe werksters. Die gemeente Fordsburg kon hierdie sogenaamde "Baby's Home" nie langer vir sy rekening neem nie, omdat die fondse ontbreek het. Die sinode het dit nou as sy plig gesien en het in 1912 die babastehuis oorgeneem.<sup>2)</sup> Die werk het gou vir mej. Kloppers te veel geword, en in 1911 het twee vroue, mejj. J. Malan en J. de Wit, hulle by haar gevoeg. In 1916 is deur bemiddeling van 'n kerklike kommissie, bestaande uit di. J. Strasheim, J.L. Fourie en W. Nicol, 'n stuk grond 'n morg groot teen £525 in die destydse Observatory aangekoop.<sup>3)</sup> Hierdie handeling was eintlik die gevolg van 'n reeks gebeurtenisse.

---

1) Smit: Ons Kerk in die Goudstad, 157, 158.

2) Badenhorst, e.a. : Wonderdade van God, 190.

3) Smit: Ons Kerk in die Goudstad, 473.

Die gehuurde huis op Melville het gou te klein geword. Die behoefte aan meer ruimte het akuit geword. Die goewerment het by Gottesloe 'n stukkie grond vir die doel van uitbreiding geskenk. Die sinode wou egter nie instem dat daar op dié grond gebou word nie, en 'n tweede beperking was dat daar nie op skuld gebou mag word nie. 'n Kommissie bestaande uit mej. Kloppers, mej. Malan en mnr. O.J.J. van Wyk is toe aangestel om 'n geskikte standplaas vir 'n nuwe gebou te soek. 'n Vooropgestelde vereiste van mej. Kloppers vir die nuwe gebou was dat dit so geleë sou wees dat dit nie sou kon toegebou word nie. So 'n plek is in Observatory gevind en drie maande later van „Land and Investment Co.“ deur 'n kerklike kommissie aangekoop. Dit was aan die begin van 1915, en die eerste wêreldoorlog het so pas ontbrand. Gelukkig was daar £6,000 voorhande vir die oprigting van die nuwe gebou. Planne is opgestel, en die kontrak vir die oprigting is met die boumeester F. Corbischley gesluit. 'n Sierlike gebou is opgerig alhoewel nie sonder veel kommer aan die kant van die direkteuse, mej. Kloppers, nie, en op 14 Februarie 1917 kon dit in gebruik geneem word.

Met 'n skenking van mnr Louw Goldenhuys, L.V., is 'n draadheining om die gronde opgerig. Dit kon later deur bemiddeling van 'n erflating van £300 van 'n onbekende vrou deur 'n netjiese klipmuur vervang word.

Toe die gebou in gebruik geneem is, het „Land and Investment Co.“ twee acre aanliggende grond geskenk omdat die sierlike gebou, soos hulle gesê het, die grondwaarde in daardie omgewing hoog opgestoot het. Na twee jaar bied hulle nog twee acre teen £525 te koop aan en skenk nog twee acre, sodat die grond van die Kinderhawe tans vier morg beslaan. Met die verloop van die jare het die eiendom geweldig in waarde gestyg en in 1936 reeds is 'n aanbod van £25,000 vir twee morg van die onbeboude grond van die hand gewys.

Die gebou met buitegeboue ingesluit het £9,375 gekos. Dit is volgens ~~Hollands-Amerikaanse~~ styl gebou en bied huisvesting vir elf werkers en 60 babas.

Aan die voorkant van die gebou pryk die hoeksteen met die volgende woorde:

KINDERHAVEN DER  
NED. HERV. OF GEREK. KERK VAN Z.A.  
HOEKSTEEN

Gelegd door  
MEJ. M. KLOPPERS  
OP 15 SEPT. 1915.

Matt. 18:14. „Alzoo is de wil niet uws Vaders dat een van deze kleinen verloren ga”.

J.B. Burg, Arg.

F. Corbischley, Cont.

Die bygeboue is op laer terrein onder die rantjie gebou. Eerstens is daar die doeltreffende washuis, waarin die honderde stukke kinderklere weekliks uitgewas word. 'n Groot wasmasjien, wat uit 'n erflating van £400 van mej. Van der Merwe aangekoop is, vergemaklik die werk baie. Verder is daar 'n droogmaakapparaat en 'n warm stoomketelwatertoestel. Langs die wassery is die bediendekamers en 'n endjie verder die koeistal. Die onbeboude deel van die grond dien as koeikamp.

### 3. Die kalkoenfonds.

Die bedryfskoste van die Kinderhawe beloop groot somme geld per jaar. Behalwe die bydrae wat die inrigting van die goewerment ontvang vir gekommitteerde kinders, is dit op die bydrae van die kerk, liefdadigheidskenkings en erflatings aangewese. Daar word ook gereeld by die publiek gekollekteer. Behalwe hierdie bronne van inkomste is daar ook nog die jaarlikse kalkoenfonds, wat eintlik sy ontstaan aan die skenking van 'n kalkoen deur mnr. E. Verseput te danke het. Hierdie heer het in Desember 1925 'n kalkoen aan die inrigting



geskenk. Dit was waarskynlik bedoel vir die Kers'eesmaal. Na 'n paar dae het die dier egter tot groot teleurstelling van die personeel spoorloos verdwyn. Toe mev. M.M. Roux van die teleurstelling hoor, het sy in die stilte by haar vriende begin kollekteer met die doel om weer 'n kalkoen te koop. Elk moes slegs 'n sikspens bydra, en gou-gou was die fonds groot genoeg om 'n skaap en 'n kalkoen te koop en nog £8 aan kontant aan die Kinderhawe te skenk. Wat was die verbasing egter groot toe die gesteelde kalkoen nog boonop weer uit die veld aangestap kom.

'n Jaar later het die groepie vriende weer met 'n kollekte begin. Daar word toe besluit om 'n feestelikhed ter stywing van die kalkoenfonds te maak. 'n Groep dames is toe op 'n middag na die Kinderhawe en het 'n aangename middag aan die kleintjies verskaf. Lekkers, verversings en speelgoed is verskaf, en mev. Roux kon weer 'n geldbedrag van £22.6.7. oorhandig. Voortaan sou die kalkoenfees 'n jaarlikse instelling wees. Die inkomste by die geleentheid het jaarliks gestyg, en in 1948 het dit al £1258.4.9. beloop. Besparings uit hierdie fonds het dit later moontlik gemaak om 'n doeltreffende speelsaal vir die kleintjies naby die hoofgebou op te rig. Op die hoeksteen staan die volgende:

Joh. 21:15: "Laat My Lammers Wei".

Hierdie steen is gelê deur mev. M.M. Roux

op 8 Des. 1945.

Op 4 Mei 1946 is die saal in gebruik geneem. Dit dien tegelykertyd as kleuterskool. Dit is 'n groot en ruim saal met groot vensters om soveel moontlik lig en lug in te laat. Daar is blokkies om mee te bou, treine, motorkarre, waentjies en karre, vragmotors, kruiwaentjies, houtperdjies, 'n glyplank, poppe, stoeltjies, tafeltjies, bedjies en alles wat vir die babapop nodig is. Op komberse op die vloer kan die kleintjies ook 'n middagslapie geniet as hulle moeg gespeel is.

#### 4. Kinders van die Kinderhawe.

Die eerste babas wat in die Sendinghuis opgeneem was, was meesal vondelinge en wese van die stad. Een baba is onder 'n treinbank gevind, 'n ander by 'n naturellevrou, maar die oorgrote meerderheid is babas van ongehuide moeders wat die kindertjies daarheen bring en so hulle skande voor die publiek probeer verberg. Sommige is ook kinders van ouers wat deur die wet as ongeskik beskou word om die kinders op te voed en te versorg. Die kinders word na die inrigting gekommitteer. Ander is kinders van geskeie ouers. Die ouer wat deur die besluit van die egskeidingshof in besit van die kinders geplaas word, kan veelal na 'n tyd nie meer die kinders onderhou nie. Daar is ook gevalle waar vader of moeder of vader en moeder weens misdad in die gevangenis beland het. Die wet tree in sulke gevalle in, en kinders onder drie jaar word na die kinderhawe gebring. Een kindjie is in die kranksinnige gestig gebore, 'n ander in die gevangenis en talle is al op die drempel van die Kinderhawe of elders verlate aangetref.

#### 5. Uitplasing van kinders by pleegouers.

Die metode van kinderbesteding is die kernbeginsel van die inrigting en is deur mej. Kloppers self ontwerp. Pleegouers vir kinders moet gevind word; so nie moet hulle na die ouderdom van ses jaar na die Langlaagte-Kinderhuis oorgeplaas word. Die grondbeginsels vir die weggee van kinders aan pleegouers is die volgende, in mej. Kloppers se eie woorde:

- (a) "Eerstens word geen kind gegee aan ouers, wat hulle eie kinders het of kan hê nie. Ouers kan onderskeid maak tussen eie en 'n aangenome kind, veral as die kind nie so mooi en skrand, gehoorsaam en soet is nie. Ek het dit pynlik ondervind. Ek kry 'n brief van een van my kinders. Sy wou graag haar geskiedenis weet, want sy was so bang dat sy miskien 'n vondeling was. Sy skryf,

sy het die brief so lang ongeskrewe gelaat omdat sy bang was vir die antwoord, wat sy sou kry.

„Sy was gegee aan skatryk ouers met een seun. Ek was daarvan oortuig dat sy daar so veilig as maar kon, sou wees.

„Toe die kind gröter word, merk sy die verskil tussen haar en haar broer.

„Haar pleegmoeder het haar vertel van die tuiste, van waar sy geneem is. Die moeder sterf en toe word die verskil nog meer merkbaar - vandaar die brief aan my. Ek stuur haar geboortesertifikaat, iets waarop elke mens geregtig is. Daaruit leer sy toe die waarheid. Sy was 'n vondeling. Die vader, wat heeltemal stief geword het, maak die seun die enigste erfgenaam van sy moeder se deel, sowat £18,000, terwyl die aangenome dogter nie 'n pennie gekry het nie.

(b) „Ek gee nie kinders aan ouers op die Rand nie, al kry ek ook sodanige aanbeveling.

„Die lewe van elke kind vereis dat hy in die allerbeste huis geplaas sal word.

„'n Ander rede is dat die inkomste van hierdie wisselende gemeenskap ook wisselvallig is en daarom het die aangenome kind in die stad nie <sup>die</sup> gewenste vaste versekering nie.

„Daar is baie uitsonderinge, maar ek kan tog nie van uitsonderinge 'n reël maak nie.

(c) „Die versoekings in sake dwaalleringe is in die stad veel groter as op die platteland. Op die platteland kom die kind nie so maklik in aanraking met vreemde dwaalleringe as in die stad nie. Op die platteland beland die kind nie so maklik in 'n Roomse skool of klooster soos in die stad nie.

- (d) „Ek gee net kinders aan ouers, wat my daarvan kan verseker dat hulle die Here Jesus as hulle persoonlike Saligmaker ken. My rede hiervoor?.... As 'n ouer 'n kind aanneem weet ek nie watter karaktertrekke in die ouer is nie, en ek moet die versekering hê dat die ouer deur gebed en voorbeeld die kind sal opvoed. „Dieselfde geld vir die kind. Niemand weet wat in die kind sluimer nie. Die ouer moet die enigste middel om hom te help, naamlik die gebed, ken teneinde enige moontlike swak karaktertrek in die kind die hoof te bied. „Hierdie besluite is geneem nadat ek bittere ondervindings opgedoen het. Iemand, wat nog nooit die ervaring gehad het om 'n kind weg te gee nie, kan nie oordeel oor die metodes nie.”

## 6. Grondreëls van die Kinderhawe.

Artikel 1. Die naam van die inrigting sal wees: Die Kinderhawe van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

Artikel 2. Die doel van die inrigting is om deur gehoorsaamheid aan en onder die besef van die afhanklikheid van God die Vader, hawelose kinders, wat aan die sorg van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk toevertrou word, te verpleeg en te versorg tot op sesjarige leeftyd, wanneer hulle na die Kinderhuis op Langlaagte oorgeplaas sal word of deur pleegouers aangeneem sal word.

Artikel 3. Hierdie doel sal die direksie probeer bereik deur:

- (a) die oorneem van die werk wat tans te Melville in die Kinderhawe gedoen word;
- (b) wanneer dit wenslik sal blyk, die bestaande inrigting te verplaas na 'n plek, wat deur die ring goedgekeur sal word.

Artikel 4. Die inrigting sal onder 'n bestuur van minstens sewe lede staan. Hierdie persone sal gekies word deur die Ring van Potchefstroom van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika tydens die gewone ringsvergadering. Die bestuur sal vry wees om die hulp van die susters in te roep en op die wyse 'n kommissie te vorm ten einde belangstelling in die inrigting op te wek en middele in te samel tot instandhouding daarvan.

Artikel 6. 'n Huishoudelike bestuur sal saamgestel word uit die direktrise, tesouriere en die matrone van die inrigting. Hierdie bestuur sal alle geldelike verantwoordelikheid van die inrigting dra.

Artikel 7. Die huishoudelike bestuur sal verder die reëling van alle inwendige sake beheer.

Artikel 8. Die ringsbestuur sal jaarliks 'n adviserende kommissie wat uit twee lede bestaan, benoem om in gevalle waar dit nodig mag wees, saam met die huishoudelike bestuur op te tree.

Artikel 9. Alle eiendomme sou bestempel wees as behorende tot die Kinderhawe van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Dit sal beheer word deur die Ring van Potchefstroom van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

Bogenoemde is die belangrikste artikels in die grondwet. Sedert die samestelling hiervan is die beheer van die Kinderhawe direk onder die sinode geplaas, en die verwysings na die Ring van Potchefstroom word natuurlik vervang deur die sinode en eiendomsbeheer word tans deur die Sinodale Kommissie en die Kerkkantoorkommissie waargeneem.

## 7. Waardering.

Die werk wat mej. Kloppers en Malan as werkers van die Vrouesendingbond aan die Rand begin het, was meteen die eerste gesinsorg wat in die provinsie Transvaal verrig is.

Toe die stad nog weinig meer as 'n mynkamp was, het mej. Kloppers haar lewensroeping as maatskaplike werkster opgeneem en bedags van sonop tot sononder reddingswerk tussen die krotte in die "Brickfields" gedoen. Uit die arbeid van daardie dae toe die ongeëwenaarde groei van die stad Johannesburg ook sy leed meegebring het, kon die later uitgebreide reddingswerk gebore word. Nie vir geldnood, teenspraak van buite of enige vorm van moeilikheid of kritiek het hierdie dame ooit teruggedeins nie. Haar rysige en imposante gestalte was 'n getroue beeld van haar innerlike daadkrag en onwrikbare wilskrag. Oor die tweeduisend suigeling wat anders in die maalstroom van agterbuurtes verlore sou geraak het, kon sy in liefde ontvang, versorg en opvoed. Haar tere menseliefde het telkens wanneer sy na deurtastende navraag een van die kleintjies aan welmenende peetouers moes oorhandig of wanneer daar een van die suigeling in haar arms gesterf het, uiting gevind in 'n yloed van warm tranes.

Na 'n dienstyd van ruim vyf-en-vyftig jaar, 'n dienstyd toegewy aan die grootse taak van die redding van kindertjies, is sy op Sondag 18 Maart 1961 in die ouderdom van twee-en-tagtig jaar deur haar Meester tot hoër diens opgeroep. Op die rantjie in Observatory pryk die sierlike gebou van die Kinderhawe, 'n blywende monument van haar werk. Haar werk was geloofswerk, haar doel was die versorging en opvoeding van hawelose kinders en om hulle aan die voete van Christus te lê.

By haar heengaan kon haar mantel op die skouers van haar getroue en toegewyde spanmaat, mej. J. Malan, val, en vandag gaan die werk onverpoos voort. Daaglik word die stroom in en uit die Kinderhawe volgehou.

Die nagedagtenis van mej. Kloppers sal seker tot in lengte van dae voortleef. Mag die taak wat sy vir haar volk, haar kerk en vir Christus begin en tot soveel seën verrig het, steeds bloei en die belangstelling van almal geniet wat daarna streef om die naam van Christus te eer en groot te maak.

HOOFSTUK X.

DIE ARMESORGRAAD VAN DIE WITWATERSRAND VAN DIE NEDERDUITS  
HERVORMDE OF GEREFORMEERDE KERK AS KINDERSORGVERENIGING.

1. Historiese wording van die Armesorgraad.

Dit is 'n bekende feit dat die versorging van sy armes vanaf sy vroegste bestaan 'n vername plek in die program van aksie van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk ingeneem het. Veral vrywillige vroueverenigings bestaande uit lede van die Kerk het hulle deel bygedra. Die kerklike publiek is in sy optrede ten opsigte van armeversorging verder van sy pligte bewus gemaak deur ondersoeke soos die Armsorgkongres, wat in 1916 op Cradock gehou is, die Carnegie-onderzoekkommissie, wat in 1928 'n deurtastende ondersoek met betrekking tot die armblankevraagstuk ingestel het, en die Kimberleykongres van 1934, wat dieselfde probleem ondersoek het.

Die depressie wat gedurende die eerste jare na 1930 ingetree het, het talle boere uitgeroei. In hulle angs en verleentheid het honderde en meer na die Witwatersrand gestroom om daar uitkoms te soek. Daar moes hulle 'n heenkome in 'n uiters onsimpatieke omgewing soek, en vir hulle wat geen ambag geken het nie, was die nuwe verblyfplek in 'n besondere mate onsimpatiek.<sup>1)</sup>

'n Persoon wat in hierdie dae aangaande hierdie toestande besonder goed ingelig was, was mnr. Connie Olivier, hoofwelsynsbeampte in Johannesburg. In 1935 het ds. P.S.Z. Goetzee deur middel van samesprekings met mnr. Olivier deeglik op hoogte van die aard en funksies van die liefdadigheidsorganisasies aan die Rand gekom. Deur die toedoen van mnr. Olivier het ds. Goetzee ook sitting op die besture van "Social Services Association" en "The Rand Aid Association" verkry. Hierdie benoemings het hom in staat gestel om die

---

1) Handleiding van die Werkzaamhede van die Armesorgraad van die Ned. Herv. of Geref. Kerk.

104  
werkmethode van die bewegings te leer ken. Ds. H.J. de Vos van die Abraham Kriel-Kinderhuis en ds. A.H. Stander, 'n leraar in die gemeente La Rochelle, het hulle by ds. Coetzee aangesluit en in 'n verslag van die destydse Rings-Armesorg-kommissie het hulle die dringende behoefte aan die stigting van 'n eie armesorgliggaam met 'n eie kantoor en organisasie bepleit. In hierdie pleidooi is hulle bygestaan deur ds. J.R. Albertyn, wat met sy rype ondervinding saam met hulle kon getuig van die vernederende wyse waarop die Afrikaner dikwels deur vreemde liggame behandel is.<sup>1)</sup>

Hierdie vertoë het uitgeloop op 'n konferensie van afgevaardigdes uit die Ringe van Johannesburg en Boksburg, wat in Augustus 1936 in Braamfontein gehou is. Op hierdie konferensie is daar tot gesamentlike aksie besluit en is daar onderneem om te ywer vir 'n eie Afrikaanse liefdadigheids-organisasie wat deur die staat erken sou word, met 'n eie kantoor op die Rand en met 'n eie groep Christelik-wetenskaplik opgeleide sosiale werkers.<sup>2)</sup>

Met die sitting van die hoogerwaarde Sinode in 1937 is ernstige aandag aan hierdie saak geskenk. Die Ringe van Johannesburg en Boksburg het by monde van di. P.S.Z. Coetzee en S. de Villiers die saak voorgelê, en 'n geesdriftige besluit is geneem om 'n predikant te beroep om die tweeledige amp van armesorgsekretaris en spoorwegleraar te beklee.<sup>3)</sup>

Die amptelike stigting van die Armesorgraad<sup>4)</sup> het op 4 Mei 1937 in die pastorie in Braamfontein plaasgevind. Die volgende persone het die stigtingsvergadering bygewoon: di. J.R. Albertyn, Algemene Armsorgsekretaris van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk, P.S.Z. Coetzee van Johannesburg, S. de Villiers van Germiston, H.J. de Vos, direkteur van die Abraham Kriel-Kinderhuis, A.H. Stander van

---

1) Handeling i.v.m. die Werkzaamhede van die Armesorgraad.

2) Ibid.

3) Ibid.

4) Notule van die Armesorgraad.



La Rochelle, P. du Toit, advokaat G.F. de V. Hugo en mevv. Jacobs en A.W. Cloete. Ds. P.S.Z. Goetzee is tot voorsitter en ds. H.J. de Vos tot ondervoorsitter gekies, terwyl ds. A.H. Stander tot sekretaris-penningmeester benoem is. Die twee Ringe van Johannesburg en Boksburg het hierdie Raad benoem en verder onderneem om £200 per jaar by te dra ten einde 'n voltydse sosiale werkster te salarieer. Daar is verder besluit om op die eerste Woensdag van elke maand 'n raadsvergadering te hou. Wat die organisasie betref, het ds. J.R. Albertyn goedgeunstelik onderneem om drie dae in die week van Pretoria af oor te kom en hulp te verleen. Die Sinodale Armesorgkommissie het £100 vir die jaar 1937 gestem om die aanvoorwerk van die Raad te bevorder, en op 11 November 1937 kon die Raad sy grondwet opstel.

## 2. Werksaamhede van die Armesorgraad.<sup>1)</sup>

Rehabilitasiewerk geskool op Christelik-nasionale lees sou die vernaamste doelwit van die Raad wees. Hoewel alimentasie 'n absoluut onmisbare deel van die proses van opheffing sou uitmaak, sou dit, in teenstelling met die metodes van ander liefdadigheidsliggame, slegs 'n ondergeskikte rol speel. Nie net in die stoflike behoeftes moes voorsien word nie, maar veral geestelik-maatskaplike opheffing sou die hoofdoel wees.

Op 14 Oktober 1937 is ds. P. du Toit beroep tot eerste sekretaris en spoorwegprodikant. Hy het egter vir die beroep bedank. Ook wou ds. P.S.Z. Goetzee nie die beroep aanneem nie, maar hy het van sy kerkraad verlof gekry om die Raad ses maande lank te dien en die aanvoorwerk te help doen. Hierdie kort tydperk is met yrug bestee aan die opstel van lêers oor Afrikaanse gesinne wat sorgbehoewend was, en die leniging van die ergste nood. Fabrieke is besoek, en Afrikanerdogters wat daar werk, is toegesprek en bearbei. Hulle name is aan die

---

1) Notule van die Armesorgraad. Sien ook handleiding i.v.m. die Werksaamhede van die Armesorgraad.

onderskeie gemeentes waarin hulle ressorteer, gestuur.

Op 22 September 1938 is twee werksters, mejj. Cronjé en Van Niekerk, aangestel om die werk in die fabriek te behartig. Die staat het ingewillig om driekwart van een van hierdie dames se salaris te betaal.

Op 3 November 1938 is ds. P. van der Hoven van Wolmaransstad vir die tweeledige amp van Armesorgsekretaris en spoorwegprediker beroep. Hy het die beroep aanvaar en het die werk met ywer en bekwaamheid aangepak. Mev. M.M. van Rooyen het as eerste sosiale werkster die veld saam met hom betree. Heel gou het die werk so geweldig uitgebrei dat meer werksters benoem moes word, en mej. de Villiers, mev. J. Terburgh en mej. L. van der Merwe het toegetree. Die hele kerk het hierdie organisasie gesteun, en die inkomste het met 'n verrassende tempo gegroei. Die Departement van Volkswelsyn het toelaes geskenk, en die Stadsraad van Johannesburg het ook sy deel bygedra. Sedert 1939 het Die Transvaaler deur sy Kerksfonds gelde ingesamel en die bate ten behoeve van die Raad aangewend. Ook 'n jaarlikse straatkollekte vul die kas van die Raad goed aan. 'n Sentrale kantoor is in Braamfontein geopen, en met die loop van jare is takkantore op Roodepoort, Krugersdorp, Randfontein, Germiston, Boksburg, Benoni, Springs en Brakpan ingestel. Deur die Christelik-Maatskaplike Raad word die werk behartig in Pretoria, waar die beheer in die hande van die Transvaalse Armesorgsekretaris geplaas is.

Die Raad het as leuse geneem die loflike woorde: „Die siel van alle opheffing is die opheffing van die siel“. Sy werksaamhede geskied op Christelik-maatskaplike grondslag en word in vyf groot onderafdelings verdoel, naamlik gesinsorg, kindersorg, sorg vir ongehude moeders, werkklassse en die geestelike bearbeiding van dogters in fabriek, asook ander werksaamhede.

Alhoewel die sorg vir ongehude moeders en dogters in fabriek eintlik onder aparte hoofde genoem word, sou dit nie ongerymd wees om hierdie twee aspekte van die werksaamhede by kindersorg in te sluit nie. Die Kinderwet omskryf "Kind" as 'n persoon wat minder as negentien jaar oud is;<sup>1)</sup> en waar dit 'n kind is ten opsigte van wie 'n bevel kragtens die Kinderwet uitgevaardig is, kan 'n persoon wat onder een-en-twintig is, nog as kind beskou word.

Die inrigting vir die versorging van ongehude moeders is gesertifiseer vir die opname van kinders vanaf twaalf jaar of selfs jonger waar dit moontlik is dat swangerskap kan voorkom.

Die fabriekwerksters sluit 'n baie groot persentasie kinders van onder die negentien jaar in. Dat ook hierdie deel van die werk onder die kindersorg van die Armesorgraad ressorteer, is dus duidelik.

Gesinsorg as sodanig is nie direk daarop gemunt om kinders te versorg nie, maar die Raad se oogmerk met sy gesinsorg sluit seker die kind wel deeglik in. Die Raad sou hom byvoorbeeld nie sodanig vir 'n groot aantal kinderlose gesinne beywer nie. Dit is juis ter wille van die kinders dat die ouers gerehabiliteer moet word. Waar die Raad se doelstellings nou Christelik-maatskaplik is, moet hy die euwel by sy wortel aanpak. Gesinsorg is dus in sy wese ook kindersorg.

Dit het 'n stryd van jare gekos om die Armesorgraad as 'n kindersorgvereniging gesertifiseer te kry.<sup>2)</sup> Toe dit eindelik toegestaan is, kon die Raad hom met vrug aan kindersorg, wy en die verskillende werksaamhede doeltreffend koördineer.

Die Raad beskou van nou af die kindersorg as die belangrikste en nees gespesialiseerde deel van sy werk. Om hierdie rede het hy dit nodig geag om behalwe die maatskaplike werkers wat vir kindersorg- sowel as gesinsorgwerk verantwoorde-

---

1) Kinderwet, no. 31 van 1937, 5.

2) Jaarverslag van die Armesorgraad, 1947-1948.

lik is, ook 'n skakelkindersorgwerkster aan te stel om toesig oor die hele aangeleentheid te hou. As kindersorgvereniging kan die Raad die kommittering van kinders aanvaar en vir hulle verantwoordelik bly tot tyd en wyl die tydperk van aanhouding, soos deur die wet bepaal, verstryk het. Die Kinderwet bepaal<sup>1)</sup> dat die vereniging onder die sorg waarvan die kind geplaas is, voortdurend oor die sedelike, liggaanlike en stoflike welvaart van die kind toesig sal hou. Die wet vereis verder dat die vereniging verslae oor die kind sal bewaar, gereelde toesig sal hou, die kind medies sal versorg en die verblyfplek sal beperk tot die gebied waarin die vereniging werksaam is.<sup>2)</sup>

Wesentlik verskil die Armesorgraad dus van die gesertifiseerde inrigting slegs in die opsig dat die kindersorg buitemuurs geskied. Elke geval van kinderverwaarlosing wat onder die aandag kom, word gereeld deur die werkster besoek, en alle moontlike pogings vir verbetering van die toestande, word aangewend. Waar alle pogings misluk, word die geval na die kinderhof verwys vir 'n ondersoek deur die Kommissaris van Kindersorg. As die kind gekommitteer word, is sy bestemming in die hande van die Raad, en een van die volgende weë kan ingeslaan word: Die kind kan teruggeplaas word by die ouer onder toesig van die Raad; die kind kan kragtens aanhoudingslasbrief op staatskoste teen vyf sjielings per dag by uitgesoekte pleegouers geplaas word; die kind kan na 'n gesertifiseerde inrigting gestuur word, of hy kan by pleegouers geplaas word teen 'n staatsloc van £4.16.0. per maand.<sup>3)</sup> In die geval van uitplasing by pleegouers kragtens aanhoudingslasbrief is die Raad verantwoordelik vir gereelde toesig.

Pleegouersorg is die versorging van 'n kind deur 'n persoon wat geen wetlike verpligting teenoor die kind het nie.

---

1) Kinderwet no. 31, 1937, Seksie 45(2).

2) Regulasies van die Kinderwet, deel VIII.

3) Handleiding i.v.m. Werksaamhede van die Armesorgraad, 17.

Soos hierbo gemeld, kry die pleegouer 'n staatstoelae van £4.16.0. per maand vir die kind. Vir hierdie vergoeding onderneem die pleegouer om die kind behoorlik te versorg ten opsigte van sy sedelike, liggaamlike en stoflike welvaart. Die vereniging waardeur die pleegsorg van die kind aan die pleegouers opgedra is, dra die verantwoordelikheid en hou die nodige toesig om die welvaart van die kind te verseker. Die Raad het vir sy eie doel 'n lys van vereistes opgestel om by die keuring van geskikte pleegouers as leidraad te dien:

- (a) Deeglike ondersoek deur 'n maatskaplike werkster van die huis en lewe van 'n voorgenome pleegouer;
- (b) slegs een en uiters twee kinders word vereers by 'n pleegouer geplaas en die behandeling van die kinders word dan eers deeglik uitgetoets;
- (c) pleegouers moet ekonomies onafhanklik wees, 'n gereelde vaste inkome hê afgesien van die toelaag wat vir die sorgbehoewende kind deur die staat bygedra word;
- (d) die pleegouer moet gewillig wees om die pleegkind soos sy eie te behandel en alle wetlike verpligtinge te aanvaar.

Die toesig oor pleegkinders moet nougeset wees. Die maatskaplike werkster moet sorgdra dat kinders die gereelde mediese behandeling ontvang deur hulle gereeld na die beskikbare klinieke en kinderhospitale vir ondersoek te laat neem. Ook moet gereelde skoolrapporte verkry word om vas te stel of die kind se skoolvordering hom op verdere studie geregtig maak, of hy in vakleerlingskap geplaas moet word en of hy as agterlik of as probleemkind die nodige sielkundige behandeling moet ontvang.

Adopsie-ouers is mense wat 'n kind wettiglik as hulle eie aanneem en alle verantwoordelikheid daaraan verbonde aanvaar. As dit 'n groot verantwoordelikheid is om 'n kind te

adopteer, is dit bykans net so 'n groot verantwoordelikheid. om 'n kind vir adopsie uit te gee en adopsie-ouers te keur. Die Armesorgraad, wat genoodsaak is om baie van hierdie metode van uitbesteding van kinders gebruik te maak, besef hierdie verantwoordelikheid, en voordat 'n adopsie-ouer as sodanig op sy waglys geplaas word, tref die Raad alle voorsorg om 'n deeglike kennis van die voorgenome adopsie-ouer te bekom. Verslae oor huislike milieu, huweliksertifikaat, getuigskrifte van eerbare persone soos predikante en andere word versamel, en die totaalindruk bepaal dan of persone as geskikte adopsie-ouers verklaar kan word. Ook die geskiedenis van die baba word tot in die fynste besonderhede ontrafel, en alle moontlikhede vir afwykings word aan die voorgenome ouer bekendgemaak. Dat so 'n prosedure baie tyd en toewyding vereis, is te begrype.

Onderhoudstoelaes is toelaes wat goedgekeur en uitbetaal word deur die Departement Volkswelsyn aan gesinne met kinders onder die ouderdom van sestien jaar waar die vader oorlede is of ongeskik vir die arbeidsmark en in ontvangs van 'n ongeskiktheidstoelaag is, of waar die vader vir 'n tydperk van langer as ses maande verdwyn het sonder om enige onderhoud aan sy gesin te betaal, of waar die vader na een of ander inrigting gekommitteer word of na 'n arbeidskolonie gestuur word.<sup>1)</sup>

Alhoewel hierdie metode onder staatskindersorg val, neem die Armesorgraad die inisiatief om verdienstelike gevalle te ontdek en vir hierdie toelaes aan te beveel. Verder hou die sosiale werksters 'n gereelde toesig op sorg te dra dat slegs persone wat daarvoor gekwalifiseer het, onderhoudstoelaes ontvang. Intussen is dit ook nodig om te verseker dat die kinders ten behoewe van wie die toelaes betaal word, die volle voordeel daarvan trek. Om die Raad se werkzaamheid

---

1) Jaarverslag van die Armesorgraad, 1948-49, 8.

in hierdie opsig te bepaal, word die volgende syfers gegee:<sup>1)</sup>

Tabel XI.

|                                | 1948    | 1949    | 1950    |
|--------------------------------|---------|---------|---------|
| Aansoeke om onderhoudstoelaes  | 142     | 222     | 318     |
| Aansoeke goedgekeur            | 109     | 198     | 288     |
| Aantal kinders daarby betrokke | 210     | 306     | 726     |
| Bedrag vir die jaar uitbetaal  | £10,393 | £18,635 | £25,348 |

Die kwessie van prostitusie onder die blankes in Johannesburg is 'n ander saak wat die belangstelling van die Armesorgraad in die bestryding van maatskaplike euwels gaande gemaak het. Dr. Louis Freed, 'n medikus, wat 'n studie van die saak gemaak het, stel die aantal blanke vroulike straat-prostitute in Johannesburg op duisend en meen dan dat dit 'n konserwatiewe berekening is, terwyl die aantal amateur-prostitute op vierduisend gestel word.<sup>2)</sup> Die Armesorgraad het by oorweging van hierdie uiters ernstige toestand in Januarie 1943 tesame met die Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie besluit dat daar iets gedoen moes word om die verderflike saak die hoof te bied. Op 'n sentrale vergadering van al die takke van die S.A.V.F. aan die Rand is besluit om 'n maatskaplike werkster aan te stel om onder die gevalle vroue te werk. Die Armesorgraad, wat op die bestuur verteenwoordig was, het onderneem om die werkster te besoldig. 'n Geskikte persoon, mej. C. Myburgh, is aangestel, en die S.A.V.F. het haar gratis gehuisves in die Brixton-tehuis, een van die tehuise vir laagbesoldigde meisies in Johannesburg. Sy sou aan die S.A.V.F. sowel as aan die Armesorgraad verslag doen van die werk.<sup>3)</sup>

Gaandeweg is ondervinding in verband met die werk opgedoen. Die arbeidsveld het homself ontplooi, en daar is tot die slotsom<sup>4)</sup> geraak dat gevalle vroue nie net diegene

1) Jaarverslag van die Armesorgraad, 1949-50.

2) Freed: The Problem of European Prostitution in Johannesburg, 46.

3) Notule van die Armesorgraad, Jan. 1943. 4) Ibid.

is wat geboorte aan onegte kinders gee, of wat hulle liggame in straathandel verhuur met die oog op materiële gewin nie, maar ook die vroue, getroud sowel as ongetroud, en meisies wat verslaaf is aan alkoholiese drank, want die bevinding was dat meer as 95% van die straatvroue ook as dranksugtig bestempel kon word.

Die twee liggame, die S.A.V.F. en die Armesorgraad, het die werk met geesdrif aangepak. In Deurgangshuis is in stand gehou, en die volgende tipes is daarin behandel: verwagte meisies, straatvroue, dranksugtiges en diegene wat tydelike huisvesting nodig het. Die verwagte meisies en dit is hulle wat die bystand van die beweging die nodigste het omdat hulle meesal kinders van onder die negentien jaar oud is — is geklassifiseer in drie groepe; daar is die seksueel ongebalanseerdes wat daarvan hou om by mans as populêr beskryf te word; dan is daar die wat weens een of ander afwyking die prooi geword het van manspersone, soos agterlikes, dowes en ook die wat nog te jonk is om te beseef wat hulle doen; derdens is daar die onskuldiges wat na die mooi praatjies en beloftes van mans luister.<sup>1)</sup>

Na jare van arbeid op hierdie gebied het sekere persone tot die beseef gekom dat die arbeid aan die gevalle vrou ver-spil is solank sy nie in die moeilikheid beland het nie. Die straatvrou is, volgens die woorde van 'n sosiale werkster, in glibberige wese. Daar kan nouliks enige opheffingswerk aan haar gedoen word. Die verleiding van geld en 'n lui-lekker bestaan is vir haar te sterk, en as sy eers haar kinderskeene ontgroei het, is sy al so verhard dat daar nie meer self aan haar te smeer is nie.

Daar moet 'n ander metode aangewend word om die verderf in die kiem te smoor. Met hierdie gedagte voorop is 'n vergadering belê, waarop besluit is om 'n reddingshuis vir

---

1) Jaarverslag van die Armesorgraad, 1945-46.



verwagtinge dogters tot stand te bring. Die vergadering is gehou op 17 Junie 1947 en is bygewoon deur di. P. van der Hoven, O.B. Brink, H.J. Piek, J. Erlank, D. de Beer en mevv. Grobler, De Vos, Joubert, Brink, De Beer en Weber.<sup>1)</sup> Voorlopig is 'n huis in Doornfontein vir dié doel gehuur, en die aankoop van 'n geskikte gebou is in die vooruitsig gestel. Die doel van dié vertakking van die sosiale werk sou wees om verwagtinge meisies vir die periode voor bevaling na die reddingshuis te bring, 'n besondere studie van elke geval te maak, alle moontlike pogings aan te wend om die persoon geestelik te bearbei om haar langs hierdie weg tot inkeer te bring en om voorsorg te tref vir die baba wat daar gebore word, deur dit deur geskikte ouers te laat adopteer of dit na 'n inrigting te laat kommitteer.

Op 12 September 1947 kon ds. Brink rapporteer dat 'n geskikte gebou aangekoop kon word en dat die bedrag van £2,000 onmiddellik benodig word. Hy deel verder mee dat die Ring van Johannesburg besluit het dat elke gemeente 'n bedrag van £50 moet bydra.<sup>2)</sup> Die gebou is aangekoop in St. Anantstraat in Malvern teen 'n bedrag van £8000. Dit was 'n gerieflike dubbelverdiepinggebou met ses slaapkamers en na die oordeel van die bestuur van die Armesorgraad baie geskik vir die doel. Die mooi en dienlike meubels is saam met die gebou aangekoop. 'n Mooi blomtuin en sierlike terrein gee aan die gebou 'n kalme en rustige aansig. Vanaf die in gebruikneming was die gebou altyd vol en moes 'n aantal van die dogters by pleegmoeders uitbestee word tot tyd en wyl daar vir hulle plek in die gebou oopgeval het.<sup>3)</sup>

Die bestuur kon nou die grondreëls vir die Uitkoms-Tehuis vir ongehuide moeders opstel en dié het as volg gelui:

- 
- 1) Notule van Uitkoms-bestuur, 17 Junie 1947.
  - 2) Ibid., 12 Sept. 1947.
  - 3) Jaarverslag van die Armesorgraad, 1948-49.
  - 4) Handleiding i.v.n. Die Werksaanhede van die Armesorgraad, 49.

Artikel 1. Die naam van die inrigting is die Uitkoms-Tehuis van die Armesorgraad van die Witwatersrand van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk, watter liggaam in die laaste instansie seggenskap oor die inrigting sal hê en vir alle bate en laste verantwoordelik sal wees.

Artikel 2. Die doel van die Armesorgraad met die inrigting is om in samewerking met die Kommissie vir Openbare Sedelikeheid in gehoorsaamheid aan God die Vader, en in die gees van die Evangelie van Jesus Christus:

Ongetroude moeders huisvesting te gee en te beskerm, met hulle bevalling by te staan, en sover moontlik te rehabiliteer; adopsies te reël en, waar nodig, geskikte adopsie-ouers te vind, verslag oor hulle op te stel vir die Kommissaris van Kindersorg en kragtens bepalinge van die Kinderwet van 1937 toesig oor die beskermde jong kinders te hou totdat die adopsie deur die Minister bekragtig is.

Alle welsynswerk in verband met die inrigting staan, goos. alle ander werk van die Armesorgraad, byvoorbeeld gesinsorg, kindersorg, werkklassse, gevangenesorg, ensovoorts, regstreeks onder toesig van die Raad.

Artikel 3. Die Armesorgraad stel 'n onderkommittee aan om die tehuis te beheer. Hierdie liggaam staan bekend as die bestuur van Uitkoms-tehuis van die Armesorgraad van die Witwatersrand van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk. Die bestuur word driejaarliks saamgestel soos in artikel vier bepaal.

Artikel 4. Die bestuur sal bestaan uit:

- (a) Een verteenwoordigster uit elke ring van die Witwatersrand. Ringsverteenwoordiging geskied as volg: Een verteenwoordigster van elke ring word gekies deur die Armesorgraad uit twee name wat deur die Ringskommissie van die betrokke ring voorgestel word;
- (b) drie verteenwoordigers van die Armesorgraad;

- (c) twee verteenwoordigers van die Sinodale Kommissie vir Openbare sedelikheid;
- (d) twee verteenwoordigers van die Minister uit 'n viertal aangewys deur die Raad.

Verteenwoordigers van die Minister word vir twee jaar aangestel. Verteenwoordigers soos in (a) (b) en (c) hierbo genoem, word aangestel vir drie jaar. Vakatures word deur die Armesorgraad aangevul soos in artikel 4(a) bepaal.

Artikel 5. Die bestuur kies by sy jaarvergadering 'n voorsitter, vise-voorsitter, sekretaris en tesourier en nog een lid, wat as dagbestuur sal optree. Een van die lede van die dagbestuur moet 'n verteenwoordiger van die Armesorgraad wees.

Artikel 6. Die sekretaris van die bestuur behartig alle korrespondensie in verband met huishoudelike aangeleenthede, maar korrespondensie in sake opnames, ontslag en adopsies word na die sekretaris van die Armesorgraad verwys.

Artikel 7. Bestuurslede wat drie agtereenvolgende gewone vergaderings sonder verlof afwesig is, hou op om bestuurslede te wees.

Artikel 8. Die bestuur bepaal self die tyd en plek vir sy vergaderings. Vergaderings word op las van die voorsitter belê. Buitengewone vergaderings word deur die voorsitter belê of wanneer ten minste drie lede van die bestuur daar skriftelik om vra.

Artikel 9. Ses lede van die bestuur vorm 'n kworum.

Artikel 17. Alle vaste eiendomme van die inrigting sal geregistreer wees op naam van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

Artikel 19. Wysiging van die Grondreëls kan alleen deur die Armesorgraad aangebring word.

Ander artikels maak voorsiening vir die beheer van gelde, verantwoordelikheid vir eiendomme en maandelikse verslae aan die bestuur van die Armesorgraad.

Daar bestaan ook 'n stel reëls vir die prosedure wat deur die Uitkoms-bestuur gevolg moet word. Dit bepaal die samestelling van die bestuur, die tyd van vergadering en die hou en ouditering van boeke.<sup>1)</sup>

Die maatskaplike werksster wat inwoon, word ook deur die reëls en regulasies beheer. Sy is verantwoordelik vir alle welsynswerk in verband met die inwonende dogters en bespreek die probleme van elk met haar. Sy is verder verantwoordelik vir naaldwerk wat deur die dogters verrig moet word.

Sy ontvang alle pakkes, keur alle briewe wat deur die dogters ontvang word, en tref alle voorsorg dat hulle nie aan die nuuskierigheid van besoekers(sters) blootgestel word nie.

Ook die optrede van die matrone, wat meesal vir die materiële sy van die versorging en huishouding verantwoordelik is, word bepaal deur 'n stel reëls en regulasies. Sy word verbied om enige inligting hoegenaamd aangaande inwoners te verskaf en is verplig om gevalle van insubordinasie van die inwoners aan die dagbestuur te rapporteer. Sy is in alle opsigte verantwoordelik vir die instandhouding van die inrigting en moet alles wat vir die behoorlike bewaring van eiendomme nodig is, aan die bestuur van die Armesorg voorlê.

Die huishoudelike reëls vir inwonende meisies is van groot belang en sal hier in besonderhede weergegee word.

Van elke meisie word verwag om 'n deel van die huiswerk te doen wat deur die bestuur goedgekeur is, mits sy vir die pligte medies geskik is.

Meisies moet huiswerk doen onder toesig van die matrone. Hulle mag geen groot was- en strykwerk doen nie ook geen vloere vryf of enige swaak werk doen nie.

Geen moeders met babas word in die inrigting toegelaat nie. Reëlins vir sowel moeder as baba word deur die werksster getref.

---

1) Handleiding i.v.m. die Werksaanhede van die Armesorgraad,

Vir elke geval moet by toelating 'n mediese sertifikaat voltooi en ingedien word.

Wanneer sy tot die inrigting toegelaat word, onderteken elke aansoekster 'n vorm, wat die reg aan die Armesorgraad gee om vir die adopsie van haar baba te sorg.

Alle meisies word op hulle voorname genoem. Elke meisie moet eenvoudig gekleed gaan en moet die los oorrokke van die inrigting oor hulle rokke dra. Hierdie oorrokke bly die eiendom van die inrigting en moet skoon agtergelaat word.

Geen mansvriende word toegelaat nie.

Rook is streng verbode.

Geen besoeke, behalwe van ouers, word toegelaat tensy die werkster toestemming gee nie.

Op Vrydag, Saterdag en Sondag sal was en stryk nie toegelaat word nie.

Geen geld en klere mag onderling uitgeleën word nie. Die kamers moet netjies en in orde gehou word. Klere en ander artikels mag nie rondlê nie maar moet netjies gebêre word.

Meubels mag nie rondgeskuiwe word nie.

Meisies mag nie die bediendes vir inkopies rondstuur nie, en geen geselskap mag met hulle gevoer word nie.

Meisies mag nie die telefoon gebruik nie, tensy die matrone of werkster by die telefoongesprek teenwoordig is nie.

Alle pakkies en briewe moet deur die werkster nagesien word, en sal oorhandig word alleen as die werkster dit goedkeur.

Geld en sierade word op eie risiko vir die meisies in bewaring geneem, en 'n kwitansie sal daarvoor uitgereik word.

Die volle waarheid van haar moeilikheid moet deur elke meisie aan die werkster meegedeel word.

Elke meisie wat haar baba vir adopsie gee, moet 'n skadeloosstellingsakte teken, wat ook deur die adopsie-ouers geteken moet word.

Meisies mag geen boeke uit die biblioteek neem as die werkster of matrone nie teenwoordig is nie, en boeke moet weer aan hulle oorhandig word. 'n Boek word aangelys waarin die datums van uitname en terugbesorging van boeke aangeteken word.

Gehoorsaamheid aan die reëls word van elke inwoner verwag.

Hier volg nou die statistieke geneem uit die jaarverslae van die Armesorgraad vir twee jaar vanaf 1 Julie 1948 tot 30 Junie 1950. Die gegewens van die eerste jaar van die bestaan van die tehuis is nie so noukeurig opgeteken nie en kan maar agterweë gelaat word, aangesien die beskikbare syfers vir die volgende twee jaar 'n duidelike beeld van die aard en omvang van die werk gee.

Tabel XII.

Statistieke vir die jaar 1 Julie 1948 - 30 Junie 1949.

|                                   |       |
|-----------------------------------|-------|
| Nasorgbesoeke .....               | 279   |
| Amptelike besoeke .....           | 260   |
| Kantooronderhoude .....           | 147   |
| Telefoniese onderhoude .....      | 4,646 |
| Verwagte moeders:                 |       |
| Op 1 Julie 1948 in Uitkoms .....  | 7     |
| Geregistreer                      | 84    |
| Gevalle afgehandel .....          | 72    |
| Op 30 Junie 1949 in Uitkoms ..... | 19    |
| Babas gebore:                     |       |
| Gedurende die jaar .....          | 59    |
| Adopsies .....                    | 53    |
| Babas deur moeders behou .....    | 3     |

|                                               |     |
|-----------------------------------------------|-----|
| Babas in inrigting geplaas.....               | 1   |
| Babas oorlede met geboorte .....              | 2   |
| Adopsie-ouers:                                |     |
| Aantel geregistreer .....                     | 102 |
| Aantal wat babas ontvang het .....            | 60  |
| <u>Nasorgwerk:</u>                            |     |
| Moeders wat babas behou het .....             | 3   |
| Dogters wat terug is na ouers .....           | 21  |
| Dogters in werk geplaas onder<br>toesig ..... | 20  |
| Dogters getroud .....                         | 4   |
| Dogters met wie kontak verloor is....         | 8   |

Statistieke vir die jaar 1 Julie 1949 - 30 Junie 1950.

Vir hierdie jaar is die indeling ietwat anders as vir die vorige jaar en kon dit nie in 'n vergelykende tabel met die van die vorige jaar opgeteken word nie.

|                              |     |
|------------------------------|-----|
| Nasorgbesoeke .....          | 228 |
| Amptelike besoeke .....      | 225 |
| Kantooronderhoude .....      | 184 |
| Telefoniese onderhoude ..... | 508 |
| Verwagte moeders:            |     |
| Op 1 Julie in Uitkoms .....  | 19  |
| Geregistreer .....           | 103 |
| In Uitkoms opgeneem .....    | 82  |
| Reëlins elders getref .....  | 21  |
| Getal afgehandel .....       | 87  |
| Rehabilitasie:               |     |
| In werk geplaas .....        | 16  |
| Terug na ouerhuis .....      | 29  |
| Terug na vorige werk .....   | 38  |
| Getroud .....                | 4   |

Babas:

|                                  |    |
|----------------------------------|----|
| Babas gebore .....               | 89 |
| Babas deur moeders behou .....   | 5  |
| Babas oorlede .....              | 3  |
| Babas in inrigting geplaas ..... | 1  |
| Babas geadopteer .....           | 80 |

Vaderskap:

Kleurafwykinge vasgestel by vier  
geboortes, nl.

|                 |   |
|-----------------|---|
| Naturel .....   | 1 |
| Kleurling ..... | 1 |
| Indiër .....    | 1 |
| Sjinees .....   | 1 |

Nasorgwerk:

|                                      |    |
|--------------------------------------|----|
| Moeders wat babas behou het .....    | 5  |
| Moeders in werk geplaas .....        | 16 |
| Moeders na ouers en vorige werk..... | 67 |

Wat die nasorgwerk betref, is die bevinding dat die beleid om 'n moeder haar baba te laat behou, nie goed beantwoord nie. Dit gaan gewoonlik nie goed met die een of die ander nie. Die moeder kry dit gewoonlik moeilik om die kind te versorg en moet dit dikwels aan die sorg van ander oorlaat terwyl sy gaan werk. Gedurende die jaar 1948 tot 1949 kon uit die drie gevalle oor nie een enkele gunstige gerapporteer word nie.

Met die dogters wat in hulle ouerhuise terugverwelkom word, gaan dit gewoonlik goed. Die dogters is liefdevoller en 'n groter steun vir hulle ouers. „Ek het 'n ander dogter teruggekry. Sy is so dierbaar vandat sy teruggekom het. Sy is vir ons tot 'n groot plesier. Sy het by ons aangedring dat ons huisgodsdiens moet hou en ons is dankbaar dat ons nou gereeld ons boeke vat in die aand“, so skryf 'n moeder van een



van die dogters. 'n Dogter skryf: "Ek was bly om weer my pappie en mammie te sien. Hulle is nou vir my meer dierbaar as ooit tevore. Dank die Vader vir sulke ouers, wat ek nog het, wat nog baie vir my omgee".

Ook die dogters wat in werk geplaas word, word onder gereelde toesig gehou. Hulle het ook wat hulle godsdiens betref, getrou gebly, en sommige word ook by gemeentelike werksaamhede ingeskakel. Sommige stuur ook bydraes om die fondse van Uitkoms te sterk en sodoende ander gevallenes te help.

Wat die getroudes betref, is gunstige verslae van die nasorgwerksters ontvang.

Dit skyn dus of die opheffingswerk wat daar in die maande tydens haar verblyf in Uitkoms aan die verwagte moeder gedoen word, nie tevergeefs is nie.

Hier volg nou samevattende statistieke <sup>1)</sup> van die werksaamhede van die Armesorgraad.

Tabel XIII.

Kindersorgwerk: 1 Julie 1948 - 30 Junie 1950.

|                                                                    |     |
|--------------------------------------------------------------------|-----|
| Aantal sorgbehoewendes kinders na inrigtinge<br>gekommitteer ..... | 194 |
| Aantal sorgbehoewende kinders by ouers onder<br>toesig .....       | 120 |

Gesinsorg: 1 Maart 1939 - 30 Junie 1950.

|                                                                      |         |
|----------------------------------------------------------------------|---------|
| Aantal gesinne geregistreer .....                                    | 18,428  |
| Besoeke op kantoor ontvang .....                                     | 66,559  |
| Gevalle besoek .....                                                 | 58,307  |
| Huisbesoeke afgelê .....                                             | 117,936 |
| Gevalle vir wie werk gesoek is .....                                 | 8,030   |
| Gevalle vir wie werk gevind is .....                                 | 6,183   |
| Gevalle bygestaan met mediese, juridiese en<br>pensioendienste ..... | 10,315  |

---

1) Notule van die Armesorgraad.

Uitkoms-tehuis vir ongehude moeders:

1 Julie 1948 tot 30 Junie 1950.

|                                   |     |
|-----------------------------------|-----|
| Aantal gevalle geregistreer ..... | 187 |
| Aantal gevalle afgehandel .....   | 159 |
| Aantal adopsies waargeneem .....  | 213 |

Onderhoudstoelaes van die staat ontvang en aan gesinne  
uitbetaal vir 'n tydperk van drie jaar:

|    |                                                   |          |
|----|---------------------------------------------------|----------|
| 1. | Vir die jaar 1948 vir 109 gesinne met 210 kinders | £10,393. |
| 2. | " " " 1949 " 198 " " 306 "                        | £18,635. |
| 3. | " " " 1950 " 288 " " 726 "                        | £25,348. |

Finansies:

Totale uitgawes uit die fondse per jaar ± £35,000

## HOOFSTUK XI.

### DIE OMVANG VAN KINDERSORG IN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA EN DIE AANDEEL VAN DIE NEDERDUITS HERVORMDE OF GEREFOR- MEERDE KERK DAARAAN.<sup>1)</sup>

#### 1. Bestaande inrigtings van kindersorg.

On die werk wat die kerk in die algemeen en die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in die besonder ten opsigte van kindersorg doen, in die regte perspektief te sien is dit nodig om 'n oorsig te kry van die omvang van alle kindersorg wat hier te lande onderneem word.

Die staat hou deur die Departement van Volkswelsyn toesig oor alle vorms van kinderversorging wat ingevolge die verskillende seksies van die Kinderwet no. 31 van 1937 gesertifiseer of geregistreer is.

- (a) Eerstens vind ons die staatsinrigtings wat ingevolge seksie 38(2) van die Kinderwet opgerig is. Hierdie wetsbepaling lê neer dat die Minister verbeteringshuise mag oprig en in stand hou vir die opname, onderhoud en opleiding van kinders en persone wat ingevolge hierdie Wet of enige ander wet daarheen verwys word. Elke verbeteringshuis word vanaf die inwerkingtreding van hierdie Wet beskou as 'n verbeteringshuis wat ingevolge hierdie Wet opgerig is.

Die kinders wat na hierdie inrigtings gestuur word, is jeugdige oortreders wat deur die Jeughof kragtens artikel (1)f van die Kinderwet daarheen verwys word. Ook word kinders wat in gesertifiseerde inrigtings, gesertifiseerde koshuise en nywerheidskole 'n slegte invloed uitoefen, daarheen verwys of oorgeplaas kragtens bevelskrif van die Minister, soos bepaal in artikel 47 van die Kinderwet. Behalwe skoolonderrig ontvang die seuns in die inrigtings ambagsopleiding en die dogters

---

1) Statistiese samevatting uit die Lêers van die Dept. Volkswelsyn, Koedoegebou, Pretoria. Sien bylae 2.

praktiese onderrig in huishoudkunde. Onder hierdie groep val daar slegs vier inrigtings vir kleurlingseuns en dogters.

- (b) 'n Tweede groep is die plekke van bewaring en veiligheid opgerig ingevolge seksie 37 van die Kinderwet.

Sorgbehoewende kinders en/of kinders wat van oortredings beskuldig staan, word in afwagting van die finale hofbevel in hierdie inrigtings gehuisves soos bepaal in artikel 2(1), 25(1), 26, 27, 37(1 en 2) van die Kinderwet no. 31 van 1937. Van hierdie inrigtings bestaan daar agt vir blanke seuns en dogters en ses vir nie-blanke seuns en dogters in die Unie.

- (c) 'n Derde groep sluit in alle gesertifiseerde koshuise gesertifiseer onder seksie 39(2) van die Kinderwet.

Hierdie Wet bepaal verder dat as die Minister oortuig is dat 'n inrigting op so 'n wyse beheer en gedryf word dat hy geskik is as 'n tehuis vir die opname, onderhoud en opleiding van persone wat op las van die hof daarheen verwys word en dat aan die bestuurders van daardie inrigting voegsaam die bevoegdhede verleen kan word wat hierdie Wet en die uit kragte daarvan uitgevaardigde regulasies aan die bestuurders van 'n gesertifiseerde tehuis verleen, dan kan hy, op aansoek van die bestuurders van daardie inrigting, 'n sertifikaat in dié sin uitreik.

Die kinders wat in hierdie koshuise toegelaat word, is dieselfde as wat in gesertifiseerde inrigtings toegelaat word, naamlik sorgbehoewendes, verwaarloosdes, onbeheerbares, jeugdige oortreders, subnormales en agterlikes onongehude verwagterende moeders. Daar is in die Unie elf van hierdie inrigtings vir blankes en tien vir nie-blankes geregistreer.

- (d) Die vierde groep is die inrigtings wat gesertifiseer en geregistreer is onder seksie 39(1) van die Kinderwet.

In hooftrekke is hierdie inrigtings dieselfde as die gesertifiseerde koshuise. Die gesertifiseerde inrigting behou sy status as private inrigting, maar die staat kan minimum-standaarde vereis, soos deur die Departement van Volkswelsyn vasgestel, alvorens 'n sertifikaat uitgereik word. Sertifisering bring die voordeel mee dat kinders onder wetlike beheer geplaas word en dat volledige departementele inspeksies gehou word met die oog op advies en voorligting. Die inrigting kry, uit hoofde van gesertifiseer te wees, meteen meer magte oor die kind en kan hom met lisensie uitbestee of langer aanhou, al na gelang die toestand dit vereis. Verder kom die inrigting in aanmerking vir omgesette toelae en ontvang ook hulp ten opsigte van nie-gekommitteerde kinders. Spesiale toelaes kan selfs vir kapitaaluitgawes ontvang word.

Onder hierdie groep ressorteer die grootste aantal inrigtings in ons land. Dit is tevens ook die belangrikste groep, en dit is onder hierdie Wet dat die private inisiatief tot die grootste bedrywigheid kon ontplooi. Daar is in die Unie twee-en-sestig sulke inrigtings vir blankes en vier-en-dertig vir nie-blankes geregistreer.

- (e) Onder die vyfde groep val die inrigtings wat geregistreer maar nie gesertifiseer is nie, soos bepaal in seksie 39 bis (3) van die Kinderwet. Hierdie artikel<sup>1)</sup> bepaal dat geen persoon 'n kind in 'n inrigting, behalwe soos in die hierbo vermeld, mag opneem, tensy daardie inrigting geregistreer is nie. So 'n registrasie-sertifikaat kan nie gekanselleer word nie, behalwe nadat

---

1) Wet tot verdere wysiging van die Kinderwet, 1937, 10.

minstens een maand vooraf aan die persoon in wie se naam dit uitgereik is, skriftelik kennis gegee is van die voorneme om dit te kanselleer en nadat die Minister enige vertoë wat deur so 'n persoon voorgelê kan word, oorweeg het nie. Tensy die Minister anders gelas, mag die opsigter van so 'n inrigting dit ook nie sluit voor en aler behoorlike voorsiening vir die kinders daarin vir 'n tydperk van drie maande na die tyd gemaak is nie. Geen kind wat in die inrigting opgeneem is, mag sonder toestemming van die Minister uit die inrigting ontslaan of verwyder word nie, tensy die registrasiesertifikaat teruggegee is of tensy daardie kind vir 'n bepaalde tydperk in daardie inrigting opgeneem is en daardie tydperk verstryk het. Onder hierdie seksie van die Kinderwet is daar in die Unie vyftig inrigtings vir blankes en negentien vir nie-blankes geregistreer. Die kinders tot hierdie inrigtings toegelaat, is dieselfde tipes as wat tot gesertifiseerde inrigtings toegelaat word. Ook in die oprigting van hierdie inrigtings speel private inisiatief 'n belangrike rol, en veral die verskillende kerkgenootskappe het tot dusver baie van die vorm van stigting van kinderinrigtings gebruik gemaak.

## 2. Samevatting.

Tabel XIV.

| Kerkverband                    | Aantal Inrigtinge |      |        |       |      | Aantal Kinders |         |        |
|--------------------------------|-------------------|------|--------|-------|------|----------------|---------|--------|
|                                | Tvl.              | K.P. | Q.V.S. | Natal | Tot. | Blank          | Nie-Bl. | Totaal |
| Ned. Geref. Kerk <sup>1)</sup> | 5                 | 15   | 5      | 1     | 26   | 3051           | 230     | 3,281  |
| Ned. Herv. Kerk                | 2                 | —    | —      | —     | 2    | 266            | —       | 266    |
| Geref. Kerk                    | 2                 | —    | —      | —     | 2    | 104            | —       | 104    |
| Church of Eng.                 | 6                 | 9    | —      | 3     | 18   | 955            | 337     | 1,292  |
| Methodiste                     | 4                 | 2    | —      | 2     | 8    | 312            | 26      | 338    |

1) Die getalle vir die Ned. Herv. of Geref. Kerk is hierby inbegreep.

|                         | TvL. | K.P. | O.V.S. | Natal | Tot. | Blank | Nie-Bl. | Totaal |
|-------------------------|------|------|--------|-------|------|-------|---------|--------|
| Anglikaans              | 1    | 2    | -      | -     | 3    | 30    | 67      | 97     |
| Presbyteriaans          | -    | 1    | -      | -     | 1    | 75    | -       | 75     |
| Wesleyaans              | -    | -    | -      | 1     | 1    | 16    | -       | 16     |
| Rooms-Katolieke         | 9    | 31   | -      | 11    | 51   | 2221  | 4091    | 6,312  |
| Heilsleër               | 4    | 2    | -      | -     | 6    | 419   | 100     | 519    |
| Luthers Protest.        | 1    | 3    | -      | -     | 4    | 96    | -       | 96     |
| Joods                   | 1    | 1    | -      | -     | 2    | 400   | -       | 400    |
| Apostolies              | 1    | -    | -      | -     | 1    | 200   | -       | 200    |
| Ned. Geref. Sending     | -    | 2    | -      | -     | 2    | -     | 90      | 90     |
| Hindu                   | -    | -    | -      | 1     | 1    | -     | 62      | 62     |
| Islamiet                | 1    | -    | -      | -     | 1    | -     | 335     | 335    |
| Assemblies of God       | -    | -    | -      | 1     | 1    | 15    | -       | 15     |
| Geen kerkverband        | 26   | 14   | 2      | 14    | 56   | 2038  | 735     | 2,773  |
| Totaal                  | 63   | 82   | 7      | 34    | 186  | 10198 | 6073    | 16,271 |
| Staatsinrigtings        | 1    | 3    | -      | -     | 4    | -     | 375     | 375    |
| Staats- detensie- huise | 5    | 6    | 1      | 2     | 14   | 416   | 270     | 686    |
| Groot Totaal            | 69   | 91   | 8      | 36    | 204  | 10614 | 6718    | 17,332 |

3. Inrigtings van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde kerkverband.<sup>1)</sup>

Tabel XV.

| Inrigting                                                                                           | Toelatingsouderdom. |       | Maksimum Inskrywing |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------|-------|---------------------|
|                                                                                                     | Min .               | Maks. |                     |
| 1. Die Armstrong-Berning-tehuis, Pretoria, vir sorgbehoewende kinders en ongehude verwagte moeders. | Babas               | 0     | 62                  |
| 2. Abraham Kriel-Kinderhuis, Langlaagte, vir wese, Halfwese en sorgbehoewende kinders.              | 3                   | 19    | 735                 |

1) Samenvatting uit die lêers van Departement Volkswelsyn; vgl. bylae 2.

| Inrigting                                                                                                              | Toelatingsouderdom. |       | Maksimum<br>Inskrywing |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------|-------|------------------------|
|                                                                                                                        | Min.                | Maks. |                        |
| 3. Die Kinderhawe, Johannesburg, vir sorgbehoewende babas.                                                             | 0                   | 3     | 60                     |
| 4. Miemie se Kinderhawe, Potchefstroom, vir sorgbehoewende en agterlike kinders en gevalle vir veiligheid en bewaring. | 0                   | 16    | 21                     |
| 5. Uitkoms, die Reddingshuis vir sorgbehoewende onghede verwagterende moeders.                                         |                     |       | 20                     |

Streng gesproke is daar maar drie van hierdie inrigtings wat regstreeks onder die beheer van die Kerk staan, naamlik die Abraham Kriel-Kinderhuis, die Kinderhawe en Uitkoms. Die Armstrong-Berning-tehuis staan onder die beheer van die Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie, terwyl Miemie se Kinderhawe 'n private onderneming is. Die drie kerklike inrigtings bied akkommodasie vir 815 kinders. Dit beteken egter nie dat dit die maksimum getal is wat per jaar deur die inrigtings versorg word nie. Uitkoms is 'n deurgangshuis, en tot twee-en-sewentig verwagterende moeders per jaar is al daar opgeneem, soos blyk uit gegewens elders in hierdie werk aangegee. Dieselfde geld vir die Kinderhawe. Daar word nie geaarsel om babas vir aanneming aan geskikte adopsie-ouers te gee nie, en veel meer as waarvoor daar akkommodasie beskikbaar is, kan agtereenvolgens ontvang, versorg en vir adopsie aanbeveel word.

Die Abraham Kriel-Kinderhuis is egter die Kerk se sentrale kindersorginrigting, en behalwe die buitemuurse kindersorg soos deur die Armesorgraad verrig, spits die Kerk sy volle aandag op hierdie inrigting toe.



Opname in die inrigting geskied nie volgens tipe nie. Soos hierbo gemeld, huisves die kinderruis wese, halfwese en sorgbehoewende kinders. Die term sorgbehoewend is egter vaag en baie wyd en sluit volgens die omskrywing van die Kinderwet<sup>1)</sup> ten minste agt verskillende tipes in. Nietemin word daarna gestreef om versorging aan alle huislose en verwaarloosde kinders te verskaf.

Wat die aandeel aan die kindersorg in die Unie betref, kan die statistieke van die Nederduits Gefedereerde Kerke<sup>2)</sup> veel lig op die saak werp.

|                     | <u>Siele</u> | <u>Lidmate</u> | <u>Nie-lidmate</u> |
|---------------------|--------------|----------------|--------------------|
| Transvaal           | 342,405      | 198,552        | 143,853            |
| Die vier provinsies | 992,015      | 605,748        | 386,267            |

Wat die aantal siele betref, het die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk ongeveer een-derde van die groot totaal. Van die kindersorg het dit slegs ongeveer een-kwart van die totaal. Wat kindersorg in die algemeen betref, het die gefedereerde Nederduits Gereformeerde Kerke 'n ongeveer 30%-aandeel daaraan as getalle in inrigtings as basis geneem word, terwyl byna die helfte van die blanke bevolking onder die Nederduits Gereformeerde Kerke ressorteer.

As die aantal blanke nie-lidmate, wat seker meesal uit kinders en jongmense bestaan, in oënskou geneem word, is die aantal kinders in die inrigtings van die gefedereerde Kerke baie klein. Dit word deur die Kinderwet<sup>3)</sup> aanbeveel dat kommissaris van kindersorg by die keuse van 'n inrigting vir die verwysing van 'n kind die godsdienstige gesindheid waartoe die kind behoort, in ag sal neem. Dit word seker in 'n mate gedoen, dog daar is miskien ander faktore, soos plekruimte, geografiese ligging, klassifikasie en dies meer, wat

1) Kinderwet no. 31 van 1937, 5.

2) Jaarboek van die Ned. Gefedereerde Geref. Kerke 1951, 526.

3) Kinderwet, Op. cit., 43.

dit noodsaaklik maak om kerkverband by verwysing te veron-  
agsaam.

In sy verslag aan die hoogerwaarde Sinode van die  
Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk vir 1951 verskaf  
die hoofbestuur van die Abraham Kriek-Kinderhuis byvoorbeeld  
die volgende gegewens in verband met die kerkverband van  
kinders vir wie daar aansoek gedoen is:

| Ned.Herv. of<br>Geref. Kerk | Ned.Herv.<br>Kerk | Geref.<br>Kerk | Sektes | Engelse<br>Kerk | Roomse-<br>Kat. | On-<br>seker |
|-----------------------------|-------------------|----------------|--------|-----------------|-----------------|--------------|
| 144                         | 34                | 3              | 15     | 9               | 1               | 28           |

Dit kan net sowel die geval wees met groepe waarvoor daar  
deur die Departement van Volkswelsyn by ander inrigtings  
aansoek om opname gedoen word. Die direkte gevolg hiervan  
sal dan wees dat kinders van die Nederduitse Hervormde of  
Gereformeerde Kerkverband ook in inrigtings van ander kerk-  
genootskappe opgeneem word. Outentieke gegewens aangaande  
die omvang van sorgbehoewendheid by die kinderbevolking van  
die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk is derhalwe  
nie beskikbaar nie.

## HOOFSTUK XII

### METODES VAN KINDERVERSORGING.

#### 1. Inleiding.

Die kerk het behalwe sy hoogste roeping, naamlik die verheerliking van God, ook 'n maatskaplike roeping. Die maatskaplike toestande waarin 'n mens lewe, bepaal wel of daar geleentheid vir die ontwikkeling van warme belangstelling vir die ewige en die onsienlike dinge sal wees. Die kerk betree dus die terrein van die maatskaplike welvaart van die mens, en waar toestande vir die geestelike welvaart nie bevorderlik is nie, wil die kerk ingryp en of deur hervorming die toestande verbeter of nuwe toestande skep, wat wel tot die geestelike en morele welvaart van die individu sal bydra. Soos vir 'n volk, so is ook vir die kerk die kinderbevolking sy grootste bate. As die kind derhalwe op die beste wyse versorg en grootgemaak word, dan is die saak reeds half gewonne.

• Waar sorgbehoewendheid onder die kinders van die Afrikaanse volk onrusbarend aan die toeneem is, is dit die kerk erns om van die toestand kennis te neem en hom in belang van hulle wat aan algehele verwaarlosing blootstaan, in die stryd te werp en met alle middele hierdie verval te bekamp.

Dat daar wye uiteenlopendheid van mening bestaan ten opsigte van die metodes van kinderversorging wat aangewend behoort te word, ly geen twyfel nie. Dit sal derhalwe die moeite loon om die verskillende metodes van kinderversorging in oënskou te neem om sodoende in staat gestel te word om te kan vasstel waartoe die kerk hom moet beywer.

#### 2. Die huisgesin en sy waarde vir die kind.

'n Normale huisgesin bestaande uit vader, moeder en kinders, is die eenheid in die moderne sosiale struktuur. Dit is volgens ons Christelike beskouing 'n instelling van God, en het hy die skepping reeds tot stand gekom. God het

die man eers geskape nie as 'n selfstandige, selfgenoegsame en onafhanklike wese nie maar met 'n bepaalde drang na iemand wat in 'n bepaalde verhouding tot hom moet staan en wel 'n verhouding wat alleen tot die vrou kan bestaan. Daar sou dan 'n onderlinge verband tussen man en vrou wees. Op hierdie onderlinge verband berus die grondslag en samestelling van die volmaakte gesinslewe. Die kind word uit die verband van man en vrou gebou, en die volmaakte geslote eenheid en saamhorigheid word hierdeur voltooi. Biologies, psigologies en sosiologies is die gesin nou saamgebind. Alle kinders uit die huwelik gebore, is nou met bande van bloed aan die ouers en aan mekaar verbonde. Al die kinders deel dieselfde instinktielike gevoelens teenoor die ouers: gevoelens van liefde en eerbied, gevoelens wat deur gewoonte en gedurige omgang met mekaar steeds versterk en altyd meer en meer gerig word.<sup>1)</sup>

In die beskaafde wêreld van vandag is die permanente monogamiese verbintenis dan ook die norm van die gesinsorganisasie. Die gesin is die mees intieme sosiale groep en, soos met alle instellings van God, kan dit deur niks vervang word sonder om die voortbestaan van die gemeenskap te ondermyn nie.

Sommige waarnemers sien in die versorging van die kind selfs die primêre oorsaak vir die totstandkoming van die gesinslewe. Findlay sê byvoorbeeld: "The bond which creates the family is not essentially concerned with sexual love, or with life-long intimacy between a man and a woman, but with the care of the young... It is for their sake that the family, whether in birds or beasts or human, originates; all the elaborations and refinements of family organization, of law and custom relating to home, sprang from the experience that the rising generation are fostered best by being kept in the narrow shelter of the parents for an appropriate period".<sup>2)</sup>

---

1) Coetzee: Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 38.

2) Findlay: An Introduction to Sociology, 125.

Die status van die gesin kan dus nie sonder ernstige gevaar vir die gesonde vooruitgang van die mensdom ondermyn word nie.

"Thus the family presents itself as the typical scene in which altruism plays its part; here first man learns, both in the history of the race and its renewal by each family circle how self and other can adjust themselves to a mutual harmony. The ego is not lost, but identifies the interests of the family with the self. So it comes about that to our modern view the family bond appears as an expression of gross individualism".<sup>1)</sup> Die familiekring is dus nie alleen die vormende mag van die ontluikende individualiteit nie, maar dit is 'n noodsaaklike voorwaarde vir die ontwikkeling van die sosiale persoonlikheid.

In hierdie primêre groep is daar sekere faktore <sup>2)</sup> aanwesig wat noodwendig uit die saamhorigheid van die gesinslede ontstaan. So bestaan daar die eenheid van doelstellings by die verskillende lede van die gesin. Hulle vertoon dieselfde neigings ten opsigte van die belangrikste aspekte van hulle doelstellings. Hulle openbaar dieselfde houdings teenoor vraagstukke wat die gesin as geheel raak, en ten opsigte van persoonlike aangeleenthede soos die versorging van kinders, hulle opvoeding, kleding en gedragsbepalings is daar eenstemmigheid omdat die heersende atmosfeer in die gesinslede 'n opvoedende en vormende krag is wat die lewensbeskouing van die jongere lede in 'n sekere vorm giet en die uitsig in 'n bepaalde rigting stuur sonder dat hulle juis daarvan bewus behoef te wees. Die invloed van die ouers is oorheersend en dwing die kinderstrewe om dit by hulle strewe aan te pas.

Daar is dan 'n eenheid van 'n persoonlike strewe. Afgesien van die individualiteit van elke afsonderlike lid van die harmoniese gesin pas elk tog sy strewingsneigings by die

---

1) Findlay: An Introduction to Sociology, 128.

2) Elliott and Merrill: Social Disorganization, 588.

welvaart van die gesin as geheel aan.. Die individuele lid neem die gesin by die beraming van sy planne en die neem van sy besluite nou terdeë in ag.

Belangriker nog is die eenheid van belange. Gemeenskaplike belange ten opsigte van godsdiens, opvoeding, ekonomiese sake en ontspanning is eie aan 'n hegte, georganiseerde gesinslewe. Godsdienstige belange is die subtielste van alle belange in die gesinslewe. Mense wat behoefte aan die bevestiging van 'n godsdienstige beleving gevoel, word innerlik versterk deur die betuigenis van andere.<sup>1)</sup> Die eenheid, wat deur so 'n betuigenis bewerkstellig word, dring heen na 'n verdere en diepere eenheid ten opsigte van alle ander belange.

Samevattend kan dan gesê word dat die lede van dieselfde gesin vrywel dieselfde doelstellings nastrewe en 'n gemeenskaplike belangstellingssfeer besit. Die aanwesigheid van bloedverwantskap tussen die verskillende lede veronderstel 'n groter moontlikheid tot innerlike ooreenstemming ten opsigte van strewe en belangstelling. Die gesinslede vertoon 'n groot ooreenstemming wat betref geaardheid en temperament.

Die huisgesin besit dus sosiale en opvoedende magte wat rigtinggewende invloed op die kind uitoefen.<sup>2)</sup> Waar daar teenmagte intree, sou daar desorganisasie van die gesin plaasvind en sou die kind rigting verloor en hulpeloos en verward rondgedryf word. Slegs in die goedgebalanseerde gesin is daar geskikte geleentheid vir die ontwikkeling van die kinderpersoonlikheid. Hier word hy gevorm om by 'n veeleisende sameleving aan te pas. Om so 'n aanpassing makliker en vollediger te maak, is dit nodig dat sekere primêre drange<sup>3)</sup> van die kind bevredig word. Een van die vernaamste hiervan is die veiligheidsdrang. Sonder 'n gevoel van veiligheid sal die kind skugter, onseker, onbestendig en minderwaardig voel en nie in staat wees om met die beste in hom na vore te

---

1) Coetzee: Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 64.

2) Theron: Inrigtingsversorging, 82.

3) Ibid., 85.

tree nie. Dit kan bewerkstellig word deur beskerming en kontinuïteit van versorging deur die ouers. Toestande van armoede, dronkenskap, onenigheid, sorgeloosheid en uithuisigheid kan nooit aan die drang na veiligheid bevrediging gee nie.

Die kind besit ook 'n aangebore drang na erkenning. Hy wil voel dat die mense met wie hy saamleef, in hom belangstel ter wille van homself, sy prestasies en sy aktiwiteite. Hierdie drang word veral deur ouerlike liefde en gesag gevoed. Dit gee tegelykertyd rigting aan 'n gesonde, gebalanseerde aktiwiteit.

Behalwe die drang na erkenning is daar by die kind ook nog die geldingsdrang aanwesig. Die kind openbaar hierdie drang reeds vroeg in sy lewe. In die huisgesin waar hy met vertroue bejeën word en waar hy met verantwoordelikhede belas word, is die geleenthede die geskikte vir die kind om homself te handhaaf en 'n vroeë selfstandigheid te ontwikkel. Dit is dan ook hier dat hy in staat gestel word om sy drang na aktiwiteit te bevredig.

Die gesinslewe verskaf nie alleen die voorwaardes vir die bevrediging van aangebore drange by die kind nie; dit is ook die terrein waar die persoonlikheidstreкке ontwikkel moet word. Naas aangebore hoedanighede is die opvoeding wat die kind in die gesinslewe ontvang, van die grootste belang in die vorming van 'n ewewigtige persoonlikheid. Dink maar aan persoonlikheidstreкке soos onafhanklikheid, selfvertroue, selfbeheer, selfhandhawing, selfonderwerping, introversie, ekstroversie<sup>1)</sup> en sosiale trekke soos geselligheid, hulpvaardigheid, vriendskap, liefde, eerlikheid, leierskap, mededingendheid, meegevoel en dies meer en aan die teenoorgesteldes van hierdie trekke, en dit is duidelik dat geen opvoedende mag van groter belang is en meer geleentheid het tot die integrasie

---

1) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 231.

van die wenslike eienskappe in die kinderpersoonlikheid as juis die gesinslewe nie. Die huisgesin is die aangewese plek vir die uitlewing van die kind, vir die bevrediging van sy drange en die integrasie van sy persoonlikheid.

Die huislike lewe is die groot vormende krag van gees en karakter, en geen kind moet behalwe om dringende en noodgedwonge redes daarvan beroof word nie.<sup>1)</sup>

Die huisgesin verseker dus die gesonde geestelike ontwikkeling van die kind. Deur voorligting en tereg wysing word geesteshouinge aangekweek ten opsigte van die dinge waarmee die kind in aanraking kom. Die kind word nie toegelaat om onbeteuelde uiting aan sy neigings te gee nie. 'n Volgehoue toesig van die ouers verskaf die remminge aan die een kant en die aansporings aan die ander kant en verseker 'n gebalanseerde ontplooiing van die gees. Dit geskied nie altyd sonder botsing nie, maar die kind is onder alles bewus van die liefde en belangstelling van die ouers, en onder hierdie besef word konflikte tussen plig en verkeerde neigings geredelik opgelos en word die kind gaandeweg gesosialiseer.

Die huisgesin sorg verder vir die materiële welvaart van die kind. Dit dra sy eiendom aan die kind oor en verseker vir hom die moontlikheid om in sy materiële behoeftes te voorsien. Dit verseker die kind se opvoedkundige belange en beroepsopleiding en lei hom so in om in 'n samelewing te woon waarvan hy 'n volwaardige lid kan vorm.

Die mens is van Godswêë belas met die taak om sy kinders so groot te maak dat hulle ingegroei sal wees in die sedelike regsorde, in eerbied voor God sal staan, ontwikkel het wat hulle in hulle dra, en ryp sal wees vir hulle lewenstaak.<sup>2)</sup> Wat 'n groot taak is dit wat aan die huisgesin opgelê word om die kind moreel, godsdienstig, opvoedkundig en sosiaal so op te voed soos dit van God van hom verwag word.

---

1) Kurtz : Social Work Year Book, 1947, 93.

2) Goetzee: Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 42.



Dit is egter duidelik dat alle huisgesinne nooit hierdie ideale toestande aan die kinders in hulle geledere kan verskaf nie. So sou daar in 'n armoedige, ongeletterde, sorgelose, gebroke of agterbuurtgesin nie veel vir die kind gedoen kan word nie. Onder sulke omstandighede sou daar groter gevaar bestaan dat die kind met 'n perverse uitsig in die lewe en 'n anti-sosiale houding teenoor sy omgewing sal optree.

Onderzoek na die probleem van huislose kinders het aan die lig gebring dat dit juis die groeiende besef van die belangrikheid van die huisgesin is wat vir die belangrikheid van die probleem van die huislose kind verantwoordelik is.<sup>1)</sup> Hoe duideliker die besef van die belangrikheid van die gesinslewe vir die kind, hoe groter blyk die tragedie te wees wat die kind aankleef wat van die voorreg van 'n normale gesinslewe beroof is.

Die vraag is dan hoe die gesinslewe herstel of herskep moet word vir die kind wat dit verloor het. Dit moet meteen duidelik wees dat uit hoofde van die feit dat daar soveel verskillende redes vir die verwydering van kinders uit hulle normale huislike omgewings is, dat die oplossing vir almal nie dieselfde kan wees nie. Die staat, die kerk en private organisasies het hulle hande vol om daaglik die probleem te bekamp en na die beste vir elke afsonderlike sorgbehoewende kind te soek. Watter metode ookal aangewend word om die kindersorgprobleem op te los, moet in gedagte gehou word dat die metode wat die baaste aan die geleentheid kom wat deur 'n normale gesinslewe verskaf word, noodwendig die beste moet wees.

### 3. Gesinsrehabilitasie, moederspensiene en onderhoudstoelae.

As die normale gesinslewe die natuurlikste plek is vir die integrasie van die kinderpersoonlikheid en die verskaffing van alles wat nodig is om die kind tot 'n volwaardige burger

---

1) Clyde Report, 14.

te laat opgroei, dan volg dit vanself dat die eerste stap in die oplossing van die kindersorgprobleem die rehabilitasie van die ontwrigte huisgesin moet wees. Dit is 'n geweldige taak, maar die kerk deins nie hiervoor terug nie en besef dat die godsdienslike faktor die doeltreffendste middel is tot opheffing van diegene wat uitgesak het.<sup>1)</sup> Daar is baie redes vir die gesinsverval soos dit vandag voorkom. Veral die stadslewe het 'n verandering van lewenswyse en lewensbeskouing meegebring wat tot gesinsverbrokkeling bygedra het. Wat die gesinslewe betref, het die kenmerk van selfversorging in die stad verdwyn; die eenvoudige lewenswyse van die platteland moes plek maak vir uiterlike vertoon en 'n valse skyn van stoflike welvaart; familietradisie en sentiment het verflou, en die vrome afhanklikheidsgevoel teenoor die Skepper het verander na 'n sug en gejaag na rykdom.<sup>2)</sup> Ook die huweliksverhouding en die verhoudings tussen ouers en kinders word in die stadslewe verstour net die regstreekse gevolg dat die gesinslewe verbrokkel en dat die kinders die prooi van sorgeloosheid en verwarring word.

Dat ekonomiese agterstand een van die grootste oorsake van gesinsverval is, ly geen twyfel nie. Kurtz sê in sy Social Year Book van 1947: „Sound family life is in a very large measure dependant upon economic and industrial conditions which make it possible for the worker to maintain a good standard of living including proper housing”.<sup>3)</sup> Die verbrokkeling van die gesinslewe kan teëgegaan word deur die besit van 'n eie woning en tuin, gesamentlike kultuurgenot in die eie woning. Materiële uitbuiting deur huurgelde en huurkoopmetodes moet uitgeskakel word, en veral moet gesorg word dat daar werk vir die broodwinner is.<sup>4)</sup>

---

1) Albertyn e.a.: Kerk en Stad, 352.

2) Ibid., 206-209. --

3) Kurtz: Social Year Book, 96.

4) Willense: Sorg vir Kinders en Jeugdiges, 105.

As okonomiese agterstand die enigste en grootste rede was waarom kinders uit hulle ouerhuise verwyder moet word, sou dit nie so 'n netelige probleem wees nie en sou die saak deur moederspensiore en onderhoudstoelaes grootliks deur die staat verhelp kon word. Dit sou ook 'n goeie metode wees, aangesien die kinders dan veilig in die hoede van die ouers gelaat sou word. Die oorsake van gesinsverval lê egter baie dieper as armoede, en juis hier tree die kerk op die voorgrond in die stryd. Met sy talryke diensdoende predikante, sy kerkraadslede en sy tienduisend vrywillige werkers en werksters is hy in staat om opheffingswerk te onderneem. Die kerk kan ook wys op sy onbaatsugtige naasteliefde; hy beoog geen stoflike of politieke voordeel nie; hy word nie deur motiewe van eie oer en eie belang gedryf nie; liefde sonder bybedoeling is sy strewe. Hoeseer hy ook die waarde van onderwys, behuising, gesondheid en leefbare lone voorstaan, beklemtoon hy veral die opheffing van die siel as die vernaamste vereiste vir 'n deugsame lewe. <sup>1)</sup>

Morele rehabilitasie is dus 'n taak van die kerk. Deur middel van sy leraars en kerkrade kan die kerk elke hoekie van sy terrein deursoek vir ontaarding wat later verval kan veroorsaak. Elke dag wil die kerk die lig van geloof, hoop en liefde indra in daardie gesinne waar die duisternis van morele verval sy intrede gemaak het.

Ekonomiese rehabilitasie is ewe belangrik. Ook hier wil die kerk sy deel bydra. Daarom bring hy jaarliks minstens £200,000 vir hierdie doel byeen. <sup>2)</sup> Dit is egter by uitstek die plig van die staat om die ekonomiese bestaan van sy burgers te beveilig. Dit word weldeeglik deur die staat gedoen, en bystand in die vorm van kontantgeld of dienste op 'n peil wat van tyd tot tyd vasgestel word, word gegee aan:

---

1) Albertyn e.a.: Kerk en Stad, 352.

2) Ibid.

- (a) individue wat geen winsgewende werk het nie, omdat hulle te jonk, te oud, tydelik ongeskik, permanent ongeskik is of weens ander oorsake waaroor hulle geen beheer het nie;
- (b) moeders wat jong kinders het en wat behoeftig is, daar dit wenslik is dat sulke moeders nie sal werk nie maar tuis bly en hulle kinders versorg;
- (c) gesinne waar die inkomste van die broodwinner ontoereikend is.<sup>1)</sup>

Dit blyk duidelik dat dit nie die doel van sulke toelaes aan gesinne en moeders is om parasitisme te kweek nie. Die staat belê sy kapitaal in sy grootste bate, naamlik sy kinders. Pogings moet aangewend word om elke kinderlewe te behou. Beter gesinsomstandighede kan ook tot verhoging van die geboortesifer lei.

In Interdepartementele komitee wat die probleem van kinderversorging ondersoek het, het gevoel „that institutional care should not be given preference in cases where the child is only destitute or where his maladjustment can be dealt with successfully in the community itself. It is evident that if the home circumstances of a child are satisfactory, their influence for good is immeasurable and to discard this influence by removal of the child is to lose the value of personal attention, love and guidance which only a parent can bestow. For this reason the committee stresses the desirability of retaining the home circle unbroken wherever possible. If destitution is the only reason for court action, it is logical that efforts be made to reconstruct the home financially rather than remove the children.”<sup>2)</sup> Ongelukkig is behoeftigheid nie die enigste rede vir die verwydering van kinders uit hulle normale huislike lewe nie en sal dit ook nie altyd moontlik wees om vervalle gesinne te

---

1) Verslag van die Departement van Volkswelsyn, 1950, 55.

2) Interdepartmental Report, 8.

rehabiliteer nie. Daar sal dus ook ander metodes van kindersorg moet wees.

#### 4. Aanneming van kinders.

Adopsie is een van die metodes vir die uitbesteding van kinders wat van hulle normale huislike lewe beroof is. Die prosedure waarvolgens kinders geadopteer word, is vasgelê in die Kinderwet. Die metode is dus wetregtelik, en gesinne kan hiervolgens kinders permanent in hulle huise opneem en volle verantwoordelikheid vir hulle versorging aanvaar, dit wil sê die kind word deur die adopsie-ouers as hulle eie aangeneem.

Dit is deur die owerheid nodig gevind om die hele aangeleentheid van adopsie deur wetgewing te beheer en op vaste grondslag te plaas. Die staat sien in die kinders sy grootste bate, en dit mag nie toegelaat word dat kinderlewens op enige wyse vir enige vorm van gewin geëksploiteer word nie.

Die Kinderwet skenk vereers aandag aan die persone wat die kind mag aanneem.<sup>1)</sup> Die vernaamste faktor is die kwessie van ouderdom. Persone van onder die vyf-en-twintig jaar word nie as bevoeg beskou om kinders aan te neem nie.

'n Verdere bepaling van belang is dat geen kinders van sestien jaar oud en ouer aangeneem mag word tensy die adopsie-ouer minstens vyf-en-twintig jaar ouer as die kind is nie. Dit is egter nie van toepassing op 'n buite-egtelike kind van een van die adopsie-ouers nie. In hierdie geval moet die ander ouer ten minste vyftien jaar - tien jaar in die geval van die vrou - ouer as die kind wees.

Alvorens 'n aannemingslasbrief verskaf word, moet 'n kinderhof homself oortuig van die bevoegdheid van die aansoekers om 'n kind aan te neem. Daar moet ook bewyse gelewer word van die aansien van die applikante en van hulle ekonomiese vermoë om die kind te kan onderhou en op te voed. Die voorgenome aanneming moet in belang van die kind wees, en

---

1) Kinderwet no. 31 van 1937, 75.

toestemming van die kind se wettige ouers of ouer of voog en, as die kind bo tien jaar is, van homself moet vooraf verkry word.

In Aannemingslasbrief hef alle regte en wetlike verantwoordelikhede op wat tussen die kind en sy natuurlike ouers bestaan, behalwe die reg van die kind om ab intestato van hulle te erf.

Die wet maak ook voorsiening vir die vernietiging van die aannemingslasbrief op grond van bedrog, wanvoorstelling of "justus error" aan die kant van die pleegouer of geestelike gekrenktheid of gebrekkige persoonlikheid aan die kant van die kind waar die ten tyde van die verlening van die lasbrief van aanneming bestaan het, en verder waar die aanneming tot die kind se nadeel strek.

Die wet behou ook die reg voor om ouer of voog die reg te verleen om die kind gedurende die eerste jaar na aanneming te besoek.

Dit is deur hierdie bepalinge dat die wet trag om alle moontlike wanpraktyke wat daar in verband met die adopsie van die kind mag ontstaan, sover moontlik uit te skakel en tot 'n minimum te beperk.

By die Afrikaner is die praktyk van aanneming van kinders seker net so oud as die bevolking self. Te alle tye was dit die gebruik veral onder familieleden van kinders wie se ouers hulle deur die dood ontval het. Vandag vind dit veral plaas deur kinderlose gesinne, en kinders daarby betrokke is veelal buite-egtelike kinders of kinders uit kinderhuise.

Dat hierdie metode van uitbesteding van kinders vir die oplossing van die kindersorgprobleem nie van geringe belang is nie, blyk duidelik by die ondersoek van die statistiek van die Departement van Volkswelsyn.<sup>1)</sup>

---

1) Verslag van die Departement van Volkswelsyn, 42.

Tabel XVI.

Aantal registrasies van kinders, gedurende die gemelde  
jare aangeneem.

| <u>Jaar</u> | <u>Blank</u> | <u>Nie-Blank</u> | <u>Totaal</u> |
|-------------|--------------|------------------|---------------|
| 1932        | 386          | 165              | 571           |
| 1935        | 459          | 175              | 634           |
| 1937        | 446          | 225              | 671           |
| 1938        | 574          | 218              | 792           |
| 1939        | 587          | 244              | 831           |
| 1940        | 715          | 240              | 955           |
| 1941        | 677          | 225              | 902           |
| 1942        | 790          | 234              | 1024          |
| 1943        | 743          | 217              | 960           |
| 1944        | 1015         | 223              | 1238          |
| 1945        | 1194         | 326              | 1520          |
| 1946        | 1203         | 354              | 1557          |
| 1947        | 1314         | 380              | 1694          |
| 1948        | 1166         | 334              | 1500          |

Die metode van adopsie is ongetwyfeld een van die doeltreffendste maniere om ongelukkige kinders in 'n normale huislike omgewing te herstel. As dit met die regte gesindheid gepaard gaan, is dit 'n kostelike instelling wat veel daartoe kan bydra om die tragedie uit die kind se lewe te verwyder. Die kind kry hier dadelik weer die voordele van die ouerhuis in sy lewe. Dit kan in sy persoonlike behoeftes voorsien om hom geestelik te rehabiliteer en daardie gevoel van veiligheid vir hom waarborg soos 'n ouerhuis dit alleen kan doen.

Die bevinding van die ondersoek na die kindersorgprobleem in Engeland was dat adopsie veral vir algehele wese en vir buite-egtelike kinders die aangewese weg is. Waar dit geslaag is, is dit die bevredigendste metode in die verskaffing van 'n huis en 'n huislike lewe aan die sorgbehoewende kind. Dit verskaf nuwe ouers aan 'n nuwe kind.<sup>1)</sup>

1) Curtis Report, 148.

Adopsie sal nie altyd slaag nie, en mislukkinge kan toegeskryf word aan oorsake waarvoor die ouer nie altyd verantwoordelik gehou kan word nie. Kinders wat op 'n baie jong leeftyd aangeneem word, kan later liggaamlike en miskien geestesgebreke openbaar wat die ouer nie meer so simpatiek teenoor die kind sal laat staan nie. Die fout kan ook by die ouer lê. Die aanneming kon met bybedoelings en vir eie voordeel geskied het. Wat ook al die rede vir mislukkings in die opsig mag wees, dit maan tog tot die grootste versigtigheid by die kwalifisering van gesinne en geskikte adopsie-ouers.

#### 5. Die pleegouerstelsel

Dit is 'n stelsel waarvolgens sorgbehoewende kinders by privaat gesinne teen vergoeding deur die staat uitgeplaas kan word. Hierdie stelsel verskil van adopsie in die opsig dat die pleegouers geen wetlike verpligting teenoor die pleegkind het nie. Hulle neem die kind onder hulle beskerming en onderneem om die kind teen vergoeding te versorg en aanvaar die feit dat die vereniging deur wie die kind aan hulle sorg toevertrou is, voortdurend toesig hou oor die sedelike, liggaamlike en stoflike welvaart van die kind.<sup>1)</sup> Hulle is ook nie verplig om kinders langer in hulle huise te hou as wat hulle verkies nie.

#### Tabel XVII.

Die toelaes per maand per kind betaalbaar vir pleegsorg is soos volg: <sup>2)</sup>

(a) Liggaamlik en geestelik normale kinders:

|            | <u>Blank</u> | <u>Nie-blank</u> | <u>Naturelle</u> |
|------------|--------------|------------------|------------------|
| Stede      | £3-5-0       | £1-12-0          | £1-2-6           |
| Dorpe      | £2-17-6      | £1-7-6           | £1-0-0           |
| Platteland | £2-10-0      | £1-2-6           | -                |

1) Kinderwet no. 31 van 1937, seksie 45(2), 53.

2) Verslag van die Dept. Volkswelsyn, 82.



(b) Kinders met liggaamlike, geestelike of gedragsafwykings:

|            | <u>Blank</u> | <u>Nie-blank</u> | <u>Naturelle</u> |
|------------|--------------|------------------|------------------|
| Stede      | £4-10-0      | £2-10-0          | £2-10-0.         |
| Dorpe      | £4- 5-0      | £2- 5-0          | £1-10-0          |
| Platteland | £4- 0-0      | £2- 0-0          | -                |

Die toelaes vir kinders van groep (b) is heelwat hoër omdat vir hierdie tipe kind moeiliker voorsiening gemaak kan word. In albei gevalle is die ruim toelae egter 'n aanduiding van die waarde wat die owerheid aan hierdie soort behandeling heg, naamlik dat dit die naaste aan die ideaal van 'n normale gesinslewe kom.

Daar is behalwe die bepalinge van die Kinderwet, soos reeds vermeld, ook sekere voorwaardes aan pleegsorg verbonde.<sup>1)</sup> So mag dieselfde gesin nie meer as drie pleegkinders inneem nie, en met inbegrip van die eie kinders mag daar in die gesin nie meer as ses kinders altesame wees nie. Die beperking van die getalle ten opsigte van een en dieselfde huisgesin waarborg ten dele die voordele wat die inwoning in die huisgesin vir die pleegkind kan hê en verhoed dat die doelstelling ooit materialisties kan word. Hoewel hierdie vorm van kindersorg groot verpligtings vir die pleegouers meebring, is dit tog 'n metode waardeur ontsaglik veel gedoen kan word vir die ongelukkige kind wat sy huis deur die dood van sy ouers, uitwerping, verwaarlosing of andersins moes ontbeer. Juis hierin lê die grootste waarde van die tuiste wat deur pleegsorg aangebied word, naamlik dat dit die kind sal help om 'n gevoel van veiligheid en selfvertroue te herwin en nuwe hoop vir sy toekoms in 'n andersins so ongevoelige wêreld te koester.

Aan die ander kant kan hier heel maklik allerhande ongeremdheid en wanpraktyke plaasvind. Geen wonder dat die owerheid naan dat dié saak nie onderneem kan word nie anders

---

1) Verslag van die Departement van Volkswelsyn, 82.

as deur persone wat bereid is om aan die pleegkind die geloof te verskaf om die wêreld onbevrees in die gesig te staar en by hom die ondervinding van liefde en belangstelling, selfvertroue en eerlikheid tuis te bring en in hierdie gesindheid te versorg.<sup>1)</sup>

Die Departement van Volkswelsyn beseft dat dit 'n uiters ernstige saak is om kinders van hulle ouers te skei, en alleen persone met die nodige kwalifikasies, opleiding, takt en ondervinding kan hierdie taak uitvoer.<sup>2)</sup> Dit is ook van belang dat by die soek na 'n tuis te vir die kind wat uit sy ouerhuis verwyder is, daar die diepste insig geopenbaar moet word nie alleen in die kind wat geplaas moet word nie, maar ook in die pleegouers en selfs in die ander lede van die gesin wat die pleegsorg wil onderneem.<sup>3)</sup>

Volgens die Glyde-rapport<sup>4)</sup> was die bevinding van 'n ondersoek na die pleegouerstelsel dat daar in sekere gebiede die openbare mening bestaan dat hierdie stelsel 'n metode is om van ongewenste kinders ontslae te raak, of dat die werk onderneem word ter wille van die toelaag daaraan verbonde, of dat die kind net onderdak geneem word as 'n diensbode in die huis of op die landgoed. Hierdie verdragmakery het begrypklikerwyse veroorsaak dat eerlike pleegouers nie so gretig was om hulle aan te meld nie. Die oorlog het egter weer die lewensbelangrike plek van die gesinslewe in die kinderlewe prominent op die voorgrond gebring en die agterstand van die kind wat sy huis verloor het, opnuut beklentoon. Daar is selfs gevind dat die pleegouerstelsel nou in Engeland die mees algemene metode geword het om die probleem van huislose kinders op te los. Daar is in die meerderheid gevalle ook gevind dat hierdie stelsel onteenseglik groot diens bewys en in 'n groot behoefte voorsien,

---

1) Verslag van die Departement van Volkswelsyn, 82.

2) Idem.

3) Hopkirk: Institutions Serving Children, 42.

4) Glyde Report, 15.

Wat Suid-Afrika betref, kan dieselfde nie van pleegsorg gesê word nie. Hier volg syfers vir 1948<sup>1)</sup> en 1950<sup>2)</sup>

|                 | <u>Aantal pleeggesinne</u> | <u>Aantal pleegkinders</u> |
|-----------------|----------------------------|----------------------------|
| Alle rasse 1948 | 1819                       | 2877                       |
| " " 1950        | 2461                       | 4000                       |

Die Departement Volkswelsyn sien uit na 'n uitbreiding van die stelsel van pleegsorg in die Unie en meen dat, nieteenstaande die groot aantal pleegkinders wat reeds op hierdie manier versorg word, die stelsel nog maar min grond gewin het.<sup>3)</sup> Wat die rede vir hierdie gebrek aan gewillige helpers op hierdie gebied is, is moeilik om te sê. In Engeland is die tekort aan pleegouers na die Tweede Wêreldoorlog ondersoek, en daar is bevind dat daar heelparty oorsake is, waarvan die volgende die vernaamste is:<sup>4)</sup>

- (a) Na die jare van afmatting deur die oorlog teweeggebring, was daar 'n verlange na rus.
- (b) Daar was die vrees by sommige dat hulle geheg sou raak aan kinders wat na 'n paar jaar miskien weer van hulle af weggeneem sou word.
- (c) Koerantberigte het dikwels die inspeksie en kritiek waaraan pleegouers onderhewig was, benadruk.
- (d) Toelaes was ontoereikend.
- (e) Daar was boonop nog onsekerheid in verband met die toelaes vir kinders wat deur private organisasies uitbestee is.
- (f) Buitenshuise werk vir vroue het dit vir hulle onmoontlik gemaak om pleegkinders in te neem.
- (g) 'n La<sup>a</sup>ste en seker nie die geringste rede nie was die woningtekort.

---

1) Verslag van die Dept. Volkswelsyn, 82.

2) Brief van Dept. Volkswelsyn, S.W.O. 16/26, Vol.111, 13 April 1951.

3) Ibid.

4) Curtis Report, 153.

## 6. Inrigtingsversorging.

Die metodes van kinderversorging tot dusver bespreek, het ongetwyfeld hulle waarde. Waar 'n kind doeltreffend in sy eie huis deur sy eie ouers kan versorg word, sou seker niemand op die verwydering van die kind aandring nie. Eweeens kan die waarde van adopsie en pleegsorg ook geredelik ingesien word. Om die kind in 'n huisgesin geplaas te kry waar hy met liefde en belangstelling versorg word, is seker een van die beste oplossings van die probleem. Dit skyn dan ook die aangewese weg te wees om óf pleegouers óf adopsieouers vir elke huislose kind te vind en sodoende die kindersorgprobleem op 'n ideale wyse op te los. Die ondervinding het egter geleer dat daar veral twee faktore is wat hierdie metode aan bande lê.<sup>1)</sup> Eerstens is daar gevind dat daar sekere kinders is wat nie in enige gesin, hoe geskik die ook al mag wees, kon aanpas nie. Huis na huis is op die proef gestel, maar die kind bly ongelukkig. In sulke gevalle is die inrigting die laaste uitweg. Daar is gevind dat sommige van hierdie kinders ook nie in inrigtings kon aanpas nie maar dat die merendeel tog geslaag het om in die groep en met groepsbehandeling koers te kry.

Tweedens is daar die faktor van beperktheid van die getal geskikte pleegouers wat die stelsel as metode van kinderversorging, veral in Suid-Afrika, maar 'n betreklik onbelangrike plek laat inneem.

Adopsie en/of pleegsorg kan nooit in die behoeftes voorsien nie. Ouers wat kinders aanneem, soek na welgeskape, intelligente en aantreklike kinders en tereg ook, want geen ouer wat so 'n groot verantwoordelikheid en plig wil onderneem, sal bereid wees om uit die staanspoor met 'n swakbedeelde kind belas te wees nie.

---

1) Mc Govern: Services to Children in Institutions, 2.

Pleegouers mag weer nie so erg oor die intellektuele vermoëns en aantreklike geaardheid van die kind begaan wees nie, maar hulle is weer teësinig om onbeheerbare kinders en die wat gedragsafwykings toon, in hulle huise op te neem. Daarby is hulle begaan oor hulle eie kinders, as daar is, en is hulle versigtig om hulle nie in aanraking te bring met kinders wat 'n verkeerde invloed op hulle kan uitoefen nie.

Die volgende statistiek toon, met opgaaf van redes, die getal kinders wat gedurende die jaar 1935 tot 1936, deur magistrate na kindertehuse verwys is:<sup>1)</sup>

Tabel XVIII.

|                    |                                                           |       |          |
|--------------------|-----------------------------------------------------------|-------|----------|
| Weens              | verwaarlosing.....                                        | 536   | kinders  |
| "                  | bedelary.....                                             | 21    | "        |
| "                  | behoefdigheid.....                                        | 1410  | "        |
| "                  | kleiner misdade.....                                      | 149   | "        |
| "                  | onbeheerbaarheid.....                                     | 336   | "        |
| "                  | ander oorsake.....                                        | 88    | "        |
| "                  | stokkiesdraai.....                                        | 59    | "        |
| "                  | misdad, drankmisbruik of<br>onsedelikheid van ouers ..... | 276   | "        |
| "                  | omgang met ongewenstes .....                              | 124   | "        |
| <u>Totaal.....</u> |                                                           | 2,979 | Kinders. |

Dit is duidelik dat as daar jaarliks vir so 'n groot aantal kinders 'n tuiste gevind moet word, slegs die inrigting 'n doeltreffende oplossing bied. Dit is ook moontlik om by die oprigting van kindertehuse die individuele verskille van die inwoners in gedagte te hou. So kan daar vereers aparte tehuise vir verskillende rasse onderhou word. Dan kan diegene met liggaanlike gebreke en geestessteurings apart gehou word en die weer apart van diegene met misdadige neigings. Homogene groepering word moontlik gemaak.

1) Aangehaal uit Willemse: Die Sorg vir ons Kinders en Jeugdiges.

Feit bly dat die waarde van inrigtingsversorging nie deur alle waarnemers ewe hoog gestel word nie. Die sekretaris van die Departement van Volkswelsyn meen dat die kind se ontwikkeling die beste plaasvind in die familiekring waar die regte gevoelsverhoudings kan ontwikkel en die deugde van diensvaardigheid, trouheid, vaderlandsliefde en ander sosiale deugde verwerf kan word. Daar kan sy drange tot spontaneïteit en inisiatief ontwikkel word en kan hy sy individualiteit laat geld. Hiervoor, sê hy, kry die kind min kans in die inrigting, en sy individualiteit word vergeet. Hy vorm deel van 'n masjien wat moet blink en volgens 'n geoliede administratiewe stelsel moet funksioneer. Die nadeel van die inrigtingslewe vir die kind is dus veral die oorheersing van die neorderheidsgees. Die kind verdwyn in die massa, en hierdie massagees werk korrupterend en onderdrukkend. Onervare kinders kom in aanraking met bedorwe kinders wat soms al sterk anti-sosiale neigings ontwikkel het. Sulke kinders vind dit dan moeilik en soms onmoontlik om, nadat hulle die inrigting verlaat het waar hulle baie jare in 'n atmosfeer van vergestigting gelewe het, weer in 'n normale sosiale lewe aan te pas.<sup>1)</sup>

Die Glyde-rapport <sup>2)</sup> beklentoon ook die waarde van die huis en huisgesin. Die gesinslewe is die grondslag van 'n nasie, en in moeilikhede en ellende wend die kind hom noodwendig tot die familie. Die groeiende besef van die belangrikheid van die gesin het dan ook die probleem van die huislose kind prominent op die voorgrond gebring. Die vraag is dan hoe om die huis vir die huislose kind te herskep. Die antwoord op hierdie vraag is nie die kinderhuis nie. Die eenvormigheid, die bedruktheid, die onpersoonlikheid van die koue en afskrikkende tehuse verskaf geen ware vertroosting aan die kinders wat daar opgroei nie, en vorm maar 'n droewige

---

1) Verslag van die Dept. Volkswelsyn, 43.

2) Glyde Report, 14.

voorbereiding vir die lewenstryd wat vir kind in die wêreld daarbuite wag.

Die sorgbehoewende kind se grootste behoefte is 'n huis. As die plaasvervangende huis enigsins vir die kind die dinge moet verskaf wat hy in 'n goeie normale huis ondervind, moet dit vir die kind die volgende dinge verseker:

- (a) Liefde en persoonlike belangstelling, insig in en 'n begrip van die kind se gebreke (tekortkomings), sorg vir sy toekoms, respek vir sy persoonlikheid en respek vir sy gevoel van eiewaarde;
- (b) bestendigheid en veiligheid, die versekering dat hy voortgesette versorging sal geniet totdat hy gereed sal wees om die wêreld op eie bene in te gaan;
- (c) geleenthede om sy bekwaamheid en aanleg tot die beste van sy vermoë te ontwikkel, wat dit ook al mag wees;
- (d) die saamlewe met 'n klein groepie mense in 'n huislike atmosfeer.<sup>1)</sup>

Dit is die vereistes deur die Curtis-verslag gestel vir 'n plaasvervangende huis. Dit is die mening dat dit vir die inrigting moontlik is om hierdie dinge aan die kind te verskaf, en mislukking moet gewyt word aan foutiewe administrasie en verkeerde seleksie en afrigting van personeel.

Daar is ook die ander sy van die saak. Die vraag vir welke kinders die inrigting by uitstek geskik is, is aan 'n superintendent gestel en sy antwoord was: "Vir almal wat niemand anders wil hê nie".<sup>2)</sup> Dat daar onder hierdie groep ongewenste 'n groot meerderheid is wat werklik die individuele aandag van pleegouers en die atmosfeer van 'n gesinslewe nodig het, is begryplik. Die huisgesin is en sal altyd die beste plek vir die kind wees. Die aard van die moeilikhede van hierdie ongewenste kinders is egter so dat hulle net in 'n inrigting opgeneem kan word. Vir hulle lê die waarde van die

---

1) Curtis Report, 139.

2) McGovern: Services to Children in Institutions, 29.

kinderhuis daarin dat dit die enigste plek is waar hulle geduld word. Hier kan hulle in die groep deurgaans sonder om 'n te groot beroep op die aandag en liefde van die afdelingshoof te doen.

'n Geheel ander insig openbaar persone wat met die praktiese sy van die inrigtingsversorging te doen het. So skryf die korrespondent van die Abraham Kriel-Kinderhuis:<sup>1)</sup> „Die weeshuis op Langlaagte is soos 'n kragtige, oneindige, maatskaplike kaleidoskoop. In hierdie kaleidoskoop kom mens geleenthede teë wanneer alles ja gans ontydigen duidelik gesien kan word. Hier is die kinders van alle ouderdomme en uit alle range en stande. Hulle ontvang sonder die minste onderskeid letterlik dieselfde opvoeding. Om die vrugte gade te slaan, is uiters interessant.“ Later skryf hy:<sup>2)</sup> „Soos kan verwag word van so 'n groot aantal kinders, is die karakters verskillend en uiteenlopend en kan almal nie engeltjies wees of gemaak word nie. Dis natuurlik. Dat sommige meer, ander weer minder goed is, is duidelik. Oor die algemeen kry mens egter die indruk (a) dat hier 'n christelike atmosfeer is in die inrigting; (b) dat die kinders leer en geleer word om hulleself te help. Dit beteken veel vir hul later lewe as hul op eie bene moet staan; (c) kinders word geleer om te werk. Elkeen het sy of haar werkjie om daeliks te doen, en alles gaan vlot. Beddens opmaak, skoene skoonmaak, vloere opvrywe, tafelgoed opwas, ensovoorts“.

Uit 'n inrigtingsinspeksierapport<sup>3)</sup> kom die volgende uittreksel: Dit is maatskaplike werk met 'n bepaalde godsdienslike oortuiging. Aan die waarde van sulke werk en die bevredigende uitslae verkry, kan nie getwyfel word nie. Die personeel besef die erns en gewigtigheid van die werk, en hulle word seker in stand gehou deur die vertroue wat in hulle gestel word deur die kerk waaraan die inrigting behoort.

---

1) Maandverslag van die Abraham Kriel-Kinderhuis, Junie 1915.

2) Ibid., Mei 1916.

3) Ibid., Sept. 1917.



Baie jare later skryf die direkteur en is hy nog ewe moedig: „Lewens is verander en siele na die Here Jesus getrek. Die wat vroeër van orde en skoolgaan niks geweet het nie en nog minder daarvan gehou het, is verander in ordeliewende, leergierige seuns en dogters. Te pragtig is dit dan om in baie gevalle die grootste verandering in die lewens op die gesiggies self te kan lees, die ogies helder en opgewek en die algemene voorkome vrolik en blymoedig.... Al was die werk dikwels swaar, die moeite is beloon en 'n veel sterker damwal is in die afgelope jaar opgewerp om die vloedgolf van volksagteruitgang te stuit. Die God van onse vaders kom daarvoor al die eer en dank toe". <sup>1)</sup>

Na 'n besoek aan die kinderhuis op Langlaagte in September 1915 skryf ds. Kestell die volgende: „Het is een voorrecht de weesinrichting, waarvan ds. A.P. Kriel de ziel is, te bezoeken - een voorrecht om te mogen zien wat er wonderliks, in stil kinderlik vertrouwen op God kan gedaan worden. En dit nog in deze dagen. Dit ook in het hart van de goudvelden, waar het stoffelike zich zoo geweldig laat gelden. Maar het is een opvoeding ook. Men leest er zo veel. Men leest niet alleen dat er onder alles een onzienlijke macht werkt; maar men leest ook dat daar het beste gebruik gemaakt word door de menshelike werktuigen van hunne menshelike gaven en talenten. Want hoe prakties is alles in de inrichting te Langlaagte....". Hy vertel dan verder hoe hy ds. Kriel as praktiese man by uitnemendheid ken. Hy merk op hoe gelukkig ds. Kriel by die keuse van sy personeel was. Alles gaan in Langlaagte met die presiesheid van 'n masjien. Dit gaan met die gereeldheid van die klokslag. Alles kom op sy tyd en op sy plek. Elkeen ken sy werk en doen sy plig. Alles gaan soos 'n masjien sonder dat dit juis 'n kunstige dooie werktuig in gedagte bring: dit vertoon 'n toestand waaronder 'n siel met verbasende lewensvatbaarheid

---

1) Maandverslag van die Abraham Kriel-Kinderhuis, Maart 1932.

blaak. In wat 'n wonderlike atmosfeer het hy hom op Langlaagte beweeg. Dit was of mens daar voor die aangesig van die Here gestaan het. Ja, God is daar. Hy het daar hoor sê: „Ons het nooit iets oor nie en ons het nooit gebrek nie”.<sup>1)</sup>

Waar dit die taak van die inrigting is om die kind so ver moontlik tot ouerhuis te dien, is daar vanweë die groot aantal sorgbehoewende kinders en die beperkte beskikbare fondse tog bevind dat die inrigting nooit eintlik die plek van die ouerhuis sal kan inneem nie. In die buiteland is die weeshuistipe inrigting, wat vir goed as ouerhuis vir die kind moes doen, gaandeweg vervang deur die inrigting wat liewer net tydelik, en dit so kort moontlik, die rol van ouerhuis moet vervul. Hierdie tydelike element het egter die stabiliteit en sekerheid wat die kind in die lewe so nodig het, aan die inrigtingskind verder ontsê. Intussen is die metodes van adopsie, pleegouersorg en moederspensiëne in meerdere mate aangewend, sodat inrigtings meer te doen gekry het met die moeiliker tipes kinders wat noodwendig veroorsaak het dat meer mislukkinge voorgekom het. In so 'n mate het dit voorgekom dat inrigtingsorg in 'n slegte lig by die publiek gekom het en in sekere kringe vir die algehele uitkakeling daarvan geywer is. Die eensydige benadering van die saak moes egter vir 'n meer gematigde houding teenoor kindersorg plek maak en die woorde van 'n vooraanstaande welsynwerker gee die toedrag van sake duidelik weer: „Wat kindersorgbeleid in Amerika betref, was ons leuse vroeër: Eers die ouerhuis, dan die pleegouerhuis, en as 'n laaste uitweg die inrigting. Vandag neem ons nie die huis as sodanig as uitgangspunt nie. Die kind self is by ons normer een. Daar is baie kinders wat nie in 'n gesin geplaas kan word nie en vir wie die inrigting die aangewese oord is”.<sup>2)</sup> Wat dus nodig is, is om

---

1) Maandverslag van die Abraham Kriel-Kinderhuis, Julie 1916.

2) De Vos en Plek: „Verslag aan die Hoofbestuur van die Abr. Kriel-Kinderhuis oor Besoek oorsee”, 1949, 7-8.

inrigtingsorg op te knap om by vereiste standarde aan te pas. .... Daarsonder sou geen land in staat wees om die groot massas kinders wat nie deur ander metodes versorg kan word nie, te hulp te kom nie.

- - - - -

## HOOFSTUK XIII.

### KRITIESE BESKOUINGS IN VERBAND MET DIE KINDERSORG VAN DIE NEDERDUITS HERVORMDE OF GEREFORMEERDE KERK EN AANBEVELINGS VIR DIE VERBETERING VAN DIE STELSLS.

#### 1. Inleiding.

Waar die hoofklem van hierdie dissertasie op die kindersorg van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk val en waar die Abraham Kriel-Kinderhuis die kern vorm wat die internaatsversorging betref, moet vooraf verduidelik word dat die kritiek hoofsaaklik sal gaan om praktyke soos waargeneem in hierdie inrigting. Die ander vorms van kindersorg sal ook krities belig word, maar waar inrigtingsversorging verreweg die grootste aandeel aan die oplossing van die probleem van versorging van huislose kinders het, sal die meeste aandag aan die Abraham Kriel-Kinderhuis gewy moet word.

In vergelyking met die ontwikkeling in die buitewêreld is die kindersorg in Transvaal nog maar betreklik jonk. Die Boerevolk, wat tot en met die koms van die beïnvloeding uit die buiteland 'n familiële volk was, godsdienstige en op hegte fundamente gegrondves, het die gebrek aan inrigtingsversorging vir afhanklike kinders seker nooit gevoel nie en dit uit hoofde van die feit dat daar altyd onder die familielede diegene was wat kon en graag wou omsien na kinders wat deur die dood van hulle ouers in 'n staat van sorgbehoewendheid verval het.

Met die ontdekking van goud op die Witwatersrand het die verstedeliking van die Afrikaner begin. Boeregesinne het uit die verafgeleë dele na die "eldorado" gestroom, en die verwydering van hierdie persone uit hulle maagskap het meegebring dat hulle, waar hulle in verleentheid geraak het, op staatshulp en liefdadigheid aangewese was. Verstedeliking het armoede vir die massas meegebring en daarmee die verbrekking van die gesinslewe en 'n agteruitgang in die moraliteit.

Gaandeweg het die omstandighede ontstaan wat die oprigting van kinderhuise noodsaaklik gemaak het.

Die Tweede Vryheidsoorlog met sy verwoestende gevolge het die eerste groot stoot aan die kerklike inisiatief tot kinderversorging gegee. Toe ds. A.P. Kriel die weeshuis op Langlaagte op 4 September 1902 begin het, het dit gou geblyk dat die probleem van huislose en sorgbehoewende kinders so akut was dat daar sonder verposing geworstel en gewerk moes word om in die vraag na huisvesting te voorsien. Van meet af aan het die ontwikkeling 'n tempo aangeneem wat nie toegelaat het dat veel aandag aan 'n goedbeplande stelsel van lokaliteit, geboue en alle ander aangeleenthede in verband met die oprigting van die inrigting bestee word nie.

Waar daar vandag na byna vyftig jaar op die werk in hierdie inrigting teruggekyk kan word, sou dit enigsins onbillik wees om kleinlike kritiek te lewer op die stryd van diegene wat die inisiatief geneem het en teen alle koste en opoffering die veld vir hulle opvolgers gewin het. Die redding en versorging van hulpelose wese was vir die baanbrekers seker 'n duideliker doelstelling as die daarstelling van kostbare geboue, wat weens gebrek aan fondse aanvanklik ook gladnie moontlik was nie.

In die lig van die ondervinding oor jare en met die rugsteuning van die kerk en die staat het dit tog moontlik geword om meer idealisties te wees wat betref die standaarde van kindersorg en kan daar vandag op leemtes gewys word wat verbeter kan word.

Die kritiese beskouing en aanbevelings sou nie vir die skrywer moontlik gewees het sonder die kennis wat gedurende 'n verblyf van drie jaar in die inrigting opgedoen kon word nie. Verder is beleidsake dikwels intensief met lede van die direksie van die inrigting bespreek. Niemand is meer bewus van die tekortkominge van die huidige posisie as juis hulle

nie, en uitgebreide veranderings en verbeterings is reeds in beginsel goedgekeur en deur die hoofbestuur aanvaar. 'n Intensiewe studiereis deur Europa en Amerika is in 1949 deur 'n afvaardiging onderneem, en kennis is opgedoen aangaande die mees moderne metodes van kindersorg.

Gedurende die afgelope drie jaar kon ek as hoof van die skool wat deur byna vyfhonderd inrigtingskinders besoek word, die inrigtingskind van naby leer ken. Waar ek in die inrigting met hulle saamgeleef het, was dit moontlik om hulle te sien en te ken in al hulle omstandighede en hulle in hulle smart en hulle vreugde waar te neem. Ek kon met bewondering opsien na hulle wat hulle lewe gewy het aan die versorging van hierdie groot aantal kinders uit Afrikaanse gesinne wat as gevolg van 'n legio redes van huis en haard beroof is. Waar daar dus krities op die saak ingegaan sal word, dien dit in die lig van waarderende belangstelling gesien te word.

## 2. Ligging van die inrigting.

Die stigter van die Abraham Kriel-Kinderhuis, tesame met die Kerkraad van die gemeente Langlaagte, was aanvanklik maar baie onseker oor die uiteindelijke standplaas van die inrigting. Reeds aan die einde van die jaar 1903, slegs 'n jaar na die stigting, is die vraag of die kinderhuis op Langlaagte sou bly en of dit na 'n ruimer lokaliteit verskuif sou word, by 'n kerkraadsvergadering te berde gebring.<sup>1)</sup> Daar kon egter nie tot finaliteit geraak word nie, en die snelle uitbreiding het die betrokke partye genoodsaak om na meer en meer huisvesting te soek en die voor- en nadele van die omgewing voorlopig te vergeet. Indertyd was die ligging vir die standplaas van 'n kinderhuis ook nie so onwenslik nie en is dit duidelik waarom die belangstelling nie juis op beter terrein toegespits is nie.

Toe die vraag waarom die kinderhuis nou juis op Langlaagte was, jare later weer gestel is, was die enigste antwoord dat

---

1) Die Kerkraadsnotule van die Ned. Herv. of Geref. Kerk Langlaagte, 7 Sept. 1903, 284.

dit daar moes wees omdat die Hoër Hand dit so beskik het en omdat ds. Kriel daar was om dit te begin.<sup>1)</sup>

Ds. Kriel het die kwessie van ligging uit 'n ekonomiese standpunt benader.<sup>2)</sup> Vir hom was die nabyheid aan 'n groot stad van baie groot belang. Langlaagte-weeshuis kon volgens sy mening 'n duisend kinders makliker en goedkoper klee, voed, bestuur en stellig beter vir 'n toekomstige loopbaan toerus as vier weeshuise elk met tweehonderd-en-vyftig kinders oor Transvaal versprei. Hy wys ook op die feit dat die groot stad 'n groter keuse van beroepe, 'n groter arbeidsmark en meer geleenthede vir die aankweek van kennis bied.

Die voordele van die groot stad gaan egter ook verder. Die voordele wat Johannesburg aan die begin van hierdie eeu al ten opsigte van skole, hospitale, water- en elektrisiteitsvoorsiening, rioolstelsels, beskerming teen brand, vervoer en die fasiliteite vir sport en ontspanning kon bied, kon moeilik en in die meeste gevalle glad nie deur enige ander omgewing in Transvaal geëwenaar word nie. Tans is die voordele nog meer. Mediese versorging word byvoorbeeld heel gemaklik in stand gehou, en met die algemene hospitaal, die afsonderingshospitaal, die tandheelkundige kliniek, die skoolkliniek almal binne die bereik van die inrigting, kan die gewenste gesondheidsstandaard van die kinders byna of heeltemal gehandhaaf word. Bowendien kan voorkomende en korrektiewe gesondheidsdienste in groter mate ter beskikking van die inrigting gestel word juis omdat hierdie dienste in 'n groot stad meer as op 'n kleiner plattelandse dorp gespesialiseerd is.

'n Feit wat nie uit die oog verloor moet word nie, is die sosialiseringsproses, wat een van die belangrikste doelstellings van die inrigting moet wees. In 'n groot stad sal die kind baie meer geleenthede kry om in aanraking met die

---

1) Maandverslag van die Abr. Kriel-Kinderhuis, Aug. 1917.

2) Ibid., Aug. 1919.

lewe daarbuite te kom. Waar die skool en die inrigting gesamentlik hierdie oogmerk doelbewus nastreef, word oneindig veel deur uitstappies na die tentoonstelling, dieretuin, kinderteater, fabriek, sportbyeenkomste en dies meer bereik. Waar daar so 'n groot versameling talent is, gaan dit nie moeilik om hierdie persone te vind om by vergaderings van die kinderdebatsvereniging op te tree nie.

Teen ds. Kriel se argumente ten opsigte van die voeding en kleding kan geen teenargumente opgewerp word nie. Dit is vir die inrigting van die grootste belang dat voorrade teen die billikste pryse aangekoop sal kan word. Met sy uitgebreide groothandel kan die stad derhalwe in hierdie opsig veel meer vir die inrigting beteken as 'n klein plattelandse dorp.

Daar is verder die belangstelling van die publiek. Die publiek stel tog belang in kindersorg, en die groot publiek van Johannesburg het in die loop van jare veel bygedra om die geld wat vir die versorging van so 'n groot aantal hulpbehoewende kinders nodig is, aan te vul. Waar die inrigting gedeeltelik van die welwillendheid van die publiek afhanklik is, is dit 'n goeie beleid om so naby moontlik aan die publiek te bly. Daar ver op die platteland is die inrigting nie alleen uit die oog nie maar ook uit die hart.

'n Stil landelike omgewing het gewis sy voordele en kan veel bydra om aan die ontwrigte kindergemoed die emosionele kalmte terug te gee. Dit kan ook van belang wees om die kind ver van die gewoel af te laat opgroei en op die manier aan 'n stil en eenvoudige lewenswyse gewoon te maak, maar die nadeel kan daarin lê dat hy, as hy na die stedelike woeling terugkeer, dan so deur al die vreemde dinge aangegryp kan word, dat hy hom nie kan aanpas nie en dan tog 'n mislukking van die lewe maak.



Die inrigtingskind moet met beperkte middele versorg word. Dit sal altyd in belang van die inrigting wees om konserwatief met sy geld te werk te gaan. Waar die meeste vir die minste gekoop kan word en waar die grootste voordeel uit die minste inspanning getrek kan word, skyn die beste ligging vir die kinderhuis te wees.

### 3. Behuising en terrein.

As ligging van die inrigting vir die mees voordelige instandhouding daarvan van belang is, dan is die behuising van die kinders 'n ander ewe belangrike faktor. Alle bouwerk is duur. Toe ds. Kriel met die onderneming begin het, is die grootste stryd teen gebrek aan voedsel en kleding gevoer. Wat meer is, dit was van meer belang dat kinders van verwaarlosing gered sou word as dat hulle in weelderige en gerieflike geboue gehuisves sou word. As die geboue wat heel aan die begin opgerig is, vandag nie meer aan die vereistes voldoen nie, sou die rede hiervoor wees die veranderde omstandighede, die meerdere kennis en ondervinding van inrigtingsversorging en die veranderde beleid ten opsigte van die tipe kinders wat tans toegelaat word.

Dit moet by die beoordeling van die Abraham Kriel-Kinderhuis altyd in gedagte gehou word dat ds. Kriel 'n suiwer weeshuis in gedagte gehad het. Weeskinders is normale kinders, en by hulle versorging sou nie altyd dieselfde norme van toepassing wees as die wat by die versorging van gekommitteerde, onbeheerbare en gedragsafwykende kinders geldig is nie.

Die Abraham Kriel-Kinderhuis bestaan al byna vyftig jaar. Nou moet dit begryp word dat die ontwikkeling nie in al hierdie jare die pas gemarkeer het nie. Baie van die ou oorspronklike geboue moes in latere jare vir geriefliker en meer doeltreffende geboue plek maak. Dit kon egter

nie met alle geboue gedoen word nie. Veral twee van die oorspronklikes was te kosbaar om gesloop te word. Hierdie twee huisves elk oor die honderd-en-vyftig kinders. Dit is vandag 'n uitgemaakte saak dat aparte geboue wat elk 'n klein groepie kinders huisves, die gewenste is. Die gedagte wat hieragter skuil, is die idee van die normale huisgesin. Die kleiner groepe kom dus nader aan die huisgesin. Groot getalle wat in dieselfde huis saamwoon, kan daardie huislike atmosfeer van stilte en kalmte nooit weerspieël nie. Die kind wat gedurig in die massa beweeg, het nie die geleentheid om sy individualiteit te laat geld nie. Daar is vir hom nie die geleentheid om sy drang na erkenning uit te leef nie. Hy kan hom ewe moeilik laat geld. Hy verdwyn eenvoudig in die groep en word noodwendig rigtingloos deurdat hy gedurig deur die neederheid rondgeslinger word.

'n Ander faktor wat die doeltreffendheid van geboue in 'n groot mate kan beïnvloed, is die keuse van terrein. Veral vir die geboue wat inrigtingskinders moet huisves, moet die terrein die regte wees. Die inrigtingshoof van die Abraham Kriek-Kinderhuis en sy personeel het seker al dikwels gewens dat hulle hulle terrein kon verander. Dit is 'n algemene klagte dat die stad Johannesburg nie reg beplan is nie. Veral die nou strate leen hulle nie vir die steeds toenemende drukte van die verkeer nie, en daar word beweer dat dit, wat verkeersongelukke betref, die gevaarlikste stad in die wêreld is. Waar Langlaagte die oudste dorp op die Witwatersrand is, is dit nie te verwonder dat die strate so nou en die standplase so klein is nie. Gebrek aan speelruimte is dus 'n baie groot leente. Die standplaas is so klein dat daar nouliks beweegruimte vir die groot aantal kinders is. Daar is deur die aanleë van 'n groot grasbedekte speelgrond in die onmiddellike omgewing van die meeste van die geboue in 'n mate ten opsigte van hierdie tekortkoming voorsiening gemaak.

Hierdie terrein dien ook as 'n sport- en voetbalveld. Gedurende die somermaande kan die kinders elke aand 'n tydjie, en op Saterdag en Sondag in die namiddag hier byeenkom vir ontspanning. Selfs hierdie groot terrein is nog nie groot genoeg vir bykans sewehonderd kinders van drie tot agttien jaar en seuns en meisies deurmekaar nie. Van ongestoorde kinderspel waarin die kind opgaan en homself vergeet, is hier geen sprake nie.

Nog 'n omstandigheid wat die terrein op Langlaagte vir 'n Kinderhuis baie ongeskik maak, is die feit dat dit deurskruis is met strate waardeur die publiek gedurende die hele dag met alle soorte voertuie en soms teen hoë snelheid heen en weer beweeg. Dit bring groot onveiligheid vir die kleiner kinders mee en aan die ander kant strem die kinders die verkeer in 'n groot mate. Langs die strate beweeg dikwels mense wat, wat hulle taal, houding en gedrag betref, nie 'n voorbeeld vir kinders is nie, en waar baie van die kinders reeds uit omgewings verwyder is waar dronkenskap en onkiese taal en gedrag aan die orde van die dag was, is hierdie toestand nie wenslik nie. Die dorpie Langlaagte het in sy ontwikkeling nie met die tyd tred gehou nie. Die meerderheid van die geboue is nog dié wat gedurende die vorige eeu opgerig is. Die rede hiervoor is dat daar 'n verwagting is dat die gebied as nywerheidsgebied verklaar sal word en dit dus nie gerade is om kosbare geboue hier op te rig nie. Op 'n paar uitsonderings na, waar daar meer welgestelde gesinne in goeie huise woon, kan die res byna as 'n agterbuurt bestempel word.

Dit is in breë trekke 'n beeld van die terrein en gebied waar die Abraham Kriel-Kinderhuis staan. Dat die pogings, inspanning en arbeid van die personeel op 'n geskikter terrein baie meer vrug sou afwerp, ly geen twyfel nie.

'n Vraelys<sup>1)</sup> wat oor verskillende aspekte van kindersorg handel, is aan twintig van die vernaamste kerklike inrigtings in die Unie gestuur. Van vyftien van die hoofde is antwoorde ontvang. Wat ligging vir die kinderhuis betref, was tien uit die vyftien hoofde van mening dat 'n plattelandse dorp geskikter is as 'n groot stad. 'n Paar van die hoofde het hulle menings gekwalifiseer. Een meen byvoorbeeld dat die groot stad die beste vir groter kinders is, terwyl die kleineres op die platteland moet wees. 'n Ander meen dat die inrigting op die platteland moet wees en liefste buite die dorp. 'n Derde meen dat die groot stad die beste plek is op 'n paar gevalle na, en hier dink hy aan homogene groepe, soos gedragsafwykendes, wat liefste weg van die groot stad moet opgroei. Wat die grootte van geboue betref, is die hoofde byna eenparig ten gunste van kleiner geboue vir die afdelings. Slegs twee uit die vyftien is ten gunste van groot geboue wat meer as een afdeling huisves.

#### 4. Beplanning van geboue.

'n Faktor wat veel tot die welslae van kinderversorging kan bydra, is die interne beplanning van geboue. Al sou die ligging die regte wees en die samestelling, klassifikasie en dies meer foutloos, kan die beplanning van die geboue nog verkeerd, ondoelmatig en ongerieflik wees.

Ten opsigte van slaapperiewe het die Abraham Kriel-Kinderhuis in vergelyking met moderne opvattinge 'n baie groot agterstand. Hoewel daar ruim regverdiging vir die heersende toestande bestaan, is dit en bly dit tog 'n feit dat groot slaapsale nie meer as wenslik beskou kan word nie. Daarby kom die onprivate badgeriewe waar dit gebeur dat tot dertig kinders hulle tegelyk moet bad.

'n Ander onwenslike toestand is die groot sentrale eetkamer waar driehonderd en meer leerlinge tegelyk hulle maaltye nuttig. Hiermee gaan gepaard die onwenslike toestand

---

1) Sien Bylae 1.

dat tot sestien kinders aan een eettafel aansit.

Daar heers 'n gebrek aan private sanitêre fasiliteite. Latrines is van so 'n aard dat hulle betree kan word terwyl hulle beset is.

Hierdie gebreke het nie doelbewus tot stand gekom nie. Dit is die gevolg van verkeerde beplanning, en meer dikwels is die beplanning die gevolg van noodsaaklike kostebesparing. Die inrigting moes van meet af aan uit skamele middele opgerig, uitgebou en in stand gehou word. Noodleniging en redding van kinderlewens en kindersiele was die vooropgestelde doel, en onderweg na die verwesenliking van hierdie ideaal moes die doel die middele heilig.

Daar is in die verlede ook nie veel konsiderasie vir die behuising van personeel getoon nie. Afdelingshoofde moes hulle met klein, ondoelmatige slaapvertrekke tevredestel.

Met hierdie leemtes in gedagte kan geboue beplan word wat meteen doeltreffender en meer aantreklik sal wees. Aanyanklik moet van die standpunt uitgegaan word dat aparte huise nie vir meer as uiters vyf-en-twintig kinders beplan moet word nie. Waar middele toereikend is, sou dit selfs verkieslik wees om vir twintig en selfs minder inwoners te beplan.

'n Aantreklike vooraansig met 'n ruim ingang na 'n netjiese voorportaal is onmisbaar om aan die gebou 'n huislike aansig te gee. 'n Eetkamer wat genoeg ruimte bied vir die plasing van 'n aantal kleiner eettafels waaraan hoogstens ses kinders elk op 'n aparte stoel kan aansit, kan veel bydra om die nuttiging van die maaltyd genotvol te maak. Slaapkamers moet hoogstens drie kinders huisves. Kamers vir twee kinders word nie aanbeveel nie, maar waar die geld dit toelaat sou enkelkamers voordelig wees. In die onmiddellike nabyheid van die slaapvertrekke moet daar aparte badkamers vir elke

ses kinders wees. Daar kan ook meer badkamers wees, maar die ideaal is om soveel te hê dat daar slegs een kind op 'n keer in die badkamer hoef te wees. Dieselfde reël moet vir die private geld. Badkamers sowel as private moet van deure voorsien wees wat van die binnekant af gegrendel kan word.

Waar die geboue vir groter kinders bedoel is, moet daar ook voorsiening gemaak word vir 'n studeerkamer wat ook as leeskamer, sangkamer en vir vryetydsbesteding gebruik kan word. Hier kan die groot dogters ook naaldwerk verrig. Aan die mure van hierdie vertrek kan muurkassies aangebring word vir die gebruik van individuele kinders. Aan elke kassie van 'n slot voorsien is, sou die waarde daarvan baie groter wees. In die slaapkamers kan ingeboude kaste met rakke en laaie vir die private besittings van elke kind aangebring word. Waar die aanbou van 'n leeskamer te duur sou wees, kan tafels in die slaapkamers geplaas word om kinders in staat te stel om in hulle slaapkamers te studeer.

Die kombuis moet 'n ruim vertrek wees en so naby moontlik aan die eetkamer.

Vir die huismoeder of afdelingshoof moet 'n ruim slaap-vertrek met eie badkamer en ontvangkamer voorsien word. Hierdie ontvangkamer kan ook dien vir die ontvangs van ouers en ander besoekers.

In verband met die beplanning van geboue is die grootte van huise, die grootte van eetkamers en slaapkamers en die aantal kinders wat in een kamer moet slaap en aan een eettafel moet sit, ook in die lys ingesluit waaroor vrae aan verskillende inrigtingshoofde gestel is. Wat betref die grootte van huise, is die mees uiteenlopende opinies geuit. Almal wil die groepe nou wel in aparte huise huisves, maar die grootte van die groepe word as volg aangegee: 15-20, 15-20, 15-30, 20-30, 30, 30-40, 30-40, 40, 40-50, 50, 50, 50, 150, 100-160. Enkeles het hulle antwoorde probeer

kwalifiseer, maar die vernaamste voorwaarde was dat die groepe min of meer van dieselfde ouderdom moet wees, byvoorbeeld groot of klein kinders in dieselfde afdeling. Hierdie getalle het gevolg op die vraag: Hoeveel kinders behoort deur een afdelingshoof behartig te word? Dat sommige hoofde aanbeveel dat meer as dertig kinders deur een enkele persoon versorg moet word, kan 'n aanduiding wees dat hierdie hoofde nog nooit besef het wat die diepste sielsbehoeftes van die inrigtingskind is nie, nog nooit sy agterstand in vergelyking met dié van kinders uit normale gesinne begryp het nie.

'n Ander verklaring vir die uiteenlopendheid van die antwoorde kan ook wees dat alle inrigtingshoofde nie dieselfde pligte op hulle afdelingshoofde plaas nie. Een dame kan nog vyftig geuns versorg as sy net vir hulle voedsel en slaapkamers verantwoordelik is. As sy egter ook na hulle kleding en die herstel en verstel daarvan moet onsien, sou dit 'n onbegonne taak wees. Wat die slaapkamers betref, was almal diteens dat klein slaapkamers bo grotes te verkies is. As minimum vir die aantal kinders wat in 'n slaapkamer moet slaap, is gaangegee 1, 3, 4, 5 of 6, As maksimum is aangegee 4, 5, 6, 7 en 8. Hierdie antwoorde kan deur bestaande toestande aan die verskillende inrigtinge beïnvloed wees. So sou 'n slaapsaal vir agt kinders gunstig vergelyk met die bestaande een vir dertig. Wat egter duidelik blyk, is die feit dat almal kleiner slaapvertrekke verkies. Enkele van die hoofde het ook hier hulle antwoorde voorwaardelik opgestel. So sou een van hulle, waar die middele dit toelaat, selfs sover gaan om enkel kamers vir groter dogters aan te beveel.

Die menings aangaande eetvertrekke was meer uiteenlopend. Vyf uit vyftien hoofde verkies groot sentrale eetkamers vir die aparte huise. Die res wil dat elke huis sy eie eetgeriewe sal hê. Die vraagstuk van die grootte van eettafels het net so 'n groot verskeidenheid antwoorde opgelewer as die

grootte van afdelings. Die getalle kinders wat aan een tafel moet aansit, word aangegee van vier tot vyf-en-twintig. Die meerderheid is egter weer duidelik ten gunste van kleiner groepies kinders aan een tafel.

##### 5. Plasing van geboue op terrein.

Aan terreinbeplanning behoort veel aandag gegee te word. Foute wat hier begaan word, kan nooit herstel word nie. Waar die stelsel van aparte huise vir kleinere afdelings die ideale metode van behuising skyn te wees, kom daar 'n nuwe vraagstuk na vore, en dit is of die huise almal op dieselfde terrein moet staan, soos deur die sogenaamde "Cottage"-stelsel vereis, en of die verspreide huis-stelsel<sup>1)</sup> gevolg moet word, waar die verskillende huise oor die dorp of stad versprei is en almal huishoudelike eenhede vorm. Laasgenoemde stelsel het natuurlik die voordeel dat die kinders minder ooglopend is en makliker met kinders uit normale huisgesinne kan omgaan. Ekonomies sou dit nie die gewenste stelsel wees nie. Kinder-  
sorginrigtings is genoodsaak om die ekonomiese sy van alle sake te oorweeg. Waar die kinders almal op dieselfde terrein saamwoon, is dit ook makliker om deskundiges op die personeel aan te stel, en hoe nader die persone aan die kind kan leef, hoe beter kan hulle die noodsaaklike dienste bewys. Dink hier aan psigoloë en psigiaters.

Waar kleiner huise bepleit word, is die gedagte om die groep so klein te hou dat die toestande van die normale huisgesin benader word. Die ideaal is ook om al die kinders by die huishouding in te skakel. Hulle moet help om die huis in orde te hou, die kos voor te berei, die tuin in stand te hou, bome te plant ensovoorts. Hoe gering die bydrae tot die instandhouding van die huis ook al mag wees, die kind moet sy aandeel daaraan hê. Met die oog hierop moet die huis reg op die terrein geplaas wees. Dit moet ver genoeg van die

---

1) Murray: Verslag van die Nasionale Konferensie oor Kinderinrigtings, 32.



ander verwyder wees om sonder inmenging van kinders uit ander huise privaat en ongestoord met sy eie werkprogram te kan voortgaan. Daar moet genoeg grond wees om geleentheid vir tuinmaak en speelplek te bied. Slegs ongeorganiseerde spele sal by die huis aangemoedig word. 'n Stil afgesonderde hoekie in die tuin in die agterplaas, waar veral die kleiner kinders hulle met hulle speelgoed kan besighou, is onmisbaar. Georganiseerde kompetisiespele moet deur onderwysers by die skool behartig word. Waar dit groter kinders betref by wie daar nie meer van verbeeldingspel gepraat kan word nie, sal daar ander vorms van tydverdryf ontdek moet word.

Dit is moontlik om die geboue so op die terrein te plaas dat al die kinders binne redelike afstand van 'n gemeenskaplike saal kan wees. Dit is dikwels noodsaaklik om die kinders almal byeen te bring. 'n Gerieflike vergadersaal waarin konserte, debatsvergaderings, liggaamsoefeningvertonings en dergelike dinge uitgevoer kan word, is dus 'n noodsaaklike vereiste. Selfs kinderdienste kan hier gehou word.

Sover moontlik moet deurgangswêë deur die terrein verny word. Selfs handelsvoertuie wat aflewering by die verskillende huise doen, moet, waar moontlik, langs paaie beweeg wat nie die speelterrein van die kinders deurkruis nie.

By die keuse van die terrein sou dit voordelig wees om natuurskoon in gedagte te hou. 'n Rantjie, 'n spruitjie, 'n rivier, skaduryke bome en 'n mooi uitsig kan veel daartoe bydra om die terrein aantreklik te maak.

## 6. Indeling van inrigtings.

Dat 'n behoorlike stelsel van indeling van inrigtings regstreeks in belang van die inrigtingskind is, sal seker deur niemand betwis kan word nie. Dit is ook nie 'n nuwe opvatting nie. 'n Interdepartementele komitee wat ondersoek na behoeftige, verwaarloosde, onaanpasbare en misdadige

kinders en jongmense ingestel het, het in 1937 al gerapporteer dat hy getref is deur die feit dat daar geen behoorlike stelsel van indeling van inrigtings bestaan nie.<sup>1)</sup> Onbeheerbare, psigopatiese en misdadige kinders word dikwels met gewone behoeftige en verwaarloosde kinders saam gehuisves. Die meerderheid van gesertifiseerde inrigtinge verkies die gewone behoeftige kinders sonder gedragsafwykings en dring sterk op die verwydering van probleemgevallen aan. Hierdie handelwyse het as gevolg gehad die samedromming van moeilike gevalle in die nywerheidskole. Dit kan wel moontlik wees dat 'n klein aantal probleemgevallen in 'n inrigting vir normale kinders sal verbeter, maar dit is tog ook waar dat sekere tipes nooit kan aanpas nie, met die gevolg dat die hele stelsel wat vir die ras van die kinders goeie diens doen, in die war gestuur word. Waar dit voorkom, word spesiale metodes van toesig en dissipline vereis wat bes toegepas kan word in 'n inrigting wat spesifiek vir dié doel georganiseer is. So 'n inrigting sou byvoorbeeld 'n kleiner aantal kinders en 'n groter aantal personeellede per capita hê, sodat meer intensiewe individuele gevallebehandeling uitgevoer kan word. Dit sal ook vereis dat rekening gehou word met die ondervinding en opleiding van persone wat vir hierdie werk in diens geneem word.

Die inrigtingsorg van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk word, sover dit onder die beheer van die sinode staan, in slegs drie inrigtings uitgevoer, naamlik die Abraham Kriel-Kinderhuis, die Kinderhawe en die reddingshuis Uitkoms. Van grootskaalse klassifikasie tussen inrigtings sou daar dus geen sprake kan wees nie. Waar die beginsel van desentralisasie van die Abraham Kriel-Kinderhuis nou in beginsel aanvaar is,<sup>2)</sup> behoort die beginsel van sifting terdeë in gedagte gehou te word.

---

1) Report of the Interdepartmental Committee, 9.

2) De Vos en Piek, Verslag oor besoek oorsee, 1949.

Die Abraham Kriel-Kinderhuis word as 'n groot sentrale inrigting op een terrein ingedeel. Dit huisves ongeveer sewehonderd kinders in tien huise. Ses van hierdie huise huisves elk om en by die dertig, twee elk om en by die sestig en twee elk oor die honderd-en-vyftig kinders. Die interne indeling is in hooftrekke gebaseer op ouderdom, geslag en ook die skool wat deur die kinders besoek word. Seuns en dogters is in aparte huise gehuisves. Voorskoolse kinders word sover moontlik bymekaar gehou, en so word dag-skool- en vakskoolkinders in aparte huise gehuisves of ten minste in dieselfde groepe bymekaar gehou. Wat die samestelling van die groepe betref, kan daar uit hoofde van gebrekkige fasiliteite glad nie met verskillende tipes rekening gehou word nie. Wese, halfwese, onbeheerbares, gedragsafwykendes, agterlikes en dié met liggaamsbreke woon almal saam. Die nadelige gevolge van so 'n toestand kan nooit uitbly nie.

In die buiteland is daar ook sulke groot sentrale inrigtings, naamlik Quarrier Homes in Skotland, Mount Loretto in New York, en Moose Heart Children's Home in Chicago.<sup>1)</sup> Quarrier Homes huisves elfhonderd kinders in drie-en-veertig huise op dieselfde terrein. Mount Loretto huisves ook elfhonderd kinders in verskillende huise en die Moose Heart Children's Home huisves duisend kinders in honderd-vyf-en-twintig huise.

Die verskil tussen hierdie inrigtings en die Abraham Kriel-Kinderhuis lê daarin dat hulle baie meer geboue en op groter terreine tot hulle beskikking het. Dan nog bepaal Quarrier Homes hulle net by normale kinders en in die besonder algehele wese. Moose Heart Children's Home weer versorg net die wese van die lede van die genootskap "The Order of the Moose". Hier vind ons dus min of meer homogene groepe kinders. Daarby is daar genoeg wonings om indeling ten opsigte van kleinere verskille te maak.

---

1) De Vos en Piek: Verslag oor besoek oorsee, 1949.

Desentralisasie skyn dus die aangewese weg te wees vir die Abraham Kriel-Kinderhuis om sy moeilikhede te bowe te kom. Dit sou nie 'n oplossing wees om tot dieselfde terrein beperk te wees nie. Die ideale toestand sou wees om aparte inrigtings ver van mekaar verwyderd vir die aparte tipes te hê. Dit sou nog in die voordeel van al die takinrigtings wees om onder sentrale beheer te ressorteer, daar die volle voordeel getrek word uit die ervaring van persone wat aan die hoof van die stelsel staan. Dit sou 'n eenheid van strewe en beleid verseker.

Waar dit noodsaaklik is vir die inrigtings om voorsiening vir die opname van groter getalle te maak, sou 'n stelsel van takinrigtings die ideale wees. Een enkele terrein, soos op Langlaagte, het gou sy versadigingspunt bereik. Dit bring mee dat daar gedurig aansoeke om opname geweer moet word. Dit bring weer die ongewenste toestand mee dat kinders soms na inrigtings verwys word waarmee die kerk nie genoeë kan neem nie, want al sou sommige inrigtings as non-sektaries gesertifiseer of geregistreer wees, nogtans kan dit gebeur dat een of ander geloofsoortuiging oorwegende navolging sal geniet.

'n Verdere voordeel van 'n aantal verskillende takinrigtings is dat dit moontlik sal wees vir die administrasie om kinders te verskuif as gevind word dat 'n foutiewe plasing gemaak is. So ook kan lede van die personeel verskuif word as hulle meer vir een besondere tak as vir 'n ander kan beteken.

Dat daar in 'n groot inrigting soos die Abraham Kriel-Kinderhuis 'n groot aantal tipes gevind word, ly geen twyfel nie. As die redes vir hulle opname in die kinderhuis 'n basis vir indeling gemaak sou word, sou ons reeds moes onderskei tussen wese, halfwese, onbeheerbare, buite-egtelikes, kinders van kranksinniges, dié uit gebroke huise, dié van ouers

wat weens misdad in die gevangenis is, dié van wie die ouers vanwee hulle dranksugtigheid as ongeskik geag word om die sorg van hulle kinders te onderneem.

'n Ewe onwetenskaplike basis vir indeling kan goskied volgens geslag en ouderdom. So kan ook indoling volgens intelligensiekwosient vir sommige as die aantreklikste oplossing van die probleem voorkom.

Indeling volgens hierdie gegewens sou klaarblyklik geen bevredigende oplossing in 'n kinderhuis kan bring nie. Waar opvoedkundiges en sielkundiges in die jongste tyd die terrein van individuele verskille met soveel vrug ontgin het, skyn dit soms die aangewese weg te wees om die groepering op 'n psigologiese grondslag deur te voer. Ook dan sal daar soms die toestand ontstaan waar die bos vanweë die bome onsigbaar word. Dink maar aan die karaktertipes van Heymans, naamlik die hartstogtelike, die choleriese, die sentimentele, die nerveuse, die flegmatiese, die sanguïese, die apatiese en die amorfiese tipes, 'n indeling wat berus op meerdere of mindere mate van emosionaliteit, sekondêre funksie en aktiwiteit by persone aanwesig. Dan is daar nog die introverte en die ekstroverte van Jung, die teoretiese, ekonomiese, estetiese, sosiale, religieuse en magstipes van Spranger, die asteniese, die atletiese en die pikniese tipes van Kretchmer. Wat verder in gedagte gehou moet word, is die feit dat die meerderheid kinderhuiskinders gekommitteerde kinders is. Daar het by hulle deur die omstandighede waardeur hulle van hulle ouerhuise verwyder is, so 'n mate van perversie ontstaan dat dit onmoontlik sal wees om hulle nou volgens tiperende persoonlike eienskappe in 'n sekere groep in te deel. Hier sal dit dus van groter belang wees om die klassifikasie te baseer op grond van gedragslyne. Deur gedragstipes saam te groepeer kan geesteshigiëniese behandeling en groepsterapie veel daartoe bydra om die kind geestelik te herstel en te rehabiliteer.

Waar daar soms sterk pleidooie vir die saamhouding van broers en susters gelewer word,<sup>1)</sup> kan dit in gedagte gehou word veral waar 'n inrigting aparte huise tot sy beskikking het, en waar dit gebeur, dat, soos in langlaagte, dikwels ondervind is, tot sewe kinders uit dieselfde huisgesin tegelykertyd in die inrigting beland. Deur hierdie broers en susters bymekaar te hou, kan daardie intense afhanklikheid van hierdie kinders van mekaar bewaar word en kan vrugbare gebruik van die ouer suster gemaak word om 'n plaasvervangende moeder vir die kleineres te wees. Sy kan veel doen om die liefde te gee aan hulle wat die liefde moet ontbeer van die moeder van wie hulle geskei is deur die dood of ander oorsake. Waar 'n kind pas van sy ouers verwyder is, is dit onoordeelkundig om hom tegelykertyd ook van sy broers en susters te skei. Die ideale inrigting moet dus ook vir hierdie familie-groepies voorsiening maak. Dit kan oneindig veel tot die emosionele stabiliteit van die hele groep bydra.

Eksterne klassifikasie, dit wil sê aparte inrigtings, sal egter net nodig wees waar dit die belangrikste tipeverskille betref. So sou 'n groep groot dogters met sterk oordrewe seksuele neigings liewer nie in dieselfde inrigting saam met onbeheerbare seuns geplaas word nie. Net so kan bedrewe jeugmisdadigers liefers in 'n aparte inrigting gehuisves word.

Interne indeling, dit wil sê aparte huise vir verskillende tipes in dieselfde inrigting, sou kostebesparing meebring. Allereers moet aparte voorsiening vir die twee geslagte gemaak word. By normale kinders sou ouderdom ook 'n belangrike faktor wees om rekening mee te hou, terwyl agterlikheid en liggaamlike gebreke en geslags- en ander aansteeklike siektes beslis aparte groepering vereis. Agterlike kinders veral behoort in kleiner groepe bymekaar gehou te word. Om hulle in inrigtings saam met normale

kinders te plaas, is 'n onreg teenoor hulle sowel as teenoor die normale kind. Hulle vereis deskundige behandeling en moet apart gegroepeer word. Dit is trouens ook die mening wat in die buiteland gehuldig word.<sup>1)</sup> Navolging hiervan kan hier te lande met vrug uitgevoer word.

Waar die eksterne indeling deur die spesiale behoeftes van die kind self bepaal moet word, lê dit voor die hand dat dit nodig sal wees dat daar, alvorens 'n kind geplaas word, 'n grondige studie van hom gemaak sal moet word. Dit sal noodwendig 'n geruime tyd duur om al die nodige gegewens aangaande die kind se gedrag, temperament en persoonlikheid vas te stel en te versamel. Dit kan ook besef word dat die persone wat hierdie studie moet maak, spesiaal vir die doel opgelei moet wees. Dit word selfs deur kenners aanbeveel<sup>2)</sup> dat die indeling by voorkeur deur 'n span opgeleide persone gedoen moet word, naamlik 'n sielkundige, 'n opvoedkundige, 'n medikus en 'n maatskaplike werker.

Waar dit tans die gebruik is om kinders in afwagting van die besluit van die kommissaris van Kindersorg na 'n plek van bewaring of veiligheid te stuur, sou dit die doel beter dien as die groot inrigting sy eie ontvangsdepôt sou hê. Hier kan die kind dan in bewaring gehou en bestudeer word, en voorsorg kan getref word dat die kind na die regte inrigting gestuur word. Dit is vanselfsprekend dat die toesig wat tydens die verblyf van die kind hier uitgeoefen word, van baie hoogstaande gehalte moet wees. Die verblyf van die kind hier moet van baie korte duur wees, en alle geleenthede om deur kinders met ernstiger gedragsafwykings gekontamineer te word, moet of totaal uitgeskakel of tot 'n minimum beperk word. Die ontvangsdepôt sal dus 'n deurgangshuis wees en moet ook vir kinders uit die ander rigting beskikbaar wees. Dit kom soms voor dat sekere kinders weens ernstige oortredings uit die inrigting verwyder moet word. Ook vir hierdie kinders

---

1) Glyde Report, 28. -- -- --

2) Grobler: Verslag van Nasionale Konferensie, 49.

kan die deskundiges in die ontvangsdépôt waarskynlik tot voordeel wees. 'n Grondige studie van die kind kan nog help om hom in die regte inrigting te laat beland, en dit is selfs moontlik dat die gedragsafwyking tot een of ander oorsaak teruggevoer kan word wat deur kliniese behandeling verwyder kan word.

Waar die oprigting en instandhouding van sulke ontvangsdépôts of observasiesentrums moontlik vir 'n inrigting te duur kan wees, sou dieselfde doel bereik word deur so 'n sentrum op 'n sentrale plek in te rig om alle inrigtings in 'n sekere gebied te bedien. In hierdie geval sou dit 'n staatsinrigting wees en sou dit moontlik wees om deskundige personeel vir hierdie doel in diens te neem.

Dit sou vir die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk miskien nie altyd moontlik wees om die dienste te verskaf waarvoor daar 'n aanvraag is nie. As die kindersorg egter deur 'n federale raad beheer sou word, sou die vier provinsies saam oor geweldige fasiliteite beskik en sou indeling op 'n sistematiese en wetenskaplike wyse beplan kan word.

'n Paar van die aspekte van indeling is ook aan inrigtingshoofde voorgelê met die doel om hulle sienswyse in te win. Daar is die vraag gestel of die inrigting 'n groot sentrale vorm moet aanneem en of dit in kleiner gedesentraliseerde takinrigtings verdeel moet wees. Hier was die menings eenparig ten gunste van kleiner inrigtings.

Wat interne indeling betref, was die beskouing van die hoofde ook byna eenparig ten gunste van die saamwoon van homogene groepe.

'n Derde vraag in hierdie verband was of meisies en seuns in dieselfde huis moet saamwoon. 'n Paar hoofde is van mening dat dit nie saak sou maak om kleiner seuns en dogters in dieselfde huis te laat saamwoon nie. 'n Paar



ander het pertinent verklaar dat seuns en dogters in dieselfde huis moet inwoon. Die meerderheid het hulle egter teen die opvatting uitgespreek. Waar kenners in die buiteland dit ook soms voorstaan dat die twee geslagte nie tussen huise geskei moet wees nie, skyn dit tog nie die gewenste toestand vir die kerklike inrigtings te wees nie. Waar dit wel wenslik is om seuns en dogters in dieselfde inrigting te laat saamwoon en hulle toe te laat om gesonde verhoudings teenoor mekaar aan te kweek, skyn dit nie nodig te wees om te ver te gaan en hulle in dieselfde huis te laat inwoon nie. Waar dit broers en susters betref, is die saak natuurlik anders.

## 7. Die „Tannie“.

In die Abraham Kriel-Kinderhuis het die woord „tannie“ 'n nuwe betekenis gekry. Dit is die term wat gebruik word vir die huismoeder of afdelingshoof wat met die toesig en versorging van 'n eenheidsgroep in die inrigting belas is. Soos reeds vermeld, is die grootte van hierdie groep in die Abraham Kriel-Kinderhuis gewoonlik om en by die dertig kinders.

By haar diensaanvaarding word van die Tannie vereis dat sy die huisreglement waarin haar pligte en diensvoorwaardes in breë trekke omskryf word, onderteken. Dit bevat die reëls en regulasies waardeur haar diens beheer word. Dit stel onder andere vas dat sy onder 'n diep besef van die opofferende werk in die kinderhuis gereed moet wees om pligte ook buite haar bepaalde sfeer van werksaamhede te aanvaar as die belange van die inrigting dit vereis. Sy verklaar ook hier dat sy in die Here Jesus glo en Hom as haar Heer en Meester aangeneem het. Sy word gemaan dat loon nie die hoofsaak by die werk is nie maar gehoorsaamheid aan die drang van die liefde vir Christus en vir die kinders wat aan die inrigting toevertrou is. Dit word dus van die Tannie verwag dat sy onbaatsugtig in die diens van die kind sal staan in 'n gesindheid soos

Christus self van haar verwag. Die sukses van die versorging van die kinders en die vrug wat dit sal afwerp, hang groten-deels van die bekwaamheid, toegewydheid en persoonlikheid van die Tannie af. Sy is die plaasvervangende moeder in die ware sin van die woord en is verantwoordelik nie alleen vir die materiële behoeftes soos voedsel en kleding nie, maar veral moet sy in die geestelike behoeftes van die kind kan voorsien. Emosionele kalmte en gebalanseerdheid kan deur haar soos deur niemand anders in die inrigting nie by die kind verseker word. Sy is die persoon wat die kind in sy diepste smart en in sy uitbundigste vreugde ken. Sy sien hom waar hy sy oë in die aand vir die nag sluit en in die oggend as hy hulle weer oopmaak om 'n nuwe dag te begin. In die inrigting is sy die enigste persoon wat werklik intiem met die kind saamleef. Dis haar taak om karakters te vorm, om mooi maniere aan die kind te leer, om goeie gewoontes te kweek en om gedurig ondersteuning te gee, te bemoedig en goeie verstandhoudings tussen kind en kind te bewerkstellig. Sy moet die kind liefkoos en bestraf. Sy moet hom gelukwens met sy prestasies, troos in droefheid en bemoedig in sy teleurstellings. Dat daar dus oneindig veel van haar afhang, is duidelik, en dat daar vir die aandurf van hierdie taak 'n sekere mate van opleiding en geestelike toerusting nodig is, is deur die ondervinding van inrigtingswerk voldoende bewys.

Wat die opleiding betref, bestaan daar algehele eenstemmigheid, en skrywers oor die probleem van kinderversorging<sup>1)</sup> het die noodsaaklikheid daarvan beklemtoon. In Denemarke word die ontwikkeling van opleidingsfasiliteite vir personeel as die aanvangstadium vir radikale hervorming in die metodes van kindersorg self beskou. Die gestigsbehandeling van die negentiende eeu, gebaseer op die liefdadigheid van private persone wat geen opleiding in die werk gehad het nie, kon geen positief-opvoedende invloed op die individuele kind

---

1) Social Denmark, 148.

uitoefen nie. Met 'n personeel van opvoedkundiges en sielkundiges kon die individualiteit later veel doeltrefferender ontplooi.

Amerikaanse skrywers<sup>1)</sup> beklemtoon ewe-eens die belangrikheid en wenslikheid van spesiale opleiding vir die werk. Hulle gaan verder en beveel selfs 'n mate van geskooldheid aan. So sou akademiese kwalifikasies persone wat inrigtingsversorging as 'n beroep wil kies, baie goed te staan kom. Op een plek is 'n skool wat spesifieke opleiding verskaf het, opgerig en die leerplan het vakke ingesluit soos administrasie, maatskaplike ekonomie, teorie en praktyk van moderne sosiale werk, opvoedkundige sielkunde, inrigtingsorg, nie-inrigtingsorg, opvoedkunde en die opleiding van inrigtingshoofde. Die psigologiese fundering van die metodes van behandeling kan alleen deur opgeleide persone uitgevoer word, en om samewerking tussen geneeshere, psigiaters en die behandeling van kinders te bewerkstellig, is 'n mate van akademiese opleiding vir die werkster beslis nodig. Om die rede kan persone wat geslaagde onderwyseresse was, met groot welslae in die opheffing en verbetering van inrigtingsorg in diens geneem word.

'n Metode van opleiding wat veel vrug kan afwerp, is die sogenaande "In Service training".<sup>2)</sup> Die noodsaaklikheid vir hierdie vorm van opleiding vir ons land spruit voort uit die feit dat daar teenswoordig so 'n nypende tekort aan akademies-opgeleide personeel in die staatsdiens bestaan. Alle departemente werk met 'n personeeltekort. Intussen moet inrigtingsversorging voortgaan, en die werk moet gedoen word deur persone wat nie vir die betrekkinge in die staatsdiens gekwalifiseer is nie. Die voordeel van so 'n in diens-opleiding is daarin geleë dat die persoon die probleem prakties kan benader. Die probleem word ontleed en bespreek; moontlike oplossings word aan die hand van ondervinding bespreek en

---

1) Hopkirk: Institutions Serving Children, 80.

2) McGovern: Services to Children in Institutions, 377.

aanbeveel en 'n sekere metode word aangewend en so getoets. Die resultaat word nou gewaardeer. So 'n metode van opleiding kan veel vrug afwerp, en dit bring 'n nuwe voordeel mee, naamlik die belangstelling van die persoon wat die diagnose moet maak van die probleem en die korrektiewe middele moet toepas.

Hierdie opleiding sal vereis dat daar gereelde personeelvergaderings gehou word waar spesifieke gevalle deur personeellede bespreek word.<sup>1)</sup> By sulke vergaderings sal die hele personeel noodwendig teenwoordig moet wees om te verhoed dat duplisering van besprekings plaasvind. Probleme doen hulle gedurig by herhaling voor, en uit die ondervindings van andere kan lering geput word. Daar kan ook tyd aan spesifieke gevalle van opname, vordering en aanbevelings vir veranderde behandeling of uitbesteding gewy word. So kan ook die algemene beleidsake en funksies van die inrigting met die personeel bespreek word, en afgesien daarvan dat hulle 'n groter mate van saamhorigheidsgevoel sal ontwikkel, sal die vermeerderde insig in die hele aangeleentheid van inrigtingsorg groter en meer belangstelling wek en meer verdraagsaamheid kweek ten opsigte van beleidskwessies wat anders deur die minderingseligte werksters as lastig en onnodig beskou word.

Dit sal in alle geval nodig wees om personeellede aan te moedig om hulle moeilikhede te bespreek, en waar daar geen moeilikhede of probleme bestaan nie, sou 'n bespreking van behaalde suksesse en geslaagde proefnemings die werk kleurvol en interessant maak en 'n spoorslag wees tot die bereiking van nuwe ideale.

Uit die oogpunt van die inrigtingshoof moet hierdie bespreking geen toevallige karakter dra nie. Hy moet sorgdra dat die vergaderings 'n leerskool sal wees wat die noodsaaklike inligting sal verskaf aan diegene wat dit bywoon. Waar nodig

---

1) McGovern: Services to Children in Institutions, 383-440.

moet deskundiges op die verskillende gebiede gekoöpteer word om lesings te gee en wel op so 'n wyse dat selfs die minder-geleerdes die strekking daarvan kan snap.

'n Doeltreffende biblioteek kan ook meehelp om die insigte verruim en die werkers en werksters van die wese van die hele aangeleentheid van kindersorg te dourdring.

Naas 'n opleiding van een of ander vorm is dit ook noodsaaklik dat die werkster sekere persoonlike eienskappe sal besit. Die eersterangse inrigting moet liefdevolle behandeling vir die emosioneel verhongerde en verlate kind bied om sodoende sy emosionele ewewig te herstel.<sup>1)</sup> Die werkster moet nie alleen taktvol wees nie, maar sy moet daardie egmenslike karakter besit wat met die wenende kan ween en met die laggende kan lag. Om dit te kan doen sal sy 'n aangebore liefde vir kinders moet hê. Daarby is ewewigtige temperament wat met geduld en lydszaamheid die daelikse roetine kan bejeën, 'n onmisbare eienskap.

Liggaamlike gesondheid en geskiktheid is van groot belang. So ook is 'n mate van jeugdigheid 'n vereiste. Die ouderdom kom met liggaamsgebreke wat die volle uitvoering van pligte te veel aan bande kan lê. Dit is 'n veeleisende werk, en liggaam en gees moet weerstandsvermoë besit om vol te hou. Senuagtige en sieklike persone kan nie hier geduld word nie. Herhaalde afwesigheid van diens werk storend en nadelig en kan veroorsaak dat gewonne terrein weer verloor word. Van werksters wat te oud is, kan hierdie onverdroete belangstelling, toewyding en offervaaridigheid ook nie verwag word nie, en dit is gerade om die ouderdomsfaktor by in-diensneming wel deeglik in aanmerking te neem.

Uiteindelik sal van die werkster verwag word dat sy beantwoord aan die minimum standarde van gedrag en karakter wat deur die kerk gestel word. Woorde wek, maar voorbeelde trek, en vir kinders is dit van die grootste belang dat

---

1) Hopkirk: Institutions serving Children, 49, 69.

hulle versorgers in alles vir hulle die voorbeeld sal stel wat bo kritiek verheue is. Sonder om self in handel en wandel onberispelik te wees kan sy van die kind onder haar sorg niks verwag nie. Onkiese taal en gedrag sal 'n verderflike invloed op die kind uitoefen. Nie alleen moet die Tannie self onberispelik wees nie, maar sy moet konsekwent ook dieselfde van die kind verwag. Oogluikende toelating van verkeerde handelwyse by die kind word as goedkeuring deur die werkster vertolk en is net so afbrekend as 'n slegte voorbeeld. Kinders ontdek gou die standpunt van die werkster.

Die vraagstuk van besoldiging van die afdelingshoof is nouliks 'n saak waarvoor algemene reëls neergelê kan word. Die eenheidskoste van verskillende inrigtings is uit hoofde van die feit dat hulle in verskillende plekke geleë is, verreweg nie dieselfde nie. 'n Ander faktor wat die eenheidskoste kan beïnvloed, is die grootte van die inrigting. Hoe groter die aantal kinders vir wie toelae ontvang word, hoe laer daal die koste van versorging per kind. Die kapitaalkoste by die oprigting van geboue word tans deur die inrigting self gedra. Waar ook die instandhouding van hierdie geboue uit die per capita bydrae van die staat gedek moet word, is dit duidelik dat kleiner inrigtings dit moeilik sal vind om aan hulle personeel die salaris te betaal wat groter inrigtings kan aanbied.

Die verskaffing van vry inwoning dien ook by die vaststelling van salarisse in aanmerking geneem te word. Dit moet egter die beleid van die inrigting wees om aan die werksters bestaanbare salarisse te betaal. Dit moet vir die Tannie moontlik gemaak word om uit haar salaris in haar persoonlike behoeftes te voorsien. Sy moet ook in staat gestel word om 'n gedeelte van haar salaris te bespaar, anders sou sy te veel rede vir kwellings oor 'n onsekere oudag hê.

Wat reeds in die Abraham Kriel-Kinderhuis gedoen word en wat sterk vir alle inrigtings aanbeveel kan word, is 'n stelsel van assuransië vir personeellede. Dit is ten minste 'n aanvulling van die gebrek aan 'n pensioenstelsel, wat nie vir inrigtings moontlik is nie.

Die pligte van die Tannie sal altyd van die belangrikste in die inrigting wees, juis omdat dit in die persoonlike versorging van die kind, liggaamlik en geestelik, lê. Die instandhouding van die kleding van 'n afdeling, die bereiding van voedsel en alle ander pligte in verband met die huishouding kan, waar die afdeling te groot is, maklik te veel vir een werkster word. Wat in langlaagte gedoen word en wat deur ander inrigtings met vrug nagevolg word, is die indiensneming van voltydse naaisters wat met die herstel- en verstelwerk van en aan klere behulpsaam kan wees. Dit kan ook begryp word dat geen groter inrigting sonder 'n was- en strykhuis kan klaarkom nie. Om wasgoed met die hand te was, is tydsaam, kragrowend en duur.

Dat die woongeriewe vir 'n dame met so 'n veeleisende taak die ideale moet wees, sal niemand betwis nie. 'n Ruim, doelmatige en goed geventileerde slaapkamer is die eerste vereiste. Daarby kom 'n private badkamer en 'n ontvangkamer vir gaste. Wat meubelering betref, kan doelmatige meubels verskaf word, alhoewel die ondervinding bewys dat elke vooruitstrewende hoof mettert tyd haar eie meubels aankoop en sodoende 'n baie meer persoonlike karakter aan haar woonvertrekke gee.

Nog 'n vraagstuk wat aandag vereis, is die verloffasilliteite van die werkster. Periodieke verposing in die arbeid is reeds by die skepping deur die Skepper self ingestel. Vernuwings van gees en liggaamskrag deur rus en ontspanning is vir alle werkers noodsaaklik. Die werkster in die in-

rigting sou sonder voldoende verlof nie haar taak kan volvoer nie. Die verlofvoorwaardes van die Abraham Kriekinderhuis is in die huisreglement saamgevat en is in 'n vorige hoofstuk reeds genoem.

Die vraagstuk van diensvoorwaardes vir die werkers of afdelingshoofde is ook by wyse van vrae in 'n vraelys aan inrigtingshoofde voorgelê om hulle sienswyses in te win. Wat die kwessie van opleiding vir die werk betref, was die gevoelens algemeen dat die werkers 'n soort opleiding moet ontvang ôf voordat hulle die werk aanvaar, ôf terwyl hulle in diens is. Dit is duidelik dat aangaande inrigtingsversorging, wat vir sover dit die opleidingskwessie betref, nog altyd die pas gemarkeer het, al meer 'n wetenskaplike beskouing begin te ontwikkel noudat die saak meer aandag van owerheidsweë en selfs van die kerk geniet. Beter versorging van die kind sal noodwendig beter toegerustheid van die werkers vereis.

Wat die salarisse betref, was daar meer uiteenlopendheid van mening. So het die aanbevelings vir die aanvangsalaris gewissel van £6 tot £21, terwyl die aanbevelings vir die eindsalaris gestrek het van £10 tot £40 per maand. 'n Paar hoofde wat nie syfers genoem het nie, het verklaar dat aanvangs- en eindsalarisse van opleiding en ondervinding afhang. Die groot meningsverskil kan as 'n aanduiding van die bestaande toestand van sake beskou word. Hierdie betrekings word tans deur persone van allerhande bekwaamhede en kwalifikasies bekleed. Daar is van die swakste tot die beste, en inrigtingshoofde is nie genoeg om salarisse buite verhouding met die bekwaamheid en akademiese opleiding van werkers te betaal nie.

Wat verlof betref, was daar meer eenstemmigheid te bespeur. Jaarlikse verlof van vier tot ses weke is omtrent die algemene opvatting. Een naweek per maand en een dag



per week is ook die algemene aanbeveling.

Die neteligste vraagstuk in verband met die werkster is seker vandag om die geskikte persone te vind. Talle aanvrae vir werksters bly tans onbeantwoord. In hierdie verband behoort in gedagte gehou te word dat advertensie van vakatures in die dagblaaie nie altyd die gewenste resultate sal lewer nie. Waar die dagblaaie meesal deur stedelinge en dorpsbewoners gelees word, waar daar, soos tans die geval is, 'n groot arbeidsmark vir die meeste jong dames bestaan, kan nouliks verwag word dat hierdie opofferende en veeleisende werk met veel belangstelling bejeën sal word. Die platteland kan hier in 'n lankgevoelde behoefte voorsien. 'n Goedgeplaasde advertensie in die verskillende kerkblaaie kan heel moontlik in die oog val van verdienstelike, eerbare en hardwerkende jong dames wat graag by wyse van afwisseling na 'n nuwe werkkring in 'n stad of plattelandse dorp uitsien.

Waar die inrigtingsorg 'n kerklike diens is en deur die bydrae en belangstelling van die kerk beheer en gedeeltelik in stand gehou word, is dit ook die plig van die kerk om in die opsporing van geskikte werksters behulpzaam te wees. Die leraars tesame met hulle kerkraadslede, by wie die gemeentelid goed bekend is, kan veel hulp verleen by die werwing van werksters wat omrede hulle gesindheid teenoor die kerk en sy belange 'n ware aanwinst vir die versorging van die verwaarloosde en sorgbehoewende kind kan wees.

#### 8. Opvoeding van die inrigtingskind.

Wat die skoolopvoeding van die inrigtingskind betref, kan elke onderwyser seker beseft dat die skool wat deur hierdie kinders besoek word, 'n veel groter taak het as die normale skool. Soos reeds aangetoon, beklee die gemiddelde gekommitteerde inrigtingskind in vergelyking met die kind uit die normale vooraanstaande huisgesin 'n groot agterstand ten op-

sigte van intellektuele toerusting. Daarby kom nog die feit dat die meeste van die kinders deur die wet na die inrigting verwys is uit huise wat nie die geleenthede vir die ontwikkeling van 'n gevestigde en ewewigtige karakter gebied het nie; intendeel, die meeste kinders kom by die inrigting in 'n toestand van emosionele spanning, verbittering, onsekerheid en verwarring aan.

Die onderwyser is dus verplig om sy aandeel aan die verantwoordelijkheid vir die heropvoeding van die inrigtingskind te aanvaar. Die benadering van die probleem moet dan ook psigologies wees. Aanvanklik sal die klem van die onderwys op die karakter en persoonlikheid moet val. Groter nadruk moet op opvoeding en opheffing as op onderwys val. Die kind moet 'n besef kry dat hy nog waarde het, dat hy nog in staat is om iets te kan doen, dat hy nog geliefd en gewild is. Hy moet gehelp word om weer reg te kom en koers te kry. Veral moet verhoed word dat kinders wat vertraag is om redes waarvoor hulle huislike toestande verantwoordelik is, in klasse geplaas word waar hulle hulle nie kan handhaaf nie en derhalwe aan nog meer kwetsing van hulle gevoelens blootgestel word.

Die onderwyser het dan 'n besondere taak ten opsigte van die inrigtingskind. 'n Intieme kennis van die kind sou hom in staat stel om hom beter te verstaan, sagter te behandel en verstandiger te lei. Daar word selfs aanbeveel dat inrigtings die onderwyser van die vernaamste feite aangaande die kind se agtergrond moet voorsien juis omdat elke gekommitteerde kind se geskiedenis sy aanpassing by die skool so geweldig kan beïnvloed.<sup>1)</sup> Dit bly egter nog beperk tot die inligting wat die proefbeampste versamel het en sou alleen die omstandighede waarin die kind gelewe het, weerspieël. Alhoewel hierdie inligting die onderwyser by die beoordeling van die kind se gedragswyse baie kan help, is dit tog aan te beveel dat die

---

1) MacGovern: Services to Children in Institutions, 185.

kennis van die kind self, van sy temperament, sy karakter, sy gedrag onder alle omstandighede, sy sienswyses, sy neigings en dergelike eienskappe nog noodsaakliker is. Dit spreek vanself dat so 'n intieme kennis van 'n kind nie in die klas-kamer alleen opgedoen kan word nie. As die onderwyser saam met die kind in dieselfde huis kan inwoon, sal hy geleenthede sonder tal hê om die kind ook in situasies geplaas te sien wat andersins altyd onbekend sal bly. Tuis beweeg en handel die kind heeltemal anders as by die skool. As dit dan moontlik gemaak kan word om die onderwyser(es) in die inrigting te laat inwoon, sal 'n groot leemte, wat vandag bestaan, uit die weg geruim kan word. Die waarde wat die simpatieke, takvolle en vindingryke inwonende onderwyser vir die inrigtingskind kan hê, kan nouliks oorskat word. Belangrike sake soos studie, goeie leergewoontes, vryetydsbesteding, georganiseerde spel, uitstappies, persoonlike raad en leiding kon baie prominent op die spel. Van huismoeders en afdelingshoofde kan nie verwag word dat hulle ook goeie opvoedkundiges sal wees nie. Hulle werk kan baie doeltreffend deur 'n inwonende onderwyser(es) aangevul word.

Daar is ook al geredeneer oor die wenslikheid van 'n eie skool vir die inrigting of die verspreiding van die inrigtingskinders onder verskillende skole. Daar is beweer dat waar kinders buiteskole besoek, daar die voordeel van 'n groter mate van deelname aan maatskaplike lewe bestaan en dat dit ook die isolasie van die inrigtingspersoneel verhoed.<sup>1)</sup> Aan die ander kant sou die voordeel van die inrigtingskool daarin geleë wees dat veel ekstra hulp aan vertraagde en agterlike kinders gegee kan word. 'n Duidelike nadeel van die buiteskool is die gevoel van onveiligheid wat dit vir die inrigtingskinders meebring waar hulle 'n minderheidsgroep vorm. Bowendien is daar 'n mate van stigma en skande aan die gekommitteerde

---

1) McGovern: Services to Children in Institutions, 222.

kind verbonde en kan dit alte maklik gebeur dat die veragting waarmee normale kinders hom bejeën, tot verbittering, opstand en teësin of afkeer kan lei. Hierdie gevaar bestaan nie in 'n skool waar hulle die meerderheidsgroep vorm nie.

Die vraag of die kinders uit die inrigting dieselfde skool of verskillende skole moet besoek, is aan inrigtingshoofde gestel, en sewe uit vyftien meen dat hulle na dieselfde skool moet gaan. Nog een wat ook ten gunste van dieselfde skool was, het bygevoeg dat veel werk en ongerief bespaar word deur die kinders almal na dieselfde skool te stuur. Twee hoofde meen dat die kinders onder verskillende skole versprei moet word. Een hoof wil aparte skole slegs waar die taalmedium dit noodsaaklik maak. 'n Ander wil groter kinders na verskillende skole stuur, terwyl een meen dat dit nie veel saak maak nie / en twee ander dat hulle nie kan oordeel nie, aangesien hulle geen keuse het nie.

Dit skyn tog of daar voordeel aan 'n stelsel van groter kinders na buiteskole te stuur verbonde kan wees. Dit behoort moontlik te wees om kinders wat in staat is om 'n akademiese rigting te volg, na provinsiale koshuise, veral op die platteland, te stuur. Hier sou die kind eenvoudig in die groep normale kinders verdwyn, en hierdie groepsopvoeding kan moontlik en waarskynlik groot vormende waarde vir die inrigtingskind hê.

Die skoolpersoneel het ook sy plig ten opsigte van die voorkoming van afwykende gedrag. Dit is vanselfsprekend dat inrigtingspersoneel en onderwysers wedersydse belangstelling sal toon in die probleme wat bekamp moet word. Botsing tussen die twee groepe kan baie nadelig op die kind inwerk. Dit sal vir die onderwyser nodig wees om 'n onverdrote waaksaamheid ten opsigte van die moontlike ontwikkeling van delinkwente neigings by die kind te openbaar. Veral moet teen

stokkiesdraaiery gewaak word. Die ondervinding het geleer dat dit 'n oortreding is waaraan inrigtingskinders hulle maklik skuldig maak. Hierdie oortreding word soms as die oefenskool van misdadigheid beskou.<sup>1)</sup> Onverskilligheid ten opsigte van gereelde skoolbesoek en vooruitgang van die kant van ouer en onderwyser kan bydra tot stokkiesdraaiery en gevolglike jeugmisdadigheid.

Die skoolpersoneel moet nie alleen die nodige akademiese opleiding verskaf nie maar moet met die beskikbare masjinerie ook die verstandsvermoë by die verskillende leerlinge vasstel en die inrigtingshoof bystaan met raad en leiding wat betref die keuse van beroepe vir die verskillende kinders. Deur die doeltreffende beheer van hierdie saak sal onnodige tyds- en geldverwilling uitgeskakel word. Die hele skoolaanleentheid vereis dus 'n daaglikse intieme kontak tussen inrigtings- en skoolpersoneel. Sonder die wedersydse goeie verstandhouding, samewerking en belangstelling sou 'n situasie ontstaan waardeur die kind veel skade sal ly.

Sonder 'n doeltreffende stelsel om te verseker dat die kind in die inrigting 'n Christelike opvoeding sal ontvang, sou die hele pleidooi dat inrigtingsversorging 'n taak van die kerk is, verval.

Die kerk wil deur sy spontane toetrede tot die terrein van kinderversorging bewys dat hy sy verantwoordelikheid vir die godsdienstige vorming van die kind heelhartig aanvaar. Die sienswyses van inrigtingshoofde in verband met die versorging van kinders van eie kerkverband is ingewin, en daar is vasgestel dat die meerderheid ten gunste van die versorging van kinders van eie kerkverband is, en verder dat kindersorg 'n taak van die kerk is. Die kind het 'n onvervreembare reg op die godsdiens waaraan sy ouers voorkeur gee. Sy geloofsoortuiging moet dus beskerm word.<sup>2)</sup> Dit kan bes gedoen word

---

1) Elliott & Merrill: Social Disorganization, 135.

2) McGovern: Services to Children in Institutions, 285.

as elke kerkgenootskap sy eie kinders sou versorg in inrigtings wat hy self beheer. By die verwysing van kinders na 'n kindersorginrigting, behoort hierdie beginsel deur proef-beamptes en kommissarisse van kindersorg dus getrou in aanmerking geneem te word.

.... Dit is nou van belang dat in gedagte gehou sal word dat baie kinders wanneer hulle die inrigting binnetree, uit hoofde van hulle eie lewenservaring en die houding en voorbeeld van hulle ouers, 'n uiters verwronge besef het van godsdienstige waardes. Dat daar dus met die uiterste versigtigheid te werk gegaan moet word, spreek vanself. Die kind moet nou heropgevoed word, en inrigtingspersoneel sowel as skoolpersoneel is vir hierdie taak verantwoordelik.

Godsdiensonderwys is egter 'n taak van die kerk, en dis die terrein waarop die kerk die nouste kontak met skool en huis moet bewaar. Nieteenstaande hierdie drie liggame op die gebied van godsdienstige vorming 'n gemeenskaplike doel nastreef, kan daar tog 'n duidelike skeidslyn tussen hulle onderskeie werksaamhede ten opsigte van die bereiking van die doel getref word.<sup>1)</sup> So het die kerk 'n amptelike, die huis 'n halfamptelike en die skool geen amptelike funksie nie. Die amptelike plig van die kerk is geleë in die opleiding van die kind as lidmaat deur die onderrig van die belydenisskrifte van die kerk. Dit is dus veral 'n dogmatiese onderrig. Die funksie van die huis sal deels ook dogmaties wees omdat die lede van die huisgesin tot 'n sekere kerk behoort. Om hierdie rede is dit uiters noodsaaklik dat elke kerkgroep die sorgbehoewende kinders uit sy eie geledere sal versorg. Die kerk is ook gesteld op hierdie reg, want al sou 'n onsektariese vereniging die beheer oor 'n inrigting hê, sou een of ander godsdiensleer tog oorwegende belangstelling geniet; en juis omdat die kerk nie afsydig teenoor die leerstellige opleiding van sy lidmate kan staan nie, kan hy die beheer van

---

1) Goetzee en Bingle: Beginnels en Metodes van die Laer Onderwys, 50.

kinderinrigtings deur vreemde liggame nooit goedkeur nie.

Waar die kerk hierdie taak moet vervul, is dit derhalwe noodsaaklik dat die inrigtingshoof 'n geordende ampsdraer van die kerk moet wees. Die plig om toe te sien dat die godsdiensstige leiding en opleiding suiwer van alle wanbegrippe is en bly, sal op sy skouers rus.

Alhoewel die funksie van die huis slegs halfamptelik is, is dit nietemin ewe belangrik. Dis hier waar die kind se gesindheid teenoor die godsdiens gevorm moet word. Die huisouers en ander persone wat met die versorging van kinders te doen het en met wie die kind van smôrens vroeg tot laat in die aand saamleef, is vir hierdie aspek verantwoordelik. Dit is dus vanselfsprekend dat hierdie persone ook belydende lidmate van die kerk moet wees. Dis ondenkbaar dat persone wat nie die regte godsdiensstige gesindheid openbaar nie, enige beheer oor die inrigtingskind kan hê. As hulle die kind nie met geloofsoortuiging na Christus kan lei nie, sal alle opheffingswerk vrugteloos wees juis omdat godsdiens die vernaamste enkele faktor by die opheffing van vervalle menslike wesens is. Die kind wat deur die wanaanpassing van sy ouers huisloos geword het, het alle rigting en gevoel van veiligheid verloor. Godsdiens kan juis daardie gevoel van rigting en veiligheid woer aan die kind teruggee.<sup>1)</sup> Die Bybel is 'n ryke bron van bemoediging en versterking, en haas geen smart en ellende kan bestaan waarvoor daar nie vertroosting uit hierdie bron geput kan word nie. Dit verskaf die anker van die lewe, waarin daar dikwels storms woed, en maak dit moontlik om met blymoedigheid die slegte sowel as die goeie in die lewe te aanvaar.

Dit mag ook nie uit die oog verloor word dat godsdiens 'n persoonlike beleving moet wees nie. Hierin lê die kern van godsdiensonderrig, naamlik dat die kind gelei moet

---

1) Hopkirk: Institutions serving Children, 171.

word om van 'n persoonlike verhouding tussen homself en sy Skepper bewus te word.<sup>1)</sup> Hierdie proses kan in 'n atmosfeer wat nie die gees en gesindheid van Christus adem nie, nooit plaasvind nie.

Die aandeel van die skool is ewe belangrik. Die doel van die godsdiensonderrig in die skool is om die kind in aanraking met die openbaring van God te bring.<sup>2)</sup> Al sou die skoolonderrig in Bybelgeskiedenis nie 'n leerstellige karakter dra nie, moet dit tog die agtergrond van die godsdiens vorm. Dit moet die kind bring tot nadere kennis van die Godsopenbaring en tot 'n lewe in die diens van God, tot die eer van God en tot saligheid van die eie siel.<sup>3)</sup>

Om hierdie taak te vervul word streng eise aan die onderwyser gestel. Hy moet veral deur die geloof in die Here Jesus Christus 'n kind van God wees, dit wil sê hy moet 'n wedergeborene wees. As hy dit nie is nie, kan hy die kind nie na Jesus lei nie. Vir hom moet die bestaan van God, die Woord van God en die weg deur Jesus Christus na God die Vader geloofswaarhede wees waardeur sy lewe beheers word en waarvan sy lewensbeskouing deurdronge is. Hy moet die Christelike belydenis van geloof ten volle kan onderskryf. Sy lewenswyse moet bo alles onbesproke en voorbeeldig wees, en sy benadering van die godsdiens en die Bybelse leerstof moet spreek van erns, respek en vrees vir die Here. Sy hele handel en wandel moet 'n getuienis van sy eie verhouding tot God wees.

Dit is duidelik dat waar die inrigtingshoof, die huisouer of afdelingshoof en die onderwyser in die godsdiensstige vorming van die kind saanwerk, die taak baie vergemaklik word. Vir die emosioneelverhongerde inrigtingskind is die besef van 'n alonteenwoordige en onveranderlike Christus 'n anker wat deur niks vervang kan word nie. Die woord van God verskaf

1) McGovern: Services to Children in Institutions, 296.

2) Coetzee en Bingle: Beginnels en Metodes van die Laer Onderwys, 51.

3) Ibid., 52.



aan die kind die versekering van die liefde van Christus soos deur Homself verklaar. Sy liefde vir die afgedwaalde sondaar, wat Hy altyd gereed is om terug te neem as hy maar slegs sy hand na sy Verlosser wil uitsteek en Sy beskermende liefde en genade wil aanneem, in tye van nood en eensaamheid as alle aardse vriende gefaal en teleurgestel het. Behalwe die godsdienslike vorming is daar ook nog die morele opvoeding wat aandag vereis.

Die mens word in sonde ontvang en gebore. Dit is nou eenmaal so dat hy nie altyd na die goeie en edele streef nie. Veel meer is die menslike lewe een van verval in sonde. Dit is ook waar van die kinderlewe. Die kind het ook sy selfsugtige neigings, en in die proses van sosialisering "social duty presents itself as a continual menace to a man who has not learned to identify the good of society with his own".<sup>1)</sup> Die doelstelling van kindersorg sluit hierdie proses van sosialisering in. Die inrigtingsopvoeding wil hom nie slegs toerus om in staat te wees om in sy eie materiële behoeftes te voorsien nie maar wil hom ook oplei om 'n nuttige, pligsgetroue en volwaardige lid van die samelewing te wees. Dit is in hierdie proses van sosialisering dat daar soveel botsings ontstaan. Morele gebreke kan van 'n innerlike of 'n uiterlike aard wees.<sup>2)</sup> Waar dit 'n innerlike oorsprong het, is dit 'n karaktersmet; as dit van uiterlike aard is, vind dit uiting in wandaad, wat ook sonde genoem kan word. Die innerlike aspekte is meesal verborge maar kan tog nie anders as om die daad te beïnvloed nie. Nou het die Christendom geleer dat daar net soveel waarde aan die innerlike gesindheid as aan die uiterlike daad geheg moet word.

As die gedagsmoeilikhede by die kind ontleed word, vind ons dat dit in vier hoofgroepe ingedeel kan word.<sup>3)</sup> Daar is vereers die gedragmoeilikhede wat uit temperamentele of

---

1) McKenzie: Manual of Ethics, 420.

2) Ibid., 422.

3) Verslag van die Nasionale Konferensie oor Kinderinrigtings, 1951. 27.

fisiologiese oorsake voortspruit. Hieronder ressorteer die kinders wat aan subkliniese vorms van epilepsie ly. Dan is daar die karaktermoeilikhede, en dit is juis hierdie moeilikhede van innerlike oorsprong waaruit die ernstigste gedragsafwykings voortspruit. Die gekommitteerde inrigtingskind is, teen die tyd dat hy vanweë sy huislike omstandighede verwyder word, al so van die foutiewe emosionele verhoudings tussen ouers of tussen ouers en kinders of ander verkeerde invloede deurdronge, dat verkeerde handelwyse maklik daaruit voortspruit.

In Derde vorm is die reaktiewe gedragsmoeilikhede. Dit word deur onbewuste sielkundige kragte gemotiveer en val dus buite die bewuste beheer van die kind.

In Vierde vorm van gedragsmoeilikhede is die neurotiese wat uiting vind in geestelike simptome soos abnormale vrese, angstoestande, prikkelbaarheid en senuagtigheid of in liggaamlike simptome soos verlamming van ledemate en aandoenings van maag, blaas, hart en asemhalingsorgane.

Waar hierdie gedragsmoeilikhede botsings veroorsaak, volg dit as vanselfsprekend dat korrektiewe middele toegepas moet word. Iets moet gedoen word om die oortreder tot besinning te bring sodat sy manier van optrede gewysig kan word om aan te pas by die algemeen gangbare gedrag van die groep met wie hy saamleef.

Daar bestaan verskillende teorieë in verband met straf. Daar is die teorie van voorkoming, van opvoeding of hervorming en van vergelding. As ons nou die indeling van gedragsmoeilikhede in gedagte hou en die teorieë aangaande die straf wat toegepas moet word, is dit duidelik dat die toepassing van straf 'n uiters moeilike taak is vir die persoon wat nie die regte insig in die kind se aard en persoonlikheid het nie. Veral skyn dit of liggaamstraf nou totaal op die agtergrond raak. In die lig van die moderne beskawing en veral vir die Christen is die vergeldingsgedagte van straf heeltemal uit-

geskakel: die Christen moet kwaad met goed vergeld. Die groot beginsel moet dus wees en bly die opvoedkundige en sielkundige benadering van die oortreding met die spesifieke doel om hervormend te werk te gaan.

Nou is dit duidelik dat met die individuele verskille by kinders, die verskillende omstandighede en die verskille in oortredings daar geen tugresepte voorgeskryf kan word nie. Die toepassing van straf vereis nou dat elke saak op sy eie meriete behandel sal word. Die grootste en belangrikste uitgangspunt is die kind self. Dan kom die oortreding wat gepleeg is, en uiteindelik die persoon wat die straf moet toedien. Dat dit dikwels gebeur dat die toediener van die straf te subjektief optree, is 'n bekende feit. Waar dit gebeur, verloor die tug sy waarde geheel en al.

Tug of die toediening van straf moet nie as doel op sigself beskou word nie. So moet oortredings benader word nie met die doel om strafmaatreëls toe te pas nie. Veeleer moet die oortredings in die eerste plek beskou word simptome te wees van ongewenste toestande wat behandeling vereis en wel behandeling van deskundiges soos medici, psigoloë en opvoedkundiges.

As die oortredings nou veelal simptome van ongewenste omstandighede is, moet die oortredings nie alleen in oënskou geneem word nie, maar die toestande moet gewysig word. Dit sou dan voordelig wees om die toestande so te hervorm dat die geleenthede vir die ontwikkeling van deugde vermeerder word, terwyl die drange na wat kwaad is, verminder word. Die geleenthede om kwaad te doen, moet so min moontlik in die weg van die kind geplaas word. Om egter positief te werk te gaan moet die proses dinamies-opvoedkundig wees, van stap tot stap voortgaan en die kind van krag tot krag lei om die edele in homself uit te leef en die swakhede te oorwin. Om dit te kan doen is dit nodig dat die kind volle vertroue in sy opvoeder

sal hê. Of hy dit sal hê, hang van die opvoeder en sy optrede af. Nie alleen is dit noodsaaklik dat die opvoeder die regte insig in die aard van die kind sal hê nie, maar hy sal in die regte gesindheid sy taak moet benader, en sonder 'n werklike liefde vir die kind met al sy gebreke sou sy pogings vrugtelos wees.

Die vraag wie straf in die inrigting moet toedien, is aan inrigtingshoofde gestel, en op een persoon na wat dit deur 'n opvoedkundige wil laat doen, het almal die hoof van die inrigting as die enigste geskikte persoon beskou. Dit is seker 'n aanduiding dat al die hoofde die erns van die saak insien. Ondervinding van jare en die strewe om reg aan elke kind te laat geskied, sal inrigtingshoofde gaandeweg die nodige opvoedkundige insig in die wese van die hele saak laat ontwikkel en hulle so mettertyd vir hulle taak bekwaam.

In 'n groot inrigting sou die toediening van straf deur een enkele persoon 'n onbegonne taak wees. Dit sal dan nodig wees dat hy sy taak aan twee of drie ander verantwoordelike persone sal afdra. Uiteindelik is dit noodsaaklik om konsekwentheid van optrede in 'n groot inrigting uiters sterk te beklemtoon. Al sou die tugmaatreëls van oortreder tot oortreder verskil, moet dit nooit gebeur dat die een kind vir 'n oortreding gestraf word en 'n ander verskoon word nie. Dit sou dadelik 'n gevoel van wantroue skep in die persone wat toesig hou. Dit is ook noodsaaklik om deur konsekwentheid tradisies te skep. Sekere dinge word toegelaat en andere nie.

Dit gebeur soms dat sekere kinders in die inrigting so 'n mate van gedragsafwyking toon dat hulle as 'n gevaar vir die res beskou kan word. In plaas van te poog om hulle te hervorm en moontlik nog in die poging te misluk word verdere na 'n spesiale inrigting soms as die enigste uitweg aanvaar. Dit is in 'n sekere mate 'n afskrikmaatregel en in 'n sekere mate 'n voorkomende middel teen verdere beïnvloeding

van ander. Dit het ook die positiewe doel dat die oortreder in die spesiale inrigting waarheen hy verwyder word, die spesiale behandeling kan ontvang wat sal dien om hom te hervorm.

Die kind het ook behoefte aan kulturele opvoeding. Dit moet die doel van hierdie opvoeding wees om die kind in sy omgang met sy medemens te veredel en te beskaaf. Beskaafdheid is nie 'n aangebore eienskap nie en moet doelbewus aangeleer word. Ook in hierdie opsig beklee die kind wat uit 'n swak huislike omgewing verwyder is, 'n groot agterstand. In hierdie huisgesinne het emosionele wanverhoudings tussen ouer en ouer en ouer en kinders en kinders en kinders daardie geleenthede tot die fynere ontwikkeling van maniere en gedrag nooit aangemoedig nie. Die inrigting is dus verplig om in daardie behoefte te voorsien, die kind sy verkeerde aanpassing te ontleer en hom opnuut op te voed om as 'n beskaafde en veredelde mens teenoor sy medemens te staan.

Afgesien van 'n formele program vir die kulturele opvoeding en gedurende die verblyf van die kind in die inrigting, sal dit 'n vooropgestelde voorwaarde wees dat die inrigtingspersoneel mense moet wees wat in hulle lewe wandelende voorbeelde van fynbeskaafdheid is. Sonder hierdie toestand sal die kind nie aan die suiwerheid van die kulturaanbiedinge glo nie. Hy sal dit as kunsmatig aanvoel en nie aanneem nie.

Wat die aanbieding van geleenthede betref, staan die Abraham Kriel-Kinderhuis op 'n hoë sport. Daar word meer as genoeg voorsiening vir kinders gemaak om kennis te maak met die skone, die edele en die bevallige in die lewe. Dat dit naby die groot stad Johannesburg geleë is, het sy voordele. So kan daar van een jaar gerapporteer word dat kinders 'n besoek gebring het aan die dieretuin, die tentoonstelling en groot

groepe aan die kinderteater. Elke maand vind 'n debatsvergadering plaas, waar daar soms uitstekende voordrag, sang en musiek gelewer word. Elke veertien dae word opvoedkundige rolprente vertoon. Een keer per jaar word 'n skoolkonsert gehou. Een keer per jaar word die weeshuisfees gevier en tree kinders in hulle honderdtalle in musikale liggaams-oefeningvertonings en seremoniële parades op. Skoolkore lewer gereeld hulle bydraes tydens konserte, weeshuisfeeste en spesiale geleenthede. Plaaslike toneelverenigings lewer af en toe gratis konserte. Die burgemeester van Johannesburg het 'n vaste afspraak om een keer per jaar die kinders toe te spreek en op lekkers te onthaal. Selfs die stadsorkes lewer jaarliks 'n uitvoering wat spesifiek daarop gemunt is om 'n verfynde smaak vir musiek aan te kweek. 'n Eie strandoord om veertig kinders te huisves maak dit vir die inrigting moontlik om elke wintervakansie so 'n groep kinders na Sunwitch Port aan die suidkus van Natal te neem.

Daar is sekere faktore wat egter die beste voorneme en die grootste inspanning in hierdie rigting kan verydel. In die eerste plek moet daar gedurig teen die ontaarding van die strekking van die kultuuraanbieding gewaak word. Dit kan altemaklik gebeur dat suggestiewe grappies in 'n kindergehoor verkeerd vertolk kan word en prikkelend op die laer drange kan inwerk. Die grootste versigtigheid moet dus beoefen word om te verseker dat wat die inhoud en strekking betref, die kultuuraanbiedings slegs 'n beroep op die meer verhewe drange van die kind sal doen. Die kind sou in sy kulturele ontwikkeling ook nie ver kom deur net te aanskou wat daar gelewer word nie. Hierdie houding, soos in die bioskoop en in konserte by die toeskouers voorkom, kan by wyse van afwisseling waarde hê, maar dis die persone wat die nommers op die verhoog lewer, wat eintlik opgevoed word. Die kinders moet aktief by die programme ingeskakel word en gehelp word om self te presteer.

Daar is 'n groot wêreld van genot en opvoeding in 'n geskikte biblioteek opgesluit. Die inrigting behoort meer gebruik te maak van hierdie middel om gedeeltelik die onopgeloste vraagstuk van vryetydsbesteding uit die weg te ruim. In hierdie saak lê dit voor die hand dat skool en inrigting in die bereiking van die doel sy aan sy sal staan. Nie alleen kan die biblioteek goeie diens vir naslaandoeleindes lewer nie, maar dit kan die kind die regte perspektief in die lewe gee. Gesonde belangstellings kan ontwikkel word, en die kind se verbeelding kan op 'n gesonde wyse verryk word. Die behoefte aan 'n geskikte leeskamer is elders beklemtoon, en waar dit bestaan en waar daar bowendien voorsiening gemaak kan word vir parate naslaanwerke en veral vir leesbare vakliteratuur, sou die kinders gelei kan word om baie ure van hulle vrye tyd genotvol en leersaam te bestee.

Dit sal seker deur almal beseef kan word dat 'n uitstappie na enige plek soos 'n dieretuin, 'n tentoonstelling, 'n fabriek of wat ook al nie veel waarde kan hê as die groep uit sewehonderd kinders bestaan nie. Dit sou nie moontlik wees om hierdie uitstappies van enige opvoedkundige waarde te maak nie. In alle pogings tot die kulturele opheffing van die kind behoort in gedagte gehou te word dat die groepe nie te groot moet wees nie. Die kultuurleier moet in staat wees om elke kind individueel te bereik. Dit is in die groep waar die kind se persoonlikheid moet ontwikkel, en as die groep te groot is, kan dit vir die ontwikkeling van eienskappe soos leierskap en selfhandhawing vernietigend wees. Die kind ontwikkel onnodiglik die massagees en die onverantwoordelikheid wat daarmee gepaard gaan.

Dit sou nie moontlik wees om 'n formele program vir die kulturele opvoeding vir die inrigting op te stel nie, want dit sal van die tipe kinders en beskikbare personeel en die ouderdomme van die kinders afhang. Wat egter beklemtoon moet word,



is dat elke inrigting 'n program moet hê. Die goeie inrigting wil nie net kinders voed, klee en vir 'n betrekking afrig nie. Dit wil die kind as geheel afrond sodat hy as 'n beskaafde mens en nie as 'n geleerde buffel nie die wêreld kan ingaan.

## 9. Kinderwerk in die inrigting.

.... Dit was seker vir alle kinderinrigtings te alle tye noodsaaklik om 'n sekere hoeveelheid werk deur die kinders self te laat doen. Dit is ook nie iets vreemds dat kinders sekere pligte sal hê om uit te voer nie. Selfs in normale huisgesinne is dit 'n vaste gebruik dat kinders ook hulle aandeel aan die roetinewerk in die huishouding het. 'n Kenner op die gebied het hom as volg oor die saak uitgelaat: „Institutions caring for children in their teens are too inclined to cling to the outworn concept of handwork as the chief factor in vocational training....work training in institutions can possess important values;... all children need enough of it to give them habits of regularity and thoroughness and to develop some of the dexterity and precision needed by any good workman. But there should be no delusions as to the educational value of prolonged hours at hoeing, weeding gardens, washing pots and pans, ironing, scrubbing or polishing floors or even embroidery. Any boy or girl may discover his own vocational outlet in spite of institutional rigidities".<sup>1)</sup> Hierdie skrywer let dus slegs op die opvoedkundige waarde van die werk wat deur die kind verrig moet word. Ons moet met hom akkoord gaan waar hy meen dat die daelikse pligte daarop gemunt moet wees om gewoontes van gereeldheid en deeglikheid en handigheid by die kind vas te lê. Elke mens weet hoe pynlik dit is om onhandige mense gade te slaan waar hulle met hulle werk besig is. Die inrigting bied genoeg geleenthede vir dogters om bedrewenheid in gewone huishoudelike pligte te ontwikkel, en ook

---

1) Hopkirk: Institutions serving Children, 16.



die seuns kry genoeg oefening in die gebruik van tuingereedskap en dies meer.

Nou is dit ook waar dat alle werk in die inrigting nie juis met 'n opvoedingsmotief uitgevoer word nie. Inrigtings moet met 'n vaste toelaag die kind voorsien van alles wat hy nodig het. Minimum standarde vir die instandhouding van die inrigting word deur die owerheid neergelê — twee faktore dus om rekening mee te hou. Om aan die veilige kant te bly is dit dus noodsaaklik om so ekonomies moontlik te werk te gaan. Daar kan veral merkbaar bespaar word deur gebruik te maak van kinderarbeid by die skoonhou van vloere en werwe en by die bereiding van voedsel en alle werk wat gewoonlik deur naturellebediendes verrig word. Dit skyn ook nie of dit juis afkeurenswaardig is om die kind by die huishouding in te skakel nie. Veral is dit voordelig waar die motief opvoedkundig is, soos hierbo aangehaal.

Waar daar gewoonlik, soos in die Abraham Kriel-Kinderhuis, om en by dertig kinders in 'n afdeling is, kan dit ook nie verkeerd wees om hulle met die huiswerkies te laat help nie, al sou dit wees met die spesifieke doel om te besuinig. Waarneming het aan die lig gebring dat twintig tot dertig dogtertjies van nege tot tien jaar speel-speel en sing-sing die vloer van die slaapsaal vryf. Hulle is ook trots op die blink vloer. Waar wanpraktyke egter maklik kan insluip, is die duur van die werk. Jong kinders word gou moeg, en lang werksure kan moontlik 'n nadelige uitwerking op hulle gesondheid hê. So kan 'n te groot werk vir 'n te klein aantal kinders te vermoeiend wees. Selfs die gesindheid van die Tannie kan die werk of sleurwerk of speelwerk maak. Wat ook nodig is, is 'n mate van diskriminasie. Dit is tog begryplik dat vloere skrop en vryf op 'n somerdag totaal verskil van dieselfde werk in die winter; en net so sal die omspit van die tuingrond te veel wees vir vyf seuns, waar dertig dit maklik kan behartig.

Dat die hele saak van kinderarbeid in die inrigting iets is wat die noulettendste toesig van die inrigtingshoof vereis, hoef nie eens beklemtoon te word nie. Wat vir die inrigting 'n groot bate en vir die kind goeie oefening en opleiding kan wees, kan in die hande van 'n onsimpatieke afdelingshoof ont-aard tot 'n vloek vir die kind.

Die saak is ook in die vraelys ingesluit, en navraag is gedoen na die tyd wat 'n kind per dag behoort te werk. Op twee gevalle na, waar inrigtingshoofde 'n maksimum van drie uur aanbeveel het, en wat onses insiens te veel is, stel almal voor 'n werktyd van een tot twee uur per dag. Dit skyn dus nie of te lang werksure by die inrigtings bestaan nie.

Afgesien van die tydsduur en die soort werk kan daar nog 'n faktor bykom wat die werk nadelig en ongewens kan maak en waarteen deur inrigtingshoofde gewaak moet word, naamlik die tyd van die dag wanneer die werk verrig moet word. Hier kom sake soos ontspanning, rus, vryetydsbesteding en dies meer op die spel en moet die tyd vir die werk verstandig gekies word, behalwe in gevalle soos opwas van skottelgoed waar daar geen keuse is nie.

Dit word verder aan die hand gedoen dat die werk nie 'n onverbiddelike beroep op die kind moet doen nie. Dit moet vir die kind moontlik gemaak word om van die werk vrygestel te word as dringender sake dit vereis. Sekere kinders kan besig wees met oefening vir 'n konsert, ander kan wens om aan sport deel te neem, en nog ander kan eie noodsaaklike werk hê om te doen. In die groep moet sulke omstandighede van individuele lede in aanmerking geneem word en behoort dit moontlik te wees om konsiderasie daaraan te verleen. Die betrokke kinders kan op 'n ander wyse daarvoor vergoed. Deur dit te doen kan die betrokke hoof toon dat die kind nie vir die inrigting daar is nie maar die inrigting vir die kind.

## 10. Voeding en kleding.

- (a) Voeding staan seker bo-aan die lys van uitgawes op die rekening van alle inrigtings. Dit sou ook 'n vername plek inneem as 'n lys van die dringendste behoeftes van die kind opgestel sou word. 'n Amptenaar van die Departement Volkswelsyn het hom as volg oor die voeding van inrigtingskinders uitgedruk:<sup>1)</sup> „Dit is waar dat die lewe nie net gemeet word in terme van spierkrag, liggaamsgewig en -grootte nie. Die rehabilitasie van die inrigtingskind sluit in, behalwe gesondheid van liggaam, ook gesondheid van intellek en ander hoë etiese waardes. Daar moet egter op gewys word dat intellektuele krag, vindingrykheid, geestelike aktiwiteit, moed en 'n gesonde lewensfilosofie meesal voorkom in welgevoede kinders uit gelukkige omgewings en gesinne“.

'n Gesonde liggaam is dus 'n vooropgestelde vereiste vir die ontwikkeling van 'n gesonde gees. Gebrek aan stamina bring nie net gebrek aan inisiatief mee nie, maar kan senuagtigheid, prikkelbaarheid, geestelike depressie en swaarmoedigheid veroorsaak en gevolglik 'n gebrek aan 'n gesonde lewensbeskouing. Hierdie gevolge kan veroorsaak word nie alleen deur ondervoeding nie maar ook deur wanvoeding.

Die inrigting het dan wat sy voeding betref, 'n dupleks. Dit is 'n bekende feit, wat ook in die buiteland waargeneem is,<sup>2)</sup> dat daar by die meeste van die kinders wat in die inrigting toegelaat word, al heel gou 'n merkbare toename in gewig te bespeur is. Dit alleen is al 'n aanduiding dat die kind of ondervoed of verkeerd gevoed was in die huis waaruit hy kom. Dit behoort die inrigting egter nie tevrede te stel om net 'n gewigsvermeerdering waar te neem nie. Hierdie verskynsel kan veroorsaak word deur gereelder etensure, langer ure vir slaap, gereelder

---

1) Theron: Inrigtingsversorging, 198.

2) Hopkirk: Institutions serving Children, 151.

ontspanning en meer rus. Die vraag is nog altyd of gewigsvermeerdering ook meer energie, weerstand teen siekte en lewenslus meegebring het.

Om die doeltreffendheid van die voeding te bepaal, is daar derhalwe slegs een weg oop, en dit is die opstel van 'n spyskaart deur 'n diëetkundige. Hier sal nie net kwantiteit nie maar veral kwaliteit van die grootste belang wees.

Nou is dit oor en oor waargeneem dat baie kinders wat in die inrigting opgeneem word, voorkeur gee aan bepaalde voedselsoorte en spesifiek aan dié waaraan hy tuis gewoon geraak het. Meesal is brood en vleis die enigste en mees gesogte. Groot moeite word ondervind om hierdie kinders gewoon te maak aan 'n gebalanseerde diëet waarin groentes en veral rou groentes so 'n vername rol speel. Daar moet dus sorggedra word dat gesonde gewoontes ook by die eettafel aangekweek word.

Dit is ook 'n bekende feit dat sommige kinders meer eet as ander. Met hulle moet rekening gehou word, en in alle groepvoeding moet die beginsel van individualiteit toegepas word. Tafelhoofde moet bedag wees op hierdie omstandigheid en sorgdra dat hierdie kinders groter porsies ontvang.

Die bereiding en bediening van voedsel is van net soveel belang. Dis vanselfsprekend dat voedsel wat smaaklik berei is en op 'n aantreklike wyse bedien word, ook meer waarde vir die eter sal hê. Dis nouliks nodig om die wetenskaplike bereiding van die voedsel met die oog op die behouding van die belangrike vitamines en ander voedingstowwe te beklemtoon; en dit veronderstel 'n sekere mate van wetenskaplike kennis by die persoon wat met die bereiding belas is. Mediese getuienis beklemtoon die feit dat dit ongelooflik is hoeveel geestelike en fisieke

skade deur slegs 'n geringe mate van ondervoeding en wanvoeding berokken kan word. Dit is ook ongelooflik om die verandering waar te neem waar daar slegs 'n weinig meer vitamines en proteïnes by die kinderdieet gevoeg is met die vermindering van die hoeveelheid stysel.

Eindelik moet die belangrikheid van 'n ongestoorde, rustige en tydsame genieting van die voedsel beklemtoon word. Veral waar dit kinders betref, gebeur dit soms dat rusverstorende elemente aan die eettafel voorkom. Hoe groter die groep aan die tafel en hoe ongemakliker die stoele of die banke waarop hulle sit en hoe swakker die toesig tydens die etensuur, hoe meer kom die rusteloosheid voor.

Dit is derhalwe noodsaaklik dat daar van die maaltyd groter gebruik gemaak sal word as 'n opvoedingsgeleentheid. Algemene beskaafdheid en mooi en deftige tafelmaniere kan hier op 'n doeltreffende manier aangekweek word. Die hele aangeleentheid dui egter op die noodsaaklikheid van klein eetkamers vir beperkte groepe en klein groepies aan dieselfde tafel. Genoegsame en doeltreffende eetgerei en die regte hantering daarvan is onmisbaar by die ontwikkeling van deftige tafelmaniere.

- (b) Kleding is aan die materiële kant van die opvoeding van die inrigtingskind van byna eweveel belang as die voeding. By die ontwikkeling van die persoonlikheid kan die feit nie ontken word nie dat kleding 'n geweldige rol speel. Geen kind wat skamel en onnet geklee is, kan met 'n gevoel van selfvertroue teenoor sy betergeklede makkers optree nie. Waar geen stoflike welvaart bestaan nie, sou aantreklike kleding tog 'n skyn daarvan gee en 'n gevoel van selfversekerdheid waarborg. Dit is algemeen bekend en begryplik dat inrigtings wat gedurig die uiterste spaarzaamheid moet beoefen om hulle in staat te stel om met die

toelae die mas op te kom, nie vir weelderige kleding te vinde sal wees nie. Niemand sou dit ook wil aanbeveel nie. Daar is egter sekere feite in verband met die kleding van inrigtingskinders wat nie oor die hoof gesien kan word nie. . Lank gelede is die kwessie van kleding al in die Abraham Kriel-Kinderhuis ter sprake gebring.<sup>1)</sup>

Die wenslikheid al dan nie van uniforms is bespreek, en daar is tot die slotson geraak dat uniforms onnodig die kleur en atmosfeer van die inrigting skep. 'n Uniforme skooldrag sou nie dieselfde uitwerking hê nie, veral as ook private kinders die skool besoek en ook die skooldrag dra; intendeel, die skooldrag sou 'n gevoel van trots by die kind kan bewerkstellig. Individuele verskille ten opsigte van ekonomiese status word maklik en doeltreffend deur die gebruik van skooldrag uitgeskakel. Uit die oogpunt van die inrigting kan dit 'n besparing meebring as goeie sterk materiaal vir die skooldrag gebruik kan word. Die kind, met name die seun, sal spaarsamer te werk gaan met sy kleurbaadjie as met 'n kakie hemp en 'n kakiebroek waarvoor hy geen respek het nie.

By die aankoop van klere kan lering getrek word uit die ondervinding van ander.<sup>2)</sup> So word inrigtings gemaan dat individualiteit by kleding van net soveel belang is as duursaamheid. Daarenbove het die klere wat die kind dra, die gevoel van gemak, die gevoel van trots wat in die voorkoms gewaar word, groter invloed op die ontwikkeling van die persoonlikheid as wat gewoonlik erken word. Selfs die gedrag van kinders word soms deur die houding teenoor hulle kleding beïnvloed. As dit waar is, kan niemand ontken dat daar 'n groot verskeidenheid in die ontwerp van kledingstukke en die gekose materiale moet wees nie. Waar dertig dogters dieselfde patroon rokkie aan het van

---

1) Hoofbestuursnotule van die Abr.Kriel-Kinderhuis, 8 Des.1927.

2) Hopkirk: Institutions serving Children, 157.

dieselfde materiaal gemaak, werk dit vernietigend op die kinderpersoonlikheid in. Op 'n onlangse konferensie oor kinderinrigtings<sup>1)</sup> het 'n medikus ook die kwessie van kleding van die inrigtingskind aangeraak. Die aandag is op die onaantreklikheid van die klere van sommige inrigtings gevestig. Kinders voel skaam en minderwaardig daarin. Dit moet in gedagte gehou word dat kleding 'n tweeledige doel het: **eerstens** moet dit dien om die liggaam teen die temperatuur te beskerm, en tweedens moet dit dien as 'n versiering. Laasgenoemde is vir die inrigtingskind van groot belang.

Wat onvermydelik in die inrigting is, is die oordra van klere van een kind na 'n ander. Die nadeel van hierdie noodsaaklikheid sou grootliks uitgeskakel word as stalle kledingstukke veral van die dogters, nie uit dieselfde stuk materiaal gemaak word nie. Klere kan nog van een kind na 'n ander gaan, maar skoene kan nie. Elke kind het sy eienaardige manier van loop, en die skoen slyt dienoooreenkomstig. Deur 'n halfslytskoen van een seun na 'n ander te laat gaan, sou die gevaar inhou dat ernstige voetkwale kan ontwikkel, en voetkwale is nie 'n vreemde verskynsel in inrigtings nie. Skoene wat van die verkeerde grootte en soort is, is so nadelig dat dit eerder aanbeveel kan word dat die kind kaalvoet loop as om met 'n paar knellende skoene aan te strompel.

#### 11. Die aanhouding van kinders in detensie- en veiligheids-huise.

Daar bestaan in Transvaal vandag vier veiligheids- en detensiehuise vir blankes. Hulle is as volg geklassifiseer:

- 1 vir dogters en seuns 0-18 jaar,
- 1 vir dogters van 12-19 jaar,
- 1 vir seuns van 12-19 jaar,
- 1 vir dogters en seuns van 9-14 jaar.

---

1) Verslag van die Nasionale Konferensie oor Kinderinrigtings, 10



Hierdie tehuse is opgerig ingevolge seksie 37 van die Kinderwet van 1937, wat bepaal dat die plekke bedoel is vir die opname en bewaring van kinders in afwagting van hul verhoor of vonnis, of van hul oorbringings na 'n verbeteringshuis of na 'n gesertifiseerde tehuis.

By die skrutinering van bogenoemde lys lyk dit alreeds verkeerd om seuns en dogters van alle ouderdomme tot by agttien jaar in dieselfde tehuis te hou, veral waar hulle in afwagting van verhoor of vonnisse gehou word. Die nadeel van so 'n tehuis lê voor die hand. Op sy beste sou so 'n tehuis geskik wees om sorgbehoewende kinders te huisves in afwagting van hul oorplassing na gesertifiseerde tehuse, en dan sou aanbeveel kan word dat dit as 'n noodmaatreël beskou moet word en erg tydelik moet wees.

Vir die res van die tehuse bestaan die ewel daarin dat daar geen groepering is nie. Interne groepering sou 'n groot ewel kan uitskakel. Die groepering kan geskied volgens tipes en ouderdomme. So moet jeugoortreders streng van verstandelik agterlikes geskei word.

Die gebrek aan groepering werk allerhande ewels in die hand, en seuns uit die veiligheidshuse het al met gewoontes van sodomie, masturbasie, rokery, weglopery, afknouery, verset teen alle gesag en 'n afkeervan die skool na die inrigting gekom. Vir sommige van die inwoners het die detensiehuis noodwendig 'n tronkatmosfeer. Hulle word bewaak, en hulle slaap snags in versterkte kamers. Dat die kind dus gedurig op die uitkyk sal wees vir 'n geleentheid om te ontsnap, is begryplik.

Om sake te vererger word inrigtingskinders met strawwe gedragsafwykings dikwels terugverwys na die detensiehuse in afwagting van verplasing na ander inrigtings. Hier kom hulle nou in geselskap van onskuldige kinders wat slegs moet wag tot dat hulle in 'n geskikte inrigting geplaas kan word, en die



loop gevaar om deur eersgenoemdes gekontamineer te word.

Dat die onderwys van kinders in die plekke van veiligheid en bewaring veel moet ly, is duidelik. Die Departement Volkswelsyn is trouens ook bewus van die probleem van die onderwys in hierdie tehuise<sup>1)</sup> en selfs van die ander euwels. Oplossing word gedeeltelik gesoek in die aanbieding van hoë toelaes aan pleegouers wat gewillig sou wees om hierdie kinders tydelik te huisves. Die ondervinding het egter geleer dat die gemeenskap hom nie in die mate vir hierdie diens aanbied as wat 'n mens sou verwag nie.

Dit skyn dus of dit noodsaaklik sal wees dat die owerheid hom meer sal toelê op interne indeling sover dit die aangehoue kinders betref. As dit nie in 'n bevredigende mate gedoen kan word nie — miskien omdat die bevolking so vlottend en die getalle so wisselend is — sou die kindertehuise moontlik geskikte plekke vir voorlopige aanhouding wees.

## 12. Staatstoelae vir gekommitteerde kinders.

Die staat dra tans £48 per jaar by tot die onderhoud van 'n gekommitteerde kind in 'n inrigting. Vir gewone kinders word 'n skenking van £20 per jaar gemaak. Nou is daar sekere faktore waardeur die toelaes en ook die skenkings verminder kan word, naamlik afwesigheid van die inrigting. Afwesigheid ontstaan wanneer kinders met vakansie is, in die hospitaal verkeer of weggeloop het.

Die vraag hoeveel die staat vir 'n gekommitteerde kind behoort by te dra, is aan inrigtingshoofde gestel. Die aanbevelings het gewissel van £60 tot £84 per jaar. Die meerderheid het hulle ten gunste van £72 per jaar uitgespreek. In alle gevalle blyk dit egter duidelik dat hoërde die bestaande staatstoelaag ontoereikend vind. Een hoof het nie 'n bedrag genoem nie maar met die aanbeveling volstaan dat die staat 75% van die onderhoudskoste en in geval van strawwer afwykings 100% van die onderhoudskoste behoort te dra.

---

1) Verslag van die Department Volkswelsyn, 51.

Volgens 'n mededeling van 'n amptenaar van die Abraham Kriel-Kinderhuis kos dit £80 per jaar om 'n kind te onderhou. Die staatstoelaag is £48 as die kind nooit afwesig is nie. Die res moet deur die inrigting gevind word. Nou is dit wel waar dat die kerk ywerig tot die instandhouding van die inrigting bydra, maar aan die ander kant moet in gedagte gehou word dat die kerk ook die geboue en uitrusting moet verskaf. Die staat stel minimum-standaarde vir voeding en kleding onversorging vas, en inrigtingshoofde meen dat die toelaag ontoereikend is. Dink maar aan 'n kind wat in die hospitaal ortopediese behandeling moet ontvang. Daar is die ritte om die kind vir al die behandelings daarheen te vervoer, die spesiale skoeisel wat voorgeskryf word en verskaf moet word. As sulke gevalle vermenigvuldig word, word die toelaag al hoe ontoereikender. Die neiging sal nou onwillekeurig ontstaan om die opnamebeleid meer waterdig te maak en sodoende die kind uit te sluit wat die inrigting te veel aan spesiale behandeling sal kos.

Dit skyn dus of dit noodsaaklik sal wees dat die staat of die jaarlikse toelaag sal verhoog of die kapitaalkoste van geboue en verskaffing van uitrusting sal help dra. As die instandhouding van hierdie geboue en toerusting bowendien deur die staat onderneem word, kan die inrigtingsadministrasie moontlik die bedryfskoste uit die staatstoelaag dek.

### 13. Die kinderhawe.

Dat die kinderhawe in 'n dringende behoefte voorsien, ly geen twyfel nie. Nie alleen is dit 'n hawe vir die vondelinge die verwaarloosde en die sorgbehoewende kindertjies nie, maar dit verskaf die masjinerie vir die uitbesteding van hierdie kindertjies na huisgesinne waar hulle as eie kinders versorg kan word. Dit is dan een van die grootste verdienstes van die Kinderhawe dat sy adopsiebeleid met soveel sorg en deeglikheid toegepas word, en daar bestaan min dokumentêre bewys

dat daar by die uitgee van kinders vir aanneming foute begaan is. Mej. Kloppers, die stigter van die Kinderhawe het, nadat sy soveel ellende in die goudstad moes aansien, 'n klousule in haar beleid van uitbesteding van kinders ingevoeg wat bepaal dat geen babas aan ouers op die Rand gegee sal word nie. Die motief vir hierdie bepaling was waarskynlik eerlik en suiwer, maar tog wil dit voorkom asof dit te drasties toegepas is. Dit kan tog nie betwis word dat daar in die stad ewe goeie adopsie-ouers vir die babas gevind kan word nie.

Die getal babas per werkster in die Kinderhawe skyn ook te groot te wees. Dit is seker nodig om by indiensneming van werksters die ekonomiese faktor ook in gedagte te hou, want die grootste gedeelte van die gelde vir die dekking van lopende uitgawes moet deur liefdadigheid byeengebring word. Wat egter van meer belang is, is die individuele aandag en liefderike versorging wat babas die eerste jare na hulle geboorte nodig het.

Kinders wat in die Kinderhawe drie jaar oud geword het, word gewoonlik na die Abraham Kriel-Kinderhuis oorgeplaas as hulle dan nog nie geadopteer is nie. Daar is gevalle waar enkeles een of twee jaar langer in die Kinderhawe aangehou is. Dit kan met vrug vir almal gedoen word wat die ouderdomsgrens bereik. Toestande wat behuising en terrein betref, is in die Kinderhawe baie na aan die ideale, en langer verblyf daar sou vir die babas voordelig wees. Daar sou ook meer moontlikheid bestaan dat hulle geadopteer kan word, omdat voornemende adopsie-ouers meesal eers daarheen gaan alvorens hulle na die inrigtings vir groter kinders gaan.

#### 14. Die reddingshuis „Uitkoms“.

Hierdie inrigting het tot stand gekom nadat die werk onder die gevalle vroue so vrugteloos geblyk het. Daar kon nouliks enige opheffingswerk onder die straatvroue verrig word

Die doel met die stigting van "Uitkoms" was dan spesifiek om verwagte meisies gedurende die periode van die bevalling na die tehuis te bring. Dit alleen sou nie veel baat sonder die verdere doel nie, naamlik om 'n studie van elke geval te maak, alle moontlike pogings aan te wend om die persone geestelik te bearbei om sodoende die verdwaaldes tot inkeer te bring. Dit is 'n loflike doel, rehabilitasie inderdaad.

Dat die werk wat tot dusver in hierdie inrigting gedoen is, veel vrug afgewerp het, is die getuigenis van die werkers in die inrigting. Trou aan sy roeping doen die kerk deur sy amptenare op hierdie terrein ook getrou nasorgwerk om die gedane werk te konsolideer en die gewonne veld te behou. Die reddingswerk sou vrugteloos wees as diegene wat gered is, nie 'n tydlang bygestaan word en vir die stryd teen die ewels van die wêreld gesterk word nie.

"Uitkoms" sluit veral mooi by die Kinderhawe aan, en alle babas wat nie vir aanneming uitgegee kan word nie, kan na die Kinderhawe oorgeplaas word, en so word "Uitkoms" gevrywaar van 'n diens waarvoor dit nie oor enige fasiliteite beskik nie, naamlik die versorging van babas.

#### 15. Die Armesorgraad van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk.

Behalwe die sorg vir ongehude moeders soos dit in die reddingshuis gedoen word, hou die Armesorgraad hom besig met gesinsorg, kindersorg en die bearbeiding van dogters in die fabriek. In die Armesorgraad het die kerk sy masjinerie om sy buitemuurse kindersorg uit te voer. Die werk van die Raad is seker een van die metodes om die stroom na die inrigtings ten dele te keer, en aan die ander kant om die kind vir wie sy huislike omgewing verderflik is, na die kindersorg te bring. Daar kan slegs met waardering kennis geneem word van die werk wat hierdie organisasie reeds doen, en dit kan

aanbeveel word dat die werksaamhede so uitgebrei word dat dit meer intensief sal kan werk en ook die area sal kan uitbrei om die hele gebied van die kerk te kan bearbei.

Waar die Armesorgraad die werk te velde onderneem, is die inrigting verantwoordelik vir die internaatversorging. Daar was tot dusver geen ooryleueling nie, en die twee organisasies kon mekaar mooi aanvul. Nie alleen kon die Armesorgraad die sorgbehoewende kind ontdek nie, maar dit kon ook help met die nasorgwerk van die inrigting. Gevalle wat onmiddellike aandag vereis, kan, indien deur die werkers van die Armesorgraad ontdek, dadelik by die nasorgwerker van die inrigting aangemeld word. . Albei organisasies is dus ewe noodsaaklik en behoort as sodanig in stand gehou te word en skerp geskei te bly. In albei gevalle is dit die ondervinding van jare wat vaardigheid verleen aan diegene wat met die werk belas is.

In Gebied waar die Armesorgraad alle lof vir sy arbeid verdien, is die werkklasse wat in verskillende sentra gehou word om werkgewoontes by moeders te kweek en hulle tegelykertyd in die daaglikse pligte van die huishouding te bekwaam.

HOOFSTUK XIV.

OPSOMMING EN NABETRAGTING.

1. Die Nederduits Gereformeerde Kerk is op Suid-Afrikaanse bodem gestig met die koms van die eerste blanke inwoners op 7 April, 1652.
2. Die stigting en gevolglike afskeiding van die Gereformeerde Kerk op 12 Januarie 1859 op Rustenburg het die orige deel as 'n onverdeelde eenheid gelaat tot in 1862 selfs toe daar gemeentes buite die grense van die Kaapkolonie gestig is. Afskeiding het eers plaasgevind toe die Kerk in die Suid-Afrikaanse Republiek geweier het om langer onder die Kaapse Sinode te ressorteer.
3. Die benaming Nederduits Hervormde Kerk in plaas van Nederduits Gereformeerde Kerk is in die notule van die agtste algemene jaarvergadering gebruik. Hierdie naamsverandering sou later 'n onheilbare breuk in die geledere van die Transvaalse Kerk veroorsaak.
4. Op die grondslae gelê deur die Nederduits Gereformeerde Kerk het daar nou 'n andersgenoemde kerk verrys. In verskillende gemeentes is heftig hierteen geprotesteer en eendersdenkendes het 'n algemene vergadering belê om die gemeentes van die Nederduits Gereformeerde Kerk onder een kerkbestuur te verenig.
5. Vanaf 1866 tot 1879 het die twee kerke nou langs mekaar bestaan. Op die negentiende Algemene Jaarvergadering van die Nederduits Hervormde Kerk het ds. H.S. Bosman nou met 'n voorstel gekom dat daar op die saak van vereniging van die twee kerke ingegaan moet word.
6. Op 31 Oktober 1882 het die saak al sover gevorder dat 'n „Vereenigde Commissie" van die twee kerke op Pretoria bymekaar kon kom om oor vereniging te beraadslaag. Die beraad het drie jaar later op Maandag 7 Desember 1885 in die stigtingsvergadering gekulmineer, en 'n basis vir die vereniging van die twee kerke kon gevind word.

7. Na veel geredekawel is daar uiteindelik ook oor die benaming van die verenigde kerk ooreengekon. Dit sou Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk wees.
8. In Februarie 1886 het ds. Smits op 'n gemeentevergadering in die gemeente Witfontein die lede daarvan oortuig dat die gewese Hervormde Kerk nog bestaan. 'n Reeks regsgedinge wat daarop uitgeloop het dat die verenigde kerk al die eiendomme van die eertydse Hervormde Kerk verloor, is gevoer, en gepaard daarmee het die Hervormde Kerk herleef.
9. Die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk het 'n buitengewone groeitydperk deurgemaak en het van 53,048 siele in 1893 gegroei tot 342, 405 in 1951.
10. Op 1 Maart 1850 is Abraham Paul Kriel op die plaas ke Keerweder in die distrik Franschhoek gebore. Hy het in 'n godsdienstige atmosfeer opgegroeï, en dit het gevolg gehad dat hy hom aan die evangeliediens gewy het. Na die voltooiing van sy teologiese studie aan die Victoria College is hy na die gemeente Du Toitspan beroep. Saam met sy gade, Christoffelina Pietersen, voorheen prinsipale van die Rookland-Seminarie in Oradock, is hy na Kimberley, waar hy tot in 1893 gebly het, toe hy 'n beroep na Langlaagte aangeneem het.
11. Die Tweede Vryheidsoorlog het uitgebreek, en die idee van ds. Kriel om 'n weeshuis op te rig, moes 'n tydlank uitgestel word. Na die vrede in 1902 was die behoefte aan 'n weesinrigting eens so groot en kon die Langlaagte-Kinderhuis op 4 September 1902 met sewe wese geopen word.
12. Na 'n jaar het die getal aangegroei tot 245, en nog later, toe daar ook sorgbehoewende kinders na die inrigting gekommitteer is, het die getalle in 1930 al die sewehonderdkerf oorskry, wat dan ook beteken het dat dit die versadigingspunt bereik het. Ook die eiendomme het uitgebrei.

Meer en meer erwe moes aangekoop word, en ook plase is tot die eiendomme van die inrigting toegevoeg of deur aankoop of deur erflating van goedgesinde persone.

13. In Junie 1928 is die stigter, Oupa Kriel, oorlede en het sy mantel op ds. H.J. de Vos geval, wat die amp vandag nog beklee.
14. Deur die jare het die organisasie en administrasie van die Kinderhuis in omvang toegeneem en vandag het dit byna tagtig lede op sy personeel.
15. Afgesien van die tydelike behoeftes het die inrigting hom ook vir die geestelike welvaart van die kind beywer. In weerwil van baie moeilikhede is h.o.n.o.-skool na die Tweede Vryheidsoorlog in stand gehou; en toe dit later in 'n goewermentsskool omgeskep is, is daar vir meer en beter fasiliteite vir die inrigtingskind geywer. Veral is gestry vir die oprigting van die vakskool, wat tot vandag toe so 'n vername rol in die opleiding van die grootste meerderheid van die inrigtingskinders speel.
16. Die kerk se roeping is veral geestelik. Waar hy genoodsaak word om hom met die maatskaplike welvaart van sy lede te bemoei, is sy doel om hierdie toestande so te herskep dat dit vir die ontwikkeling van 'n gelukkige, warme, geestelike lewe bevorderlik kan wees. Die kerk het 'n amptelike taak by die godsdiensonderwys, en die Sondagskool is vir hierdie doel tot stand gebring. Die kerk het die toesig oor hierdie onderwys vir homself voorbehou en het die suiwere instandhouding daarvan deur wetgewing verstewig.
17. Die aanname van die Kinderwet no. 31 van 1937 het 'n nuwe betekenis aan die sorgbehoewende kind en kindersorg in die algemeen gegee. Maatskaplike funksies van die kerk en staat is ten opsigte van sorgbehoewende kinders gekoördineer. Die kerk het sy kindersorg nou in diens van die sorgbehoewende kind gestel.



18. Gaandeweg is daar vergelykings tussen die gekommitteerde kinders en kinders uit normale omgewings getref. Die resultaat van verstandstoetse het dan ook onteenseglik aan die lig gebring dat die inrigtingskind 'n agterstand ervaar. Dit wil voorkom asof erflikheid in 'n groot mate hiervoor verantwoordelik is. . Daar kan ook afgelei word dat erflikheid vir die kind se aanwesigheid in die kinderhuis verantwoordelik is. Die ouer het al vroeër uitgesak.
19. Die kind wat die inrigting verlaat, moet gehelp word om die wêreld waaruit hy na die inrigting verwys is, weer binne te tree. Daartoe moet hy bygestaan word. Die noodsaaklikheid van 'n nasorgperiode is ook deur die owerheid ingesien, en deur wetsbepalings is dit vir elke kinderhuis verpligtend gemaak om vir 'n tydperk van ten minste drie jaar toesig te hou oor die kind wat die inrigting verlaat het.
20. Die Abraham Kriel-Kinderhuis het sy nasorgwerk op 'n betreklik gesonde voet geplaas deur die aanstelling van 'n voltydse nasorgwerker. Afgesien van teleurstellings hier en daar word die werk met veel vrug uitgevoer.
21. In die uitvoering van sy pligte het die kinderhuis ook sy veelvuldige probleme. Gedragsafwykings tel onder die vernaamste van hierdie moeilikhede. Verder word veel moeilikheid ondervind deur die invloed wat ouers op hulle kinders uitoefen. Dit is 'n onoorkomelike moeilikheid, omdat die ouer af en toe die kind besoek. Ouerlike toestemming vir narkose en noodoperasies is soms moeilik verkrybaar en is 'n bron van ergernis vir die inrigtingshoof en soms selfs 'n lewensgevaar vir die kind.
22. Behalwe die Abraham Kriel-Kinderhuis hou die kerk ook die Kinderhawe in stand. Hierdie inrigting is gestig deur mej. Maria Helena Marsophina Kloppers, wat in 1896 as

- sendingdame na die Rand gekom het om Christelik-maatskaplike opheffingswerk onder die minderbevoorregtes, verwaarloosdes en krankes in die Goudstad te kom doen. Die probleem van verwaarloosde kinders het haar egter so aangegryp dat sy besluit het om reddingswerk vir hierdie verlore kleintjies te doen.
23. In 1912 het die sinode die Kinderhawe vir sy rekening geneem, en in 1917 kon die nuwe sierlike gebou in Observatory betrek word.
24. Die kinders van die Kinderhawe was aanvanklik meesal vondeeling en wese van die stad. Nou word daar ook kinders van ongehude moeders, sorgbehoewende babas, wese en kinders van kranksinniges of gevangenes opgeneem.
25. Die stigster het haar eie metode van uitbesteding van kinders gehad en behalwe die streng bepaling dat adopsie-ouers Christene moet wees, het sy die bepaling dat kinders nie aan stadsbewoners vir aanneming gegee sal word nie, baie konsekwent toegepas.
26. Nog 'n vereniging van kindersorg is die Armesorgraad van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk, wat in Mei 1937 gestig is. Hierdie vereniging, wat ook onder die sinode ressorteer, doen meesal buitenuurse werk en gesinsrehabilitasie troon groot in sy program. Afgesien hiervan hou die Raad ook toesig oor 'n reddingshuis vir ongehude verwagterende dogters.
27. In Suid-Afrika is altesaam tweehonderd-en-vier inrigtings vir blankes en nie-blankes. Daar word in hierdie inrigtings oor die 17,332 kinders versorg. Die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk beheer drie inrigtings, naamlik die Abraham Kriel-Kinderhuis, die Kinderhawe en Uitkoms, die reddingshuis. Die drie inrigtings saam bied huisvesting vir 815 kinders. Hoewel daar geen gegewens beskikbaar is om sorgbehoewendheid onder die

kinderbevolking van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk vas te stel nie, wil dit tog voorkom asof daar 'n groot aantal in vreemde inrigtings moet wees.

28. By die oordenking van die metode van kinderversorging blyk dit baie duidelik dat die huisgesin, wat tot stand gekom het juis as 'n instelling vir die versorging van die kroos, met wat dit vir die kind bied, die belangrikste plek sal bly vir die versorging van kinders, mits die huisgesin normaal is. Faktore soos bloedverwantskap, eenheid van doelstellings, eenheid van strewe, eenheid van belange maak van die huisgesin 'n ideale omgewing vir die kind.
29. Alle huisgesinne kan nooit die ideale toestand vir die ontwikkeling van die kind verskaf nie. In 'n armoedige, ongeletterde, sorgelose, gebroke of agterbuurtgesin kan nie veel vir die kind gedoen word nie. Eerder sal die kind hier 'n perverse kyk op die lewe kry en 'n anti-sosiale houding teenoor die omgewing.
30. Die groeiende besef van die belangrikheid van die huisgesin het juis die probleem van die huislose kind baie prominent op die voorgrond gebring. 'n Duideliker besef kan gevorm word van die tragedie wat die kind aankleef wat van die voorreg van 'n normale gesinslewe beroof is.
31. Die probleem is dan die herstelling of die herskepping van die gesinslewe vir die kind wat dit verloor het. Die staat, die kerk en private organisasies soek daagliks na die oplossing van hierdie probleem. Die metode van kindersorg wat die naaste aan die toestand van die normale huisgesin kom, moet noodwendig die beste wees.
32. As die huisgesin dan die beste vir die kind is, moet die eerste stap in die oplossing van die kindersorgprobleem wees die rehabilitasie van die ontwrigte huisgesin. Omdat ekonomiese agterstand een van die groot oorsake van

gesinsverval is, kan veel gedoen word deur moederspensiene, onderhoudstoelaes en die verskaffing van werk teen redelike lone. Hoewel die kerk die noodsaaklikheid van ekonomiese rehabilitasie terdeë besef, wil hy tog aan morele rehabilitasie die grootste waarde heg.

33. Adopsie of aanneming is een van die metodes om die normale gesinslewe vir die ongelukkige kind te herstel. Dit is deur die owerheid nodig gevind om adopsie deur wetgewing te beheer. Dit verhoed dat kinderlewens vir enige vorm van eie gewin geëksploiteer sal word. In Suid-Afrika vorm dit 'n belangrike bydrae tot die oplossing van die kindersorgprobleem. In 1948 is 1166 blanke en 334 nie-blankes geadopteer.
34. Die pleegouerstelsel word ook as 'n belangrike metode van versorging van sorgbehoewende kinders beskou. Veral die staat heg baie waarde hieraan. Waar die pleegouers met die regte gesindhede gevind kan word, kan ontsaglik veel vir die kinders gedoen word. Hier kan egter makliker as in enige ander geval wanpraktyke insluip.
35. Niemand kan ontken dat adopsie en die pleegouerstelsel hulle waarde by die versorging van huislose kinders het nie. Daar is egter gevind dat sommige kinders in geen huisgesin kan aanpas nie. Aan die ander kant is die probleem om genoeg geskikte huisgesinne te kry. Hierdie metodes kan dus nooit in al die behoeftes voorsien nie. Inrigtingsversorging kom dus as 'n welkome oplossing van die probleem na vore. Hewige kritiek is soms oor inrigtings uitgespreek en die waarde van inrigtingsversorging is soms sterk in twyfel getrek. Hulle wat in die praktyk van hierdie saak staan, dink egter anders oor die saak. Dink maar aan die massas kinders wat nie mooi en aantreklik genoeg is om aangeneem te word nie. Die meeste van hulle kan alle voordeel uit 'n lewe in 'n normale

huisgesin trek, maar die waarde van die inrigting lê vir hulle daarin dat hulle daar tog nog geduld word.

36. Die hoofklem van hierdie verhandeling val op die Kindersorg van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk. Waar die Abraham Kriel-Kinderhuis die kern van die internaatsversorging vorm, moet die kritiek hoofsaaklik gaan om praktyke soos hier waargeneem. Kindersorg hier te lande is nog naer jonk in vergelyking met wat elders gedoen word. Aanvanklik is daar meer gewerk en geworstel om genoeg huisvesting te verskaf en is nie soveel aandag aan doeltreffendheid van geboue geskenk nie. In die lig van die ondervinding van jare is dit met beter geleenthede en meer middele tog moontlik om bestaande inrigtings op te knap om aan moderne eise te voldoen.
37. Die geografiese ligging van die Abraham Kriel-Kinderhuis beantwoord vandag nie meer aan sy voorgestelde doel nie. Wat sy nabyheid aan 'n groot stad betref, is die ligging wel nog gunstig, maar waar hy vandag in 'n betreklik minderwaardige buurt lê omdat ontwikkeling in hierdie area gestrem word deur die moontlikheid dat die gebied as nywerheidsgebied verklaar kan word, kan die ligging nie meer goedgepraat word nie. Die terrein is deurkruis met strate en jagende motors, en brullende motorfietse maak dit uiters ongeskik vir 'n kinderhuis.
38. Baie van die huise hier is wel baie geskik, maar baie is nie meer geskik nie. Die moderne gedagte is om so min moontlik kinders in dieselfde huis te huisves. Dit sou dan die toestand die naaste aan die normale huisgesin bring. Op Langlaagte is nog twee geboue wat elk oor die 150 kinders huisves, en twee wat elk 60 onderdak bied. Erwe is klein en ruimte vir ongeorganiseerde spel is ontoereikend.

39. Wat die beplanning van geboue betref, kan daar veel op die bestaande geboue verbeter word. Afgesien van gerief en gemak moet sierlikheid en opvoedkundige faktore ook in aanmerking geneem word. Hoe kleiner die aantal in een slaapkamer, hoe privater die badkamer en latrines, hoe minder aan dieselfde eettafel, hoe beter. Selfs die ligging van die geboue op die terrein is van belang. Die oordeelkundige plasing van geboue kan veel tot die gerief of ongerief (ergernis) van werkers en kinders bydra.
40. Die inrigtingskind het 'groot belang by die indeling van inrigtings. Onbeheerbare, psigopatiese en misdadige kinders word dikwels saam met gewone behoeftige kinders gehuisves. Interne klassifikasie word nog meesal gemaak op die basis van geslag en ouderdom. Diepgaande studie van die kind wat tot die inrigting toegelaat moet word, is nodig, en dan moet 'n stelsel van interne sowel as eksterne klassifikasie uitgewerk word om inrigtingsversorging doeltreffender te maak. Om die studie van die kind moontlik te maak is dit nodig dat daar ontvangsdepôts en observasiesentra aan inrigtings verbonde sal wees, waar opgeleide personeel die waarnemings kan doen.
41. Die huismoeder of afdelingshoof of Tannie, soos sy in langlaagte genoem word, is die belangrikste persoon by die versorging van die inrigtingskind. Sy is die plaasvervangende moeder. Wat sy vir die kind wil doen, sal gedoen word en verder niks. Sy is die persoon met wie die kind die intiemste sal saanleef. Veel word dus van haar verwag. Sy behoort 'n soort opleiding vir hierdie veel-eisende werk te kry. Sommige is ten gunste van akademiese opleiding, terwyl andere 'n in diens-opleiding voorstaan. Haar loon, woongeriewe, verlooffasiliteite en die algemene lewenstoestande moet vir haar so gereël word dat dit haar vir haar veeleisende werk vergoed.

42. Die inrigtingskind moet alle geleenthede kry om 'n behoorlike skoolopvoeding te ontvang. Op hierdie terrein moet die onderwysers en inrigtingspersoneel baie noukeurig saamwerk. Groter nadruk moet op opvoeding en opheffing as op onderwys val. Godsdienst is nog die vernaamste enkele faktor by die opheffing van die verwaarloosde kind. Godsdienstonderwys moet dus ook sy plek hê. Ook die morele opvoeding en die kulturele opvoeding verdien die regte aandag om die beste resultate af te werp.
43. Daar word in alle kinderinrigtings van kinderarbeid gebruik gemaak. Dit gebeur ook in die normale huisgesin. Kinders moet gewoontes van gereeldheid en deeglikheid en ook vaardigheid ontwikkel. Die hele kwessie vereis egter die noulettendste aandag van die inrigtingshoof. Daar kan maklik verkeerde gebruik van kinderarbeid gemaak word.
44. Voeding is van die grootste belang. Dis slegs in 'n gesonde liggaam waar 'n gesonde gees kan woon. Die inrigting sal moet waak teen wanvoeding en ondervoeding. Nie alleen sal die voeding volgens 'n erkende diëetskaal moet geskied nie, maar die voorbereiding daarvan sal volgens wetenskaplike metodes moet plaasvind. 'n Rustige en tydsame etensuur is net so noodsaaklik.
45. Kleding is van byna net soveel belang as die voeding. Nette kleding gee 'n gevoel van selfversekerdheid. Uniforme kleding gee onnodiglik kleur en atmosfeer aan die inrigting. Dit is anders waar dit skooldrag betref. Eenvormigheid van patrone en materiaal vir die kleding van dogters werk vernietigend op die persoonlikheid van dogters in. Dit is ongelukkig noodsaaklik om klere van kind tot kind oor te dra. Skoene behoort nie oorgedra te word nie.

46. Kinders word soms in detensie- en veiligheidshuise aangehou in afwagting van hulle verhoor en vonnisse in geval van jeugmisdadigers en in afwagting van die hofbevel in gevalle waar dit die kommittering van kinders betref. Daar is vier sulke inrigtings vir blanke kinders in Transvaal. Daar is geen interne groepering in hierdie t huise nie. Die gebrek aan groepering werk allerhande euwels in die hand. Ook die onderwys van die kinders ly soms baie aangesien kinders soms ses maande lank nie 'n skool besoek nie.
47. Die staat dra vir 'n gekommitterde kind £48 per jaar by.
- Inrigtingshoofde meen dat hierdie toelaag ontoereikend is om in die kind se behoeftes te voorsien. Aan die een kant stel die staat minimum standaarde vas en aan die ander kant is die toelaag ontoereikend.

#### Nabetragting.

Die doel van die kerk is hierbo meermale genoem en bespreek. Wesentlik is die kerk die gemeenskap van gelowiges in die godsdienstige lewe. Die doel is dan baie duidelik, naamlik die beoefening van die godsdiens. Godsdiens sluit nie alleen diens van God in nie; dit veronderstel ook 'n kennis van God. As dit dan die uiteindelijke doel van die kerk is om die mens tot diens en kennis van God te vorm, dan lê dit voor die hand dat daar op dié weg na die bereiking van hierdie hoogverhewe doel nog talryke sydelingse doelstellings lê. Die terrein van die menslike lewe is ruim en wyd, en om dit te verower, moet die kerk sy aktiwiteite oor 'n wye front laat strek, en dit so koördineer om dit alles saam na die bereiking van die uiteindelijke doel heen te voer.

As die beoefening van die diens van barmhartigheid nog soos in die verlede net in die verskaffing van alimentasie aan die behoeftiges bestaan nie, sou die taak van die kerk op die maatskaplike terrein nie so ingewikkeld gewees het nie. Die



moderne samelewing is egter ingewikkeld, en dit word gedurig ingewikkelder in sy samestelling. Vreemde en ongekende verskynsels wat nie op die skepping van maatskaplike welvaart gemunt is nie, moet bekamp word, en smette wat die siel van die mens aantast en sy sin vir reg en geregtigheid vernietig, moet in die klem gesmoor word.

Die doel van die kerk met sy inrigtingsversorging was nog altyd om in afhanklikheid van God, die Vader van die wese, en in gehoorsaamheid aan sy bevel weeskinders en sorgbehoewendes van Transvaal en elders ten behoeve van wie daar aansoek gedoen word, te versorg en op te voed. 'n Grootse doel dus maar een wat tegelykertyd 'n geweldige taak op die skouers van die kerk plaas.

Om 'n kind te versorg totdat hy op eie bene kan staan, en om hom op te voed, is 'n taak wat die kerk alleen deur onvermoeide inspanning en deur die genade van God kan vervul.

Die funksie van die kerk deur die inrigting sal dan wees om die kind liggaamlik en geestelik te versorg en groot te maak. Dit sal voeding, kleding en opvoeding insluit. Die taak is egter nie so eenvoudig nie. Die inrigting moet in die bresse tree vir die kind wie se ouerhuis nie meer bestaan nie, of, volgens die bepalings van die Kinderwet, nie daarin slaag om die nodige beskerming, versorging en opvoeding aan die kind te gee nie. Dis nie net 'n voortsetting van die taak van die ouerhuis waaruit die kind na die inrigting verwys is nie. Daar moet veral herstelwerk aan die kind gedoen word. Verkeerde gewoontes moet afgeleer word -- en dit veral is soms byna 'n onbegonne taak -- voordat nuwe gewoontes ten opsigte van voeding, higiëne, onderwys, spraak en dies meer aangeleer kan word.

Die regte verhouding ten opsigte van gesag en dissipline moet gekweek word -- 'n langsame en veeleisende taak, waar daar in soveel van die gevalle geen orde, reël en gereelde leefwyse bestaan het nie.

Daar moet verder verantwoordelikeidsbesef by die kind aangekweek word, 'n gevoel van verpligting teenoor homself en sy onmiddellike omgewing. Veral die godsdienstige en kulturele vorming lê 'n groot taak op die inrigtingspersoneel.

Die vraag wat nou dadelik opkom, is in hoeverre die kerk in sy selfopgeleegde taak slaag. Waarneming van die situasie het aan die lig gebring dat, waar die taak van die inrigting moet wees om 'n plaasvervangende huis aan die kind te verskaf, die onderneming nooit 'n algehele sukses kan wees nie. Dit wil nou geensins die poging wat wel in die rigting aangewend word, verkleineer nie; intendeel, mens moet erken dat die inrigting in 'n dringende behoefte voorsien. Dit kan ten minste aan die kind 'n beter huis verskaf as die waaruit hy na die inrigting gekommitteer is.

Wat die gesondheidsdienste betref, moet erken word dat die inrigtingskind beter daaraan toe is as die kind in die meeste huisgesinne van die Afrikaanse volk. Danksy die fasiliteite deur goewermentsklinieke verskaf, geniet die gesondheid van die inrigtingskind alle moontlike aandag.

Daar word deur oningeligte persone soms skerp kritiek op die wyse van versorging van die inrigtingskind uitgeoefen. Dit moet in gedagte gehou word dat die kerk met die beskikbare fondse liever twee kinders sal wil inneem al is die fondse net toereikend vir die eersterangse versorging van een. Al sou die kleding minder weelderig wees en die voeding minder royaal, word meer kinders in staat gestel om voordeel te trek uit die fasiliteite wat die inrigting ten opsigte van opvoeding en heropvoeding, sosialisering en dissiplinering daarstel. Om vas te stel of die kerk wel in sy doel slaag, is dit nodig om na die produk om te sien wat uit die inrigting die lewe instap. Hoe pas die kind homself in die sosiale lewe aan? Kan hy homself in die maatskappy handhaaf? Wat is sy sosiale en ekonomiese status? Wat is sy verhouding tot die kerk? Nou is

dit nie altyd moontlik om direkte en betroubare antwoorde op hierdie vrae te gee nie. Nasorg duur maar uiters drie jaar nadat die kind die inrigting verlaat het. In baie gevalle is nasorg nie eens altyd moontlik nie. Sommige kinders verdwyn, andere weer beland buite die bereik van die nasorgwerker, terwyl 'n groot aantal, veral dogters, in die huwelik tree en so gevolglik van die nasorglys verwyder word. Tog wil dit voorkom of die meeste nie veel moeilikheid ondervind om hulle in die maatskaplike lewe aan te pas nie. Trouens, die eienskappe wat in die omgang met ander mense nodig is, word in die inrigting sodanig ontwikkel en geleentheid tot ontplooiing in so 'n mate gegee dat die uiterste kenmerke soms by die inrigtingskind aangetref word, naamlik voortvarendheid en gebrek aan inhibisie. Daar word selde of nooit gekla dat inrigtingskinders nie gewillig is om te werk nie. Waar hulle gewoon gemaak word aan roetinepligte en alle nodige handwerk vir hulleself moet verrig, kom hierdie werkgewoontes hulle in die later lewe baie goed te pas, en werkgewers praat deurgaans met lof van hulle.

Waar hulle in die inrigting van kleinsaf die regte toiletgewoontes, persoonlike higiëne, eet-, slaap- en werkgewoontes kon aankweek, en gepaard daarmee ingelei is in 'n Christelike lewe, waar hulle gedrenk is in 'n godsdienstige atmosfeer met alles wat daarmee gepaard gaan, soos kennis van God en Sy Woord, gereelde bywoning van eredienste, die aankweek van gebedgewoontes as 'n middel om persoonlike kontak met God te bewerkstellig; waar hulle bowendien nog toegerus word, as hulle die inrigting verlaat om 'n definitiewe beroep te volg, kan die kerk met reg verwag dat die produk wat hy aan die samelewing gelewer het, ten minste sal voldoen aan die vereistes wat deur die maatskappy aan hom gestel is.

Nog 'n vraag wat soms opdoem, is of die kerk die enigste liggaam is wat vir die versorging van sorgbehoewende kinders

verantwoordelik behoort te wees, en of die tansbestaande toestand, waar staat en private ondernemings daaraan meedoen, behoort voort te duur. Vir die Christen is die antwoord beslis dat die kerk alleen oor die nodige fasiliteite en eienskappe beskik om hierdie diens te lewer. Dit lê voor die hand dat die staat of private inrigtings nie die dienste in barmhartigheid en onbaatsugtigheid soos die kerk kan uitvoer nie. Godsdienst is die vernaamste enkele faktor in die herwinning van die verwaarloosde kind. Waar die kerk dit as sy vooropgesette doel stel en waar die ander mededingers op die terrein van kindersorg nooit konsekwent hierdie doelstelling kan nastreef nie, is en bly die kerk die liggaam wat tot hierdie funksie aangewese is.

Dit wil voorkom asof die staat hierdie feit nie genoeg in aanmerking neem nie. Nog 'n noodsaaklikheid wat dikwels verontagsaam word, is die belangrikheid van die versorging van kinders in inrigtings van hulle eie kerkverband. Die kerk is daarop gesteld dat die godsdienstige opvoeding en vorming van sy kinders na sy eie voorskrifte sal geskied, en waar die staat by die kommittering van kinders hierdie sy van die saak dikwels veronagsaam, word skade aan die kerk en die kind berokken.

Waar daar in die inrigtingsversorging rede vir 'n gevoel van ontevredenheid kan wees, moet daar seker ook op die onderliggende oorsake daarvan gewys kan word. Dit wil voorkom asof die direksie - en hier word veral na die Abraham Kriekinderhuis verwys - se grootste probleem is die gebrek aan opgeleide, bekwame en reggesinde personeel. Dit wil voorkom of die gelde wat tot sy beskikking gestel word vir die administrasie van kinderhuise, op verre na nie toereikend is om die diens vir werknemers aanloklik te maak nie. Die werk is veeleisend, die salarisse ontoereikend en misverstand en kritiek ten opsigte van juis die belangrikste funksies van die inrigting, bly selde uit.

In die breë beoordeel, moet tog erken word dat as die hele aangeleentheid in oënskou geneem word, al die besware in aanmerking geneem word en al die teenmagte bygereken word, die inrigting sy bestaan meer as regverdig. Die Abraham Kriel-Kinderhuis het in die kort bestek van vyftig jaar meer as vyfduisend kinders kon versorg en die wêreld kon instuur. Onder hulle vind ons persone wat vandag eerbare en hoë posisies in die samelewing bekleed. Die vraag is wat van hulle sou geword het sonder die onverdrote belangstelling, leiding, opvoeding en voorbidding van 'n inrigtingspersoneel van wie die grootste gedeelte hulle lewe aan dié loflike werk wy. Van hulle wat met die interne werksaamhede van die inrigting kennis gemaak het, kan niks minder as die hoogste waardering vir die werk verwag word nie. Waar kritiek op misverstand en onkunde berus, moet dit juis tot eer van die werkers in die inrigting strek dat hulle hulle nie daardeur van stryk laat bring nie maar in die lig van hulle ondervinding en volgens hulle oortuiging voortgaan om die uiteindelijke en hoogverhewe doel te bereik in diens van hulle volk, in opdrag van hulle kerk en tot eer van hulle God.

-   -   -   -   -

BYLAE I.

VRAELYS IN VERBAND MET KINDERSORGINGINRICHTINGS.

1. Is u ten gunste van groot sentrale inrigtings of kleiner gedesentraliseerde inrigtings?
2. Is 'n groot stad of plattelandse dorp u keuse vir die beste lokaliteit vir die inrigting?
3. Moet soortgroepe van kinders in dieselfde inrigting saamwoon of in aparte inrigtings? (bv. onbeheerbares, wese, gedragsafwykendes, agterlikes ens.).
4. Hoeveel kinders behoort deur een afdelingshoof behartig te word?
5. Verkies u aparte geboue vir elke afdeling of groter geboue vir verskillende afdelings?
6. Moet seuns in dieselfde huis saamwoon met dogters of in aparte huise?
7. Is u ten gunste van groot slaapsale of klein slaapkamers?
8. Hoeveel kinders behoort dan in een slaapkamer te slaap?
9. Is u ten gunste van groot sentrale eetkamers of eetkamers vir elke huis of groep?
10. Hoeveel kinders behoort aan een eettafel aan te sit?
11. Behoort werksters 'n soort opleiding te ontvang of moet hulle deur ondervinding leer?
12. Wat behoort die aanvangs- en eindsalaris van 'n dames-afdelingshoof te wees?
13. Hoeveel verlof behoort sy per jaar te kry?
14. Hoeveel verlof behoort sy per maand te kry?
15. Hoeveel verlof behoort sy per week te kry?
16. Hoeveel uur per dag behoort 'n kind te werk?
17. Hoe dikwels behoort kinders besoeke van hulle ouers te ontvang?
18. Behoort kinders nie elke vakansie na hulle ouers te gaan nie?

19. Wie behoort liggaamstraf toe te dien?
  20. Behoort kinders van 'n groot inrigting almal dieselfde skool te besoek of versprei word tussen verskillende skole?
  21. Behoort inrigtingsversorging deur die kerk of die staat beheer te word?
  22. Wat behoort die staat per jaar vir 'n gekommitteerde kind by te dra?
  23. Rangskik die volgende metodes van kindersorg volgens u opinie in volgorde van meriete:  
Gesinstoelae ( ); Pleegsorg ( ); Adopsie ( );  
Kinderhuise ( ).
  24. Behoort elke kinderhuis net 'n sekere kerkgenootskap te bedien.
  25. Tot op welke ouderdom behoort 'n kind in 'n kinderhuis te bly?
- - - - -

BYLAE 2.

STAAT SINRIGTINGS OPPERIG INGEVOLGE SEKSIE 38(2) bis (a)

VAN DIE KINDERWET VAN 1937 SOOS GEWYSIG.

| Naam van Inrigting                                                     | Ras       | Geslag | Ouderdoms-groep. | Maks. Inskrywing. |
|------------------------------------------------------------------------|-----------|--------|------------------|-------------------|
| Lawrencia-staatsinrigting vir kleurlingseuns, Pk. Kraaifontein, K.P.   | Kleurling | M      | 6-16             | 120               |
| Mint Hostel, vir kleurlingseuns, Transvaalweg, Kimberley.              | Kleurling | M en V | 2-6              | 35                |
| Faure-staatsinrigting vir kleurlingdogters, Pk. Faure, K.P.            | Kleurling | V      | 10-18            | 120               |
| Elandsdoorn-staatsinrigting vir Naturelle-kinders, Pk. Dennilton, Tvl. | Naturelle | V      | 10-18            | 100               |



STAATSIENRIGTINGS VIR VEILIGHEID EN BEWARING OPPERIG INGE-  
VOLGE SEKSKE 37 VAN DIE KINDERWET VAN 1937.

| Naam van Inrigting                                                      | Ras       | Geslag | Ouder-<br>doms-<br>groep. | Maks.<br>Inskry-<br>wing. |
|-------------------------------------------------------------------------|-----------|--------|---------------------------|---------------------------|
| Tenterden-staatsveilig-<br>heidsplek, Wynberg, K.P.                     | Blank     | M en V | 0-18                      | 50                        |
| Staatsveiligheidsplek,<br>Southdene, Port<br>Elizabeth.                 | Blank     | M en V | 0-18                      | 50                        |
| Staatsveiligheidsplek,<br>Roystonweg 310,<br>Pietermaritzburg.          | Blank     | M en V | 0-18                      | 32                        |
| Praesidium-staatsveilig-<br>heidsplek, Bromptonweg 15,<br>Bloemfontein. | Blank     | M en V | 0-18                      | 40                        |
| Staatsveiligheidsplek,<br>Loopstraat 26,<br>Rustenburg, Tvl.            | Blank     | M en V | 0-18                      | 30                        |
| Staatsveiligheidsplek,<br>Rotiefstraat,<br>Pietermaritzburg.            | Nie-blank | M en V | 0-18                      | 50                        |
| Staatsveiligheidsplek,<br>Schauder-Dorpsgebied,<br>Port Elizabeth.      | Nie-blank | M en V | 0-18                      | 40                        |
| Sandowne-Veilighheids-<br>huis, laer Broadweg,<br>Wynberg K.P.          | Nie-blank | M en V | 12-18                     | 60                        |
| Bonnytown-Staatsveilig-<br>heidsplek, Athlone,<br>Kaapstad.             | Nie-blank | M en V | 0-12                      | 120                       |
| Mint Hostel-veilig-<br>heidsplek, Transvaal-<br>weg, Kimberley.         | Nie-blank | M en V | 0-18                      | 60                        |

| Naam van Inrigting                                                           | Ras       | Geslag | Ouder-<br>doms-<br>groep. | Maks.<br>Inskry-<br>wing. |
|------------------------------------------------------------------------------|-----------|--------|---------------------------|---------------------------|
| Norman-Veiligheidsplek,<br>Norwood, Johannesburg.                            | Blank     | V      | 12-19                     | 30                        |
| Norwoodhuis vir Veilig-<br>heid en bewaring,                                 |           |        |                           |                           |
| Norwood-Johannesburg.                                                        | Blank     | M      | 12-19                     | 60                        |
| Auckland Park-Veilig-<br>heidshuis, Henleyweg,                               |           |        |                           |                           |
| Auckland Park.                                                               | Nie-blank | M      | 12-19                     | 64                        |
| Jubileumhuis vir Veilig-<br>heid en bewaring, Cason-<br>weg, Boksburg-Noord. | Blank     | M en V | 9-14                      | 60                        |

LYS VAN HOSTELS SOOS GESERTIFISEER INGEVOLGE SEKSIE 39(2)

VAN DIE KINDERWET VAN 1937, SOOS GEWYSIG.

KAAPPROVINSIE.

BLANKES.

| Naam van Inrigting;<br>Tipes Kinders.                  | Geslag | Ouds.<br>Groep       | Maks.<br>Aanh.<br>Ouderdom | Maks.<br>Inskr. | Kerk-<br>verband  |
|--------------------------------------------------------|--------|----------------------|----------------------------|-----------------|-------------------|
| Cape Town Lads' Hostel<br>Claremont, Kaapstad:         |        |                      |                            |                 |                   |
| (a) Sorgbehoewende en<br>verwaarloosde<br>kinders.     |        |                      |                            |                 |                   |
| (b) Onbeheerbare en<br>probleemkinders.                |        |                      |                            |                 |                   |
| (c) Jeugdige oortre-<br>ders.                          | M      | 16-20                | 23                         | 22              | Geen              |
| St. Mary's Training<br>School; Claremont,<br>Kaapstad: |        |                      |                            |                 |                   |
| (a) Sorgbehoewende<br>en verwaarloosde<br>kinders.     |        |                      |                            |                 |                   |
| (b) Onbeheerbare en<br>probleemkinders.                |        |                      |                            |                 |                   |
| (c) Jeugdige oortre-<br>ders.                          |        |                      |                            |                 |                   |
| (d) Subnormale en ag-<br>terlike kinders               | V      | 14 en<br>ouer        | 23 en<br>ouer              | 150             | Rooms             |
| St. Monica's Home,<br>Queenstown:                      |        |                      |                            |                 |                   |
| (a) Sorgbehoewende<br>en verwaarloosde<br>kinders.     |        |                      |                            |                 |                   |
| (b) Verwagte<br>moeders.                               |        |                      |                            |                 |                   |
| (c) Jeugdige oor-<br>trekers.                          |        |                      |                            |                 |                   |
| (d) Onbeheerbare en<br>probleemkinders.                | V      | 0-Alle<br>ouderdomme | 21                         | 40              | Church<br>of Eng. |

TRANSVAALI

| Naam van Inrigting;<br>Tipes Kinders.                       | Geslag | Ouds.<br>Groep   | Maks.<br>Aanh.<br>Ouderdom | Maks.<br>Inkr. | Kerk-<br>verband         |
|-------------------------------------------------------------|--------|------------------|----------------------------|----------------|--------------------------|
| <hr/>                                                       |        |                  |                            |                |                          |
| Armstrong-Berning-Tehuis,<br>Bloedstraat 225,<br>Pretoria.  |        |                  |                            |                |                          |
| (a) Sorgbehoewende en<br>verwaarloosde<br>kinders.          |        |                  |                            |                |                          |
| (b) Ongehude verwagtende<br>moeders.                        | V      | 0-6              | 6                          | 62             | N.G. of<br>G. Kerk       |
| <hr/>                                                       |        |                  |                            |                |                          |
| Girls' Diocesan Hostel,<br>Cottesloep Johannesburg.         |        |                  |                            |                |                          |
| (a) Sorgbehoewende en<br>verwaarloosde kin-<br>ders         | V      | 12-19            | 21                         | 19             | Church<br>of<br>England  |
| (b) Onbeheerbare kin-<br>ders.                              |        |                  |                            |                |                          |
| (c) Jeugdige oortreders.                                    |        |                  |                            |                |                          |
| <hr/>                                                       |        |                  |                            |                |                          |
| Irene Homes, Irene,<br>Transvaal.                           |        |                  |                            |                |                          |
| (a) Sorgbehoewende<br>Kinders.                              |        |                  |                            |                |                          |
| (b) Onbeheerbare<br>kinders.                                |        |                  |                            |                |                          |
| (c) Jeugdige oortreders.                                    |        | 13-Geen<br>perk  | Geen<br>perk               | 96             | Church<br>of<br>England. |
| (d) Agterlike kinders.                                      |        |                  |                            |                |                          |
| (e) Swaksinnige kinders.                                    |        | Babas tot 3 jaar |                            |                |                          |
| (f) Verwagtende moeders.                                    | V      |                  |                            |                |                          |
| <hr/>                                                       |        |                  |                            |                |                          |
| St. Joseph's Training<br>School, Orchards,<br>Johannesburg. |        |                  |                            |                |                          |
| (a) Sorgbehoewende kin-<br>ders.                            |        |                  |                            |                |                          |
| (b) Onbeheerbare kinders.                                   |        |                  |                            |                |                          |
| (c) Jeugdige oortreders.                                    |        |                  |                            |                |                          |
| (d) Agterlike kinders.                                      | V      | 14-21            | 23                         | 160            | Rooms                    |
| <hr/>                                                       |        |                  |                            |                |                          |
| Spackman House,<br>Krugersdorp.                             |        |                  |                            |                |                          |
| (a) Onbeheerbare kinders.                                   |        |                  |                            |                |                          |
| (b) Jeugdige oortreders.                                    | M      | 7-15             | 21                         | 24             | Geen                     |

NATAL:

| Naam van Inrigting;<br>Type kinders.                    | Ge-<br>slag         | Ouds.<br>Groep | Maks.<br>Aanh.<br>Oud. | Maks.<br>Inskr. | Kerk-<br>verband |
|---------------------------------------------------------|---------------------|----------------|------------------------|-----------------|------------------|
| Lads' Hostel, Pinetown,<br>Durban.                      |                     |                |                        |                 |                  |
| (a) Sorgbehoewende<br>kinders.                          |                     |                |                        |                 |                  |
| (b) Onbeheerbare kin-<br>ders.                          |                     |                |                        |                 |                  |
| (c) Jeugdige oortreders.                                |                     |                |                        |                 |                  |
| (d) Speciale gevalle.                                   | M                   | 10-15          | 18                     | 20              | Geen             |
| Stella Maris,<br>Umzumbi, Natal.                        |                     |                |                        |                 |                  |
| (a) Onbeheerbare kinders.                               |                     |                |                        |                 |                  |
| (b) Jeugdige oortreders.                                | V                   | 10-18          | 25                     | 150             | Rooms            |
| Mount Marion Training<br>School, Mountolair,<br>Durban. |                     |                |                        |                 |                  |
| (a) Sorgbehoewende kinders                              |                     |                |                        |                 |                  |
| (b) Onbeheerbare kinders.                               |                     |                |                        |                 |                  |
| (c) Jeugdige oortreders                                 | V                   | 14-21          | 23                     | 32              | Rooms            |
| <u>KAAPPROVINSIE:</u>                                   | <u>NIE-BLANKES.</u> |                |                        |                 |                  |
| Gompo-Instituut,<br>Oos-Londen.                         |                     |                |                        |                 |                  |
| (a) Sorgbehoewende kin-<br>ders.                        |                     |                |                        |                 |                  |
| (b) Onbeheerbare kinders.                               |                     |                |                        |                 |                  |
| (c) Jeugdige oortreders.                                | M<br>V              | 10-21          | 23                     | 55              | Geen             |
| Mountain View-Hostel,<br>Retreat, K.P.                  |                     |                |                        |                 |                  |
| Jeugdige oortreders.<br>(Kleurlinge en Asiate)          | M                   | 8-16           | 18                     | 60              | Geen             |

TRANSVAAL:

| Naam van Inrigting;<br>Type kinders.                  | Ge-<br>slag | Ouds.<br>Groep         | Maks.<br>Aanh.<br>Oud. | Maks.<br>Inskr. | Kerk-<br>verband |
|-------------------------------------------------------|-------------|------------------------|------------------------|-----------------|------------------|
| Lungalegwaba-Hostel,<br>Orlando, Johannesburg.        |             |                        |                        |                 |                  |
| (a) Onbeheerbare kinders.                             |             |                        |                        |                 |                  |
| (b) Jeugdige oortreders.<br>(Naturelle)               | M           | 12-19                  | 23                     | 20              | Geen             |
| Mtutuzele Rescue Home,<br>Orlando, Johannesburg.      |             |                        |                        |                 |                  |
| (Kleurling, Naturelle<br>en Asiate)                   | V           | Enige<br>Ouder-<br>dom | Geen<br>Perk           | 48              | Geen             |
| Salvation Army Bethany,<br>Orlando-Wes, Johannesburg. |             |                        |                        |                 |                  |
| (a) Sorgbehoewende kinders                            |             |                        |                        |                 |                  |
| (b) Onbeheerbare kinders.                             |             |                        |                        |                 |                  |
| (c) Jeugdige oortreders.<br>(Naturelle)               | V           | 5-18                   | 21                     | 100             | Heils-<br>leër   |
| Talitha Home, Sophiatown,<br>Johannesburg.            |             |                        |                        |                 |                  |
| (a) Sorgbehoewende kin-<br>ders.                      |             |                        |                        |                 |                  |
| (b) Onbeheerbare kinders.                             |             |                        |                        |                 |                  |
| (c) Jeugdige oortreders.                              | V           | 14-18                  | 21                     | 45              | Geen             |
| Wierda-Naturelle-Hostel,<br>Pretoria.                 |             |                        |                        |                 |                  |
| (a) Sorgbehoewende kin-<br>ders.                      |             |                        |                        |                 |                  |
| (b) Onbeheerbare kinders.                             |             |                        |                        |                 |                  |
| (c) Jeugdige oortreders.                              | V           | 12-18                  | 21                     | 125             | Geen             |

NATAL:

---

